# DIE WAARHEID VAN ONS GESKIEDENIS VOOR EN NA 1994

# EN 'N OPROEP TOT DIE AFRIKANERVOLK 2025

**Deur MJJ Erasmus**

**Ondervoorsitter van die *Afrikaner Nasionalistiese Beweging (ANB)***

**met medewerking van die ANB-Dagbestuur**

**Desember 2024**

Die vraag op almal se lippe is:
*Hóé het die Afrikanervolk en heel Suid-Afrika vandag in hierdie gemors beland?*

Onderstaande is bedoel as 'n bondige chronologiese opsomming (ook geskik vir vinnige naslaan doeleindes) van die betekenisvolle gebeure en gegewens in verband met die geheime internasionale sameswering of komplot, waardeur die Afrikanervolk van Suid-Afrika van sy historiese erfenis, die Republiek van Suid-Afrika ontroof is.

Die vernaamste bronne, wat deurgaans as verwysings aangegee word, is:

- ***Die IDASA-KOMPLOT teen Afrikanernasionalisme - Mnr. Jaap Marais,*** *leier van die Herstigte Nasionale Party (HNP) 1977-2000* (bladsyverwysings na die eerste en tweede uitgawes word deur 'n / van mekaar onderskei),
- ***Die Afrikaner***-koerant as amptelike mondstuk van die *HNP* gedurende dié tyd,
- asook ***Behind the military ranks in the Afrikaner Volksfront***, 'n publikasie in Engels deur mnr. Jaap Marais ten einde inligting rondom die politieke gebeure sedert die stigting van die *Afrikaner Volksfront (AVF)* onder leiding van veral genls. Tienie Groenewald en Constand Viljoen, so vroeg as 15 Maart 1994, internasionaal rugbaar te maak.
- Enkele ander bronne is ook gebruik met die nodige verwysing.

Verskeie aanhalings uit bogenoemde bronne met eie beklemtonings is deurgaans in die chronologiese uiteensetting ingevoeg.

[**Publikasies** van mnr. Jaap Marais kan bestel word by **Jane Bienedell** O82 663 I88I]

Hierdie dokument verwys na 'n aantal bylae (1- 13). Hierdie bylae is gestoor op die webtuiste van die ANB en die lewendige skakels in die dokument neem mens daarheen.  Dit is die **dokumentêre getuienis of bewyse** waarop die onthulling van die ***IDASA-komplot*** teen Afrikanernasionalisme grootliks berus. In die genoemde publikasie deur mnr. Marais is die meeste van dié dokumente wel afgedruk, maar ongelukkig nie deurgaans duidelik leesbaar nie. Daarom is die tersaaklike dokumente

presies oorgetik (met briefhoofde en handtekeninge geskandeer) ten einde elke dokument noukeurig soos die oorspronklike daar uitsien as bylae weer te gee, sodat verwysings makliker nagegaan kan word.

[*Dié poging tot volledige beskrywing van die ongeëwenaarde vernuf in slinksheid en bedrieglikheid waarmee die IDASA-komplot teen die Afrikanervolk deur volksverraaiers beplan, bestuur en deurgevoer is mag deur hulle as 'n pluimpie beskou word… Derhalwe wys ons diégene op die Troon waarvoor hul verantwoording van hul dade sal moet doen. Nét die HERE, die Almagtige, kan harte soos die van Saulus (Handelinge 9), vermurwe!*]

Die wens en verwagting word uitgespreek en die dringende oproep word gemaak dat ons Afrikanervolk, oud en jonk, aangevuur deur 'n opregte en brandende Afrikanernasionalisme (dit is *vaderlandsliefde*) ywerig die geskiedenis van 30 jaar gelede sal nagaan, *sodat die weg uit die verknegting waarin die IDASA-komplot ons gedompel het, gou gevind mag word!*

Aan God ál die eer!

**Nota: Nog enkele opmerkings oor die struktuur van die chronologie:**

- Toepaslike gebeure/publikasies vanaf April 1981 tot 6 April 2001 word gelys.
- Tussenwerpsels/terloopse opmerkings deur samesteller in [blok hakkies]
- Beklemtoning in vetdruk deur samesteller. **Voorbeeld.**
- Letterlike aanhalings so ver moontlik in dubbel aanhalingstekens en *"skuinsdruk"*.
- Aan die einde van elke genommerde gebeurtenis is die bronne in *skuinsdruk*.

## 'n Chronologiese uiteensetting van gebeure

1. **April 1981**

   **Algemene Verkiesing** (vergelyk die gegewens op / p.128-130 in *Die IDASA-KOMPLOT*)

   - ✧ **PW Botha** roep 'n **vervroegde Algemene Verkiesing** uit vanweë **dramatiese opgang van die HNP** in tussenverkiesings in Randfontein, Koedoespoort en Rustenburg, waarvan die **NP-meerderheid** in laasgenoemde in Oktober 1979 **gedaal het na 846**.
   - ✧ Die HNP se **opgang in die 1981-verkiesing** was só groot dat **mnr. Piet Cillié** van *Die Burger* gesê het:
     - ➢ ***"Dis nog nie katastrofies nie, maar dis baie onheilspellend."***
   - ✧ Daarna skryf die politieke ontleder **Tom Lodge**:

- *"The **far right** improved its share of the total from 3% in 1977 to 14% nationwide in 1981, **gathering almost 200 000 votes**. Most of this went to the HNP…*
- *The far right's new strength was greater than even those substantial gains would show, however. The HNP vote **rose from derisory 3% to 10% levels to a respectable 20% to 30%** in scores of farming and mining seats.*
- *The party came within an **ace of victory in several seats** for the first time, threatening Transvaal National Party leader dr. Andries Treurnicht.*
- *The most evident fact about the 1981 election is that it marked the point when it became respectable in the Afrikaans community to be for the far right."*

*Die Afrikaner*, 20-26 Junie 1997, bl.7
*Die IDASA-komplot*, / p.128-130

**2. Gedurende 1981**

**Ferdi Hartzenberg**, **Daan du Plessis**, **Casper Uys**, **Koos van der Merwe** en **Tom Langley** ontvang opleiding by ***Militêre Inligting (MI)***

- Hul "opleiding" geskied onder andere **in die aanwesigheid** van die welbekende Amerikaanse politieke navorser, **prof. Samuel Huntington.**
- **Adv. Piet Pretorius**, wat op daardie stadium **tydens sy diensplig** die uitreiking van voertuie behartig het vir die heen- en terug karwy van MI kursusgangers en personeel, verklaar:
  - ***"Ek het hulle almal, as 'n dienspligtige, by MI gesien en self met Hartzenberg daar gepraat."***

*Volksverraad… Waarom (12)* www.gelofteland.org
*Die IDASA-komplot*, / p.110,111,113

**3. 17 September 1981**

Die Amerikaanse professor **Samuel Huntington** lewer 'n **toespraak by RAU** waarin hy **"voorskrifte vir hervorming"** in Suid-Afrika gee.

- Huntington laat sy leringe gepubliseer onder die titel: *"Reform in South-Africa"*.
- Dié **"Huntington-resep"** vir hervorming in SA kom op die volgende neer:
  - Fundamenteel is dat so 'n politieke leier op aandrang sy beleid moet verander.
  - Dit is essensieel dat so 'n politieke leier **dubbelslagtigheid**, **bewimpeling** en **bedrieglikheid** oor sy oogmerke moet gebruik.
  - Hy moet **verskillende boodskappe aan verskillende gehore** rig en sy einddoel verberg agter sy onmiddellike gepraat.
  - Beleidsveranderinge moet **in die geheim** opgestel word; dit moet onthul word aan 'n **klein groepie leidende figure** wie se steun noodsaaklik is vir sukses; dan moet dit op die geleë oomblik **dramaties bekend gemaak en**

**steun daarvoor saamgesmee** word voordat teenstanders geleentheid het om te mobiliseer om dit teen te gaan.

- ✧ Laasgenoemde lui in Engels soos volg:

  *"The proposed reform is drafted in* ***relative secrecy****; it is* ***revealed to a small group of political leaders*** *whose* ***support is essential*** *to its success; and then,* ***at an appropriate moment****, it is* ***dramatically unveiled****, political support for it* ***galvanized*** *and the* ***reform enacted quickly*** *before its opponents can effectively mobilize and organize themselves to stop it."*

*Die IDASA-komplot*, / p.110,111,113

**4. 12 Maart 1982**

***Beeld*** berig:

*"Sluier gelig oor* ***nuwe party*** *-* ***Jaap dr. T se teiken****"*

*Die IDASA-komplot*, / p.131

*Die oomblik van waarheid*, Julie 1989

**5. 20 Maart 1982** (vergelyk 3 Mei 1996, 18 April en 13 Junie 1997)

**Stigting van die *Konserwatiewe Party (KP)*** onder leiding van **dr. Andries Treurnicht** en **dr. Ferdi Hartzenberg**.

- ✧ Hiermee is nie alleen die grondslag gelê vir **Afrikanerverdeeldheid** ("verdeel en heers") nie, maar sou **"gematigde regses"** (hulle wat nie deur die Afrikaner-vyandige media as "ver-regs", "ekstremiste" en "verkramptes" geëtiketteer wil word nie) hulle voortaan deur **verraderlike Afrikaner-leiers** laat lei.
- ✧ In 'n **brief aan adv. Jurg Prinsloo**, wat beweer dat die KP nooit *"na regs baklei het nie"*, stel **mnr. Jaap Marais** dit op 7 Oktober 1996 as volg:
  - ➢ *"Die stigting van 'n politieke party naas bestaande partye, soos die stigting van die KP in 1982 as 'n* ***opposisieparty naas die HNP****, rus op verskil van mening, en in die party-politieke gang moet dié meningsverskil op een of ander manier betuig word, anders is die bestaan van meerdere partye onsinnig. En daaruit volg botsing en stryd. Dit is wetmatig.*
  - ➢ ***Om te beweer dat die KP nie "na regs", dit wil sê teen die HNP sou veg nie, nadat die KP in opposisie tot die HNP gestig is met die doel om die HNP te elimineer****, is die soort politieke storie wat vir Rooikappietjies bedoel is. Iets wat só sigbaar in stryd met die werklikheid is en nogtans deur u en andere verkondig word, is nie met eerlikheid te versoen nie."*

*Die Afrikaner*, 18-24 Oktober, 1996, bl.7

*Die IDASA-komplot*, / p.115,116,123,128,131,134,135

**6. 1982**

**Algemene Munisipale Verkiesings**

- ✧ Die **opgang van die HNP**, soos in die 1981-Algemene Verkiesings, is nogeens duidelik.

*Die IDASA-komplot*, / p.134

**7. 1982**

**KP Dagbestuursvergadering**

✧ **Dr. Corné Mulder** verklaar:

*"**Die HNP moet vernietig word**."*

*Die IDASA-komplot*, / p.131

**8. Desember 1982**

**Oppad na samesprekings tussen die HNP en die KP**

✧ **Dr. Hartzenberg** sê aan dr. Treurnicht:

*"Jy moenie praat nie. Los hulle vir my. Ek is 'n boer.*
*Ek weet hoe om met k*ffers te werk."*

*Die IDASA-komplot*, / p.131,134,136

**9. 1986**

**Dr. Ferdi Hartzenberg**, as onder-leier van die KP, word **'n maand lank in Amerika gehuisves** op onkoste van die **Amerikaanse Departement van Buitelandse Sake**. (*"State Department"*)

✧ Dié Afrikaner-vyandige ***"State Department"*** se een groot doel is:

***Suid-Afrika moet onder 'n Swart regering kom.***

✧ Só is deur **Chester Crocker** en **Henry Kissinger** luidrugtig verkondig.

*Die IDASA-komplot*, / p.111,134,135,137

*Die oomblik van waarheid*, Julie 1989

**10. 30,31 Mei 1986**

**Prof. Piet de Lange**, as **Broederbond-voorsitter**, voer **geheime samesprekings** met die ANC se **Thabo Mbeki** in ***New York*** - bemiddel deur die ***Ford Stigting***.

✧ De Lange sê aan Mbeki dat **fundamentele veranderinge in Suid-Afrika** onderweg is.

✧ Hiervoor moes die **wit bevolking voorberei** word.

✧ Die veranderinge sou deur **werklike onderhandelinge** plaasvind.

*Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, Vol. 63 nr. 4, Pretoria, Desember 2023

**11. 18 November 1986**

***Die Transvaler*** berig:

*"**KP eis Jaap se kop**".*

*Die IDASA-komplot*, p.123 / p.96

*Die oomblik van waarheid*, Julie 1989

**12. 1975-1986**

**Alex Boraine**, die latere **hoofamptenaar van *IDASA*,** was gedurende 1975 tot 1986 "konsultant" in die **kantoor van die Voorsitter van *Anglo American***.

✧ **Alex Boraine** was in die lig van bogenoemde duidelik die **geldmag se pion** in die te stigte ***IDASA*.**

*Die IDASA-komplot*, / p.195,196

**13. 1987**

***IDASA*** - ***Institute for a Democratic Alternative for South-Africa*** word deur **dr. Frederik Van Zyl Slabbert** en **dr. Alex Boraine** op **suspisieuse wyse** op die been gebring.

- ✧ **Dr. Frederik Van Zyl Slabbert** was ‘n voormalige **leier van die ver-linkse PFP** (vandag DA), die party van **Harry Oppenheimer** en **Helen Suzman**, wat eintlik net ‘n verlengstuk van die **Amerikaanse integrasie-politiek** in Suid-Afrika is.
- ✧ **Dr. Alex Boraine**, ‘n oud-Metodiste-predikant, was jarelank **konsultant in die kantoor van Oppenheimer** en later **ondervoorsitter** van **Tutu** se ***Waarheids- en Versoenings Kommissie***.
- ✧ Van Zyl Slabbert **bedank sy posisie in die parlement** (PFP LP) ten einde **IDASA te stig**.
- ✧ Ander betrokkenes by die totstandkoming van IDASA was **dr. Beyers Naudé** en **dr. Dennis Hurley** (van die ***Rooms Katolieke Kerk***).
- ✧ **Prof. Abraham Viljoen**, tweelingbroer van genl. Constand Viljoen, sowel as **Jurgen Kögl** en **Ivor Jenkins** word latere **sleutelfigure** in die werksaamhede van IDASA.
- ✧ **IDASA** sou die **werktuig** wees waardeur **buitelandse** ondersteuners van die Kommunisties-beheerde ANC hulle **vyandelikhede teen Afrikanernasionalisme** kon voer.
- ✧ Op **briefhoofde van IDASA** verskyn die name van: dr. Frederick van Zyl Slabbert, dr. Alex Boraine, prof. Jakes Gerwel, aartsbiskop Denis Hurley, dr. Beyers Naudé, prof. A du Toit, E Mokolong, prof. S Saunders, eerw. De V Soga, prof. P Vale, eerw. Canon M Xundu, prof. W Nkuhlu en prof. J Leatt.
- ✧ In die **bestuur** sit byvoorbeeld persone soos dr. Beyers Naudé, prof. Jakes Gerwel, aartsbiskop Denis Hurley, dr. Frederick van Zyl Slabbert en dr. Alex Boraine.

*Die IDASA-komplot*, p.1,18,21,47,73,74 / p.3,4,8,9,12,16,18,26,60,61,74,121,**154, 155,186,195,196**

**14. 1987**

Die **PW Botha-regering** gee opdrag dat **IDASA** van die **lys van vyandige organisasies verwyder** moet word.

- ✧ Aanvanklik was IDASA deur ***Nasionale Intelligensie (NI)*** beskou as ‘n vyandige organisasie op wie **gespioeneer** moes word.

*Die IDASA-komplot*, / p.195,196

**15. 1987**

**Geheime samesprekings** word in ***London*** gehou tussen die verbanne **ANC-SAKP** en **Broederbondverteenwoordigers**, naamlik **prof. Piet de Lange** en **Wimpie de Klerk** (broer van FW de Klerk).

- ✧ Dié samesprekings geskied deur bemiddeling van die ***“Suid-Afrika-stigting”***, die geldmag se politieke front.

*Die IDASA-komplot*, p.9 / p.8,11,195,196

**16. Julie 1987**

**IDASA** neem 'n groep Suid-Afrikaners in die **geheim na *Dakar*** vir **samesprekings** met die **verbanne ANC-SAKP**.

- ✧ Onder die geheime **knoeiers met terroriste** was: **André P Brink**, **Johan van der Westhuizen** (*UP menseregte-instituut*), **Beyers Naudé**, **Wynand Malan**, **Sampie Terblanche**, **Harold Pakendorf** en **Alex Boraine**, mededirekteur van IDASA en oud-PFP LP. (so-ook **prof. Abraham Viljoen** - vergelyk 15 Junie 1993)

*Die IDASA-komplot*, p.18,31,74 / p.26,61,154,186,195,196,198

**17. 1987**

**Mnr. Kobie Coetsee**, Minister van Justisie, stel die optrede van die **Dakar-gangers gelyk aan verraad**.

- ✧ Die ANC was immers 'n **verbanne kommunistiese organisasie**.
- ✧ Tog volg **geen drastiese optrede** van die NP-regering teen dié onwettige aksie wat per abuis bekend geword het nie.
- ✧ Die rede: ***IDASA het vir die NP-regering die weg geopen tot onderhandeling met die ANC-SAKP.***

*Die IDASA-komplot*, / p.154

**18. 21 Augustus 1987**

***The STAR*** berig:

> *"The official Soviet commentator heaped **praise on the Afrikaner delegation** that **went to Dakar** to meet the African National Congress."*

- ✧ **Só het die Kommunistiese magshebbers IDASA toegejuig**, klaarblyklik omdat Kommunistiese belange langs dié weg bevorder is.
- ✧ Algou sou die Nasionale Party sélf hierdie ver-linkse beleid onderskryf deur "vrede" met die ANC-SAKP te maak.

*Die IDASA-komplot*, / p.155,186

**19. 30 Oktober 1988**

***The STAR*** berig dat in die **Duitse dorpie *Leverkusen*** (Wes-Duitsland) 'n **vier-dae-samespreking** gehou is waaraan twintig uit Suid-Afrika, sewe van die ANC en vyf van die Kommunistiese Sowjet-Unie, deelgeneem het.

- ✧ Twee van die Suid-Afrikaners was **proff. Willie Breytenbach** en **Gerard Erasmus**, albei van Stellenbosch.
- ✧ Twee name van die ANC-SAKP wat bekend gemaak is, was **Joseph Slovo** en **Thabo Mbeki**. (Mbeki was toe nog lid van die SAKP se Politburo)
- ✧ Die Sowjet-unie se groep is op hoë vlak gelei deur die voormalige ambassadeur in Lusaka, **dr. Vasily Solodovnikov**, wat ná die konferensie opgemerk het:
  - ➢ *"Die Sowjet-unie glo heelhartig aan die **'national liberation struggle'** en sal voortgaan om dit te ondersteun."*
- ✧ Hulle wil niks meer hê, het Solodovnikov gesê, as

- ***"'n demokraties-verkose, nie-rassige regering in Suid-Afrika."***

✧ **Dr. Alex Boraine**, Uitvoerende Direkteur van IDASA, wat in samewerking met die ***"Friedrich Naumann-stigting"*** (vergelyk 1 Junie 1993) dié ontmoeting met die Sowjet-unie gereël het, het as **segsman vir die media** opgetree.

*Die IDASA-komplot*, / p.155,186

*Die Afrikaner*, 1-7 Mei 1998, bl.7,12

**20. 1988**

**Mnr. Koos van der Merwe**, KP-LP vir Overvaal, word soos Hartzenberg vantevore op dergelike wyse **deur die Afrikaner-vyandige *"State Department"*** in Amerika vergas. (afgerig?)

*Die oomblik van waarheid*, Julie 1989

*Die IDASA-komplot*, / p.111,135

**21. 1989**

**Mnr. Koos van der Merwe** en **dr. Willie Snyman** word deur die Amerikaanse **"*Aspen Institute*"** na ***Bermuda*** genooi om saam met **ál die linkse groepe in SA samesprekings te voer**.

✧ Die linkse groepe het naas die **NP** bestaan uit: die **PFP** (nou DA), die ***Black Sash***, die ***Komitee van Tien van Soweto***, die **UDF** en die **ANC**.

✧ Wat maak die **KP-LP's** in dié **linkse geselskap** by 'n **opsigtelike geknoei** teen Suid-Afrika se Blankes?

*Die oomblik van waarheid*, Julie 1989

**22. 28 April 1989**

***The Star*** berig:

> *"**Mnr. Barend du Plessis**, Minister van Finansies, het in 'n **radio-onderhoud in Brittanje** gesê:*
>
> - *"Dit is **onvermydelik** dat daar gaandeweg **meer swart as wit gesigte in die Regering van Suid-Afrika** sal wees.'"*

*Die oomblik van waarheid*, Julie 1989

**23. 4 Julie 1989**

***The Citizen*** berig:

> ***"DR T REJECTS RIGHT-WING UNITY CALL"***

*Die oomblik van waarheid*, Julie 1989

**24. 1989**

Nóg 'n **geheime ontmoeting** tussen **linkse liberaliste** en die **ANC-SAKP** in ***Lusaka***

*Die IDASA-komplot*, p.74 / p.61

**25. 6 September 1989**

**Algemene Verkiesings**

✧ NP verkiesings-veldtogte lui (ironies):

- ***"Eie woongebiede, eie skole"*** en
- ***"Die NP praat nie met terroriste nie"***.

- Dit was die **laaste Algemene Verkiesings onder Blankes** en dus ook die **laaste mandaat** van **Blanke kiesers** aan die Nasionale Party**.**
- Ten opsigte van **samewerking** tussen die **KP** en die **HNP** in dié verkiesing sou **mnr. Marais** later van die KP sê:
  - *"Sy **weiering**... **om saam te werk**... het aan die Nasionale Party **minstens 13** (miskien selfs 20) **setels besorg** wat na regs **verower moes gewees** het."* [Dit was setels waarin van die KP verwag sou kon word om terug te staan en die HNP te steun, soos wat die HNP in verskeie ander setels self teruggestaan het om dan aktief mee te help dat die KP die NP in die setel kan verslaan. *Vice versa* het dit egter nie gebeur nie.]

*Die Afrikaner*, 2 Desember 1992, bl.5

*Die IDASA-komplot*, p.101 / p.80,136

**26. 2 Februarie 1990**

**Pres. FW De Klerk lewer die ROOI VRYDAG TOESPRAAK** (volgens eie erkenning geskryf deur genl. Tienie Groenewald) **waarin hy die ANC en SAKP ontban**.

- Dit veroorsaak **groot ontsteltenis** onder Blankes.
- **Vrylating van Nelson Mandela** volg kort hierna.

*Die IDASA-komplot*, p.8,74,93,101 / p.8,13,33,61,75,80,83,118,120,121,136

**27. Einde Januarie 1991**

Die ***Boere-krisis-aksie (BKA)*** hou 'n **massa-demonstrasie in Pretoria** op uiters geslaagde wyse wat die De Klerk-regering in 'n reuse **verknorsing** laat beland.

- Die **besetting van Pretoria se strate** word egter **na die éérste dag beëindig**, deur bemiddeling van **mnr. Willie Lewies**, onderpresident van TLU en vooraanstaande KP in Noord-Transvaal.
- Sy woorde aan die boere was:
  - ***"Julle het julle punt gemaak… gaan huis toe."***
- Indien dié vreedsame demonstrasie **langer sou voortduur** sou FW de Klerk genoodsaak wees om sy **"hervormings" te staak** en opnuut 'n **verkiesing uit te roep.**
- Waarom sou daar nie in **lydelike verset** méér sulke demonstrasies geloods word nie?

*Behind the military ranks in the Afrikaner Volksfront*, p.11

*Die IDASA-komplot*, p.75,76,77,116 / p.61,62,70,84,91

**28. 1991**

**Die KP-standpunt oor "onderhandeling" met ANC-SAKP lui:**

  - *"Onderhandeling is die instrument waardeur die Nasionale Party **verraad** pleeg."*
  - *"Die KP weier om deel van die verraad te wees en **sal nie meedoen aan die onderhandelinge** waardeur ons volk **beroof sal word van sy vryheid** nie!"*
- Op grond hiervan sou **duisende Afrikaners** die *Konserwatiewe Party* bly steun.

*Behind the military ranks in the Afrikaner Volksfront*, p.6

*Die IDASA-komplot*, p. 97 / p. 77, 78, 98, 126

**29. 22 Mei 1991** (vergelyk 28 November 1991 en 19 Februarie 1992)

**Tussenverkiesing Ladybrand**

- ✧ Die Konserwatiewe Party **verower** die setel **Ladybrand** in die Vrystaat teen die Nasionale Party met **6 276** stemme teenoor **5 018** stemme.

Jan Bosman, hoofsekretaris AB, *AB Nuusbrief*, Maart 2022

**30. 13 September 1991** (vergelyk 4 Junie 1997)

***Patriot*** plaas 'n **positiewe berig** oor die **HNP-inisiatief** waarvolgens 'n **verenigde "Blanke Volksfront"** bepleit word met die strydkreet:

- ➢ ***"Stuit De Klerk; eis algemene Blanke verkiesings,***
- ➢ ***omdat hy nie 'n mandaat het vir sy uitverkopingsbeleid nie."***

- ✧ Dog, van die **KP-leiding** kom **geen steun** of **belangstelling** daarvoor nie.

*Die IDASA-komplot*, p.83 / p.68

**31. Oktober 1991** (in werklikheid reeds sedert 1987)

**Die HNP beywer hom om welwillendheid, samewerking en konsolidasie aan die regterkant van alle politieke partye en groeperinge te bewerkstellig in 'n *"Blanke Volksfront"***.

- ✧ Die woord **"Blank"** word gekies ter wille van verskeie **Engelssprekendes**, **Portugese** en ander wat hulle **van harte by die lot van die Afrikanervolk skaar**.
- ✧ 'n **Oktober '91-pamflet** word **landwyd versprei** met 'n voorgestelde **doel en grondslag**.
- ✧ Doelwit: Om **De Klerk te stuit** deur **samesprekings**, **samewerking** en **koördinasie** van **álle regse partye en organisasies.**
- ✧ Soortgelyke HNP veldtogte volg in **1992** en **1993.**
- ✧ Dit word duidelik gestel dat De Klerk **géén mandaat van die Blanke kiesers** vir sy sogenaamde **"hervormings"** het nie!

*Behind the military ranks in the Afrikaner Volksfront*, p.16,17,23,24,25

*Die IDASA-komplot*, p.40,83,84 / p.33,67,69,97

**32. 28 November 1991** (vergelyk 22 Mei 1991 en 19 Februarie 1992)

**Tussenverkiesing Virginia**.

- ✧ Ook die uitslag van die **Virginia tussenverkiesing** bevestig die **afkeur van Blanke kiesers van De Klerk se "hervormingsprogram"**.
- ✧ Weer verower die Konserwatiewe Party 'n voormalige Nasionale Party setel met 'n aansienlike **meerderheid van 3166 stemme**.

Jan Bosman, hoofsekretaris AB, *AB Nuusbrief*, Maart 2022

**33. 1991** (vergelyk 14 September 1993)

**Ivor Jenkins** van IDASA-Pretoria stuur 'n **bedel-brief** die wêreld in ten einde **IDASA** se te stigte ***"Conservative Dialogue Programme" (CDP)*** vanuit die **buiteland te befonds**: **(Bylaag 1)**

***"APPLICATION FOR FINANCIAL ASSISTANCE FOR A PROGRAMME ON CONTACT WITH THE RIGHT WING IN SOUTH AFRICA"***

- Die volgende **besonderhede** in verband met die ***CDP*** word verstrek:
  - "***Responsible Person***
    - *Regional Director: Ivor Jenkins (Pretoria)*
    - *Programme Coordinator: Abraham Viljoen*
  - ***Motivation*:**
    - *It is generally accepted by most political analysts that, although the right wing may not necessarily have the power to completely **derail the transition process**,*
    - *it has the ability to complicate and confuse issues, with the **dangerous potential of loss of life** and also the accelerated loss of confidence and stability needed for the economic and political development of South Africa.*
    - *The white withdrawal of support for the F.W. de Klerk government has also meant that the process of reform has often been hampered while the state attempts to re-negotiate support for itself.*
    - *For these and other important reasons elaborated on below, **IDASA has identified the right wing** as an important constituency in which to work.*
  - ***Target group*:**
    - *The entire spectrum of the **political right** (from moderates to reactionaries) is identified as the target group for this programme.*
    - *This group is made up of **numerous subgroups**, and we shall target **different projects** at constituencies such as academics, professionals, farmers, students, Christians, and women.*
    - *Efforts will be concentrated on **decision makers** in each of these categories.*
  - ***Definitions*:**
    - *The word **'programme'** used in this document refers to the **total or overall strategy** of our out-reach to the right wing for 1992.*
    - *The word **'project'** refers to **specific actions** that make up the overall programme.*
  - ***We shall aim to:***
    - *Open direct and **long-term channels of communication** with the **right wing on all levels**, in particular in the political echelons with the **more moderate leaders**.*
    - *In an ongoing way present them with, expose them to, and dialogue with them on the **concepts of democracy and its implications**; as well as its **necessity** for a peaceful and stable future South-Africa.*
    - *Address their fears through **breaking down their isolation**.*

- *Introduce them to **alternative perspectives** found in neighbouring countries recent transitional experiences.*
- *Attempt to **address their present alienation from the negotiation process**…"*

*Die IDASA-komplot*, p.23,**54**,88,**89,90** / p.19,**44**,**71**,**72**

**34. Datum Onbekend (waarskynlik 1991)**

**IDASA** verklaar van **Prof. Abraham Viljoen** (waarskynlik met die oog op sy aanstelling as ***"koördineerder"*** **van die CDP**) dat:

- *"although progressive Abraham Viljoen has always kept in regular **contact with the rightwing**, primarily through his **membership of the Transvaal Agricultural Union**, the bulwark of conservatism in Transvaal.*
- ***Equally he has strong links with the Black political community, especially the ANC.**"*

*Die IDASA-komplot*, p.14 / p.12

**35. Januarie 1992**

Die ***CONSERVATIVE DIALOGUE PROGRAM (CDP)*** word deur **IDASA** in die lewe geroep:

- *<u>Loodskomitee:</u>*
  *Dr. **F van Zyl Slabbert**, Mnr. **Jurgen Kögl**, Prof. **Braam Viljoen**, Mnr. **Ivor Jenkins***
  *<u>Sekretaris van die Loodskomitee / Koördineerder van die CDP</u>*
  ***Prof. Braam*** [Abraham] ***Viljoen.***
  (*volgens 'n brief van Van Zyl Slabbert aan **dr. Hans Daerr** in Duitsland. -* **Bylaag 2**)
- IDASA se CDP (gesprekke met "regse" Afrikaner-leiers) is met **groot somme geld** gefinansier **vanuit die buiteland**.
- **Dokumentêre bewyse (Bylaag 3, Bylaag 4 en Bylaag 5)** dui op die betrokkenheid van die **Hollandse**, **Kanadese**, **Deense** en **Britse** regerings, terwyl bes moontlik nóg buitelandse moondhede **finansiële steun** aan hierdie **anti-Afrikanergeknoei** verleen het.
- IDASA was deur sy ***Conservative Dialogue Programme*** sigbaar 'n **werktuig** waardeur buitelandse ondersteuners van die Kommunisties-beheerde ANC hulle **vyandelikheid teen Afrikanernasionalisme** kon voer.
- Die regses moes ten alle koste **by die onderhandelingstafel betrek word**, ten einde 'n **geweldlose oordrag van mag** vanaf die Blankes na 'n Swart meerderheidsregering te verseker.
- Vir dié doel het **Slabbert** en **Boraine** die **CDP** van stapel gestuur en as ***"koördineerder"*** Constand Viljoen se tweeling-broer **prof. Abraham Viljoen**, 'n bekende linkse en vertroueling van die ANC-SAKP, met 'n **salaris van R6000** en **reistoelaag van R5000** per maand, in diens geneem.
  (*volgens die "**Proposed Budget** - October 1993 - August 1994" van dieselfde brief aan dr. Hans Daerr. -* **Bylaag 2**)

*Die IDASA-komplot*, p.1,2,4,7,14,32,59,60 / p.10,12,17,49,50

**36.** **6 Februarie 1992** (vergelyk 11 Augustus 1993)

**IDASA ontvang vir sy CDP** van die ***Kanadese Ambassade*** 'n donasie van **R83 532.42.** (**Bylaag 3**)

*Die IDASA-komplot*, p.**28** / p.4,10,14,21,**23**

**37.** **Februarie 1992**

**Abraham Viljoen**, koördineerder van die CDP, **lewer sy eerste verslag.** (**Bylaag 6**)

- **Hy voer reeds samesprekings** met verskeie **KP-LV's**: **Dries Bruwer, Piet Gous, Ferdi Hartzenberg** (toe nog KP onderleier), **Chris de Jager, Daan du Plessis, Daan van der Merwe** en **Clive Derby Lewis** (vlugtig). So-ook met **ZB du Toit** van *Patriot*.
- Ook in **landboukringe** met die **presidente** van die *Transvaalse Landbou-unie (TLU)* - **mnr. Dries Bruwer** en *Vrystaat Landbou-unie (VLU)* - **dr. Piet Gous**, asook **Jan Human** (sekretaris van TLU).
- *"Upcoming events"* is:
  - *"**ANC/CP high level contact meetings**"* en
  - *"**Free State farmers** and Regional **ANC leaders' discussion meetings**…"*

*Die IDASA-komplot*, p.4,42,49,**55**,64,**88**,93 / p.5,12,39,**45**,53,71,74,123

**38.** **19 Februarie 1992** (vergelyk 22 Mei 1991 en 28 November 1991)

**Tussenverkiesing Potchefstroom**

- Ook dié **voormalige NP-vesting** word deur die **KP oortuigend** ingeneem.
- **KP** (Andries Beyers) ontvang **9746** stemme,
  teenoor die **NP** (Theuns Kriel) se **7 606**.
- Die Konserwatiewe Party **meerderheid** beloop **2 140 stemme**.
- Wat dié pil vir die Nasionale Party nog meer bitter maak is die feit dat slegs 'n paar jaar tevore met die 1989-Algemene Verkiesings, die Nasionale Party nog 'n gesonde meerderheid van **1 580 stemme** behaal het.
- Saam met soortgelyke uitslae in **Ladybrand** en **Virginia** was dit 'n baie **sterk aanduiding deur Blanke kiesers** dat hulle **De Klerk** se **"hervormings" verwerp!**

Jan Bosman, hoofsekretaris AB, *AB Nuusbrief*, Maart 2022

*Die IDASA-komplot*, / p.136

**39.** **20 Februarie 1992** ('n paar uur ná die Potchefstroom Tussenverkiesing-uitslag)

**Pres. FW de Klerk kondig die hou van 'n Referendum aan.**

- Na die **drie groot neerlae** van die Nasionale Party in die Tussenverkiesings, **Ladybrand, Virginia** en **Potchefstroom**, besef De Klerk dat sy tyd vinnig besig is om uit te loop.
- Hy moet dadelik die **indruk probeer skep** dat hy nog die steun van die meerderheid blankes geniet… en dan **so gou moontlik** sy hervormings deurgevoer kry.
- Dáárom kondig hy die hou van 'n **Referendum** aan.

*Die IDASA-komplot*, / p.136

**40. Kort na die Referendum aangekondig is.**

**Casper Uys** verklaar in die Parlement dat die **KP** die **“uitdaging aanvaar”.**

- ✧ Casper Uys doen dié aankondiging nog **voordat deur die KP daaroor besin of besluit is**…
- ✧ Wat sou Uys se **motief** hiervoor wees? (vergelyk “Gedurende 1981”)

*Die IDASA-komplot*, / p.136

**41. Ná Casper Uys se “aanvaarding van die uitdaging” namens die KP.**

**KP-Dagbestuur** besluit om hulle **nié** in ‘n **Referendum** te laat **indwing** nie**.**

*Die IDASA-komplot*, / p.136

**42. Na die KP-Dagbestuursbesluit tot nie-deelname**

**KP-Koukus vergadering**

- ✧ **Twee moontlike weë** kon gevolg word:
  - ➢ Die **een** is om aan die Referendum **deel te neem** en hulle neer te lê by die uitslag.
  - ➢ Vir die De Klerk-regering sou dít verreweg die **aanneemlikste** wees.
  - ➢ Die **tweede** moontlikheid was **om te weier** om aan die Referendum deel te neem en tegelyk **druk op die regering te plaas** om, op grond van die geweldige swaai in die afgelope drie tussenverkiesings, **vervroegde Algemene Verkiesings afgedwing** te kry.
  - ➢ Met nóg tussenverkiesings wat bes moontlik sou volg kon die **druk op die De Klerk-regering** selfs verhoog word.
  - ➢ Strategies sou die **heel beste optrede** wees om uit **protes teen De Klerk se “hervormings”** al die **KP-setels te laat bedank** en sodoende **onmiddellike Algemene Verkiesings** af te dwing.
  - ➢ Laasgenoemde is klaarblyklik nie deur die KP-koukus oorweeg nie. Dit was egter wel onder die KP-koukuslede erken dat hulle die Nasionale Party in ‘n Algemene Verkiesing sou verslaan, aldus KP-LP Clive Derby-Lewis in sy laaste onderhoud voor sy dood. Die prys van **18 parlementslede se besoldiging** vir ‘n paar maande nadat hul hul setels bedank het **ten einde tussenverkiesings af te dwing**, was egter vir ons volk se vryheid vir hulle **te hoog**!
- ✧ Vir **deelname of nie-deelname** aan die Referendum in die KP-koukus was die **stemming presies gelykop**, waarop **dr. Treurnicht** as voorsitter die **beslissende stem** moes uitbring.
- ✧ Dr. Treurnicht het, op **sterk aandrang deur Koos van der Merwe** (vergelyk 17 Maart 1992), soos sedert die stigting van die KP en **deurgaans deur sy politieke loopbaan**, presies dít gedoen wat **vir die Nasionale Party die voordeligste** was…

*Die IDASA-komplot*, / p.128-133,136

**43. 17 Maart 1992**

**REFERENDUM**

- Die NP **waarborg** steeds **"eie skole!"** en **"eie woongebiede!"** en **bedrieg** so die Blanke kiesers.
- Die buiteland dreig met **sport-isolasie.**
- Die **liberale media** werk oortyd om die indruk te skep dat **De Klerk se "Nuwe SA"** 'n tyd van **vrede en vooruitgang** sou inlei.
- Verder word die **Ja-uitslag** gebruik om enige **verdere verkiesings te ontmoedig**, soos byvoorbeeld deur **prof. Lourens Pretorius** van UNISA se artikel: ***"The End of the Conservative Party."*** Dit, nadat die onlangse tussenverkiesings juis die tééndeel getoon het.
- Ten spyte van die **"Ja"-oorwinning** het 'n aansienlike aantal - bykans **900 000 Blankes "Nee"** gestem. (*Die Afrikaner*, 29 Julie, 1992,bl.11)
- Helaas kan **nie ontken word** nie dat **verkiesingsbedrog** in 'n Referendum veel **makliker uitvoerbaar** is as in die geval van Algemene Verkiesings…
- **Prof. Abraham Viljoen** skryf na die Referendum in sy **Maart-verslag van die CDP**: (p.101 / p.80)
    - *"The need to address certain frustrations in conservative ranks where the **general prevailing perception** is that the result of the referendum has (sic) now **finally deprived them of the 'first line of defence'**, i.e. the constitutional one at the ballot box…"*
- In verband hiermee skryf **mnr. Marais:** (p.102 / p.81)
    - *"Die KP-AVF se **aanvaarding van die valse redenasie** dat die 1992 referendum die finale bewys was dat De Klerk **nie deur die stembus** gestuit sou kon word nie,*
    - *was die **grootste deurbraak van IDASA se Conservative Dialogue Programme** wat met die medewerking van die ANC-SAKP bedryf en met buitelandse geld befonds is.*
    - *Hieraan het die **sukses van die sameswering** grotendeels gehang."*
- In **Oktober 1996** (*Die Afrikaner*, 18-24 Oktober 1996, bl.7) skryf **mnr. Marais** in **terugskouing** oor die 1992-referendum:
    - *"Die rede vir die 1992-referendum was om aan De Klerk 'n **valse mandaat** te gee om met sy verraad voort te gaan.*
    - *Dit was 'n uitdaging aan sy Afrikaner-opponente, wat as dit **reg gehanteer** was, die De Klerk-Slovo-Mandela-agenda gewis **in die war sou gestuur** het.*
    - *Selde of ooit in die SA geskiedenis is 'n **politieke geleentheid egter só verspeel** as wat die referendum van Maart 1992 deur die KP verspeel is.*
    - *Die KP was **op daardie stadium op die kruin van 'n politieke golf** weens verskeie tussenverkiesing-uitslae.*
    - *Toe De Klerk die voorgenome referendum op 'n Vrydag aangekondig het, het mnr. **Casper Uys** in die Volksraad **namens die KP** dadelik die uitdaging aanvaar.*

- *Daar was **geen vooraf oorleg** met die HNP nie.*
- *En die **HNP het op sy eie dieselfde standpunt** as die KP ingeneem.*
- *Maar toe begin die **KP rondskarrel** oor deelname of nie-deelname.*
- *En binne enkele dae, sonder oorleg met die HNP, **spring die KP-leiding om** en besluit die Dagbestuur **teen deelname.***
- *Dáármee word toe na die KP se **parlementêre koukus** gegaan.*
- *Dáár is die **gevoel** onder invloed van die Dagbestuur **ook teen deelname**.*
- *Maar **naby die einde van die verrigtinge** daag **mnr. Koos van der Merwe** op* [vergelyk "Gedurende 1981"] *en hy is só sterk ten gunste van deelname dat hy **dreig om te bedank** as die koukus anders sou besluit.*
- *Toe die vraag tot stemming gebring is, was die **telling gelykop.***
- ***Dr. Andries Treurnicht**, die leier van die KP, bring toe **sy beslissende stem** uit vir deelname, soos mnr. Koos van der Merwe wou hê, maar **in stryd met dr. Treurnicht se eie standpunt!***
- *Binne **vier dae** het die KP dus geskommel van 'n **spontane ja**, deur 'n **oorwoë nee**, tot 'n **afgedreigde ja!***
- *Só **sukkelend en struikelend tree die KP tot die stryd** toe, nadat vier dae deur gekibbel verlore en die party **skerp verdeeld** gelaat is. Só is 'n groot voorsprong aan die NP gegee.*
- *Eers ná hierdie **pynvolle politieke proses** skakel die KP **met die HNP en die AWB** om 'n **gemeenskaplike front** te vorm.*
- *'n **Mediakonferensie** word **haastig** gehou, sonder dat **vooraf samesprekings** gehou is om 'n **plan van aksie** op te stel vir die veldtog.*
- *Losweg is gepraat oor **gesamentlike vergaderings** van die drie groepe se leiers, maar **behalwe die heel eerste op Kerkplein** in Pretoria kon **geen ander so 'n vergadering gereël** word nie, omdat die KP **'nie in sy program daarvoor voorsiening kon maak nie'!***
- *Die HNP het volhard in sy pogings en uiteindelik dr. Hartzenberg darem saam met my en mnr. Terre Blanche **in die Bloemfonteinse stadsaal** op die verhoog gekry.*
- *Só het die veldtog **nooit die aard van 'n gemeenskaplike aksie** gekry nie.*
- *Elkeen het **op sy eie geopereer** en **verwarrende indrukke** is gemaak op kiesers.*
- *Die **toppunt van frontverbrokkeling** was die **TV-optrede van dr. Treurnicht** in die **laaste deel van die veldtog**. Toe hy gevra is wat sy **alternatief** vir die De Klerk-beleid was, het hy in die **strik getrap** en in plaas van die debat **vas te pen op die vraag op die stembrief**, het hy **KP-beleid** gestel asof dit **algemene verkiesings** was waar een party sy beleid teenoor 'n ander stel.*

- *Dít het die NP die geleentheid gegee om **op die aanval** te gaan in plaas van **op die verdediging** te wees **oor die vraag waaroor die referendum** gegaan het.*
- *Dit was 'n **fatale flater,** want dit het tegelyk **verskille** tussen die **drie groepe** aan die regterkant beklemtoon **in plaas van eendrag.***
- *Die afleiding is onweerstaanbaar dat die **KP-leiding** 'n **versweë besluit** geneem het dat **samewerking** met die HNP en die AWB net **nominaal** sou wees.*
- *Die KP sou **sy eie veldtog met sy eie beleid** voer, en as die Nee sou wen, sou die KP die krediet opeis en die referendum-uitslag as 'n **verkiesingsoorwinning vir homself** vertolk.*
- *Die **hele Nee-veldtog** het deur dié misvatting en politieke kleinlikheid 'n **onherstelbare knou** gekry.*
- *Die **KP-leiding** het homself al meer daarin ingedink dat die Nee sou wen, en toe dit **nie gebeur nie**, het die party **eenvoudig geknak**.*
- *Wat daaruit voortgevloei het, kan oor bespiegel word."*

*Behind the military ranks in the Afrikaner Volksfront*, p.16
*Die Afrikaner*, 18-24 Oktober 1996, bl.7
*Die IDASA-komplot*, p.4,100,101,102 / p.5,79,80,81,136,137

**44. 17 Maart 1992**

**Skrywe deur Abraham Viljoen** (koördineerder van die CDP) - (**Bylaag 7**)
**aan Walter Sisulu** (ANC-onder-president) **en Gill Marcus** (hooggeplaaste in SAKP):
***"DIALOGUE WITH CONSERVATIVE PARTY MEMBERS AFTER THE REFERENDUM"***

- ✧ Die volgende is 'n opsomming van hoofpunte:
  - Viljoen bedank Sisulu vir die **"vriendelike ontvangs"** die vorige dag.
  - Hy spreek die **vrees** uit dat solank die regses nie by onderhandelinge betrek word nie, hulle die **hele proses** (van magsoordrag) **"effektief kan ondermyn"**
  - Die referendum was (vir Viljoen) 'n sterk aanduiding van **regse weerstand waarmee rekening gehou moet word**.
  - Daarop vra Viljoen die ANC se **goeie samewerking** in sy (Viljoen) se pogings om die regses in **onderhandelinge te betrek** - sonder die ANC sou sulke onderhandelinge van geen waarde wees nie.
  - As afskop hiervan moet 'n **ontmoeting** tussen **Koos van der Merwe** en **Cyril Ramaphosa** dringend gereël word**.**

*Die IDASA-komplot*, p.**25 /** p.6,19,**20**,34,72,73

**45. Maart 1992**

**Prof. Abraham Viljoen lewer sy verslag aan die loodskomitee van die CDP**:

- ✧ Dit lui soos volg: (p.26,29,91,92 / p.24,73)

- *"First of all, the need for **discretion or even secrecy** in whatever reporting is necessary on the project. This do not only relate to reporting within IDASA, but also to **media reports on specific issues.**"*
- *For the time being, **the centre of activity** within the process of post-referendum consideration **of political policy and strategy** which have a direct bearing on our project, **remains the CP caucus in Cape Town.***
- *Possible new strategies may be the following: To make use of the existing structures of the **farmers unions**.*
- ***The two most powerful men in the CP caucus are mr. Dries Bruwer** (President of the Transvaal)* [Landbou Unie] ***and** d**r. Piet Gous** (President of the Free State)* [Landbou Unie].
- *We have been able to **establish very good contact with them**, and now need to implement **with their support programmes of action that will have the widest possible reach."***

- Dit is duidelik dat deur die **goeie kontak en samewerking** van mnr. Dries Bruwer en dr. Piet Gous ***"programmes of action"*** met die ***"widest possible reach"*** toegepas kon word.
- Hieroor skryf **Mnr. Marais**: (p.92 / p.74)
  - *"In terugblik is dit egter onvermydelik om in te sien dat dit dui op die **meriete-lose verheffing** van **militêre pensioenarisse** tot **politieke leierskap***
  - *en op die **stigting van die Afrikanervolksfront**, as beslissende stappe om **regse verset** teen De Klerk se volksverraad **te smoor***
  - *en Afrikaners in **goedertrou** te laat suig aan die **politieke fopspeen** van 'n **"volkstaat"** wat by **vredesonderhandelinge** met die ANC-SAKP verkry sou word."*
- **Abraham Viljoen** se verslag lui voorts: (P.64,96 / p.53,76,77)
  - *"the particularly meaningful aspect of my work in the facilitating role I could play in the **embattled progressive group in the CP**... They seem to have **appreciated the contact and fellowship immensely.***
  - *A **lot of hard work** and bargaining **will still have to be done** with the core of the CP under the leadership of **Treurnicht and Hartzenberg**."*
- Verder stel Viljoen nogeens die **doelwit van die CDP**, naamlik om Afrikaners te laat berus in hul eerlose onderwerping aan 'n Kommunisties-beheerde Swart regering:
  - ***"to normalise the relationship between the Afrikaner and the ANC"***

*Die IDASA-komplot*, p.5,**26,29**,30,32,48,49,64,80,81,**91,92**,93,95,96,101,102 / p.5,7,13,21,**24**,26,37,39,40,53,66,**73,74,76,77,80,**81,123,124

**46. Datum onbekend**

**Abraham Viljoen** voer **gesprekke** met **KP-leiers** op verskillende vlakke en met **linkse akademici.**

- ✧ Gesprekke met KP-leiers was met **BG Willemse, Chris van den Heever** en **Jan Human** (ook in sy hoedanigheid as sekretaris van TLU).
- ✧ En met **linkse akademici** waaronder: proff. **Sampie Terblanche**, **Johan Degenaar, Lourens du Plessis** en andere.

*Die IDASA-komplot*, p.4,6 / p.5,6

**47. April 1992**

**Abraham Viljoen** formuleer **voortspruitend uit sy Maart-verslag** 'n oorsig van ***"events"*** wat oor die afgelope maande plaasgevind het. (**Bylaag 8**)

- ✧ Hy noem die volgende:
  - ➢ Samesprekings in Bloemfontein tussen **'n aantal *"selected farmers"*** en ANC- SAKP hooggeplaastes.
  - ➢ Deelname aan 'n "werkswinkel" gereël deur IDASA-OVS i.v.m. *"die probleem van **herverdeling van grond**".*
  - ➢ Offisiële samesprekings tussen die ***SA Landbou-Unie*** (vandag Agri-SA) ten einde 'n **formele ontmoeting op top-vlak met die *ANC executive*** te laat realiseer.
  - ➢ Die byeenbring van twee lede van die *ANC-executive* en 'n **aantal KP-leiers in die OVS** [waarskynlik Piet Gous en kie], in die vorm van 'n **"jaguitstappie"** en gepaardgaande ***"evening social"*.**
  - ➢ **Samesprekings** is gehou met 'n amptenaar [moontlik prof. Andries Raath] van die ***Afrikaner Vryheidstigting (AVSTIG)*** met die oog op sy bekendstelling met die **ANC Kodesa-afvaardiging** en **Kodesa-bestuurskomitee**, om:
    - ❖ die ***Afrikaner Vryheidstigting*** die geleentheid te bied om **voorstelle vir 'n "Afrikaner Volkstaat"** te beskryf en te verduidelik, en
    - ❖ **deelname by die Kodesa**-onderhandelinge van ***"progressives"* in die KP**, wat daartoe geneë is, **te fasiliteer.**
- ✧ **Abraham Viljoen** meld dat hy 'n **groot hoeveelheid tyd** bestee het deur middel van **verskeie kontakte**, ten einde vas te stel wat die **uitwerking van die Referendum-uitslag** op die **gemoedere** van meeste regses was,
- ✧ sodat daarvolgens bepaalde **strategie-aanpassings** in terme van **projekte en benaderings** gemaak kan word.
- ✧ Vervolgens noem Viljoen **"internasionale ontmoetings"** (moontlik was selfs buitelanders by die gesprekke betrek) met onder andere die **volgende persone** in hul **betrokke hoedanighede**:
  - ➢ **Hans van der Merwe** - alg. Sekr. van die ***SA Landbou-Unie (SALU)***
  - ➢ **Prof. Andries Raath** - uitvoerende lid van die ***Afrikaner Vryheidstigting (AVSTIG)***
  - ➢ **Mnr. Claasen** - KP-uitvoerende beampte in OVS
  - ➢ **BG Willemse** - KP-Nasionale Raadslid
  - ➢ **Johan Hariman** - TLU

- **Johan van der Westhuizen** - KP-streeksvoorsitter en voormalige kandidaat (Reitz)
- **Drie Nampo-amptenare**: Dr. Kit le Clus, Giel van Zyl en Boelie Bothma
- **Koos Botha** - KP-Parlementslid
- **ZB du Toit** (twee ontmoetings) - **Redakteur** van ***Patriot***
- **Albert Dijkema** - bekende Transvaalse boer

✧ Daarop sluit Viljoen af met sy **voornemens** vir die maand wat voorlê:

- **Kontak met die KP-koukus**
- Finaliseer die ***"projek in verband met die Afrikaner Vryheidstigting (AVS)"***
- Bespreek ***voorsorgmaatreëls*** met **Koos Botha** [KP-LP vir Wonderboom] in verband met ***potensiële weerstand van regses*.**
- Finalisering van 'n ***aantal groot projekte*** voortspruitend uit die Maart-verslag.

*Die IDASA-komplot*, p.5,**57,58** / p.34,36,37,40,**47,48**

**48. Julie 1992**

**CDP-Verslag** deur **Abraham Viljoen** en **Ivor Jenkins** aan **IDASA:**

- *"We mainly concentrated on **political parties**, **political groupings** and **agricultural unions**.*
- ***Significant inroads were made in all of these**."*
- Dieselfde geld vir ***"progressive individuals"*** in die **KP** (later die ***AVU***).

*Die IDASA-komplot*, p.95,96 / p.76,77

**49. Augustus 1992**

**CDP-Verslag** deur **Abraham Viljoen**.

✧ Volgehoue **hoëvlak samesprekings** met die **OVS-Landbou-unie** lei tot uitnodiging aan politieke partye, **insluitende die ANC!**, om hul ***kongres in Augustus*** toe te spreek.

✧ Die geleentheid het ***"goed verloop"*** en moontlik 'n ***"verandering in gesindhede"*** teweeggebring…

- *"Our **sustained consultations at high level** led to an invitation by the OFS Union to all political groups (**including the ANC!**) to **address their congress** in August,*
- *which, with some measure of discontent, **went very well and may have registered change in official attitudes**…"*

*Die IDASA-komplot*, p.46,49 / p.37,40

**50. Augustus 1992**

**Tussenverkiesing Florida** (vergelyk 3 Mei 1996)

✧ 'n **Ooglopende verslaentheid** het duidelik in die **topbestuur van die KP** ingetree soos duidelik blyk in die **eerste tussenverkiesing ná die rampspoedige Maart-**

**Referendum**, so al asof die **KP-leiers** nie hul strewe as **amptelike opposisie** om die **De Klerk-regering te beveg en te verslaan** wou voortsit nie.

- ✧ Aanvanklik bied die **HNP** aan om **sy steun aan die KP** in dié verkiesing te bied deur nie 'n kandidaat te stel nie.
- ✧ Daarop **besluit die KP** om self **géén kandidaat** in die verkiesing te stel nie.
- ✧ **Mnr. Oscar Hartung**, wat toe wel deur die **HNP as kandidaat** teen die NP gestel word, is in 'n **telefoongesprek** met **dr. Ferdi Hartzenberg** reguit meegedeel dat die **KP hom nie as kandidaat teen die NP sou ondersteun** nie.
- ✧ Daarna het mnr. Hartung ook **verskeie verdere gesprekke** met **verskillende KP-LP's** gevoer waarin **almal afwysend** was (met die uitsondering van **mnr. Clive Derby-Lewis**, sien hieronder) ten opsigte van enige **samewerking met die HNP teen die NP** in dié verkiesing.
- ✧ *Die Afrikaner* (26 Augustus, 1992,bl.7) het onder die opskrif ***"Florida: KP help NP"*** soos volg berig:
  - ➢ *"Dit is nou amptelik: die **KP-koukus** het 'n besluit geneem dat dié party **nie met die HNP moet saam werk** teen die NP in Florida nie.*
  - ➢ *Hierdie besluit is 'n **herhaling van wat in 1988** gebeur het met die laaste Blanke verkiesings in **Suidwes-Afrika**.*
  - ➢ *Toe het die **KP saamgewerk met die NP** van Suidwes-Afrika, omdat, soos **ZB du Toit** dit gestel het, die KP nie durf toelaat het dat die HNP in dié verkiesing goed vaar nie.*
  - ➢ *Wat Florida des te skokkender maak, is dat **Oscar Hartung**, die HNP-kandidaat, **persoonlik** in **Potchefstroom gaan help het** toe Andries Beyers in Februarie vanjaar die kandidaat daar was.*
  - ➢ *Die HNP het **openbare steun** daar **aan die KP** gegee en Andries Beyers het daarna 'n brief van bedanking aan die HNP gestuur.*
  - ➢ *Hierdie **KP-politiek** van leedvermaak **teen die HNP** is totaal **onvergeeflik** in die **krisis** waarin die **Blanke volk** deur De Klerk gedwing is.*
  - ➢ *Die **weerhouding van samewerking** met die HNP is natuurlik onregstreekse **bevoordeling van die NP,** die **ANC** en die **SAKP**.*
  - ➢ *As dít is wat die **KP-leiding** se doel is, is dit **verraad**.*
  - ➢ *As dit nie die doel is nie, is dit 'n **politieke gruwel** wat 'n mens verbyster."*

  [*Die geskiedenis het gewys dat dit verraad was…*]
- ✧ *Die Afrikaner* (26 Augustus, 1992,bl.11) het onder die opskrif ***"KP weier samewerking"*** soos volg berig:
  - ➢ *"…Dit was duidelik dat die aantal **KP-stemme** wat die HNP-kandidaat, mnr. Oscar Hartung, getrek het, **minimaal** was,*
  - ➢ *nadat **plaaslike KP-leiers** soos **mnre. Piet de la Rey**, LP, en **Jurg Prinsloo**, LP, hulself **teen die HNP-kandidaat verklaar** het.*

- *Baie van die stemme wat die HNP wel gekry het, was van* ***ou NP-ondersteuners*** *wat die De Klerk-bewind die rug toegedraai het.*
- *Die HNP het eers 'n kandidaat gestel nadat die* ***KP nie bereid was*** *om dit te doen nie, hoewel die HNP sy* ***volle steun*** *aan 'n moontlike KP-kandidaat toegesê het.*
- *Die leier van die HNP, mnr. Jaap Marais, het op* ***28 April*** [vier maande voor die verkiesing] *soos volg aan* ***dr. AP Treurnicht****, LP, geskryf:*
  - *'Die parlementêre* ***vakature in Florida*** *as gevolg van mnr. Barend du Plessis se bedanking sal 'n* ***groot geleentheid*** *ná die referendum wees om die* ***De Klerk-Mandela politiek 'n slag toe te dien****.*
  - *'n Kandidaat teen die NP-DP (met) 'n aansienlike openbare statuur, (wat) die* ***regse politiek met geesdrif*** *kan verkondig en 'n* ***landswye begeestering kan wek****, sal dié tussenverkiesing verhef tot 'n vlak van* ***nasionale belang****.*
  - *Ons hoop dat daar so 'n kandidaat benoem sal word, sodat* ***bo-oor partygrense samewerking kan geskied*** *op 'n beplande grondslag. Vriendelike groete,* ***Jaap Marais****, leier van die HNP.'*
- *Byna* ***'n maand later****, op 26 Mei, het dr. Treurnicht* ***nog nie op dié brief geantwoord nie*** *en het mnr. Marais (aan) hom 'n* ***tweede brief*** *gestuur wat soos volg gelui het:*
  - *'Ek neem aan dat my brief in verband met die komende Florida-verkiesing* ***onbeantwoord*** *gebly het, omdat daar* ***onsekerheid*** *was of die KP die setel* ***wil betwis, of nie****.*
  - *Na verneem word, sal die KP egter nie daar 'n kandidaat stel nie.*
  - *Dit is jammer dat ons nie formeel daarvan in kennis gestel is nie, hoewel daar van ons kant* ***welwillende samewerking*** *te kenne gegee is.*
  - *Soos uit meegaande verklaring blyk,* ***stel die HNP 'n kandidaat*** *in Florida.*
  - *Ek sal graag verneem dat ons daarin* ***die steun van die KP*** *sal hê. Vriendelike groete,* ***Jaap Marais****, leier van die HNP.'*
- ***Dr. Treurnicht*** *het op 3 Junie daarop* ***soos volg geantwoord****:*
  - *'Dankie vir jou briewe in verband met 'n kandidaat in die komende Florida-tussenverkiesing.*
  - *Ons het* ***steekproewe*** *gemaak en ook die uitslag van die* ***1989-verkiesing*** *bekyk, en tot die* ***slotsom*** *gekom dat dit* ***onrealisties lyk*** *om 'n* ***meerderheid van byna sewe duisend*** *teen ons in 'n* ***oorwinning te omskep****, en dat ons derhalwe* ***nie 'n kandidaat sal stel*** *nie.*
    *Beste wense en vriendelike groete, dr. AP Treurnicht, LV, Leier van die KP.'"* [*Opmerklik dat dr. Treurnicht die kwessie van steun aan die HNP-kandidaat ignoreer.*]

- **Mnr. Marais** skryf later (*Die Afrikaner*, 18-24 Oktober 1996, bl.7) in **terugskouing** oor die **Florida Tussenverkiesing**:
  - *"Dít was natuurlik die ander kant van **die stryd 'na regs'** - moenie na regs **hulp gee** teen die vyand van links nie, of konkreet gestel: **moenie die HNP teen die NP help nie.***
  - *Die **redelike afleiding** word gemaak dat **hierdie optrede van die KP nie 'n eenmalige ad hoc besluit** was nie, maar ingepas het in 'n **patroon van verhoudings met die NP** wat in die opslag van die referendum **finale beslag** gekry het.*
  - *Die HNP het dus in dié tussenverkiesing nie net alleen teen die NP geveg nie, maar **die NP het die onregstreekse hulp van die KP** gehad.*
  - *Nietemin het die **HNP 23%** van die stemme gekry. En waar Florida in die referendum **die tweede sterkste NP-kiesafdeling** was, is hy afgedruk tot die **36ste posisie**.*
  - *De HNP se veldtog was so effektief dat die NP-mense weggebly het en net **30% van die kiesers** gaan stem het.*
  - *Daarna is in **Patriot geskryf** dat die **KP 'n fout gemaak het** om nie daar te veg nie.*
  - *Die Florida-uitslag het onbetwisbaar getoon hoe die **NP se steun in die referendum vals** was, en dat **toekomstige tussenverkiesings** die hele uitverkopingsplan **in die wiele sou ry**…*
  - *Die **Florida-tussenverkiesing** van Augustus 1992 was binne vier maande na die referendum van Maart 1992; en dit was die **aangewese gevegsterrein** vir die **amptelike opposisie** om te toon **hoe vals** die **referendum-uitslag** was.*
  - *Dat die KP die **belofte van HNP-steun** vir 'n KP-kandidaat gehad het, maar **nogtans geweier het om die NP te opponeer**, is polities só **agterdogwekkend** dat daar na 'n verklaring gesoek moet word.*
  - *Dit is in die lig van hierdie **weiering** van die **KP-leiding** om die **NP te beveg** dat die latere verwikkelings beskou moet word rondom die **HNP se bepleiting** van 'n **"volksfront" om De Klerk na die stembus te dwing** en te verslaan, en die **KP se weiering** om só 'n "volksfront" **te steun**."*
- Volgens 'n berig in *Die Afrikaner* (29 Julie, 1992,bl.1,11) het **mnr. Clive Derby-Lewis**, 'n Presidentsraadslid en **voormalige KP-LP**, sy **heelhartige steun** aan **mnr. Hartung** in sy verkiesingsveldtog gegee en as **spreker op 'n openbare vergadering** die verhoog met mnr. Hartung gedeel.

  [*In prof. Abraham Viljoen se Februarie '92-verslag* (**Bylaag 6**) *meld hy dat hy ook met mnr. Clive Derby-Lewis, maar, anders as met die ander KP-LP's, slegs 'n **"Brief discussion"** gevoer het. Dit dui, bes moontlik, daarop dat mnr. Derby-Lewis nie vir verdere gesprekke met prof. Viljoen te vinde was nie.*]

*Die Afrikaner*, 29 Julie 1992, bl.1,11

*Die Afrikaner*, 26 Augustus 1992,bl.7,11
*Die Afrikaner*, 18-24 Oktober 1996, bl.7

**51. Kort na die Florida-tussenverkiesing**
**Pres. FW de Klerk skaf ongrondwetlik en ondemokraties alle parlementêre tussenverkiesings af.**

- ✧ Dít was die **mees ingrypend ondemokratiese optrede** denkbaar!
- ✧ Die **KP**, as **amptelike opposisie**, het dit egter **nie aangegryp** om die **land op horings** te neem en **verset teen dié politieke vergryp** op te jaag nie!
- ✧ Op sigself het **hierdie doen en late** (alleen late en géén doen) van die **KP-leiding ernstige bedenkinge** laat ontstaan.
- ✧ Klaarblyklik is **dít** die rede waarom die KP in die Florida-tussenverkiesing **nie 'n kandidaat gestel het** teen die Nasionale Party nie, naamlik om **die boodskap** aan hul **kiesers oor te dra** dat die **konstitusionele stryd laat vaar is.**
- ✧ Dáárom het die **KP-leiding**, deur hul **passiwiteit** duidelik gemaak dat hulle **geen probleem ondervind** met die **afskaffing van parlementêre tussenverkiesings** nie.
- ✧ En boonop kon die **De Klerk-regering** nou **ongehinderd** hul wanbestuur en **politieke verraad** voortsit **sónder om oor Blanke verkiesings** bekommerd te wees.
- ✧ **Dié guns** het die **KP** aan De Klerk bewys.
- ✧ *Die Afrikaner* (13 Januarie, 1993, bl.1) stel die saak as volg:
  - ➢ *"Om dié rede het die regering ná die Florida-tussenverkiesing in Augustus 1992 die **demokratiese reg van die kiesers** onder die voet getrap deur **parlementêre tussenverkiesings** af te skaf.*
  - ➢ *Dít is 'n duidelike erkenning dat hy **teen die wil en belange van die kiesers** regeer, en daarom nie sy **steun by die stembus durf laat toets nie**, net soos 'n junta wat die mag gegryp het en eiesinnig regeer.*
  - ➢ *Die regering moet weet dat waar hy in 1992 hierdie kanaal van demokratiese optrede teen sy **wanbestuur** en **politieke verraad** gesluit het, hy **groeiende frustrasie** en **wrewel** skep, wat op **ander maniere** tot uiting moet kom."*

*Die Afrikaner*, 13 Januarie 1993, bl.1,11
*Die Afrikaner*, 18-24 Oktober 1996, bl.7

**52. September 1992**
**Die vier HOOFROLSPELERS in IDASA se CONSERVATIVE DIALOGUE PROGRAMME** wat as **"regse leiers"** voortaan **voorgestoot** sou word deur prof. Viljoen en dr. Van Zyl Slabbert:

- ✧ **Constand Viljoen, Tienie Groenewald, Dries Bruwer** en **Piet Gous.**
- ✧ Die **KP se parlementêre koukus** word as **teikengroep** geïdentifiseer.

- ✧ Die **Stigting van die *Afrikaner Volksfront*** (in Mei 1993) was hul **vernaamste doelwit**. (vergelyk *Sunday Times*, 2 Mei 1993)

*Die IDASA-komplot*, p.4,7 / p.5,7

**53. September 1992**

Die sogenaamde ***"Koos-dokument"*** word onder die **KP-leierskorps** versprei**.**

- ✧ Dit veroorsaak **groot beroering**.
- ✧ Hoewel onder **Koos van der Merwe** (Overvaal) se naam versprei, is dit waarskynlik die werk van **genl. Tienie Groenewald**.
- ✧ **Koos Botha** (Wonderboom) en **Koos van der Merwe** (Overvaal) **bedank**, omdat die KP nié die **"volkstaat-idee"** wou aanvaar nie.
- ✧ Dié *"Koos-dokument"* was klaarblyklik bedoel om die **KP te laat skeur** ten einde die **regse opposisie** teen die De Klerk-regering te **verswak**.
- ✧ Hierin het **Koos van der Merwe** en **Koos Botha** 'n vername rol gespeel.
- ✧ Die **volkstaat-idee** (vergelyk 3 Mei 1996), wat deur die *"Koos-dokument"* in KP-geledere ingevoer is sou later 'n **sentrale plek** in die te stigte ***"Afrikaner Volksfront"*** inneem.
- ✧ Die **volkstaat-idee** was 'n **Intelligensiediens-set**, bes moontlik afkomstig van die ***Amerikaanse CIA***, om die **Afrikaner sy politieke mag te laat prysgee.**
- ✧ Die **volkstaat-idee** het klaarblyklik sy oorsprong gehad in die boek ***White Tribes of Africa*** geskryf deur ***Will Roberts*** en in Suid-Afrika versprei en gepromoveer deur **genl. Tienie Groenewald**.
- ✧ In ***White Tribes of Africa,*** waarin Tienie Groenewald self die **voorwoord** skryf, verskyn ook 'n foto van ***Will Roberts*** en ***George Bush***, wat op daardie stadium waarskynlik nog **Hoof van die *CIA*** was.
- ✧ Die **volkstaat-idee** is later veral deur ***VEKOM*** (Volkseenheidskomitee), bestaande uit hoofsaaklik **Afrikaner-akademici**, aangegryp, waarvan genl. Tienie Groenewald **Hoof-uitvoerende-beampte** geword het.

*Behind the military ranks in the Afrikaner Volksfront*, p.15,16

*Die IDASA-komplot*, p.5,105 / p.5,6,83,121

**54. September 1992**

**Stigting** van die ***Afrikaner Volks-unie (AVU)*** onder leiding van **Andries Beyers.**

- ✧ Daar is duidelik **gehoop dat die KP** as sterkste regse party **in twee sou skeur** ten einde die **regse politieke weerstand te knak**.
- ✧ Prof. Abraham Viljoen verwys in sy **Julie 1992-verslag** (p.95 / p.76) van die CDP na **herhaalde gesprekke met individue van die Beyers-groep** en die **goeie gesindheid** tussen hulle en **prof. Abraham Viljoen** voor en na hul **wegbreek** uit die KP:
    - ➢ *"When it became clear that **rebels in party ranks** demanded progressive adaptations in policy and were **ready to risk the unity of the CP** we were on slippery ground.*

- ➢ *Of course, we stood by the **progressive individuals** who **greatly appreciated** the support and opportunity to **discuss their options and strategies**…*
- ➢ *It is also true that **enthusiastic reception and cordial relations** came from the 'progressives' who **came to see IDASA** in terms of neutral ground and a leveller of playing fields."*

✧ Sommige van dié **"progressiewes" in die KP** wat oorgeloop het was: **Moolman Mentz**, **Chris de Jager** en **Rosier de Ville**, asook **ZB du Toit**, redakteur van *Patriot*.

✧ Nou is daar **nóg 'n "regse party"** links van die KP maar regs van die NP.

✧ Die **AVU** is bereid om met die **ANC-SAKP** oor 'n **volkstaat** te **onderhandel**, dit wil sê **86%** van Suid-Afrika **aan die Kommuniste** te oorhandig!

✧ Dit is opmerklik dat op **hierdie kritieke stadium** deur die **KP-leiding** geen **drastiese stappe** geneem is om die **sigbare verdeeldheid en agteruitgang** van die party te verhoed nie.

*Behind the military ranks in the Afrikaner Volksfront*, p. 2,22
*Die IDASA-komplot*, p.5,7,95,96 / p.6,7,76

**55. September 1992**

Die ***Afrikaner Volksunie (AVU)*** benoem **genl. Constand Viljoen** as ***"Militêre Adviseur"***.

✧ Klaarblyklik was die strategie om hom só, as **afgetrede Hoof van die Weermag**, weer in die **openbare lewe** te kry.

✧ Tweedens is hierdeur ook die **"idee"** ingedra dat die **verkry van 'n "volkstaat" militêr afgedwing** sal moet word, ongeag wat die sogenaamde "onderhandelinge" sou oplewer.

✧ Presies só vind dit later neerslag in die **uitgesproke "beleid"** van die te stigte ***"Afrikaner Volksfront"***.

*Die IDASA-komplot*, p.7,95 / p.7,76

**56. September 1992**

**Abraham Viljoen** verwys in sy **Finansiële verslag van die CDP** (**Bylaag 9**) na verskeie **ontmoetings en vergaderings** wat plaasgevind het **sedert Mei tot Augustus**.

✧ Die verslag meld ook die **oogmerk** van elke ontmoeting soos byvoorbeeld:

- ➢ **HDK van der Merwe** (KP-kandidaat) - *"the effect of the referendum on the 'conservative movement'."*
- ➢ **Chris de Jager** (AVU-Bethal) - *"necessity for conservatives to prepare own people for discussions with the ANC."*
- ➢ **Pikkie Coetzee** (KP-Middelburg) - *"Afrikaners need to be prepared for the realities of the South-African situation."*
- ➢ **Dries Bruwer** (KP-Lydenburg / TLU-President) - *"planning for the 'Crisis in Agricultural' meeting of 24 July…"*

- **Dr. Piet Gous** (KP-Parys / VLU-President) - *"organised discussions with the ANC in the OVS."*
- **Andries Beyers** (KP-Potchefstroom) - *"his election campaign and his views on the role the 'conservative movement' could play in the future,"*
- **Koos Botha** (LV-onafhanklik) - *"report back on meeting arranged on his behalf between **ZB du Toit** and **mr. Cyril Ramaphosa**."*
- *"**Lunch meeting** in Pretoria with **prof. Johan Kinghorn** and others on the possibility of setting up an **Afrikaner think-tank**."*
- *"**Lunch meeting** in Pretoria with **ZB du Toit, Koos Botha** and **Koos van der Merwe** on their personal futures, and the **political options for conservative white South-Africans.**"*

*Die IDASA-komplot*, p.49,**56** / p.39,**46**

**57.** **2 Desember 1992** (vergelyk 3 Mei 1996 en 18 April 1997)
***Die Afrikaner*** (2 Desember 1992,bl.5) berig:

***"KP se mobilisasie stoot ander af"***

- Die volledige berig lui soos volg:
  - *"Die KP het voor die aanvaarding van sy **mobilisasieplan** met **geen ander regse organisasies** oorleg gepleeg nie.*
  - *Hy het eensydig besluit dat die KP **"die hoofvoertuig"** sal wees wat **"alle sektore van die volk monster"**.*
  - *Dit blyk uit 'n berig in die KP se lyfblad, **Patriot**, na aanleiding van 'n uiteensetting van dié plan deur **mnr. Schalk Pienaar**, LP, op die onlangse **kongres van die KP in Bloemfontein**.*
  - *In dié berig word verder verklaar:*
    - *'**Geen ander mense of groepe** sal die volk langer **verteenwoordig** nie.'*
  - *Dié stelling word as 'n **intense aanmatiging** beskou sowel as 'n ruwe **miskenning van konsiderasie** teenoor ander regse partye en groepe.*
  - *In plaas van ander **opponente van die regering** aan die regterkant **aan te trek**, sal dié houding hulle **afstoot** van die KP.*

    [Aan die spits van die KP was waarskynlik almal regeringsagente (dus handlangers van die NP) wat alle beheer oor die regse politiek op hulself wou verenig, sodat in werklikheid sorg gedra kan word dat geen ware mobilisasie van die volk teen De Klerk plaasvind nie. Daarom moes húlle nou die enigste regse verteenwoordiger van die volk wees – sodat hul duistere planne nie deur ware regse leiers ontbloot of in die wiele gery kon word nie.]
  - *Dit is des te meer verstommend dat die berig onder andere lui:*
    - *'**Geen regse of regse groep** wat strydvriendelik is, het nou rede om met die **KP te bots** nie.'*
  - *Om verbasing tot verwondering te verdiep, word in 'n ander berig op dieselfde bladsy verklaar:*

- ❖ *'**Alle mobilisasie** sal 'n **produk van raadpleging**, ook met strydvriendelike regse groepe, wees'.*

➢ *So, die **KP wys homself aan** as die enkele organisasie wat **'mobilisasie'** sal doen en **verbied regse organisasies** feitlik om hom te **kritiseer**, maar sal hulle darem **'raadpleeg'**.* [Dié "strydvriendelike regse groepe" was in werklikheid diegene met wie genl. Tienie Groenewald, volgens eie erkenning (vergelyk 2 Mei 1993), reeds besig is om **agter die skerms** 'samesprekings' te voer (*"lobbying behind the scenes"*), met die oog op die stigting van die Afrikaner Volksfront in April/Mei 1993.]

➢ *Dié afleiding word feitlik oorgeaksentueer:*

- ❖ *'Mede volksgenote moet **die KP** nie nou **ondermyn en beswadder** nie.'*

➢ *Die woordgebruik is interessant. Dit wil te kenne gee dat enigeen aan die regterkant wat **nie aan die KP se voorskrifte voldoen nie**, dié party **'ondermyn en beswadder'.***

➢ ***Mnr. Jaap Marais**, leier van die HNP, het aan Die Afrikaner gesê:*

- ❖ *'Die KP **antagoniseer** met hierdie houding van **selfoorskatting** ander groepe en prikkel hulle feitlik tot **bedenkings** teen die **KP se motivering** vir die mobilisasieplan.*
- ❖ *Dit is 'n **baie groot vraag** waarom die KP **nie vooraf oorleg** met ander partye en groepe aan die regterkant gepleeg het nie, as dit sy doel was om 'n **volksmonstering** te bewerkstellig.*
- ❖ *Die feit dat dit nie gedoen is nie, laat die onuitwisbare indruk van **'n plan wat bedink is** met bloot **party-politieke motiewe**, naamlik om die KP te probeer ophef uit 'n terneergedruktheid en innerlike gespletenheid.*
- ❖ *Die **herhaalde eensydige optrede van die KP-leiding** het die Blanke nasie van Suid-Afrika al baie duur te staan gekom.*
- ❖ *Sy **weiering** bv. in 1989 om **saam te werk in die algemene verkiesing** het aan die Nasionale Party **minstens 13** (miskien selfs 20) **setels besorg** wat na regs **verower moes gewees** het.*
- ❖ *In die **referendum** van 1992 het die KP **talle openbare vergaderings eensydig gereël** en nie die HNP en die AWB daarby betrek nie.*
- ❖ *Daar was dus **geen sinvolle regse front** teen die NP-DP-ANC nie.*
- ❖ *In die **Florida-tussenverkiesing*** [vergelyk Augustus 1992] *het die KP-leiding **botweg geweier** om die HNP-kandidaat te steun.*
- ❖ *Daardeur het hy die **geleentheid verspeel** om op 'n **kritieke tydstip** by te dra tot 'n **historiese nederlaag** van die NP.*
- ❖ ***Sonder die KP se steun** het die HNP nogtans **23%** van die stemme gekry - net soveel as die KP in 1987.* [Terwyl die **KP-kiesers** basies aangesê is om **nie** vir die HNP-kandidaat te stem nie!]

- *As die NP daar verslaan sou gewees het, sou dit in die **hele politieke gang** ingegryp het, met **dramatiese gevolge**.*
- *In die **eerste stap** wat die KP doen ná die **interne twis met die Beyers-groep*** [vergelyk September 1992] *speel hy weer eens 'n **verdelende rol** deur **eensydig** 'n 'mobilisasieplan' te loods en met **volslae gebrek aan realisme** ander regse groepe **feitlik aan te sê om agter hom in te val**.*
- *Daar is 'n **diep begeerte tot samewerking en konsolidasie** aan die regterkant* [vergelyk 13 September 1991, Oktober 1991, Januarie 1993 en 30 Maart 1993] *en dit is 'n **nasionale tragedie** dat die **KP-leiding** selfs* [juis] *in hierdie **kritieke stadium** volkome **onverskillig** is teen die **eise** van die tyd.'"*

*Die Afrikaner*, 2 Desember 1992, bl.5

**58. Januarie 1993** (vergelyk Oktober 1991, 30 Maart 1993)
**Mnr. Marais**, HNP-leier, **versoek dr. Treurnicht** om die **leiding te neem** in 'n verenigde ***"Blanke Volksfront"*** ten einde **De Klerk se verraad** te stuit!

- **Dr. Treurnicht** wys die versoek kil van die hand.
- In ***Die Afrikaner*** (13 Januarie, 1993) het die volgende berig verskyn:
  - *"Onder die besef dat die Afrikanervolk se **voortbestaan ernstig bedreig** word, sal verskille in beleid, oogmerke en metodes tussen Blanke partye **ondergeskik gestel moet word** aan die **noodsaak van doeltreffende optrede**.*
  - *Daarmee sal **vroegtydig** begin moet word, omdat 1993 waarskynlik 'n **krisisjaar** in Suid-Afrika sal wees.*
  - *Hierdie **pleidooi tot 'n Blanke volksfront** kom van die leier van die HNP, **mnr. Jaap Marais.***
  - *In sy nuwejaarsboodskap sê mnr. Marais dat aan die **politieke regterkant** sal in 1993 die **oproep** al meer onweerstaanbaar word dat daar 'n **Blanke volksfront** gevorm moet word, met die **enkele uitgangspunt** dat die regering **gestuit moet word** op sy weg na die **uitverkoping van die Blankes** aan 'n Kommunisties-beheerde Swart regering.*
  - *Mnr. Marais het sy oproep op die **vorming van 'n volksfront** gebaseer op die prys van die **NP se hervorming** wat steeds hoër styg in die vorm van **geweld**, **moorde**, **rowery**, **werkloosheid**, **bankrotskappe**, **korrupsie**, **diefstal** en **bedrog**...*
  - *Die NP se belofte van **vrede**, **voorspoed** en **veiligheid** het in 1992 'n algemene **bespotting** geword.*
  - *Om dié rede het die regering ná die Florida-tussenverkiesing in Augustus 1992 die **demokratiese reg van die kiesers** onder die voet getrap deur **parlementêre tussenverkiesings** af te skaf.*

- *Dít is 'n duidelike erkenning dat hy **teen die wil en belange van die kiesers** regeer, en daarom nie sy **steun by die stembus durf laat toets nie**, net soos 'n junta wat die mag gegryp het en eiesinnig regeer.*
- *Die regering moet weet dat waar hy in 1992 hierdie kanaal van demokratiese optrede teen sy **wanbestuur** en **politieke verraad** gesluit het, hy **groeiende frustrasie** en **wrewel** skep, wat op ander maniere tot uiting moet kom.*
- *Mnr. Marais sê in sy nuwejaarsboodskap voorts dat die NP se beleid van **nasiebou** in een **onverdeelde Suid-Afrika** ook kennelik **misluk** het…*
- *Mnr. Marais wys daarop dat die moontlikheid van 'n **Algemene Blanke verkiesing** vroeg in die jaar nie uitgesluit moet word nie…*
- *Die **besef begin al hoe meer posvat** dat die NP nie meer 'n **mandaat** het nie…*
- *Met hierdie faktore in gedagte, is 'n **regse volksfront** van die **uiterste noodsaak**.*
- *Daarom het die HNP **reeds met aksies begin** om 'n Blanke volksfront **tot stand te bring.**"*

*Die Afrikaner*, 13 Januarie 1993, bl.1,11
*Die IDASA-komplot*, p.84 / p.68,131,132

**59. 30 Maart 1993** (vergelyk Oktober 1991)
Die **HNP** loods 'n **landwye petisie** wat vra dat 'n **verenigde *Blanke Volksfront*** uit regse geledere gevorm en 'n **Blanke Algemene Verkiesing ge-eis** moet word, aangesien **De Klerk géén mandaat** vir sy "hervormings" het nie.

- Die petisie word deur **derduisende onderteken**.
- *Die Afrikaner* (2 Maart 1993, bl.11) berig reeds:
  - *"…Dit blyk dat daar in kiesafdelings waar die regse stem sterk is, **oorweldigende steun** vir só 'n volksfront bestaan, en dat 'n volksfront 'n **politieke momentum** kan skep wat baie mense wat in die **verlede vir die NP gestem het**, kan laat **saamwerk** teen De Klerk.*
  - *Wil De Klerk geen Blanke verkiesing hou nie, het mnr. Marais gesê, sal die volk hom met oorweldigende druk **daartoe dwing**…"*
- **Aktiewe ondersteuning** is ook ontvang van die ***Regse Leierskomitee (RLK)*** onder voorsitterskap van **mnr. Danie Varkevisser.**

*Die IDASA-komplot*, p.84,85 / p.33,68,69,97,131,132

**60. April 1993**
**Dr. Ferdi Hartzenberg** word **KP-leier** na die **skielike afsterwe** van **dr. Treurnicht** in Maart.
*Die IDASA-komplot*, p.73 / p.60,137

**61. 20 April 1993**
**TLU-gebou Silverton Pretoria**

- ✧ Leiers van **regse organisasies vergader** om 'n **"Volksfront"** te vorm.
- ✧ Die **TLU**, **KP**, **VEKOM** en **TG** is die vernaamste partye/organisasies teenwoordig.
- ✧ Van die KP-parlementslede was **Ferdi Hartzenberg**, **Dries Bruwer** en **Tom Langley** teenwoordig.
- ✧ Op 'n foto van dié vergadering in *Die Afrikaner* (1-7 November, 1996) verskyn **Dries Bruwer, Constand Viljoen, Jaap Marais, Ferdi Hartzenberg, Carel Boshoff, Koos Vermeulen en Tienie Groenewald.**
- ✧ Die **HNP** en **Regse Leierskomitee (RLK)** is berekend buite die beplanning en organisasie gelaat.
- ✧ Die **HNP** is slegs **24 uur voor die vergadering in kennis gestel**, maar woon nogtans die vergadering by. (p.84 / p.68)
- ✧ Daar is ook voormalige **Weermag-** en **Polisie-offisiere** teenwoordig.
- ✧ **Dr. WL Grant**, voorsitter van VEKOM, het die verrigtinge begin en die leiding oorhandig aan **genl. Koos Bischoff** wat aan die hoof van die **KP se "Mobilisasie"** was. (vergelyk 2 Desember 1992)
- ✧ Op sy beurt het Bischoff drie hoë polisie-offisiere - **genl. De la Rosa, brig. Abrie** en **genl. Malan** (wat deur Dries Bruwer na die byeenkoms genooi is) - agtereenvolgens aan die woord gestel.
- ✧ **Brig. Abrie** het opgemerk:

  ***"As jy met die ANC praat kom jy agter dat hulle nie duiwels is nie."***
- ✧ **Dries Bruwer** verklaar:

  ***"In die huidige krisis behoort 'die generaals' die leiding te neem."***
- ✧ Dries Bruwer stel **genl. Constand Viljoen** aan die vergadering as **"leier"** voor.
- ✧ Die **HNP** dring vurig aan: ***"Stop de Klerk deur die afdwing van Blanke verkiesings!"***, maar hul argumente word afgeskiet.
- ✧ **Mnr. Marais** skryf later van die vergadering:
  - ❖ *"Daar was 'n **opvallende bekooktheid** by dié verrigtinge, waarby almal behalwe die HNP kennelik op een of ander wyse betrokke was."* (p.87 / p.70)
- ✧ *Die Afrikaner*, (5-11 April 1996) berig:
  - ➢ *"Die eerste vergadering om die AVF te stig, is gehou in die gebou van die Transvaalse Landbou-unie (TLU) waarvan Dries Bruwer die president is.*
  - ➢ *En **Dries Bruwer** is die man **wat Constand Viljoen op dié vergadering voorgestoot het** om die leiding van die Afrikanervolk te neem in die krisis waarin hy verkeer het…*
  - ➢ *Wat was **Dries Bruwer se bydrae** om die Kommunistiese oorname te laat vlot, aangesien hy die **sleutelrol** gespeel het by die aanvang?*
  - ➢ ***Dis tog klinkklaar dat van die AVF en Constand se leiding niks sou gekom het as Dries Bruwer nie deur die TLU*** [*wat hom volkome vertrou het*] ***die bal aan die rol gesit het nie."***

- ✧ Bruwer was later **woedend** omdat **mnr. Marais hom en die HNP** nié by die "bekookte" aksie laat betrek het nie.

*Die Afrikaner*, 5-11 April 1996, bl.11

*Die Afrikaner*, 1-7 November 1996, bl.1

*Behind the military ranks in the Afrikaner Volksfront*, p.2,3,17,22

*Die IDASA-komplot*, p.6,8,30,32,84,85,**87,88,93**,105 / p.7,8,11,25,31,66,**68**,**70**,**71**,83, 74,121,131,132,137,166

**62. 2 Mei 1993**

***Sunday Times*** voer 'n onderhoud met **genl. Tienie Groenewald** in verband met die vergadering van 20 April, as **eerste loodsingsvergadering tot stigting van die AVF**.

- ✧ Volgens Tienie Groenewald was dié vergadering ***"the culmination of months of lobbying behind the scenes"***.
- ✧ Met dié maandelange *"lobbying behind the scenes"* erken genl. Groenewald dat hy **agter die skerms gekonkel het**, klaarblyklik om sekere "uitgesoekte" Afrikaners **"leiers"** te laat **inkoop** in die **misleiding tot 'n volkstaat deur onderhandelinge** met die ANC-SAKP.
- ✧ Verder verklaar hy: *"The **generals were asked by the Conservative Party politicians** to forge an alliance between the squabbling rightwing splinter groups to **oppose a future ANC government.**"*
- ✧ *"Future ANC government"* veronderstel onteenseglik dat genl. Groenewald se doel **nié is om De Klerk te stuit nie!**

*Behind the military ranks in the Afrikaner Volksfront*, p.17,19

*Die IDASA-komplot*, p.8,80,93 / p.68,75,121

**63. 7 Mei 1993**

**'n Groot "Boere-vergadering" word gehou op Potchefstroom** as tweede bekendstelling

tot stigting van die ***Afrikaner Volksfront (AVF)***

- ✧ Die **hele KP-koukus** was hierdie keer teenwoordig.
- ✧ So-ook toonaangewende **Volkseenheidskomitee** (VEKOM)-**lede**, die **"generaals"**, die **Afrikaner Weerstandsbeweging** (AWB), die **Mynwerkersunie** (MWU), die **Staalwerkersunie**, die **Afrikaner Kultuurbond** (AKB), die **Afrikaner Vryheidstigting** (AVSTIG), ens.
- ✧ **Dr. Piet Gous** (President van Vrystaat Landbou-unie) verklaar:
  *"Nog een boer vermoor en daar sal vergelding wees."*
- ✧ **Dries Bruwer** hou (weer) **genl. Constand Viljoen** as ***"Boere-leier"*** voor.
- ✧ Die **HNP dring bykans vir 4 ure aan op die afdwing van 'n Blanke verkiesing!** Dog, die pleidooi **val op dowe ore**. (p.9,85,102,103 / p.8,69,121)
- ✧ **4 Generaals** bekend as ***"Direktoraat vir nasionale mobilisasie"*** word **aan die stuur van sake gestel**.

- ✧ Hulle laat duidelik blyk dat hulle **die volk gaan oproep** *"**om gereed te maak vir oorlog**".*
- ✧ **Politieke partye** en verskeie **regse organisasies** is nou in **dié "Volksfront"** opgeneem en dus prakties ge-elimineer.
- ✧ Slegs die HNP staan eenkant.
- ✧ Die ***"Generaals"*** word **onverkose politieke- én militêre "leiers"** van die Afrikanervolk.
- ✧ In *Die Afrikaner*, (1-7 November 1996) skryf mnr. Marais van dié vergadering:
  - ➢ *"Om die HNP ook by dié verraad te betrek, is die stigting van die Afrikaner Volksfront aangelê, met **TG*** [Toekomsgesprek] ***in die sleutelrol**.*
  - ➢ ***Al die regse organisasies het blykbaar lede in TG. En die veronderstelling is dat hulle almal gekondisioneer was om nie Blanke verkiesings te eis nie**.* [*So het Toekomsgesprek, net soos sy eweknie – die Broederbond 'n ondermynende politieke rol deur bedenklike geheime beplanning van beleid en strategie gespeel - wat eindelik die Afrikanersaak ondermyn het*]
  - ➢ *Dit is waarom die **hele KP-kongres**, prof. **Carel Boshoff** van AVSTIG, ds**. Mossie van den Berg** van die AKB, die **AWB**-manne, die **Boerekrisisaksie**-manne, die **Pretoria Boerekommando**-manne en les bes dr. **Wally Grant** en genl. Tienie Groenewald van VEKOM **in alle tale geswyg het toe ek en die HNP-manne ure lank gestry het om die vergadering te oorreed dat De Klerk gestuit moes word deur Blanke verkiesings te eis.**"*
- ✧ Later sou **mnr. Marais** van **hierdie vergadering** teenoor genl. Viljoen **verklaar**: (*Die Afrikaner*, 20-26 Junie, 1997)
  - ➢ *"U sal weet dat ek op die vergadering van 7 Mei **ure lank** met u gestry het oor twee sake.*
  - ➢ *Een was u weiering om as **gemeenskaplike basis** die oproep te bespreek: **stuit De Klerk**, **eis 'n Blanke verkiesing**, omdat De Klerk nie 'n mandaat gehad het vir die dinge wat hy gedoen het nie.*
  - ➢ *Dat u dit nie eens wou bespreek nie, het my oortuig dat **u politieke toetrede** aan die regterkant **nie ter goedertrou was nie**, en dat u meer afgestem was op De Klerk se politieke behoeftes as op dié van sy Afrikaneropponente.*
  - ➢ *Daaruit volg logies dat **u benadering tot voordeel van De Klerk** se politiek was.*
  - ➢ *U **latere optrede** het dit bevestig."*

*Die Afrikaner*, 1-7 November 1996, bl.7

*Behind the military ranks in the Afrikaner Volksfront*, p.4,22

*Die IDASA-komplot*, p.9,30,32,42,85,93,102,103,116 / p.8,25,34,69,81,91,121,**132**, 166

**64. 12 Mei 1993**

**Genl. Constand Viljoen reageer op 'n brief van mnr. Marais** waarop mnr. Marais nogeens die HNP se aandrang op die ***afdwing van Blanke verkiesings*** beklemtoon.

- ✧ Genl. Viljoen verklaar dat hy *"eenvoudig verskil van die HNP se aandrang dat De Klerk gestop moet word deur Blanke verkiesings".*
- ✧ In Viljoen se eie woorde:
  - ➢ ***"Die oproep 'Stop De Klerk' sou ons graag wou deel, maar dit sou impliseer dat die hele politieke spektrum bereik sal moet word."***
- ✧ Dit was dus hier **reeds duidelik** dat **genl. Viljoen en die nuwe "volksfront"** wat op die been gebring word **nié van plan was om die stryd langs die konstitusionele weg** te stry nie!
- ✧ Dít, terwyl die konstitusionele weg nog **wawyd oop** was…

*Behind the military ranks in the Afrikaner Volksfront*, p.18

**65. 19 Mei 1993**

Plek onbekend (bes moontlik die **kantoor van Harry Oppenheimer** - vgl. / p.195)

***AMPTELIKE STIGTING VAN DIE "AFRIKANER VOLKSFRONT" (AVF)***

- ✧ **Dr. Ferdi Hartzenberg word as "leier"** (dit wil sê **"medeleier"** saam met genl. Constand Viljoen) **aangewys**.
- ✧ Die **HNP-Volksfront inisiatief** is hiermee finaal gekaap.
- ✧ Die **"Groenewald-Viljoen-Hartzenberg-Volksfront"** is volledig **in die hande van IDASA**.
- ✧ Die ***"stigtingsakte"*** het die **AVF** verbind tot **afstanddoening van die hele Suid-Afrika**, op "voorwaarde" dat **'n Volkstaat gevra sou word** by die **vredesonderhandelings** met die ANC-SAKP! ( / p.132)
- ✧ Die **uitgesproke openbare standpunt** is dat daar **nié** met die ANC-SAKP onderhandel sal word nie.
- ✧ Die **geheime doelstelling** van die **AVF-leiers** is egter om De Klerk **nié te stuit nie**, maar **onderhandelde "vrede" met die ANC-SAKP** te sluit en **soveel moontlik Afrikaners aan die "demokratiese verkiesing" te laat deelneem.**
- ✧ **Mnr. Marais** skryf reeds op 15 Maart 1994 van die **stigting van die AVF:**
  - ➢ *"They wanted an **umbrella organisation in overall control of the rightwing** in order to impose their agenda on the right, which was **not to obstruct De Klerk**, but to get a **negotiated peace with the ANC-SAKP**…*
  - ➢ *They only wanted to get involved in issues about constitution-writing, which meant that they were **only interested in joining the Government and the ANC-SACP at the negotiation table**."*

    (*Behind the military ranks in the Afrikaner Volksfront*, p.18)
- ✧ ***Die HNP was die enigste regse groepering by die vergadering van 20 April wat hom nie by dié bedrog laat betrek het nie.***
- ✧ Maar in **April 1996** was die **Afrikaner Volksfront** se bestaan **iets van die verlede** en berig ***Die Afrikaner***:

- *"Dié front het in **Mei 1993** tot stand gekom.*
- *Die dae van sy jare was dus skaars **driemaal 365**.*
- *Dié **kortstondigheid** van bestaan op die volksakker stel dit gelyk met 'n **een-seisoen-onkruid.***
- *Dit kon ook nie anders nie, want die AVF is **ontvang en gebore in bedrog.***
- *Sy **hoofdoel** was om volgens die **kommunistiese agenda** die Afrikaners se **verraad** af te wentel na **vredesonderhandelings met die Kommuniste**, en sodoende gewelddadige **verset voor die April 1994-verkiesing uit te skakel.***
- *Aan dié doel het dié front volkome beantwoord…*
- *Die Afrikaners het nie 'n sweem van 'n greintjie voordeel uit dié front gekry nie.*
- *Hulle het net **valse hoop**, **verydelde verwagtinge** en **politieke vernedering** uit dié front gekry.*
- *Die **Kommuniste**, daarenteen, het **alles gekry** wat hulle nodig gehad het - Afrikaners wat **in goedertrou** hulle skaar onder **leiers** wat **verskuilde agendas** het en wat in plaas van Afrikaners **op te vorder tot verset**, hulle onder **valse voorwendsels na politieke slagpale lei**…"*

✧ Net soos die **Konserwatiewe Party** (KP) het die **Afrikaner Volksfront** van die toneel verdwyn **sodra sy doel bereik was** – albei organisasies was **gereedskapstukke** in die hand van Nasionale Intelligensie wat moes help verseker dat die verraad van die Nasionale Party – om die politieke mag van die Blankes te vernietig – **tot volle uitvoering** gebring kon word.

✧ Toe dit afgedaan was het albei magtige organisasies **soos mis voor die son** verdwyn…

*Die Afrikaner*, 5-11 April 1996, bl.11
*Behind the military ranks in the Afrikaner Volksfront*, p.5,18,22,23,24,25
*Die IDASA-komplot*, p.30,32,36,73,93,106 / p.7,25,26,53,54,74,91,132,**195**

**66. Kort na die stigting van die AVF**

**Genl. Viljoen** spreek 'n **Broederbond vergadering** in **Pretoria** toe en kort daarna ook een in **Nelspruit.**

✧ Dit bevestig dat genl. Viljoen **lid van die Broederbond** was

✧ en dat die Broederbond 'n **besliste belang** by die stigting van die **Afrikaner Volksfront** gehad het.

*Die IDASA-komplot*, p.103 / p.82

**67. Voor Junie 1993** (vergelyk 15 Junie 1993)

**Ivor Jenkins** rig namens **IDASA** 'n **brief aan *Graaf Otto Lambsdorff*** (Duitsland) **om finansiële steun** vir die **CDP**.

- **Van Zyl Slabbert** het vooraf (moontlik telefonies) 'n gesprek met **Lambsdorff** hieromtrent gevoer, natuurlik om 'n **goeie gesindheid** vir die saak by hom aan te wakker. (vergelyk **Bylaag 5**)

- **Lambsdorff** is voorsitter van die **linkse *Vrye Demokratiese Party*** en 'n lid van die **Duitse parlement.**
- Nog meer belangwekkend - is hy **lid** van ten minste twee berugte **internasionale knoeier-organisasies** wat wêreldwyd opereer: die ***Bilderbergers***, en die ***Trilateral Commission***, waarin hy lidmaatskap deel met onder andere: **Henry Kissinger, Bill Clinton, Alan Greenspan, Paul Volckner, David Rockefeller en baron Guy de Rothschild** (soos gelys in *Circle of Intrigue* deur Texe Marrs, 1996)
- Dat **Graaf Otto Lambsdorff** onmiddellike toegang geniet het tot **groot somme geld** is nie te betwyfel nie.

*Brief van baron Von der Ropp aan Richard Goldstone*, Duitsland, 15 Junie 1993
*DRIES BRUWER, DIE TLU EN DIE IDASA-KOMPLOT* - JA Marais 1998
*Die Afrikaner*, 1-7 Mei 1998, bl.7,12

**68. 1 Junie 1993**

**Graaf Otto Lambsdorff** verwys **IDASA** in 'n **skrywe** na die ***"Friedrich Naumann-stigting"*** (vergelyk 30 Oktober 1988) vir finansiële steun.
*DRIES BRUWER, DIE TLU EN DIE IDASA-KOMPLOT* - JA Marais - 1998
*Die Afrikaner*, 1-7 Mei 1998, bl.7,12

**69. Datum onbekend**

**DAKOM-vergadering**

*Direktoraat Aksiekomitee/ Direktoraat van Generaals / Direktoraat: Volksmobilisasie* van die AVF.

- Dit het waarskynlik bestaan uit **hoë militêre range** wat onder die **leiding en invloed van *"die Generaals"*** ingebind was.
- Deur *DAKOM* sou dus **politieke**- en veral ook **militêre leiding** aan die **AVF** gegee word.
- **"Die Generaals"** was **Constand Viljoen, Tienie Groenewald, Koos Bischoff** en **Kobus Visser**.
- Tydens 'n DAKOM-vergadering spog **genl. Tienie Groenewald** voor 'n "regse gehoor" met vele getuies dat hý die **skrywer** van FW de Klerk se **Rooi Vrydag-toespraak** was.
- *Die Afrikaner (*20-26 Junie, 1997, bl.12) berig hieroor as volg:
  - *"Genl. Groenewald het in sy **beëdigde verklaring** vermeld dat hy **nie die skrywer** van mnr. FW de Klerk se toespraak op 2 Februarie 1990 was nie.*
  - *Hierop het mnr. Marais die **name van twee persone** vermeld wat teenwoordig was by die vergadering van DAKOM waar genl. Groenewald **persoonlik gespog het met sy aandeel aan daardie toespraak** en wat kan getuig dat hy wel by daardie geleentheid daardie aanspraak gemaak het.*
  - *Hulle is **dr. Kerneels Viljoen** en **dr. Cloete**.*
  - *Dit staan ook opgeteken in Gerdus Kruger se boek, **'Denksprong in die regse beweging in Suid-Afrika'.***

- *Ten spyte daarvan dat hierdie boek reeds geruime tyd in omloop is, het genl. Groenewald nooit enige poging aangewend **om dit teen te spreek**, of van die straat af te haal nie."*

*Die Afrikaner*, 20-26 Junie 1997, bl.12

*Die IDASA-komplot*, p.8 / p.8,118,120,121

**70.** **5 Junie 1993** (vergelyk 14 Augustus 1993 in verband met *"disinformasie"*)

**VEKOM-vergadering** (Volkseenheidskomitee)

- **Mnr. Koos Reyneke** verklaar: *"VEKOM het die AVF begin."*
- **Genl. Tiene Groenewald**, as **Hoof Uitvoerende Beampte** van VEKOM, vertel grootdoenerig dat die AVF reeds **samesprekings** gevoer het met **genl. Kat Liebenberg** (Hoof van die Leër), **dr. Niel Barnard** (Hoof van NI) en **pres. FW de Klerk** waarin gesê is:

  ***"As 'n Volkstaat nie gegun word nie… daar oorlog sou wees"***.

*Die IDASA-komplot*, p.78,103 / p.64,81

**71.** **15 Junie 1993** (vergelyk "voor Junie 1993")

***Baron Von der Ropp* van Keulen**, Duitsland, **skryf 'n brief aan regter *Richard Goldstone*. (Bylaag 5)**

[*Goldstone is nog 'n uitgesproke Afrikanervyand met 'n geskiedenis van ver-linkse politieke betrokkenheid reeds sedert sy studentejare. Hy is kort na sy Rooi Vrydag - toespraak op 2 Februarie 1990 deur FW de Klerk tot Regter bevorder.*]

- **Die brief van baron Von der Ropp aan regter Richard Goldstone word hieronder volledig aangehaal.**
- Aangesien Von der Ropp en Abraham Viljoen **ou 1987-Dakar kennisse** was, het Viljoen Von der Ropp telefonies in Duitsland gekontak met 'n spesiale versoek.
- Von der Ropp deel Viljoen toe mee dat hy **regter Goldstone**, wat op besoek in Duitsland is, **later die dag sou ontmoet** en dat Goldstone **die volgende dag** 'n **afspraak met *graaf Otto Lambsdorff*** gehad het.
- Dit moes vir Abraham Viljoen en Ivor Jenkins van IDASA uitstekende nuus gewees het.
- Regter Goldstone is 'n **ver-linkse** Suid-Afrikaner wat IDASA se saak baie goedgesind is en **presies verstaan** watter uitdagings daar in die volgende maande op IDASA wag… en dat báie geld, veral as **omkoopgeld**, deur IDASA benodig word vir sy **CDP**…
- Goldstone se **afspraak** die volgende dag met die **geldmagnaat Lambsdorff** was 'n geleentheid wat Viljoen en Jenkins nie deur hul vingers kon laat glip nie…
- Reeds tevore het **Van Zyl Slabbert** met graaf Otto Lambsdorff 'n **persoonlike gesprek** gevoer waarin geblyk het dat dié linkse geldmagnaat nie onwillig sou wees om **IDASA** se projek met **'n groot som DM** te ondersteun nie.

- Na aanleiding daarvan het **Ivor Jenkins** (waarskynlik iewers in Mei 1993) 'n **goed bewoorde brief** met die vriendelike **versoek tot 'n groot som** (**waarskynlik 50000 DM**) **ter finansiering van IDASA se CDP** tot Lambsdorff gerig. (sien "voor Junie 1993")
- Toe Abraham Viljoen telefonies verneem van die **persoonlike ontmoeting** van **regter Goldstone** met **Lambsdorff die volgende dag** en boonop dat **Von der Ropp** Goldstone **later daardie dag te siene sou kry**, was sy versoek aan Von der Ropp die volgende:
    - Hy sou Von der Ropp vra om 'n gefaksde **kopie van die brief** van Jenkins aan Lambsdorff 'n tyd gelede, **aan Goldstone te oorhandig**, sodat regter Goldstone **vooraf goed op hoogte gestel kan word** van die behoeftes van IDASA.
    - Tweedens moet Von der Ropp **Goldstone**, namens Viljoen en Jenkins **versoek** om, nadat hy homself goed op hoogte van die brief aan Lambsdorff gebring het, **in sy gesprek met graaf Otto Lambsdorff** die **kwessie van finansiële steun aan te roer** - naamlik: die allernoodsaaklike ***Conservative Dialogue Programme*** in Suid-Afrika,
    - waarin **"regse" leiers** in samesprekinge betrek word en **"oortuig" moet word om saam te werk** [*natuurlik teen groot persoonlike finansiële voordele!*]
    - met **die IDASA-agenda** van **oordrag van politieke mag na die ANC-SAKP**,
    - terwyl die **risiko vir 'n Blanke geweldadige opstand** om die oorgawe te verhoed, **geminimaliseer** moet word,
    - deur **vooraf goed beplande aksies en strategieë** [*soos die latere Bophuthatswana-fiasko*] **te loods** waarin die **regses betrek** en dan **uitoorlê** moet word…
- Op hierdie versoek van Abraham Viljoen was ***baron Von der Ropp*** so vriendelik om Viljoen en Jenkins se **versoek aan Goldstone** in 'n **eie skrywe aan Goldstone te verwoord**, en aan Abraham Viljoen **te faks** met die opmerking:

    ***"Beste Braam, beste Ivor! Hopefully you will find this letter to be o kay!***
    *Groete Klaus"* [Erdmann Klaus Baron von der Ropp]
- **Dié brief van Von der Ropp aan regter Richard Goldstone lui soos volg:** (**Bylaag 5**)
    - *"Dear Justice Dr. Richard Goldstone.*
    - *This morning, I spoke to* ***Professor Abraham Viljoen*** *- I told you we are* ***both Dakar broers.*** *Braam was with IDASA and is now with the Northern Transvaal Peace Secretariate.*
    - *Speaking to Braam* ***I mentioned that I would see you this afternoon*** *and that* ***you will be with the Lambsdorffs some time tomorrow****.*

- *Against this background:* ***Last week there was a chairpersons' conference of the National Peace Accord****.*
- *The* ***main subject*** *was the, to quote Braam,* ***"probability of right-wing violence*** *(preceding the installation of the TEC) and the* ***absolute need to start proactive work"****.*
- Braam - you will know about it - had a **special programme**, *partially* ***financed by the Danish****, the* ***Canadian*** *and now the* ***British embassies*** *in South-Africa,* ***to make the ANC and the KP and even the AWB meet.*** *Braam was* ***quite successful!*** *But he* ***ran out of money.***
- *After* ***Slabbert*** *had spoken to* ***Lambsdorff on this issue****, Ivor Jenkins/IDASA/Pretoria* ***wrote a letter to Lambsdorff*** *kindly asking him for* ***funding IDASA's conservative dialogue programme****.*
- ***Braam and Ivor*** *asked me* ***to give you the enclosed copy*** *of Ivor's* ***letter to Lambsdorff.*** *Maybe you will* ***find the time to read it before meeting him****. And* ***maybe you could do Braam, Ivor and me the great favour*** *to support this programme* ***in your discussions with Lambsdorff.*** *We need these* ***50.000 DM*** *so* ***very much*** *to at* ***least limit the damage*** *and thus* ***avoid the worst****.*
- *Sincere thanks and my very best wishes for your stay in re-united Germany.*

*Yours sincerely,* Geteken: "*Baron Von der Ropp"*

- Uit dié brief sien ons dat die **welbekende regter Gladstone**, **tydens sy besoek aan Duitsland** met *baron Von der Ropp* as tussenganger, **deur Ivor Jenkins en Abraham Viljoen van IDASA versoek word** om met 'n afskrif van die reeds versende brief van Jenkins aan die **groot Duitse geldmagnaat en opperste skelm** ***Graaf Otto Lambsdorff*** ter insae, 'n **goeie woord ter befondsing van IDASA se** ***Conservative Dialogue Programme*** te doen. Dít spreek boekdele!
- Verder kom in die brief na vore dat, **nie alleen**, kragtens **dokumentêre getuienis**, die **Kanadese** en **Hollandse** regerings IDASA geldelik ondersteun het nie, maar inderdaad het óók die **Deense-** en **Britse regerings** aan IDASA se aansoeke om **finansiële hulp** voldoen.
- Dit bring 'n mens tot die besef dat by IDASA se **Conservative Dialogue Program baie geld** betrokke was. **"Regse" leiers** moes waarskynlik met **omkoopgeld "oortuig" word** om hul samewerking met die **komplot teen die Afrikanervolk** te gee.
- Daarby kom die **duiselingwekkende** gedagte dat in **Junie 1993 in Duitsland** "*a chairpersons' conference of the* ***National Peace Accord"*** gehou is, met as **hooftema** die ***"probability of right wing violence*** *(preceding the installation of the TEC) and the* ***absolute need*** *to start* ***proactive work".***

- ***Nogeens bemerk 'n mens hoe ver en diep dié sameswering rondom die uitverkoop van die Afrikanervolk se vaderland aan 'n Kommunistiese bende was, sodat die geldmag hulle hande op die rykdomme van Suid-Afrika kon lê.***
- Ten slotte is dit uiters **onrusbarend** om daaraan te dink dat ten minste een van **ons land se hoogste "regters"**, wat veronderstel is om in die regspraak wat hul lewer eerlik, eerbaar en onpartydig te wees, **heul** met nie alleen die ver-linkses van IDASA nie, maar selfs met **een van die mees berugte figure wêreldwyd** in die persoon van ***graaf Otto Lambsdorff*!**

*Brief van baron Von der Ropp aan Richard Goldstone*, Duitsland, 15 Junie 1993
*DRIES BRUWER, DIE TLU EN DIE IDASA-KOMPLOT* - JA Marais 1998
*Die Afrikaner*, 1-7 Mei 1998, bl.7,12

**72. Datum onbekend**

**Dr. Ferdi Hartzenberg** word aangewys as ***"Burgerlike leier"*** van die **BKA.**
**Genl. Constand Viljoen** word aangewys as ***"Militêre leier"*** van die **BKA.**

- Dit kon nét geskied deur **bemiddeling** van die "Landbou-leiers", **Bruwer en Gous!**

*Die IDASA-komplot*, p.31,81,107,112 / p.9,66,85,166

**73. Datum onbekend**

Die, deur FW de Klerk skielik bevorderde **regter Richard Goldstone**, bars deur sy Kommissie-apparaat by die **Militêre Intelligensiediens (MI)** se **binnelandse senusentrum** in.

- Hy werp dié afdeling feitlik omver.
- **23 van die betrokke offisiere** word sonder verhoor uit hul poste onthef.
- **Genl. Tienie Groenewald**, oud kollega van dié groep MI-manne, het waarskynlik ook hierin 'n hand gehad.
- Sonder twyfel was die **De Klerk-Goldstone-motief** die **verwydering** van **"ongewenstes"** uit **MI**.

*Die IDASA-komplot*, p.82,83 /p.67

**74. 25 Junie 1993** (vergelyk *"Boerekrisisaksie"* Einde Januarie 1991 en *"Besetting van Fort Schanskop"* Desember 1993)

**World Trade Centre demonstrasie**

- Op **inisiatief** van die **AWB** word deur die **hekke gebars** en die **vergadersaal** van die **Kodesa-onderhandelinge** beset.
- **Genl. Constand Viljoen** doen sy bes om die massa met 'n **handluidspreker** te beheer en te laat omdraai…
- So is ook dié demonstrasie **deur Genl. Viljoen** en sekere **KP-verteenwoordigers**, tot groot verligting van die De Klerk-regering, **beëindig**. Nogeens 'n groot diens aan die NP!
- Genl. Constand Viljoen en sy handlangers was klaarblyklik sogenaamd "deel" van die bestorming van die World Trade Centre (wat toe veel beter verloop het as wat te wagte was), maar slegs **om te verhoed** dat dié aksie te ver gevoer en De

Klerk, Mandela en ander “onderhandelaars” wat in die gebou was, deur die regses bereik kon word.

✧ Ons bemerk in hierdie gebeure waarskynlik ‘n “regse aksie” wat deur die geheime beplanning van die staatsveiligheidsraad en die geheime dienste in samewerking met “agente” in die AWB beplan en deurgevoer is, maar wat toe aansienlik beter verloop het as wat voorsien is en toe inderhaas deur genl. Constand Viljoen en ander “beredder” moes word.

*Die IDASA-komplot*, p.106,107,116 / p.84,91

**75. 18 Julie 1993**

***Rapport*** (deur **ZB du Toit**) berig:

*“**Toekomsgesprek**, allerweë bekend as TG, is die **KP se “Broederbond”** en speel ‘n invloedryke rol **agter die skerms**.*

*In ‘n **ongedateerde dokument** van **TG** wat **in Rapport se besit** gekom het, word ‘n aantal belangwekkende **stellings** gemaak, onder meer:*

- ***‘n Blanke verkiesing sal nie meer plaasvind nie.***
- *Die kanse vir **grondwetlike onderhandelinge** om voort te gaan tot by die punt van ‘n **een mens, een stem-verkiesing** is **redelik goed.***
- *Daar moet wegbeweeg word van terme soos **apartheid**, **afsonderlike ontwikkeling** en **rassisme** en die klem moet verskuif word tot **selfbeskikking** vanweë **etniese verskeidenheid**.*
- *Die begrip **“blanke nasie”** is onaanvaarbaar.*
- ***Die ou gevestigde argument dat die hele Suid-Afrika die Afrikaner se grondgebied is, is nêrens meer aanvaarbaar of verkoopbaar nie.***
- *Die **kanse vir blanke verset** met die doel om ‘n magsoorname te bewerkstellig is **uiters gering**, gesien die geloofsagtergrond van die ‘Afrikaner-Boer’ asook ander faktore.*
- *Die **begrensing van ‘n Afrikanerstaat*** [Volkstaat] *is **noodsaaklik** aangesien daar nie beding kan word sonder om ‘n **gebied vooraf te identifiseer** wat as **ononderhandelbaar** beskou word nie.*
- *In die prosesse van onderhandeling kan ‘n **kleiner gebied** moontlik beding word, **selfs kleiner as wat beplan is** as ‘n **minimum-vereiste**, maar daar kan ook van die standpunt uitgegaan word dat ‘n **bepaalde gebied** beter is as **geen gebied** nie.”*

✧ *Dit is duidelik dat die **Blanke kiesers** deur die stuk, wat deur **Toekomsgesprek** versprei is, **gekondisioneer** word om bogenoemde as komende van hul **“regse leiers”, te aanvaar** en vrede te maak dat ‘n **volkstaatjie** iewers in SA gevra moes word.*

✧ In verband met dié berig in *Rapport* skryf **mnr. Marais** aan **adv. Jurg Prinsloo** op 28 Oktober 1996: (*Die Afrikaner*, 1-7 Nov. 1996, bl.7)

- *"Hierdie standpunt was die verraaiers se **rasionalisasie van die hoogverraad**. Dit was die verskoning vir die uitlewering van die Afrikanervolk aan sy vyande. Die sleutel tot dié uitlewering lê opgesluit in die woorde:*

  ***' 'n Blanke verkiesing sal nie meer plaasvind nie.'***
- *Soos dit daar staan, is dit presies hoe die De Klerk-regering dit sou stel, want alleen die De Klerk-regering kon gesê het 'n blanke verkiesing "sal" nie meer plaasvind nie.*
- *So, **TG was die NP-AB-NG-alliansie se mondstuk in die KP**. Deur **TG** is die De-Klerk-regering se verraderlike knoeiwerk as 'n **"regse standpunt"** ingesmokkel…*
- *Om die **verraad te rasionaliseer**, is in die betrokke TG-dokument **''n Afrikanerstaat'** bepleit… En vir die bereiking (daarvan) was daar geen wil, geen middels, geen praktiese plan en geen strategie nie…*
- ***'Die kanse vir verset'** sê die TG-dokument **'is uiters gering'**. Dít was die opdrag vanuit die **gemeenskaplike knoeikamers van die Broederbond en Toekomsgesprek**: die Afrikanervolk het sy land en sy vryheid verloor; dit help nie meer om 'n **politieke of militêre stryd** te voer nie."*

✧ Die **vroeë kondisionering** van die **regse gemeenskap** dat die stryd eintlik **reeds verlore** is en politieke- of militêre teenstand **nie meer sal baat nie** kom in dié TG-dokument **duidelik na vore**, veral indien in ag geneem word dat dit reeds **in die maande vóórdat** dit klaarblyklik met opset deur ZB de Toit aan *Rapport* "beskikbaar gestel" (18 Julie 1993) is, **in regse kringe in omloop** was.

✧ Daarby is dit veelseggend dat **dié wesensbelangrike uitspraak** dat *"geen blanke verkiesing meer gehou sal word nie"*, nie deur die De Klerk-regering nie, maar deur die **sogenaamde "regse TG"** gemaak word.

✧ Dit is duidelik dat Toekomsgesprek die **NP-beleid oor wesenlike strydvrae** verkondig het en met stelligheid, **asof namens die De Klerk-regering**, verklaar dat ***"Blanke verkiesings nie meer gehou sal word nie"***.

*Die Afrikaner*, 1-7 November 1996, bl.7
*Die IDASA-komplot*, p.9,103 / p.9,81,82

**76.** **19 Julie 1993** (vergelyk 25 April en 6 Mei 1997) (**Bylaag 10**)

Dokumentnommer: **93G1092MG**
Sekerheidsklassifikasie: **GEHEIM**
Afsender: **GMG** [Tienie Groenewald]
Ontvanger ter inligting: KILIAN, GESLOTE
Onderwerp: **GESPREK MET GENL. VILJOEN - EENHEID**
Berignommer: **93G1092MG**
Belangrikheid: DRINGEND
Naam van Beampte/Dept: AMBASSADEUR

Slegs vir/Departement: **EVANS**

"EK HET VANDAG REELINGS GEFINALISEER SODAT GESPREK GEVOER KAN WORD TUSSEN GENL. C VILJOEN EN DIE STAATSPRESIDENT. HY HET GUNSTIG GEREAGEER EN HET ONDERNEEM OM DRIE SAKE TE HANTEER IN BELANG VAN STABILITEIT IN DIE LAND

**REGSE OPSTANDE SAL NIE PLAASVIND NIE**

**BKA NAME SAL BEKEND GEMAAK WORD**

**MOONTLIKE OPSTAND SAL GEPAARD GAAN MET VERNEDERENDE RESULTAAT**

HY HET MY VERSEKER DAT HY BEREID IS OM GESPREK TE VOER MET NELSON MANDELA SODRA DIE VERKIESINGSDATUM BEKEND GEWORD HET. EK GLO HY IS EERLIK IN SY BEDOELINGS OM VERHOUDINGE TE VERBETER.

ENIGE NUWE INLIGTING SAL DEURGEVOER WORD

VERWYS OOK NA WASHINGTON SE BERIG NOMMER 93G1062 VAN 19930518

DIE OORSIG LYK BELOWEND.

DATUMTYDGROEP

19930719/17H05

- **Bogenoemde is afkomstig uit 'n teleks** (**Bylaag 10**), wat vir vernietiging bestem was, van die **Departement Buitelandse Sake.**
- Die teleks, gedateer **19 Julie 1993**, is volledig in ***Die Afrikaner*** **van 25 April 1997** gepubliseer, kort nadat dit in die HNP se besit gekom het.
- Hoewel **geklassifiseer as "geheim"**, is dit dus reeds **publieke kennis**.
- 'n **Regsgeding** hieroor het in 1997 tussen genls. Viljoen en Groenewald en mnr. Marais en dr. Basson (Redakteur van *Die Afrikaner*) gevolg. (**sien 25 April 1997**)
- **Die volgende ter sake feitlike gegewens en afleidings in verband met die teleks moet gestel word:**
  - Die dokument het 'n **Nasionale Intelligensiediens (NI)** - verwysing.
  - **Adv. Piet Pretorius** skryf in sy boek ***Volksverraad*** (wat hy in Maart/April 1996 gepubliseer het) op **bl. 316**:
    - *"**Tienie Groenewald** gebruik Afdeling Inligting se koverte insamelingsvermoë ook vir die CIA en die Nasionale Intelligensiediens.*
    - ***Tienie Groenewald** word in 1993 agent (agentverwysing **93G1092MG**) van die **Nasionale Intelligensiediens** en verskaf sedertdien **informasie betreffende regse aksies** aan die diens."*

[*Belangrik om te stel is dat adv. Pretorius "Volksverraad", waarin bogenoemde agentverwysing van genl. Tienie Groenewald onthul is, in Maart/April 1996*

*gepubliseer het. Die geheime teleks met genl. Groenewald se agentverwysing daarop het in April 1997 in die besit van die HNP gekom.*]

- ***Die dokumentnommer sowel as die berignommer op bogenoemde teleks kom ooreen met die NI agentnommer van genl. Tienie Groenewald, naamlik: 93G1092MG, soos deur adv. Pretorius in sy boek Volksverraad reeds in Maart/April 1996 onthul.***
- Die teleks is 'n skakeldokument, 'n interdepartementele stuk gemerk vir Buitelandse Sake, geklassifiseer as "GEHEIM" en aan mnr. Pik Botha, destydse Minister van Buitelandse Sake, toegewys vir "aksie".
- Mnr. Rusty Evans, wat toe Direkteur-generaal van die Departement was, is getaak om die saak te hanteer.
- Wat die afsender **"GMG"** betref (let wel dit is dieselfde letters as Groenewald se agentnommer, maar sonder die syfers), maak **adv. Piet Pretorius**, 'n kundige op die terrein, in 'n **persverklaring** (vergelyk 6 Mei 1997) die afleiding dat **vanweë die ek-styl waarin dié geheime dokument geskryf is, genl. Tienie Groenewald sélf persoonlik vir die opstel van die dokument verantwoordelik was.**
- Volgens adv. Pretorius was dié dokument 'n departementele skakeldokument van **NI aan Buitelandse Sake** wat geoormerk is as 'n kommunikasiedokument na die **buitelandse Ambassade-kantore** van die Departement Buitelandse Sake.
- Dit beteken: ***Hierdie dokument was deel van die Suid-Afrikaanse Veiligheidsgemeenskap, bestaande uit MI, NI, die Veiligheidspolisie en Buitelandse Sake se optrede om die buiteland se vrese vir 'n regse politieke oorname te besweer.***
- ***Vandaar die versekering dat daar geen regse opstande sal plaasvind nie en dat 'n moontlike opstand deur regses gepaard sal gaan met "vernederende resultaat".***
- Verder **bevestig** die dokument, volgens adv. Pretorius, die gevolgtrekking dat **genl. Groenewald, genl. Viljoen se "hanteerder" was**, soos adv. Pretorius dit in *Volksverraad* bl. 312 stel:
  - *"In die hele operasionele oefening van die Afrikaner Volksfront en die Vryheidsfront blyk dit duidelik hoe **groot Groenewald se invloed op Viljoen was en is.**"*

- **Wat die inhoudelike betref is die volgende uit die teleks vanselfsprekend:**
  - **Genl. Constand Viljoen** het reeds in **Julie 1993 onderneem** om die **name van die *Boerekrisisaksie (BKA)*** aan Pres. FW de Klerk **bekend te maak.** (Vergelyk die berig hieroor in ***Africa Confidential*** van **3 Junie 1994**)
  - Dit was maar twee maande na die stigting van die AVF en **pas nadat die BKA genl. Viljoen in hul vertroue geneem het en hom as hul *"militêre leier"***

**aangewys het**, wat genl. Viljoen teenoor FW de Klerk **onderneem** om **verraad teen die BKA te pleeg** ter wille van sogenaamde **"stabiliteit in die land".**

- Hy gee selfs aan De Klerk die **versekering** dat 'n **moontlike regse opstand** met **vernederende resultaat** gepaard sal gaan.
- Minder as 8 maande later, op **11 Maart 1994**, het genl. Viljoen die BKA **sonder wapens Bophuthatswana laat binnegaan** tot uitvoering van hierdie diaboliese plan, naamlik dat die **"resultaat" vir die boere van die BKA "vernederend"** moet wees. Die relatiewe klein lewensverlies aan BKA-kant waarmee die operasie gepaard gegaan het, was klaarblyklik nie volgens "beplanning" nie…
- Daarby **verseker** genl. Viljoen, as mede-leier van die AVF, De Klerk reeds dat **gesprekke met Nelson Mandela** gevoer sou word, direk in stryd met die AVF se amptelike uitgesproke beleid. Dié "gesprekvoering" tussen genl. Viljoen en Mandela het egter so vroeg as **12 Augustus 1993** 'n aanvang geneem, nog lank voordat die gewraakte "verkiesingsdatum" bekend gemaak is.

- In die latere **hofgeding** tussen genls. Groenewald en Viljoen en mnr. Marais en *Die Afrikaner* oor bogenoemde teleks kom **heelwat inligting** na vore wat op verskillende plekke in hierdie dokument verreken is. (vergelyk *Die Afrikaner*, 20-26 Junie, 1997)
- In 'n **beëdigde verklaring** wat voor die hof gedien het toon **mnr. Marais** baie duidelik aan dat die **inhoud van die teleks** in **volle ooreenstemming** is met die **politieke oogmerke** wat genl. Viljoen gehad het, maar waaroor hy doelbewus sy ondersteuners in die AVF **in die duister gelaat het**.
- Slegs enkele frases uit mnr. Marais se verklaring word uitgelig:
  - *"Kyk, genl. Viljoen, De Klerk het een duidelike beleid gehad:* ***onderhandeling om 'n nuwe grondwet*** *vir Suid-Afrika te kry.*
  - *En sy groot behoefte was om Afrikaners van opposisiekant by* ***onderhandelings betrokke te kry****, sodat hulle die openbare politieke stryd om hom te stuit, moes staak.*
  - *Daardeur saam moes verseker word dat daar deur regse betrokkenheid by die onderhandelings* ***nie 'n burgerlike opstand*** *teen die uitverkoping moes kom nie.*
  - *U het* ***volmaak aangepas*** *by hierdie beleid en taktiek van De Klerk."*
- Mnr. Marais verklaar verder, met verwysing na die stelling deur genl. Viljoen: "***hoe sal ek met hom (Pik Botha) van alle mense heul?"***, as volg:
  - *"Verder word vermeld* [deur Groenewald/Viljoen] *dat genl. Viljoen en mnr. Pik Botha* ***geswore politieke vyande*** *is, maar was hy en mnr. FW de Klerk na bewering ook sodanige politieke vyande, en het die gesprekke wel plaasgevind.*

- *Daarby was genl. Viljoen hoof van die Weermag wat 'n oorlog teen die African National Congress (ANC) geveg het en daarom **'n geswore vyand van die ANC-leiers** moes gewees het.*
- *Tog het hy **in die geheim** met die ANC leier vredesonderhandelings gevoer soos blyk uit paragraaf 6.17 hiervan.*
- *Dit is algemeen bekend dat genl. Viljoen met teenstanders onderhandel het en is dit ongerymd waarom hy die bewering maak: **'hoe sal ek met hom (Pik Botha) van alle mense heul?**"*
- *Dit is derhalwe 'n vraag waarom genl. Viljoen met Kommuniste en rewolusionêres **oor die Afrikanervolk se regte** in dié land onderhandel het, maar hy nie met Pik Botha sou wou praat nie."*

✧ Mnr. Marais verwys in sy verklaring na 'n brief wat hy aan genl. Viljoen geskryf het wat onder andere lui:

- *"Ek het, toe die eerste tekens van **politieke verraad** uitgeslaan het na die **sluipmoord op dr. Verwoerd**, nie net gepraat nie, maar opgestaan en geveg teen die kwaad en verraad.*
- *U het rustig dié verrotte politiek van die **Vorster-PW Botha-era** gedien en 'n **nie-wen-oorlog 'geveg'** waaroor mnr. PW Botha gesê het **'met militêre stryd word tyd gewen'**.*
- *Let wel: 'tyd gewen', en nie oorlog gewen nie.*
- *Dus, **jong lewens** is onder u bevel en PW Botha se opdrag **geoffer** 'om tyd te wen', sodat **politieke verraad agter hulle rug** gepleeg word."*

✧ Dus, in die **konteks van die politieke verraad**, wat inderdaad so ver terug strek as die **sluipmoord op dr. Verwoerd** en die **'tyd wen' van 'n twee dekade lange uitgerekte *"Bosoorlog"***, soos mnr. Marais dit in sy verklaring voor die hof na vore bring, **pas die inhoud van die geheime teleks presies in** by die werklikheid wat gedurende 1993 besig was om in Suid-Afrika af te speel.

*Die Afrikaner*, 25 April - 1 Mei 1997, bl.1
*Die Afrikaner*, 9 - 15 Mei 1997, bl.1,11
*Die Afrikaner*, 20-26 Junie 1997, bl.9

**77.** **11 Augustus 1993** (vergelyk 6 Februarie 1992)
**IDASA ontvang 'n donasie** van **R25000** van die ***"Koninkrijk der Nederlanden"*** -
*"A contribution to the Institute for a Democratic Alternative for South-Africa for the Conservative Dialogue Programme"*. (**Bylaag 4**)
*Die IDASA-komplot*, p.**27** / p.4,10,21,**22**

**78.** **12 Augustus 1993** (vergelyk 24 en 29 September 1993)
**GEHEIME SAMESPREKINGS TUSSEN ANC-SAKP EN AVF BEGIN**

✧ Plek van ontmoeting: **Mandela se huis in *Houghton*, Johannesburg.**

- ✧ Die **"generaals"** Viljoen, Groenewald en Koos Bischoff ( / p.199), ontmoet **Mandela** en **Mbeki** (Mbeki was moontlik eers by die 2de ontmoeting by) onder bemiddeling van prof. **Abraham Viljoen** en **Carl Niehaus.**
- ✧ Volgens genl. Viljoen se latere erkenning (25 Maart 2001) was **Joe Modise** (aanvoerder van MK) en **Joe Nhlanhla** (hoof van MK Intelligensie) ook teenwoordig.
- ✧ Die samesprekings vind in **uiterste geheimhouding** plaas.
- ✧ In *Tomorrow is another country* bevestig **Allister Sparks** bogenoemde ontmoeting op p.202: (*Die Afrikaner*, 20-26 Junie, 1997, bl.8)
  - ➢ *"Now as the Volksfront generals decided to make contact with the ANC, Constand Viljoen tuned to his twin to help facilitate the meetings."*
- ✧ **Ses weke later** op 24 September verskyn hieroor 'n berig in ***Christian Science Monitor,*** 'n VSA-koerant, wat deur die **HNP** na vore gebring en wêreldkundig gemaak word.
- ✧ Daarna is genl. Viljoen en Thabo Mbeki verplig om dié ontmoeting(s) in die openbaar **te bevestig**, terwyl Viljoen en Hartzenberg op 29 September 'n ***AVF-Gesamentlike Verklaring*** uitreik dat onderhandelinge ***"onmiddellik beëindig"*** sou word.
- ✧ Dit was slegs oëverblindery.
- ✧ Die geheime samesprekings is opgevolg met **verskeie verdere ontmoetings -** Volgens genl. Viljoen se erkennings (25 Maart 2001): 26 Augustus en 9 September, totdat op 21 Desember 1993 'n finale ***"Memorandum van Ooreenkoms"*** bereik is.
- ✧ 'n Veelseggende opsomming van die **AVF-onderhandelinge met die ANC-SAKP** (waarskynlik deur prof. Abraham Viljoen) is in 'n **ongedateerde verslag** in Afrikaans vervat, waarin die **name van die regse leiers** genoem word wat by die geheime onderhandelinge betrek is:
- ✧ Dié "verslag" lui: (p.97 / p.77)
  - ➢ *"Thabo Mbeki het by Mandela oorgeneem, en sy span het bestaan uit die vredemaker Jacob Zuma, Joe Modise, Joe Nhlanhla, Tomazile Botha en Penuel Meduna* [*drie van die vyf Kommuniste*]*…*
  - ➢ *Inisieël het die Volksfront-afvaardiging bestaan uit die **drie generaals**.*
  - ➢ *En die strategiese besprekings het in **streng geheimhouding** plaasgevind.*
  - ➢ *Later het die **landbouleiers** bygekom.*
  - ➢ *Na die vyfde ontmoeting is die proses openbaar gemaak en het die **politici** ook bygekom.*
  - ➢ *Die groep het bestaan uit die **Mulder broers, Pieter en Corné, Tom Langley, die kaart tekenaar Koos Reyneke**, die boere van die Transvaalse en Vrystaatse Landbou-unies, **Piet Gous en Dries Bruwer*** [albei ook KP-LP's]*, en, teen die einde, **dr. Willie Snyman**, ondervoorsitter van die KP."*

- ✧ Ons sien dus dat verskeie ontmoetings plaasgevind het waarin **Dries Bruwer, Piet Gous, Pieter Mulder, Corné Mulder, Tom Langley** en **Koos Reyneke** saam met **"die generaals"** as verteenwoordigers van die *Afrikaner Volksfront* met die ANC-SAKP onderhandel het.
- ✧ Aan die einde het ook die KP-ondervoorsitter, **dr. Willie Snyman,** tot die geheime onderhandelinge toegetree.
- ✧ Met die bekendmaking van die **inhoud van die *Afrikaner Akkoord*** (**Bylaag 11**) in die onlangse verlede, blyk dit dat **dr. Ferdi Hartzenberg**, ten spyte van **heftige ontkennings** en **sterk openbare uitsprake** téén gesprekke met terroriste, óók hartlik aan die onderhandelinge **deelgeneem** het - hy word **by name genoem** (**punt 2.4**) in die ***"Memorandum of Agreement between the ANC and the Afrikaner-Volksfront"***.
- ✧ By 'n hoogs geheime ontmoeting met Mandela en Mbeki op **3 Desember 1993** aan huis van **Jurgen Kögl van IDASA** in Johannesburg, het **Hartzenberg** selfs aan die **leiding** van 'n **KP-afvaardiging** gestaan, soos berig in *Sunday Independent*, 25 Maart 2001. ( / p.52,201)
- ✧ ***Terwyl dié "regse leiers" besig was met geheime onderhandelinge met die Kommuniste het genl. Viljoen in die een openbare toespraak na die ander voor regse gehore met geweld gedreig en aan sy toehoorders die versekering gegee dat daar nie toegelaat sou word dat die ANC-SAKP die land oorneem sonder dat dit met wapengeweld deur die AVF teengestaan sou word nie.*** ( / p.198)

*Die IDASA-komplot*, p.64,65,66,67,79,**97**,104,105,117,118 / p.11,54,**77**,78,82,92,98, 125,160,161,**199**,202

*Die Afrikaner Akkoord* - Appendix hoofstuk 3

**79. 14 Augustus 1993**

**VEKOM-vergadering** (Volkseenheidskomitee)

- ✧ Genl. Tienie Groenewald het by geleentheid verklaar:
  - ➢ *"**Tegnieke** om hom in diskrediet te bring, is **aan hom bekend** aangesien hy **lank aan die intelligensiegemeenskap** verbonde was."* (vergelyk "*Tienie Groenewald in die spervuur*" in *Die Afrikaner*, 20-26 Junie, 1997, bl.12)
- ✧ **Een so "tegniek"** wat in die intelligensiegemeenskap algemeen in gebruik is, is die **verspreiding van *disinformasie***, soos dikwels in die "mededelinge" van genl. Tienie Groenewald op vergaderings gesien kan word.
- ✧ So byvoorbeeld vertel genl. Groenewald **op dié VEKOM-vergadering** verskeie **leuens** om die vergadering te laat glo dat baie **stemme besig is om op te gaan ten gunste van 'n Volkstaat.**
- ✧ Hy noem selfs die naam van **Danie Cronjé** van ABSA… wat later een van die **A-lys gaste** by Mandela se inhuldiging sou wees.

- ✧ Sy doel was om die regses **aan die "Volkstaat"- fopspeen te laat suig**, asof dit bo alle twyfel **realisties en haalbaar** sou wees, terwyl hulle intussen van eise om **Blanke verkiesings af te dwing** vergeet!
- ✧ Groenewald vervolg onder andere ook met **dié veelseggende** mededeling:
  - ➢ Die **NP** en **AVF** het 'n **geheime "werkskomitee oor 'n Volkstaat"** saamgetel, bestaande uit **Roelf Meyer**, **Hernus Kriel** en **Niel Barnard** (NP-regering) en **adv. Jurg Prinsloo**, **Fanie Jacobs** en **Tom Langley** (AVF/KP).
- ✧ So het genl. Groenewald selfs die **valse indruk** geskep dat die **NP**, agter die skerms, **meewerk** om 'n **"Volkstaat"** daar te stel.

*Die Afrikaner*, 20-26 Junie 1997, bl.12

*Die IDASA-komplot*, p.78,79 / p.63,64,65

**80. 15,16 Augustus 1993**

'n **AVF-Bosberaad** is van stapel gestuur op 'n tipies **Tienie Groenewald grootdoenerige** wyse:

- ✧ Eerstens word beklemtoon dat ***"die moontlikheid van 'n algemene verkiesing onder Blankes nie eens bespreek mag word nie"*.**
- ✧ Daarteenoor word **opgewondenheid oor die "Volkstaat"** aangewakker asof dit heeltemal **realisties** en uit en uit **haalbaar** sou wees.
- ✧ Die moontlike **"grense"** daarvan word deur **Groenewald**, **Fanie Jacobs** en **K Viljoen** luisterryk uiteengesit.
- ✧ Vir vertoon word die **SA lugmag** ingespan om die "sprekers" per helikopter by dié Bosberaad te besorg.
  [*LW: die SA Lugmag staan onder beheer van die Nasionale Party-regering!*]

*Die IDASA-komplot*, p.9,**80**,103,104 / p.8,65,82

**81. 18 Augustus 1993** (vergelyk 17 September 1881)

**Genl. Constand Viljoen vergader** saam met die ***Regse Leierskomitee (RLK)*.**

- ✧ Sy woorde word **noukeurig genotuleer** en daarna deur homself onderteken:
- ✧ Aanhalings uit dié notule lui onder andere soos volg: (vergelyk *Die Afrikaner*, 20-26 Junie 1997, bl.8)
  - ➢ *"Genl. Viljoen sê hy reken ons sal 'n blanke Algemene Verkiesing met enige iets tussen 50 en 60 persent kan wen. Maar die vraag is wat doen jy nou as jy die verkiesing gewen het."*
  - ➢ *"Aan die anderkant moet die vraag gevra word of indien die Blanke kamer van die Parlement tot 'n val kom, die Parlement in geheel tot 'n val kom. En die vraag is of dit wenslik is dat die NP tot 'n val sal kom onder sulke omstandighede"*
  - ➢ *"Die Afrikaners sal 'n (in) herhaling van die Tweede Vryheidsoorlog weer nie wen nie."*
  - ➢ *"Genl. Viljoen sê ellende wag op ons. Ons gaan weer veg en ons gaan weer nie wen nie."*

- ✧ Genl. Viljoen gee dus nogeens te kenne dat **Blanke Algemene Verkiesings** nie gehou moet word nie, want dit is vir hom **nie van belang** dat die Nasionale Party-regering tot 'n val gebring word nie.
- ✧ Hoewel 'n Blanke Verkiesing na sy eie oordeel met 50 tot 60 persent gewen sal word, verklaar genl. Viljoen reguit **dat hy nie weet wat om dán te doen nie!**
- ✧ Hierop het **mnr. Marais** vir hom gesê: ***Dan regeer ons en bring die ou beproefde beginsels terug…***
- ✧ Daartoe was genl. Viljoen nie bereid nie. Natuurlik omdat hy 'n **dubbele agenda** gevolg het…
- ✧ Met sy opmerking: *"Die Afrikaners sal 'n (in) herhaling van die Tweede Vryheidsoorlog weer nie wen nie"* gee genl. Viljoen, as die ***militêre leier*** **van die BKA**, te kenne dat hy in werklikheid **nie kans sien om die volksverraad van De Klerk met wapengeweld te stuit nie!**
- ✧ En dan voeg hy daaraan toe: ***"Ellende wag op ons. Ons gaan weer veg en ons gaan weer nie wen nie…"***
- ✧ In terugskouing is dit volkome duidelik: **Dít waartoe hy die volk, en besonder die BKA, van verskeie verhoë af met nadruk opgeroep het, was hyself nié van plan om deur te voer nie.** (Vergelyk 17 September 1881 - die ***Huntington-resep*** - *"Hy moet* ***verskillende boodskappe aan verskillende gehore*** *rig en sy einddoel verberg agter sy onmiddellike gepraat."*)
- ✧ Genl. Viljoen was geheel en al deel van die bose beplanning **om die volk op te roep tot *militêre optrede***, net om hulle op die laaste nippertjie **te kul en te verraai!**
- ✧ ***Genl. Viljoen was nié van plan om FW de Klerk se oorgawe te stuit nie… hetsy deur Blanke Verkiesings óf deur geweld nie!***

*Behind the military ranks in the Afrikaner Volksfront*, p.5
*Die Afrikaner*, 20-26 Junie 1997, bl.8
*Die IDASA-komplot*, p.51,52,81,101 / p.41,42,66,80,104,**182**

**82. 26 Augustus 1993** (twee weke na 12 Augustus - volgens genl. Viljoen, 25 Maart 2001)
**GEHEIME SAMESPREKINGS TUSSEN ANC-SAKP EN AVF (2de ontmoeting)**

- ✧ Die plek van ontmoeting: ***Duiweklub*** **in Lynnwood Pretoria.**
- ✧ Onderhandelaars: AVF - **Genl. Viljoen**, **Dries Bruwer** en **Piet Gous**.
  ANC-SAKP - **Thabo Mbeki** en **Jacob Zuma**

*Die IDASA-komplot*, / p.200

**83. 9 September 1993**
(weer twee weke na 26 Augustus - volgens genl. Viljoen, 25 Maart 2001)
**GEHEIME SAMESPREKINGS TUSSEN ANC-SAKP EN AVF (3de ontmoeting)**

- ✧ Die plek van ontmoeting: ***Waterkloof*** **Pretoria**
- ✧ Onderhandelaars: AVF - **genl. Viljoen**, **genl. Groenewald**, **Bruwer en Gous**
  ANC-SAKP - **Mbeki, Zuma en Nhlanhla**

*Die IDASA-komplot*, / p.200

**84. 14 September 1993** (vergelyk 1991)

**Versoek om finansiële steun vir die CDP** word gerig deur **dr. Frederik Van Zyl Slabbert** (Stigter van IDASA en Voorsitter van die CDP) **aan *dr. Hans Daerr*** in Bonn, Duitsland. (**Bylaag 2**)

- In hierdie brief skets Van Zyl Slabbert die aard, die werking en die oogmerk van die CDP as **internasionale komplot** teen die Afrikanervolk.
- Die **doel**, **werkswyse** en **hoofrolspelers** word in 'n neutedop aangetoon:
  - *"Let me assure you that the **project is of critical importance in avoiding bloodshed in South-Africa and promoting effective negotiations**."*
    - *Project Purpose:*
      *"To promote and sustain **dialogue between the centre-right, i.e. Die Afrikaner Volksfront and the ANC.**"*
    - *Most Likely Persons Involved:*
      *"Afrikaner Volksfront – General **Constand Viljoen**, General **Tienie Groenewald**, General **C [Kobus] Visser**, Dr. **Piet Gous**, Mr. **B**[D] **Bruwer***
      *ANC - Mr Thabo Mbeki, Mr Jacob Zuma, and Mr Mdadla."*
    - *Steering Committee:*
      *Dr F **van Zyl Slabbert**, Mr **Jurgen Kögl**, Prof **Braam Viljoen**,*
      *Mr **Ivor Jenkins***
    - *Secretary of Steering Committee:*
      *Prof **Braam** [Abraham] **Viljoen.***
    - *Operational Plan:*
      *A number of **workshops, summits and bilateral communications** which **will involve a certain amount of travel**.*
    - *Likely Outcome of Project:*
      *Hopefully to –*
      *a) **Reduce the potential for violent confrontation**.*
      *b) Reach some **constitutional compromise** between **Die Afrikaner Volksfront and the ANC**.*
      *c) **Persuade Die Afrikaner Volksfront** to support and **participate in the forthcoming elections.**"*

*Die IDASA-komplot*, p.19,24,30,36,50,**59**,**60**,94,98 / p.8,10,11,12,16,21,25,40, **49**,**50**, 75,78,113

**85. September 1993** (vergelyk 22 Maart 1996)

***Radio Pretoria*** word gestig as 'n sogenaamde **"regse" radiostasie.**

- **Genl. Constand Viljoen** was ten **nouste betrokke** by dié totstandkoming.

**86. September 1993** (vergelyk September 1995)

**AVF-AWB-Bosberaad**

- ✧ Waarskynlik een van vele waarop **militêre strategie** van die ***Boerekrisisaksie (BKA)*** bespreek is.
- ✧ Met hiérdie bosberaad is **mnr. Eugene Terre Blanche** en die ***Afrikaner-Weerstandsbeweging (AWB)*** egter ook betrek.
- ✧ **Genl. Viljoen** "kerm" dat die **BKA se militêre vermoë in die stede** nie na wense is nie.
- ✧ Hierop gee die **AWB** die versekering dat hulle organisasie in die stede sterk genoeg is.
- ✧ ***Daar word ooreengekom dat sodra De Klerk die dokument vir die instelling van die Uitvoerende Oorgangs-Raad (UOR) sou teken, daar tot aksie oorgegaan sou word.***
- ✧ Die "berekende datum" hiervoor was **22 September 1993**.
- ✧ **Grootskaalse geweld** sou gepleeg word wat **spontane opstand van die volk** sou meebring en tot 'n **oorlog** sou ontwikkel.
- ✧ In **September 1995** beskryf **mnr. Eugene Terre-Blanche** in 'n verklaring wat sedert hierdie tyd tussen genl. Viljoen (**BKA**), mnr. Terre Blanche (**AWB**) - en skynbaar ook die **KP** - **"ooreengekom"** is en wat **daarna gebeur** het:
    - ❖ *"Die AWB sou verantwoordelik wees vir die **fisieke oorname van verskeie stede en dorpe**, meeste in Transvaal, maar ook in die Vrystaat. Die KP sou die **plaaslike besture** wat hulle reeds beheer het, inspan en die **dorpe se infrastrukture benut** vir afstigting. Dit sou onder meer geldelike hulp behels.*
    - ❖ *Genl. Viljoen het **onderneem** om te reël dat 'n aansienlike deel van die **Weermag se bevelstruktuur** (44 generaals was na bewering onder sy invloed) en die **Kommando-stelsel** hulle gewig by die afstigting ingooi. Dit sou die res van die Weermag met onvoldoende mannekrag laat om die totstandkoming van 'n **Volkstaat** te keer.*
    - ❖ *Ons het gehoop **rondom die 1994-verkiesing** sou die aksie plaasvind, **want soos goeie Christenmense het ons Constand Viljoen geglo.***
    - ❖ *Vir **'n jaar lank** het ons beplanning gedoen **hoe ons gaan afskei**. U weet mos, vir 'n jaar lank het u saam met my in plattelandse dorpe gemarsjeer waar ons die vryheid van die dorpe verkry het. Ons is soveel vryhede van dorpe aangebied dat ons naderhand nie meer kon byhou nie. Altesaam **95 stadsraadslede** het gesê hulle skei af in 'n volkstaat, al doen hulle dit met geweld.*
    - ❖ *Viljoen gaan toe en **registreer 'n politieke party** en **onttrek totaal** van die plan. Toe knak dr. Hartzenberg se rug. Toe hy die Sondagmôre (24 April 1994) na my ry en sê hy het nie **een mens wat sal veg** nie,*

- *toe lê die AWB in hul duisende in Wes Transvaal, en die bomme ontplof,* ***want Viljoen het gesê*** *die AWB moet die stede vat en hy sal die kommando's vat, elke man het hy gesê moet 'n geweer vat.*
- *Toe is die ruggraat van die offensief gebreek. Ek wou u, die offisiere en manskappe van die AWB, spaar en ek het* ***alles afgelas en u teruggestuur huis toe****, sodat u steeds leiers, offisiere en manskappe sal wees in die uiteindelike slag."*

- Uit mnr. Terre Blanche se verklaring bemerk mens duidelik dat die **volkstaat-idee** (sien *"Koos-dokument"* September 1992) wat "met geweld" afgedwing moet word ook in BKA-AWB geledere ingang gevind het.
- ***Die Afrikanervolk het die volste reg gehad (en het dit steeds) om vir die behoud van sy ganse Vaderland te veg en te stry.***
- Juis **hiérdie misleiding**, waarvoor die **"leiers"** (insluitende mnr. Terre Blanche) **verantwoordelik** was, was die **voorspel tot die politieke nederlaag** wat sónder enige noemenswaardige militêre optrede gely sou word.

*Die Afrikaner*, 20-26 Junie 1997, bl.5
*Die IDASA-komplot*, / p.104,105

**87.** **22 September 1993** (vergelyk September 1993 - AVF-AWB-Bosberaad)
Die **"berekende datum"** waarop die **UOR ingestel** sou word**.**

- Op hierdie datum gebeur **niks**.
- Klaarblyklik was dus die **"teken om tot aksie oor te gaan"** soos op die pas afgelope Bosberaad deurgegee net 'n **versinsel**, of **doelbewus verskuif** om verwarring te bring.

*Die IDASA-komplot*, / p.104

**88.** **24 September 1993** (vergelyk 12 Augustus en 29 September 1993)
Die **VSA-koerant *Christian Science Monitor*** berig van die **geheime onderhandeling** tussen genl. Viljoen en die ANC op **12 Augustus**.

- Die berig het onder andere gelui: (*Die Afrikaner*, 20-26 Junie, 1997, bl.8)
  - *"The African National Congress and the main group representing right wing Afrikaners have* ***reached an accord****…*
  - *a pledge from the AVF that right wing Afrikaners* ***will take part in the election*** *for a Constituent Assembly on condition that their demand for a* ***semi-autonomous Afrikaner homeland*** *is acknowledged in the interim Constitution…*
  - *The proposed homeland, which accounts for* ***16 percent*** *of the country is hotly contested by some of the right-wing groups."*
- Kragtens dié berig **beloof Viljoen namens die AVF** toe reeds (September 1993):
  - **om teëstand (geweld) van regs teen die verkiesing te verhoed** en
  - **om die Volksfront te beweeg om aan die verkiesing deel te neem**.

- ✧ In ruil daarvoor: ‘n **“semi-outonome Afrikaner Volkstaat”** - (soos onderhandel in *Die Afrikaner Akkoord* - **Bylaag 11**)
- ✧ Nadat die **HNP** die berig in die VSA van die geheime onderhandelinge tussen die AVF en die ANC op die lappe bring, is **Viljoen en Mbeki** genoodsaak om die geheime samesprekings van(af) 12 Augustus **in die openbaar te bevestig**… tot **groot verleentheid** van die *Afrikaner Volksfront*-lede.
- ✧ Dit lei tot ‘n ***AVF-Gesamentlike Verklaring*** deur **Hartzenberg en Viljoen** op 29 September.

*Behind the military ranks in the Afrikaner Volksfront*, p.6
*Die Afrikaner*, 20-26 Junie 1997, bl.8
*Die IDASA-komplot*, p.65,104,105 / p.54,83,93,203

**89.** **29 September 1993** (vergelyk 12 Augustus en 24 September 1993)
‘n ***AVF-Gesamentlike Verklaring*** word uitgereik deur **Hartzenberg** en **Viljoen** na aanleiding van die berig in ***Christian Science Monitor*** (VSA) op 24 September in verband met die **geheime onderhandelinge** van **genl. Viljoen** met die ANC-SAKP op **12 Augustus** en vele **ongelukkigheid** en **vrae** daaroor in **AVF geledere.**

- ✧ Die “verklaring” is om die minste te sê **ontwykend**.
- ✧ Tersaaklike aanhalings is die volgende:
  - ➢ *“Die AVF voer op openhartige en verantwoordelike wyse gesprekke met die De Klerk-regering.”* (wat geensins ter sake is nie)
  - ➢ *“In die meer onlangse verlede het die* ***Direktoraat: Volksmobilisasie*** *ook op versoek van die ANC oor dieselfde aangeleenthede gesprekke gevoer met die ANC.”*
- ✧ Dit is ‘n **openbare erkenning** dat, téén die uitdruklike beleid van die AVF, **met die ANC onderhandel is!**
- ✧ Tog word dit só gestel dat dit moet blyk dat die *Direktoraat Mobilisasie (DM)* so per abuis met die ANC gaan praat het en dus nié eintlik die AVF nie.
- ✧ Het Hartzenberg en Viljoen gehoop dat hul lede nie sou wéét dat die DM die **“generaals”** is, wat grootliks **aan die stuur** van die AVF staan nie?
- ✧ Oor die **beloftes** (wat deur die HNP na vore gebring is) wat Viljoen volgens *Christian Science Monitor* aan die ANC gemaak het, naamlik:
  - ➢ om **teëstand (geweld) van regs** teen die verkiesing te verhoed en
  - ➢ om die Volksfront te beweeg om **aan die verkiesing deel te neem**

  word in dié ***Gesamentlike Verklaring*** van Viljoen en Hartzenberg **nie ‘n woord gerep** nie.
- ✧ Dit is duidelik dat Hartzenberg Viljoen **probeer beskerm** het.
- ✧ Nietemin lui hul verklaring ten slotte:
  - ➢ *“Die AVF gevolglik nou bekend maak dat die gesprekke met die regering en die ANC* ***onmiddellik beëindig*** *word.”*

- ✧ In die lig van die **ongedateerde "verslag"** (p.97 / p.77) **in Afrikaans** (waarskynlik bedoel vir 'n instansie soos die Broederbond) waarin **besonderhede en name van landbouleiers en politici** vervat is wat namens die **Afrikaner Volksfront** by **verskeie geleenthede** met die ANC-SAKP in onderhandelinge betrokke was… sien mens hoe **vol bedrog** hierdie laaste sin van Hartzenberg en Viljoen se ***Gesamentlike Verklaring*** werklik was.

*Die IDASA-komplot*, p.65,66,67 / p.54,55,56

**90. September 1993** (vergelyk 13 November 1993 en 18 April 1997)

Gedurende **September 1993** hou beide die **KP** en **HNP** hul **Jaarkongresse** gelyktydig.

- ✧ Op die HNP-kongres word **per hand 'n dringende boodskap** aan die KP-kongres gestuur, waarin gevra word dat daar onverwyld gesamentlik **'n Blanke verkiesing geëis** moet word.
- ✧ Die KP-kongres **aanvaar die versoek met akklamasie** (toejuiging), maar van die **KP-leiding** word **niks gedoen** om die saak verder te voer nie.
- ✧ **Mnr. Willie Marais** (voorsitter van die HNP) neem die saak met **dr. Hartzenberg** weer op laat in Oktober 1993.
- ✧ Daarna ontmoet mnr. Jaap Marais en mnr. Willie Marais die **AVF se Uitvoerende Raad** in die namiddag van **13 November** in 'n skoolsaal in Valhalla.
- ✧ Mnr. Jaap Marais skryf hieroor:
  - ➢ *"Daar moes ons twee die hele argument voer waarom dit geëis moes word, asof die aanwesiges nie daarvan oortuig was nie en nog eers oortuig moes word - dit, hoewel die KP-kongres reeds daartoe verbind was.*
  - ➢ *Na aanleiding van hierdie **tweede inisiatief van die HNP** is daar toe op **19 November** 'n perskonferensie gereël waarop dié saak bepleit is."*
- ✧ Hierna is egter nogeens **van die KP- en AVF-kant niks gedoen om die eis met erns en vasberadenheid verder te voer nie.**
- ✧ **Die perskonferensie was dus 'n loskruitskoot.**
- ✧ Mnr. Marais skryf verder:
  - ➢ *"Die indruk wat deur die KP se doen en late geskep is, is dat dit baie ongerade sou gewees het as die HNP se versoek aan die KP-kongres van die hand gewys sou gewees het.*
  - ➢ *Die KP-leiding het die aanvaarding dus **uit taktiese oorwegings** nie teengestaan nie.*
  - ➢ *Maar daarna is hierdie uiters ernstige saak **deur die leier eenkant gelaat**, omdat hy* [Hartzenberg]*, hoe ook al, **daartoe verbind was om dit nie verder te voer nie**…*
  - ➢ *Wat kan hierdie politieke rondspringery oor so 'n uiters belangrike saak anders beteken as dat die KP besig was met 'n **politieke blufspel** om te bedek dat hy na die referendum van Maart 1992 daartoe **verbind was om nie in te gryp nie** in die De Klerk-Slovo-Mandela-agenda van*

*vredesonderhandelings deur* ***met mag en mening die Blankes se demokratiese reg op algemene verkiesings op te eis en De Klerk te stuit nie?****"*

- ✧ In Desember 1993 sou die HNP op eie houtjie 'n **demonstrasie by die Parlement** loods om 'n Blanke verkiesing te eis. Dog, die KP en AVF **weier** om daaraan deel te neem.

*Die Afrikaner*, 25-31 Oktober 1996, bl.7

**91. 1 Oktober en 22 Oktober 1993**

***Patriot*** berig:

> ***"Hartzenberg*** *verklaar:* ***UOR spel oorlog."***
> ***"Genl. Viljoen*** *verklaar:* ***Stel UOR in en dis oorlog."***

- ✧ En toe die **Uitvoerende-Oorgangsraad (UOR)** in Desember ingestel word verroer nóg Hartzenberg nóg Viljoen 'n vinger om die volk op te roep om selfs net **protesaksies** te onderneem.
- ✧ Hul **dreigemente** was dus **louter bedrog**.

*Die IDASA-komplot*, p.107,108,117 / p.85,92

**92. Oktober 1993** (vergelyk "Einde Oktober / begin November 1997")

**Genl. Constand Viljoen, mnr. Dries Bruwer** en **dr. Piet Gous** het 'n ontmoeting in hoogste **geheimhouding**, by 'n ***duiweklub*** **in Pretoria**, met **Jacob Zuma** en **Thabo Mbeki**.

- ✧ Volgens mnr. Bruwer se latere erkenning (November 1997) het dié ontmoeting by die *duiweklub* verhoed dat die land *"in vlamme opgaan"*, aangesien hulle daar tot 'n **ooreenkoms** met die ANC geraak het dat 'n **blanke opstand gekeer sou word**, op voorwaarde dat boere se **grondbesit eerbiedig** word.
- ✧ Volgens dr. Gous se bekentenis (Oktober/November 1997) het die ***"Ooreenkoms met die ANC oor 'n Volkstaat"***, ook tydens die *duiweklub*-ontmoeting sy beslag gekry. Niks is egter op skrif gestel nie. Daarvolgens sou die Afrikanervolk sy **"*selfbeskikkingsreg*"** kon debatteer in 'n ***Volkstaatraad*** wat ná die verkiesing tot stand gebring sal word. (vergelyk **Bylaag 11**)
- ✧ Dr. Gous vermeld verder dat die byeenkoms by die *duiweklub* ook die geleentheid was waartydens die ***"KP uitmekaargespat"*** het, maar gee geen verdere besonderhede nie.

[*Hoewel Bruwer in sy radio-onderhoud oor Radio Pretoria (November 1997)* ***Oktober as datum*** *van die "duiweklub-ontmoeting" gee, het 'n byeenkoms met dieselfde afvaardiging, volgens genl. Viljoen (25 Maart. 2001) ook by die "duiweklub"* ***26 Augustus as datum.*** *Dr. Gous gee (Oktober/November 1997) nie 'n datum nie, maar meld van dié byeenkoms "by die duiweklub" onder andere dat die "KP uitmekaargespat" het. Dit laat die indruk dat daar* ***waarskynlik twee "duiweklub-ontmoetings"*** *was…, naamlik 26 Augustus én 'n Oktober-ontmoeting, waar op*

*laasgenoemde beslis **méér "regse" politici teenwoordig** was ("die KP" het immers "uitmekaargespat") as wat hierbo aangedui is.*
*Ons weet dat 'n KP afvaardiging (waarskynlik sónder die ontnugterdes) onder leiding van dr. Ferdi Hartzenberg die ANC-SAKP daarna op 3 Desember 1993 in Johannesburg aan huis van Jurgen Kögl van IDASA ontmoet het.*]
*Die IDASA-komplot*, / p.189,190,200

**93. 13 November 1993**
(vergelyk KP- en HNP-Jaarkongresse, September 1993 en 18 April 1997)
**Mnre. Jaap Marais en Willie Marais** ontmoet die **AVF se *Uitvoerende Raad*** in 'n skoolsaal in **Valhalla**, Verwoerdburg.

- ✧ Nogeens word daar gepleit vir die afdwing van 'n **Blanke verkiesing** om die De Klerk-regering se oorgawe aan 'n Kommunistiese staatsbestel te stuit**, soos dit immers deur die KP-kongres reeds in September met akklamasie besluit is!**
- ✧ Die **kongres as hoogste gesagsliggaam** van die party het immers 'n bindende besluit geneem en die **KP-bestuur** is onder **verpligting** om aan daardie bindende kongresbesluit uitvoering te gee.
- ✧ Die KP-leiding het egter diktatoriaal opgetree deur die Kongresbesluit nie tot uitvoer te bring nie.
- ✧ Mnr. Jaap Marais skryf hieroor:
  - ➢ *"Daar moes ons twee die hele argument voer waarom dit geëis moes word, asof die aanwesiges nie daarvan oortuig was nie en nog eers oortuig moes word - dit, hoewel die **KP-kongres reeds daartoe verbind** was.*
  - ➢ *Na aanleiding van hierdie **tweede inisiatief** van die HNP is daar toe op **19 November** 'n perskonferensie gereël waarop dié saak bepleit is."*
- ✧ ***Hierna is egter nogeens van die KP- en AVF-kant niks gedoen om die eis met erns en vasberadenheid verder te voer nie.***
- ✧ Die perskonferensie was dus net 'n **loskruitskoot.**

*Die Afrikaner*, 25-31 Oktober 1996, bl.7

**94. 17 November 1993**
**AVF-Openbare Vergadering** buite Pretoria

- ✧ **Genl. Constand Viljoen op rekord waar hy verklaar** :
  - ➢ *"Mr. Mandela was talking about Inkatha, and he was talking about me. And he said every time I speak to them, **we move closer to them**. And he even went so far to say that he will start off, giving me and Dr. Hartzenberg seats in the new cabinet.*
  - ➢ *I agree. It is time for the leaders to move closer to each other, because it is the leaders of SA who can sort out the problems of SA. And if the leaders of SA refuse to talk to each other, our people will suffer. So therefore, Mr. Mandela, if **I am moving closer to the ANC, yes, I am doing so.***

- ➢ *I am also saying to Mr. Mandela, if **I am moving closer to the ANC - yes, I do so** - but I am not moving away from my people."*

- ✧ **Genl. Viljoen** verduidelik hoe hy *"**nader aan Mandela en die ANC beweeg…**"*
- ✧ ***Hy spog openlik oor sy onderhandelinge met die ANC-SAKP!***

*Behind the military ranks in the Afrikaner Volksfront*, p.9.
*Die IDASA-komplot*, p.67,68 / p.56

**95. 18,19 November 1993**

**Geheime samesprekings** (op koste van IDASA) tussen **genl. Viljoen en 20 AVF-KP-leiers** met die ANC-SAKP by ***Farm Inn*** buite Pretoria.

- ✧ **Genl. Viljoen** hou tydens dié geleentheid tydens sy toespraak ***'n ondertekende verklaring van die Afrikaner Volksfront*** voor,
- ✧ waarin **die Afrikaner Volksfront** die volgende teenoor die ANC-SAKP **onderneem:** (vergelyk *Die Afrikaner*, 20-26 Junie 1997, bl.8)
  - ➢ *"We therefore suggest that:*
    - ***a.*** *On the part of the AVF we undertake to **encourage the parties to participate in the process leading up to the Universal Election and in the Election itself** with a view of (sic) **actively promoting the successful transition** to a system of democratic rule in the whole of South-Africa, as well as in all measures to be undertaken to ensure greater stability and peace in all communities, **in the reconstruction of the economy** and in the establishment of the rule of law and the protection of **universal human rights** for all citizens.*
    - ***b.*** *That we **actively involve ourselves** in the process of constitutional development.*
    - ***c.*** *That while maintaining our cultural pride and group values we pursue the ideal of **loyalty to the larger whole** of South-Africa.*
    - ***d. …***
    - ***e.*** *Whereas **freedom** is a most cherished and historic value to the Afrikaner and is in **their** perception **closely linked to land and governmental control** and whereas we find it inconceivable at this moment in time to buy into a system where we as **a minority group** will in the **future dispensation** in effect be governed by a elected **majority government** which, even if they are fellow South Africans, **may not share** in our peculiar value systems and preferences. We therefore **request** the support of the ANC as one of the **strong political groupings** in the immediate future **to establish** in conjunction with the effected groups a **specially demarcated region** for the Afrikaners where they can establish **through majority rule** in the region **a Volkstaat** which can become the **symbolic home** for the Afrikaners inside and outside the reign much as*

*the **state of Israel** has become a **symbolic home** for the Jews even in the diaspora."*

- ✧ Hieruit is dit **volkome duidelik** wat **genl. Constand Viljoen** en die **20 AVF-KP's** wat **dié onderneming aan die ANC-SAKP** by *Farm-Inn* **onderteken** het, **agter die rug van hul ondersteuners**, in die mou gevoer het:
  - ➢ Ál die **geheime "onderhandelinge"** vanaf 12 Augustus met Mandela, Mbeki, Zuma en andere, was 'n **geknoei en gekonkel** met diegene aan wie die ganse land sonder slag of stoot **op 'n skinkbord oorhandig gaan word**,
  - ➢ om maar **asseblief 'n stukkie volkstaat aan die Afrikanervolk**, wat maar eintlik net 'n klein **"minderheidsgroep"** is, wat asseblief graag iewers 'n **simboliese "vaderland"** sal wil hê…
  - ➢ **ás** die ANC (die terroriste-organisasie wat met Russiese en Cubaanse wapens in 20 jaar nie 'n veldslag teen die Afrikanerseuns kon wen nie), wat die **grootste politieke groepering** van die "nuwe bedeling" **gáán wees**, so "vriendelik" sal wees om aan hulle dié spoegspatsel van hul totale eiendom **te gun**…
- ✧ Hoe skaam moet ons nie kry dat **súlke "leiers"** hulle as **"verteenwoordigers" van ons Afrikanervolk** voorgedoen het nie!
- ✧ Hierdie ***ondertekende "verklaring"*** **van die 20 Afrikaner Volksfront-Konserwatiewe Party-"leiers"**, as 'n **onderneming** aan ons vyande, was **verraad teen die Afrikanervolk** soos in sy ganse geskiedenis sy gelyke nie gevind word nie.
- ✧ **Dr. Pieter Mulder** "spog" in sy boek *Kan Afrikaners toyi-toyi?* met dié geheime ontmoeting met die ANC-SAKP by ***Farm Inn***.

*Die Afrikaner*, 20-26 Junie 1997, bl.8

*Die IDASA-komplot*, p.51,68,98,108,109,118,119 / p.**41**,**56,57,78,79,**85,**93**,98, 99,202

**96. 20 November 1993**

**Joe Slovo** verklaar in 'n **toespraak** voor die ***SAKP Central Committee*:**

> *"There can not be the slightest doubt that the Cosatu intervention and **massive demonstration outside the World Trade Centre had a positive outcome on the negotiating process**… It was the link between the negotiations and our mass struggle that **played an absolutely key role**."*

- ✧ Die vraag moet met reg gevra word:
  - ➢ ***Waarom het die leiers van die Volksfront, met 'n ledetal van bykans een miljoen Afrikaners, nooit in die maande voor die oorgawe-verkiesing daaraan gedink om die volk op te roep tot protesaksies om hul misnoeë met die De Klerk-regering te toon wat besig is om hul kinders se toekoms weg te dobbel nie?***

- ✧ Behalwe vir vindingryke inisiatiewe by die **World Trade Centre** op 25 Junie en kmdt. Willem Ratte se **bestorming van Fort Schanskop**, het die regse "leiers" stilgesit en die NP die land laat weggee...

*Behind the military ranks in the Afrikaner Volksfront*, p.19

*Die IDASA-komplot*, p.77 / p.63,69,70

**97. 3 Desember 1993** (vergelyk 6 April 2001)

'n Hoogs **geheime ontmoeting** vind plaas tussen **genl. Constand Viljoen**, **dr. Ferdi Hartzenberg**, **dr. Willie Snyman**, en **drs. Pieter en Corné Mulder** met **Mandela** en **Mbeki** aan huis van **Jurgen Kögl van IDASA** in Johannesburg.

- ✧ Hieroor berig *Die Afrikaner* (6-12 April, 2001), kort na die **bekentenis deur genl. Constand Viljoen** aan Max du Preez van ***Sunday Independent*** (25 Maart 2001), soos volg:
  - ➢ *"Opspraakwekkende getuienis deur genl. Constand Viljoen oor die **rol wat dr. Ferdi Hartzenberg** in die IDASA-komplot gespeel het, is in die Sunday Independent van 25 Maart 2001 **onthul**.*
  - ➢ *Waar daar nog deurgaans deur dr. Hartzenberg **ontken** is dat hy **enigiets met die komplot te make gehad het**, en nie met die ANC onderhandel het nie, bewys genl. Viljoen die teendeel…*
  - ➢ *So meld hy* [genl. Viljoen] *dat dr. Hartzenberg **persoonlik aan die leiding** van die afvaardiging gestaan het wat op **3 Desember 1993** Nelson Mandela en Thabo Mbeki in **Jurgen Kögl se huis** in Johannesburg ontmoet het.*
  - ➢ *Dr. Hartzenberg is vergesel van die gebroeders Mulder, naamlik Pieter en Corné…*
  - ➢ *Tot dusver was die **persepsie** dat dr. Hartzenberg nie persoonlik* [*by onderhandelinge met die ANC-SAKP sedert Augustus1993*] *betrokke was nie.*
  - ➢ *Nou het genl. Viljoen aan die lig gebring dat hy* [dr. Hartzenberg] ***minstens** op 3 Desember 1993 **persoonlik teenwoordig was** waar daar samesprekings met Mandela en Mbeki gevoer is.*
  - ➢ *Sy onder-leier, **dr. Willie Snyman**, was ook betrokke."*
- ✧ Hoewel dr. Hartzenberg dus 'n **sterk openbare standpunt** ingeneem het **téén onderhandelinge** met die ANC-SAKP en **deelname** aan die April-verkiesing, het hy hom agter die skerms **presies daarvóór** beywer.

*Die Afrikaner*, 6-12 April, 2001, bl12

*Die IDASA-komplot*, / p.52,201

**98. Desember 1993**

**DIE INSTELLING VAN DIE UITVOERENDE OORGANGSRAAD (UOR)** - die afteken namens die Afrikanervolk van die **politieke seggenskap oor die RSA** deur FW de Klerk.

*Die IDASA-komplot*, / p.84,104

**99. Desember 1993** (vergelyk AVF-AWB-Bosberaad September1993)

**Besetting van Fort Schanskop** deur **komdt. Willem Ratte** en 'n klompie **jong manne,** heeltemal in lyn met die ooreenkoms op die **September AFV-Bosberaad** waarvolgens ***"tot aksie oorgegaan"*** sal word sodra die ***"UOR ingestel"*** word.

- ✧ Genls. **Constand Viljoen** en **Kobus Visser** praat egter die besetters om (op valse voorwendsels) om die **besetting te beëindig.**
- ✧ Net soos op 25 Junie (met die besetting van die Kodesa-onderhandelingsaal) los die AVF-leiding **vir die De Klerk-regering 'n enorme probleem op.**
- ✧ **Die De Klerk-regering kon nie in die deurvoer van hul verraad nóú 'n kruitvat-situasie in SA bekostig nie.**
- ✧ Die **valse voorwendsels** van Viljoen en Visser was heel waarskynlik dat dit **"nog nie nóú tyd is nie"**.
- ✧ Komdt. Willem Ratte is twintig jaar (effektief vyf jaar) **tronkstraf** opgelê vir die besetting van Fort Schanskop. (vergelyk 15 Junie 1996)

*Die Afrikaner*, 10-16 Mei 1996, bl.1

*Die IDASA-komplot*, p.107,117 / p.84,85,92

**100. 21 Desember 1993** (vergelyk 23 Maart 1994)

(volgens genl. Viljoen se latere erkenning was die datum 18 Desember)

***"MEMORANDUM OF AGREEMENT BETWEEN THE ANC AND THE AFV"*** (**Bylaag 11**)

- ✧ Dié *Memorandum of Agreement* is die **neerslag van die geheime onderhandelinge tussen die AVF en die ANC-SAKP sedert 12 Augustus**.
- ✧ Hoewel dit hier **gefinaliseer** is het die **ondertekening** daarvan, soos beplan, **nie plaasgevind nie**.

  [*Volgens genl. Viljoen se latere getuienis (25 Maart 2001) was dr. Hartzenberg se verskoning dat sy bondgenote in die Vryheidsalliansie daarteen gekant was. Die Afrikaner (6-12 April 2001, bl.12) wys egter daarop dat die nie-ondertekening eerder was vanweë die De Klerk-regering se onwilligheid om tot 'n Volkstaat in te stem.*]
- ✧ Dié **hoogs geheime** Memorandum is volledig opgeneem in die sogenaamde ***Afrikaner Akkoord*** (Appendix Hoofstuk 3), wat op **23 Maart 1994** tussen die **ANC-SAKP,** die **Vryheidsfront** en die **NP-regering** onderteken is.
- ✧ Die **inhoud** van dié verraderlike **Afrikaner Akkoord**, wat die geheime *Memorandum van Ooreenkoms tussen die ANC-SAKP en die AVF* van 21 Desember 1993 insluit, is **eers in die meer onlangse verlede so stil-stil bekendgestel**.

  [*Daar is skynbaar gehoop dat die Afrikanervolk se **politieke geheue** na 20-30 jaar genoegsaam verroes het, dat juis **dié verraadsdokument** nou weer aangewend kan word deur **Tabboktrust en andere** om die ontwakende Afrikanernasionalisme nogeens in dié futiele rigting te kanaliseer wat steeds 'n "volkstaat" wil daarstel met erkenning van die ANC-regime oor Blank SA.*]

- ✧ Die *Afrikaner Akkoord* **bevestig nogeens die verraad** wat, op grond van verskeie **IDASA-dokumente** wat na 1994 bekend geword het, **reeds teen Desember 1996 blootgelê is**, maar deur die skuldiges**, Bruwer, Gous, Hartzenberg, Viljoen** en andere in die openbaar skandelik bedrieglik **heftig ontken** is**.**

*Behind the military ranks in the Afrikaner Volksfront*, p. 7,8,23

*Die Afrikaner Akkoord* - Appendix hft.3

*Die IDASA-komplot*, / p.200,201

**101. Desember 1993**

Die liberale tydskrif ***Vrye Weekblad*** berig oor 'n **onderhoud met genl. Tienie Groenewald** soos volg:

- ➢ *"Groenewald said that the **Afrikaners were in an evolutionary stage** and would in time become **'a cultural-ethnic group**, a people.*
- ➢ ***It would include and absorb people of all languages and colours**'.*
- ➢ *But, he argued, '**Afrikaners had first had to become more liberal**'."*

- ✧ Dít bevestig wie dié **"regse generaal"** Tienie Groenewald werklik is.

*Behind the military ranks in the Afrikaner Volksfront*, p.14

**102. Desember 1993** (vergelyk 13 November 1993 en 18 April 1997)

Die **HNP** loods 'n **demonstrasie by die Parlement** om 'n **Blanke verkiesing te eis!**

- ✧ Dog, die **KP** en **AVF weier** om daaraan deel te neem**.**

*Die Afrikaner*, 25-31 Oktober 1996, bl.7

**103. Datum onbekend**

**Professor Johan Schabort** sê in 'n **verklaring**:

- ➢ *"that he was resigning all offices held in the AVF and the CP owing to **consistent evidence** that the AVF-CP negotiators were making **secret, leftist and traitorous concessions to the Communists.***
- ➢ ***The leadership is operating on a hidden agenda and is keeping the people in the dark."***

- ✧ Nadat prof. Schabort bogenoemde met **verskeie voorbeelde** staaf is sy gevolgtrekking:
  - ➢ *"that the Generals and the AVF-CP team of negotiators **can not be trusted with the future of the Afrikaner nation.**"*

*Behind the military ranks in the Afrikaner Volksfront*, p.20

**104. 15 Januarie 1994** (vergelyk 18 April 1994)

**Boerekrisisaksie (BKA) vergadering** naby *Winburg* (OVS)

- ✧ **460 BKA-leiers** word deur **genl. Viljoen** en **dr. Hartzenberg** toegespreek.
- ✧ In sy toespraak herhaal genl. Viljoen dit drie maal - ***"die tyd vir optrede is nóú!"***
- ✧ Die boodskap was duidelik!
- ✧ Die BKA is op 'n gereedheidsgrondslag "**om tot aksie oor te gaan".**
- ✧ Die BKA moes **gereed bly** en **wag op die bevel…**

- ✧ Daar vind 'n **demonstrasie van gesofistikeerde wapens** plaas om die skyn van erns voor te hou.
- ✧ Maar skaars 'n maand gelede het genl. Viljoen en sy meelopers reeds die oorgee-ooreenkoms met die ANC beklink!

*Behind the military ranks in the Afrikaner Volksfront*, p.12

*Die IDASA-komplot*, p.69,107,108,110,118,119 / p.57,85,87,92,93,101

**105. ±20 Januarie 1994** (vergelyk 14 April 1997)

**AVF-Raadsvergadering**

- ✧ Beslissende besluit oor **"grense"** van 'n Volkstaat word geneem.
- ✧ Die **hele Kaapland val buite** die sogenaamde "Volkstaat".

*Die IDASA-komplot*, / p.113

**106. 27 Januarie 1994** (vergelyk 17 September 1981, 29 Januarie 1994 en 14 April 1997)

Spesiale **KP-Dagbestuurvergadering, Kaapland** in Kimberley.

(Let op die **"Huntington-resep"** wat onmiskenbaar toegepas word)

- ✧ Die vergadering is byeengeroep in verband met die AVF-besluit dat **Kaapland uitgesluit word** uit die "Volkstaat".
- ✧ Mnr. **Jan Hoon** (voorsitter) omseil die kwessie deur 'n ***"resolusie tot deelname aan die verkiesing"*** aan die KP-Dagbestuur (Kaapland) voor te lê.
- ✧ Dié "resolusie tot deelname aan die verkiesing" is skynbaar deur die *AVF Uitvoerende Raad (UR)* geneem en sou op **29 Januarie op die AVF-Volksvergadering** in Pretoria voorgelê word.
- ✧ **Willem Botha** wys daarop dat Hartzenberg 'n **komitee** benoem het om hom te adviseer oor **deelname aan die verkiesing**. Dié komitee se aanbeveling was *"om deel te neem"*.
- ✧ Dié ***"advieskomitee"*** het, soos later geblyk, bestaan uit:
  - ➢ genls. **Viljoen**, **Groenewald** en **Bischoff** asook
  - ➢ die KP-leiers in die vier provinsies: **Jan Hoon** (Kaapland), **Carel Werth** (Natal), **Abrie Oosthuizen** (OVS) en **Hartzenberg** self (Tvl).
  - ➢ Waarskynlik was **Tom Langley** en dr. **Pieter Mulder** ook ingesluit in dié *"advieskomitee"*. (/ p.108)
- ✧ Die "resolusie", wat die "advies" van dr. Hartzenberg se komitee bevat, word deur die Kaaplandse dagbestuur **eenparig verwerp**, met uitsondering van **Jan Hoon** en **Willem Botha**.
- ✧ Later sou dit blyk dat dié "resolusie" tot deelname aan die verkiesing **nié deur die volle AVF UR aangeneem was nie**, maar slegs deur 'n aantal bestuurslede van die UR onder **"voorsitterskap"** van **Hartzenberg.** Nogeens misleiding en leuens.
- ✧ Prominente **AVF-UR-bestuurslede** wat nie daaraan deel gehad het nie moes agterna daartoe **"oortuig"** word, waaronder **mnr. Eugene Terre Blanche**.
- ✧ ***Rapport*** (6 Februarie 1994) berig:

- *"dr Ferdi Hartzenberg en mnr. Eugene Terre Blanche (het) aan Rapport gesê die voorstel vir deelname aan die verkiesing is **nooit deur die Volksfront se besluitnemende liggame goedgekeur nie.**"* (/ p.109)
- *"Volgens Tienie Groenewald is die voorstel vir deelname aan die verkiesing en die daarstel van 'n Afrikanerkamer **van die ANC afkomstig.**"*

- Die betekenis hiervan is:
    - *Hartzenberg het **sonder magtiging** van die **AVF-gesagsliggame**, hom **agteraf** gewend tot sekere AVF-Bestuurslede **individueel**,*
    - *om hulle te oorreed **om 'n voorstel*** [sogenaamd] *afkomstig van die ANC te aanvaar, **direk in stryd met die AVF-beleid** oor deelname aan die verkiesing,*
    - *en dit boonop in die vorm van 'n **"resolusie" (besluit)** van die **AVF Uitvoerende Raad** vervat, onder **voorwendsel** dat dit deur die volle AVF Uitvoerende Raad aangeneem is.*
- ***So iets sou sonder twyfel deur verreweg die meerderheid van die AVF Uitvoerende Raad én AVF-ondersteuners verwerp gewees het!***
- Hierin was **dr. Hartzenberg se optrede** onmiskenbaar **in volle ooreenstemming** met die ***"Huntington-resep"*** - vlg. sy *Reform in South-Africa* van 1981 (/p.110,111,113)
- **Hartzenberg se "opleiding"** uit die **tagtigerjare** deur die Amerikaanse politieke "navorser" ***Samuel Huntington*** kom hier handig te pas. (**vgl. 17 September 1981**)
- Dit kom nogeens na vore waar Hartzenberg **in die openbaar** in *Patriot* (18 Februarie 1994) deelname aan die verkiesing beskryf

    ***"as middel om die Afrikanervolk sy vryheid te ontneem."***

    maar **agteraf** was dít presies waarvoor hy hom aktief **beywer** het!
- **Dr. CA (Ronnie) van der Merwe** (Dagbestuur - Kaapland) het kort nadat hierdie dinge afgespeel het uit die **KP** en **AVF bedank** en hom by die **HNP gaan voeg**.
- Op die **HNP-Kongres 1997** het dr. Van der Merwe bogenoemde besonderhede verskaf en dokumente voorgelê om dit te staaf.
- **Mnr. Marais** noem bogenoemde in **'n brief aan dr. Hartzenberg** op 14 April 1997 tereg
    - 'n ***"verwerplike politieke slenter"***,
    - deur *"Afrikaners deur **openbare uitsprake te paai** en dan deur **plotselinge ommeswaai** hulle te uitoorlê deur die **teenoorgestelde** te doen".*
    - *"Dat dié slenter **misluk** het en u en genl. Viljoen se **Huntington-planne** in die war gestuur, verander niks aan die feite (nie):*
    - *u en genl. Viljoen was **vas verbind** tot die politieke slenter om u ondersteuners **teen hulle oortuigings en verwagtings** te betrek by die plan van die ANC om Afrikaners aan die **verwerplike verkiesing** te laat deelneem."*

*Die Afrikaner*, 18-24 April 1997, bl.1,7

*Die IDASA-komplot*, / p.106-111,113,**114**

**107. 28 Januarie 1994** (vergelyk 14 April 1997)

**KP-Partyraadsvergadering (Kaapland)**

✧ Die notule lui:

> ***"Die Kaaplandse Partyraad verwerp die deelname aan die verkiesing op 27 April."***

✧ Ten spyte daarvan laat **mnr. Jan Hoon** ook notuleer dat hy hom

> *"vir deelname aan hierdie verkiesing sal beywer* ***as die ooreenkoms tussen die onderhandelingspanne van die ANC, die Regering en die AVF deur die Hoofleier aanvaar word.****"*

✧ Hoon was duidelik 'n skoothondjie van Hartzenberg.

✧ Klaarblyklik het hy verwys na die geheime "*Memorandum van Ooreenkoms tussen die ANC-SAKP en die AVF*" van 21 Desember.

✧ ***Nietemin was dit 'n duidelike bekentenis deur die Kaaplandse leier dat die KP-AVF hoofleiers, waaronder dr. Ferdi Hartzenberg, kliphard met die ANC onderhandel!***

*Die IDASA-komplot*, / p.108

**108. 29 Januarie 1994** (vergelyk 27 Januarie, 6 Februarie 1994 en 14 April 1997)

**AFRIKANER-VOLKSVERGADERING** van **35 000 volksgenote** by die **Pretoria-Wes Skougronde** in en om die **Skilpadsaal.**

✧ AVF-lede verwag **groot aankondiginge** deur die "leiers".

✧ Maar genl. Viljoen probeer die volk aanspoor tot **deelname aan die verkiesing!**

✧ Hy word **doodgeskree en uitgekryt as 'n verraaier!**

✧ Tog was deelname aan die verkiesing veel meer as bloot Viljoen se standpunt - dit was 'n "AVF-UR-besluit" **onder gekonkel en voorsitterskap van Hartzenberg!** (/p.106,**109**,114)

✧ Dit is waarom, toe Viljoen deur die skare uit ontsteltenis doodgeskree is, Hartzenberg aan hom gesê het:

> ***"Sit Constand, die mense verstaan hierdie ding nie."***

✧ Dit was duidelik dat Viljoen en Hartzenberg kop in een mus was…

✧ Bogenoemde gebeure vind plaas te midde van veral dr. Hartzenberg se **vooraf gekonkel** met sekere **uitgesoekte AVF-bestuurslede** voor 29 Januarie in die daarstel van 'n sogenaamde **"resolusie" tot deelname** aan die April-verkiesing wat bedoel was om aan die volk op dié vergadering voorgelê te word.

✧ Vanweë die volk se **vasberadenheid tot nie-deelname** kon die "resolusie" nie eens dien nie, maar is afgewater tot 'n soort *mosie om in beginsel aan die verkiesing deel te neem* wat vanselfsprekend **met minagting verwerp** is. (vergelyk die verbanne *Patriot*-uitgawe van 18 Maart 1994)

- ✧ Dr. Hartzenberg het natuurlik ook gepoog om AVF-Bestuurslede wat nié deel van die gekonkel was nie, soos **mnr. Terre Blanche** (*Rapport* 6 Februarie.), **twee dae voor die vergadering,** tot deelname te probeer oorhaal.
- ✧ Dít was die ***"Huntington-resep"*** uitgeknip! (vergelyk 17 September 1981)
- ✧ ***Daarna neem die volksvergadering nogeens sterk standpunt in téén deelname aan die verkiesing!***
- ✧ Nadat die **twee "leiers"** hulle **skynbaar neerlê** by die **wil van die volk** laat Hartzenberg homself insweer as ***"President van die Oorgangs-Volksraad"***, en genl. Viljoen as ***"Minister van Verdediging".***
- ✧ Dié ***"Volksparlement"*** of ***"Oorgangs-Volksraad"*** of ***"Verteenwoordigende Volksraad"***, was skynbaar tevore reeds in die lewe geroep om die **Volkstaat-ondersteuners** aan hul neuse te lei.
- ✧ Hieroor skryf **mnr. Marais** aan **dr. Hartzenberg** op 14 April 1997:
    - ➢ *"Selfs in die **manewales van Afrikastate** is daar weinig om hierdie **klugtigheid** te ewenaar."*

*Behind the military ranks in the Afrikaner Volksfront*, p.10,12

*Die Afrikaner*, 18-24 April 1997, bl.1,7

*Die IDASA-komplot*, p.69,108,109,110,117,119 / p.57,85,86,88,92,93,99,106,109, **112**,114,198,199,203,206

**109. 30 Januarie 1994**

Die ***Chicago Tribune*** (VSA) berig oor 'n **onderhoud met die ANC-SAKP**:

> *"It is our aim to **keep the right wing talking for as long as possible in order to prevent a White backlash.**"*

- ✧ Bogenoemde was die **presiese doelstelling** van IDASA se ***"Conservative Dialogue Programme" (CDP)***

*Die IDASA-komplot*, p.26 / p.21

**110. 6 Februarie 1994** (vergelyk 27 en 29 Januarie 1994)

***Rapport*** berig:

- ➢ *"dr. Ferdi Hartzenberg en mnr. Eugene Terre Blanche (het) aan Rapport gesê die voorstel vir deelname aan die verkiesing is **nooit deur die Volksfront se besluitnemende liggame goedgekeur nie.**"* (/ p.109)

- ✧ Dit bevestig dat die *"resolusie tot deelname aan die April-verkiesing"* inderdaad slegs deur sekere **uitsoek-bestuurslede** van die AVF-UR **onder voorsitterskap van Hartzenberg** (volgens die getuienis van dr. Ronnie van der Merwe) geneem is.
- ✧ Die berig lui verder:
    - ➢ *"Mnr. Eugene Terre Blanche, leier van die AWB, het aan Rapport gesê: Die voorstel is **twee dae voor die vergadering** deur dr. Hartzenberg aan hom getoon…*

- ***Dr. Hartzenberg (het) mnr. Eugene Terre-Blanche probeer oorreed tot deelname aan die verkiesing op grond van 'n ANC-SAKP belofte van 'n 'volkstaatraad'***.
- *Terre-Blanche het dit **verwerp** met die opmerking: **'Dan is ons op Mandela se betaalstaat.'**"*

✧ Aangesien **Eugene Terre Blanche** nie deel was van die sogenaamde "AVF UR-besluit" nie, moes Hartzenberg hom **twee dae voor die volksvergadering,** kragtens die *Huntington-resep*, daartoe "oortuig".

✧ Wat Hartzenberg aan Terre Blanche *"getoon"* het was klaarblyklik dieselfde "resolusie" wat Jan Hoon aan die KP-Dagbestuur van Kaapland, ook op 27 Januarie voorgelê het.

✧ Die berig lui verder:

- *"Volgens Tienie Groenewald is die voorstel **vir deelname aan die verkiesing en die daarstel van 'n Afrikanerkamer van die ANC afkomstig…***
- *Volgens die betrokke voorstel sou die Volksfront aan April se verkiesing deelneem vir die skepping van 'n **Afrikanerkamer**, bestaande uit **20 lede**."*

✧ Groenewald se opmerking gee te kenne dat die aandrang tot **deelname aan die verkiesing,** waarvoor Viljoen en Hartzenberg hul beywer, sogenaamd ***"van die ANC afkomstig is"***, terwyl presies dít in werklikheid deur die IDASA-komplot be-oog is.

✧ In "ruil" vir deelname aan die verkiesing word stellig voorsiening gemaak vir 'n ***volkstaatraad*** of ***Afrikanerkamer*** *van* ***20 lede*** wat geheel en al onder die **gesag van die ANC-regering** sal funksioneer.

✧ **Bogenoemde is wesenlik die inhoud van die *Afrikaner Akkoord.*** (**Bylaag 11**) (vergelyk 21 Desember 1993 en 23 Maart 1994)

*Die IDASA-komplot*, p.109 / p.86,108,109,203

**111. Voor 18 Februarie 1994**

**Die Hoofraad van die KP** asook die ***Oorgangsvolksraad*** of ***Verteenwoordigende Volksraad*** besluit **eenparig téén deelname** aan die verkiesing.

✧ Dié besluit is geneem op **voorstel** van **dr. Hartzenberg** en **gesekondeer** deur **genl. Tienie Groenewald**! (Dit was nogeens volgens die ***"Huntington-resep" -*** vergelyk 17 September 1981)

✧ **Mnr. Marais** skryf hieroor aan **dr. Hartzenberg** op 14 April 1997:

- *"As u **saam met Viljoen** sou **deelgeneem** het,*
- *nadat die **Hoofraad** van die Konserwatiewe Party en die **'Oorgangsvolksraad'** (op u voorstel, gesekondeer deur Tienie Groenewald!) **eenparig teen deelname** aan die gewraakte verkiesing van 27 April **besluit** het… en die **Oorgangsvolksraad** op **5 Maart 1994** met 'n **meerderheid van 73 teen 20 stemme** ook besluit het,*

- *sou 'n **groot deel van die KP-AVF-ondersteuners teen u en Viljoen gedraai het**…*
- *Om dit te **verhoed**, het u dus klaarblyklik met Viljoen **ooreengekom** dat u **nie aan die verkiesing sou deelneem nie**, maar **hom in sy deelname nie sou bestry nie**, vandaar dat u AVF- en KP-ondersteuners **vrygelaat** het **om wel deel te neem**, **strydig** met die **eenparige besluit van die KP en die AVF** en met die **meerderheidsbesluit** van die **'Oorgangsvolksraad'**.*
- *Dat daar wel so **ooreenkoms** tussen u en genl. Viljoen was, is **bevestig deur u optrede** toe u **'n verbod geplaas het** op die **verspreiding** van die uitgawe van **Patriot van 18 Maart** 1994 waarin **genl. Viljoen** aangedui is as 'n **NP-man** wat in die **regse geledere geplant** was."*

*Die Afrikaner*, 18-24 April 1997, bl.1,7
*Die IDASA-komplot*, / p.112,205

**112. 18 Februarie 1994**

***Patriot*** berig **misleidend**:

- ✧ **Hartzenberg** is ten sterkste gekant teen deelname aan die verkiesing ***"omdat deelname daaraan die Afrikaner-Boerevolk se vryheid sou vernietig."***

*Die IDASA-komplot*, / p.112

**113. Verskillende datums gedurende hierdie tyd**

**Verskeie misleidende berigte** verskyn in ***Patriot***, soos byvoorbeeld:

- *"Volkstaat binne veertien dae"*
- *"Pretoria hoofstad van volkstaat"*
- *"Volksleër saamgestel"*
- *"KP sal verkiesing stuit"*
- *"KP sal nuwe regering nie erken"*

- ✧ Die **retoriek** wat gebruik word is ***"geweldadige verset* teen die *verkiesing"*** en die afdwing van 'n ***"volkstaat".***
- ✧ So is die **regse KP-ondersteuners** gekondisioneer om 'n ***"volkstaat met geweld"*** te eis.
- ✧ Die NP-ANC-SAKP moes ten alle koste **geweldadige verset verhoed** om die *"miracle"* van 'n **vreedsame oorgang** te bewerkstellig.
- ✧ Viljoen, Hartzenberg en hul meelopers het dié probleem vir hulle opgelos deur in te val by hul agenda deur, **namens die AVF**, *vredesonderhandelings met die Kommuniste* aan te knoop en **hulle ondersteuners gruwelik te bedrieg!**
- ✧ Hiertoe was sowel **dr. Ferdi Hartzenberg** as **genl. Constand Viljoen** sonder twyfel **werktuie** van die **NP-ANC-SAKP**, soos hul ganse optrede veral sedert die stigting van die AVF duidelik bewys.
- ✧ Hulle het **alles presies gedoen** wat nodig was om die Kommuniste **vreedsaam** die **land te laat oorneem**, kragtens die ***"Huntington-resep"*** wat lui:

- *"…it is of the essence of the reformer that he must employ* ***ambiguity, concealment*** *and* ***deception concerning his goals****".*

✧ Die *"miracle"* van 'n **vreedsame magsoordrag** kon slegs verwesenlik word deur die **dubbelslagtigheid, bewimpeling** en **bedrieglikheid** van Afrikaner "leiers" soos Hartzenberg en Viljoen.

*Die Afrikaner*, 5-11 April 1996, bl.11
*Die Afrikaner*, 18-24 April 1997, bl.7

**114. 4 Maart 1994** (Vrydag, net voor spertyd om 20h00)
**Genl. Viljoen** gaan **registreer** op die laaste nippertjie, **net voor die afsnytyd** waarop politieke partye vir die April-verkiesing kon registreer, sy **eie politieke party**, die **"*Vryheidsfront*"** om aan die April-verkiesing **deel te neem**.

✧ In terme van **regulasies** het hy ook sy party se **logo** ingedien. (Watter beplanning moes nie hiervoor gedoen word nie! - vergelyk 9-12 Maart 1994)

✧ Kragtens regulasies moes **alle partye** binne **5 dae** ná die sperdatum vir registrasie, dit wil sê **vóór Woensdag 9 Maart**, hul **kandidatelys** by die *Onafhanklike Verkiesings Owerheid (OVK)* inhandig en **R70 000** registrasiegeld betaal, ten einde hul registrasie te finaliseer.

✧ Viljoen registreer op die allerlaaste om so lank as moontlik die volk **onder die indruk te hou** dat hy verbind is tot **gewapende verset téén die verkiesing** en die oorgawe van mag. (vergelyk 25 Maart 1994)

✧ Intussen is genl. Viljoen van plan **om so veel as moontlik Afrikaners aan die verkiesing te laat deelneem…**

✧ ***WANT ALLEEN DÁN SAL DIE VOLK NIE KAN SÊ DAT HULLE DIE VERKIESING EN DIE POLITIEKE BESTEL WAT DAARNA TOT STAND KOM VERWERP NIE!***

✧ Daarby sou die **persoonlike voordeel** om op die **betaalstaat** van die ANC-SAKP-regering te kom vir genl. Viljoen sekerlik ook nie te versmaai wees nie…

*Behind the military ranks in the Afrikaner Volksfront*, p.10,21
*Die IDASA-komplot*, / p.111,113,114,120,199,206

**115. 5 Maart 1994** - Saterdag (vergelyk 9 Maart en 12 Maart 1994)
**Eerste sitting van die *Volksparlement* / *Oorgangs-Volksraad*** van die AVF.
Plek: **NG Kerk se Sinodale Sentrum.**
(Dit verbaas geensins dat die **liberale NG-Kerk** wat Apartheid tot sonde verklaar het nou **hul fasiliteite** aan die **"regses" beskikbaar stel** nie.)

✧ Genl. Viljoen **dring wéér aan** dat die *Afrikaner Volksfront* **aan die April-verkiesing moet deelneem** onder die naam van die ***"Vryheidsfront"*** wat hy die **vorige aand** op eie houtjie gaan registreer het.

✧ Hy word met **73 stemme teen 20 afgewys**.

✧ **Nogeens** berus genl. Viljoen **oënskynlik** (dog na sy gewoonte, bedrieglik) by die besluit van **verreweg die meerderheid!**

- Op grond van dié **duidelike besluit** tot nie-deelname **onderneem** genl. Viljoen teenoor die hele vergadering om **nié** sy party, "*Die Vryheidsfront*", die volgende week (voor Woensdag) **finaal te registreer** deur R70 000 en 'n kandidatelys by die OVK in te dien nie.
- Sodoende sou die registrasie van die "Vryheidsfront" van die vorige aand **verval**.
- **Dr. Hartzenberg** hou die gerieflike **openbare front** voor dat hy **ten sterkste gekant is téén deelname** aan die April-verkiesing, natuurlik kragtens sy "ooreenkoms" met genl. Viljoen. (vergelyk "Voor 18 Februarie 1994")
- 'n Berig in ***Die Afrikaner*** (18-24 Julie, 1997, bl.3) onder die opskrif: ***"Constand het twee weke met R70 000 tjek in sy sak rondgeloop"*** bring **insiggewende feite** in verband met dié vergadering na vore.
- Volgens dié berig het **mnr. Frikkie Potgieter** oor die **Volkstaat-poslys** oor die **internet** die volgende te vertel gehad:
    - *"Die volgende oggend (Saterdag) het genl. Viljoen die Volksfront se bestuur van sowat 80 lede **meegedeel** dat hy **geregistreer het** indien die Volksfront wou gaan stem.*
    - *Hy het hulle ook meegedeel dat hy **alreeds 2 weke** met **'n tjek** in sy sak rondloop **om te betaal vir die registrasie**.*
    - *Die bestuurslede het hom toe onomwonde laat verstaan dat hulle alreeds besluit het om **nie te gaan stem nie**.*
    - ***Fred Rundle** het opgestaan en die volgende vraag gevra:*
        - *'Generaal, u sê dat u al vir twee weke met 'n tjek in u sak rondloop om te stem.*
        - *U het versuim om die **bedrag** te noem, maar ek noem vir almal teenwoordig hier dat die bedrag waarmee u rondgeloop het, **R70 000** (sewentig duisend Rand) is.*
        - *Generaal, sê nou vir ons, **wie is so behep om te gaan stem** dat hulle vir u **R70 000** gegee het?*
    - *Hierdie feite is ook so genotuleer in die vergadering.*
    - *Die generaal het toe **onderneem om nie sy kandidatelys** die volgende Woensdag in te dien nie, wat sodoende sy registrasie **sou laat verval.***
    - *Al hierdie feite is so genotuleer in die vergadering en is dus kontroleerbaar…"*

*Behind the military ranks in the Afrikaner Volksfront*, p.21
*Die Afrikaner*, 18-24 Julie 1997, bl.3
*Die IDASA-komplot*, / p.112,**199**

**116. 9 Maart 1994** - Woensdag (vergelyk 5 en 12 Maart 1994)
**Genl. Viljoen registreer** op eie houtjie sy **"Vryheidsfront" finaal** deur 'n **kandidatelys** by die OVK in te dien en **R70 000 registrasiegeld** te betaal.

- ✧ Dit was **slegs vier dae na sy plegtige onderneming** aan die *Volksparlement / Oorgangs-Volksraad* om presies dít **nié** te doen nie!
- ✧ Dié **onderneming** moes hy gee op grond van 'n meerderheid van **73 teen 20** stemme wat deelname aan die verkiesing **verwerp** het!
- ✧ Wat die ***"Vryheidsfront"-kandidatelys*** betref bevat die latere verbanne ***Patriot*-uitgawe van 18 Maart** die volgende twyfelwekkende inskrywing:
  - ➢ *"**Genl.-maj. Jan Fourie**, wat deur die hendsoppers in hulle regsdokumente* [waarskynlik kandidatelys] *genoem is as een van die leiers van die nuwe Vryheidsfrontparty wat die volk in die verkiesing wil gaan uitverkoop,*
  - ➢ *het die KP-leier* [dr. Ferdi Hartzenberg] *kategories meegedeel dat hy **nie deel van die "generaals" se gemors is nie** en het hy daarna sy bedanking vanuit die Volksfront en uit die Direktoraat van Generaals aangekondig.*
  - ➢ *Genl. Fourie het aan Patriot gesê dat **hy hom nie met verraad teen die volk ophou nie**."*
- ✧ Duidelik het genl. Viljoen hom met **genl.-maj. Jan Fourie** op sy "kandidatelys" misgis.

*Die IDASA-komplot*, / p.199,206

**117. 11 Maart 1994** (Vrydag) (vergelyk 15 Junie en 19 Julie 1993)

***BOPHUTHATSWANA-FIASKO***

- ✧ **Genl. Constand Viljoen** kontak sy regterhand in die *Boerekrisisaksie (BKA)*, die *"bevelvoerder van die militêre aksie"*, **kol. Douw Steyn**, uit die kantoor van **genl. George Meiring** (Hoof van die SA Weermag) met die opdrag:

  ***"to mobilize a force of his Boerekrisisaksie men to move into Mmabatho… They were to go without arms".***
- ✧ Volgens genl. Viljoen sou wapens aan die BKA deur die Bophuthatswana-Weermag daar uitgereik word.
- ✧ Kol. Douw Steyn lei sy manne **ongewapend Bophuthatswana binne**. Die wapens en ammunisie wat aan die BKA uitgereik sou word is **totaal ontoereikend**.
- ✧ **83 BKA-Boere** met R4's ontvang die opdrag om die Bophuthatswana Weermag se **lugmagbasis** te beskerm.
- ✧ Die res van die BKA word heeldag **doelloos rondgelei** en onttrek mettertyd van die operasie.  Sowat 2400 BKA-lede keer huiswaarts.
- ✧ Sowat **700 AWB's** van mnr. Eugene Terre Blanche was nie onder bevel van genl. Viljoen nie en sou op eie houtjie poog om die **ANC en PAC se militêre vleuels** wat ingestuur is om die **Mangope-regering omver te werp**, teë te hou, maar sonder veel sukses. Ook die meeste AWB-manne onttrek **teen die middag** aan die operasie.
- ✧ Die oorblywende **83 BKA-manne by die lugmagbasis** moes toe ook onttrek, maar wel op 'n tydstip wat dit vanweë ***Umkontho We Sizwe- en APLA-*** teenwoordigheid nie veilig was nie.

- ✧ Teen **4nm** beraadslaag **kol. Douw Steyn** en nog ‘n aantal BKA-manne met **beamptes van die SAP** om die **uittog** vanaf die lugmagbasis te beplan.
- ✧ Nagenoeg ‘n kilometer uit die basis **verdwyn die Polisie Casspirs** (met Kol. Douw Steyn waarskynlik) in die niet.
- ✧ Die 83 Boere moes vir hulleself ‘n pad uit skiet. Hulle loop hulle vas in nie minder nie as **vier hinderlae**. Ál vier word, alleen **deur die genade van God die Allerhoogste**, volkome afgeweer. Een van die BKA-manskappe sneuwel en ses word gewond…
- ✧ ***Wie het die SAP opdrag gegee om hulle aan die konvooi van die 83 BKA-manne te onttrek en hulle so aan die allergrootste gevaar bloot te stel…?***
- ✧ **Mnr. Piet Nell** van Jeffreysbaai skryf in sy brief aan *Die Afrikaner*:
  - ➢ *“Daar het ek gesien hoe ‘n Boer kalm kan bly en raak kan skiet…*
  - ➢ ***Ons weet vandag dat dit die bedoeling was om die Boere ‘n les te leer en soveel as moontlik van hulle te laat doodskiet.”***
- ✧ Selfs nog **meer ontnugterend** is die getuienis van **mnr. Danie Ehlers**, seun van mnr. Gert Ehlers (latere President van die TLU), dat
  - ➢ ***“op daardie dag ook deur die SAW op die Boere van die BKA geskiet is!”***
- ✧ Op een of ander tydstip van die dag is 3 Boere (2 van die AWB en een van die BKA) in ‘n **blou Mercedes by ‘n vulstasie** deur ‘n **skerpskutter** gewond…
- ✧ ‘n Boer vertel later dat, toe hy Mmabatho in ‘n teenoorgestelde rigting verlaat, hy dié eienaardigheid bemerk het dat ‘n **SAUK-TV-span** haastig Bophuthatswana in oppad was…
- ✧ Dieselfde aand ná die ***Bophuthatswana-fiasko*** word oor die **SAUK-nuus** oor die wêreld heen uitgesaai hoe die drie gewonde Boere deur ‘n Swart Bophuthatswana-polisieman **koelbloedig voor die TV-kameras doodgeskiet** word.
- ✧ Ten einde hierdie **gru-toneel** deur middel van TV beeldmateriaal nog dieselfde dag landwyd te kon uitsaai, het verseker **diepgaande gedetailleerde beplanning** geverg… *Deur wie? Die skerpskutter… die TV-span… die polisieman…?*
- ✧ Die **linkse media** pak die skuld vir die **“val van Bophuthatswana”** valslik vierkantig op die **betrokkenheid van die AWB**. (dit wil sê diégene wat nié onder “bevel” van Constand Viljoen gestaan het nie)
- ✧ Genl. Constand Viljoen het **heeldag saam met genl. George Meiring van die NP-regering** in sy weermag-kantoor gesit om die debakel, wat hulle vooraf beplan het, gade te slaan.
- ✧ Die onwillige Lukas Mangope en sy Bophuthatswana is nou **deel van die nuwe politieke bestel**.
- ✧ Maar selfs belangriker: Die Boere van die **AWB** en **BKA** was verplig om ‘n **haastige en vernederende aftog te blaas** en die **ANC-SAKP** in beheer van Bophuthatswana te laat.

- ✧ ***Dit is die allergrootste wonder dat daar nie tientalle Afrikaners doodgeskiet is in dié komplot nie.***
- ✧ Die Bophuthatswana-fiasko het die **BKA as potensiële geweldsfaktor** grootliks **gedemoraliseer** en verlam. Onderlinge **wantroue** en **verwardheid** oor die gebeure het posgevat.
- ✧ Die **beeldmateriaal** van die **koelbloedige doodskiet** van die **drie Boere** langs hul Mercedes was die **boodskap** van die vooraf-beplande Bophuthatswana-operasie aan elkeen wat durf dink aan **gewapende verset teen die weggee van die Vaderland**.
- ✧ ***Die Bophuthatswana-operasie is haarfyn beplan en deurgevoer uit 'n donker hool van haat teen die Afrikanervolk van Suid-Afrika!***
- ✧ In ***Die Afrikaner*** (25 April - 1 Mei 1997) vind ons die verdoemende getuienis van 'n **geheime NI-dokument** wat in die HNP se besit gekom het, waarin **genl. Viljoen reeds op 19 Julie 1993** aan die Staatspresident beloof:
  - ➢ ***"moontlike opstand sal gepaard gaan met vernederende resultaat"****.*
- ✧ **Mnr. Marais** verklaar in sy **beëdigde verklaring** voor die hof oor dié NI-dokument oor die Bophuthatswana gebeure: (*Die Afrikaner*, 20-26 Junie, 1997, bl.5)
  - ➢ *"Dit is verder 'n algemeen bekende feit dat Viljoen* ***direk opdrag gegee*** *het dat* ***geen gewere saamgebring*** *moet word, en dat onder sy leiding toegesien sal word tot die beskikbaarstelling van wapens aan die boere in Bophuthatswana.*
  - ➢ *Dit het egter nie gebeur en het talle mense hulle in 'n oorlogsituasie bevind sonder wapens, wat met eerbied, die* ***mees vernederende resultaat tot gevolg kon hê wat ooit in die wêreldgeskiedenis uitgekristaliseer het****.*
  - ➢ *Dit is immers 'n* ***unieke geleentheid*** *waar 'n leier mense* ***ontbied na 'n oorlog****, hulle die versekering gee dat hy sal* ***reël vir wapens*** *en hulle voortspruitend daaruit hulle eie wapens by die huis los, en hulle dan* ***in die steek laat wanneer hulle by die slagveld*** *aankom."*
- ✧ In ***Die Afrikaner*** (31 Mei-6 Junie 1996, bl.11) word die gebeure soos volg geskets:
  - ➢ *"Die vyfde verraad* [van Constand Viljoen] *was die grootste. Dit was die Mmbatho-debakel - die Kommunistiese inval om Mangope se regering tot 'n val te bring en sodoende te verhoed dat Bophuthatswana buite die verkiesing sou bly.*
  - ➢ *Dié operasie was* ***kennelik uitgedink en aangelê*** *deur die topleiding van die ANC/SAKP en* ***Pik Botha, Meiring, Rowan Cronjé*** *en ander verraaiers in die Mangope-regering, met die volle deelname van* ***Constand Viljoen, Tienie Groenewald*** *(en bes moontlik* [inderdaad] *ook* ***Ferdi Hartzenberg****).*
  - ➢ *Dit moes die* ***BKA in 'n militêre aksie betrek*** *wat* ***sigbaar tot vernederende mislukking*** *gedoem was, sodat die BKA daardeur as 'n* ***potensiële geweldsfaktor*** *platgeslaan sou wees…*

- *So is die **kommuniste** in staat gestel om hul **oogmerke in Bophuthatswana** te bereik.*
- *Terselfdertyd is aan die voorwaardes voldoen vir die **finale uitskakeling van Afrikanergeweld** teen die De Klerk-verraad deur organisasies soos die **BKA en AWB.**"*

✧ In die boek *Tomorrow is another country* verskaf **Allister Sparks** binne-inligting van die oorgangsperiode sedert 1990, waaronder **in verband met Bophuthatswana**, op p. 209 die volgende inskrywing gevind word:

- *"At this point **Mangope appealed to the Volksfront for help**. Constand Viljoen flew to Mmabatho to see him; he says that Mangope sought the Volksfront's assistance because **he did not trust the South African Defence Force**.*
- *Viljoen then called on **Gen George Meiring, chief of the South African army** and an officer who served under him for most of his career, to tell him of the coming Volksfront operation and **make sure there would be no clash with the SADF.***
- *That done, Viljoen **telephoned Douw Steyn from Meiring's office** and asked him to mobilize **a force of his Boere-krisis-Aksie men** move into Mmabatho that night and establish itself at the town's airport.*
- *They were to go **without arms**."* (*Die Afrikaner*, 20-26 Junie, 1997, bl.,9)

✧ Dit verbaas mens dat Mangope die SA Weermag "**gewantrou"** het en hom daarom **tot Viljoen** sou gewend het, maar dat Viljoen dan juis van **die telefoniese geriewe in die kantoor van die hoof van die Weermag** gebruik maak, om boere vir 'n **militêre aksie sonder wapens**, in Bophuthatswana op te vorder.

✧ Daar kan nie daaraan getwyfel word dat hiér iets **uiters sinister** in die mou gevoer is nie… soveel te meer as die getuienis van **mnr. Danie Ehlers**, waarna hierbo verwys is, in gedagte gehou word:

- ***"op daardie dag (is) ook deur die SAW op die Boere van die BKA geskiet!"***

*Behind the military ranks in the Afrikaner Volksfront*, p.12,13
*Die IDASA-komplot*, p.110,111,112,120 / p.86,87,88,94,101,**102**,105,168,198,199
*Die Afrikaner*, 31 Mei-6 Junie 1996, bl.11
*Die Afrikaner*, 25 April-1 Mei 1997, bl.1
*Die Afrikaner*, 20-26 Junie 1997, bl.5,9

**118. 12 Maart 1994** (vergelyk 5 en 9 Maart 1994 en 6 April 2001)

**Op hierdie dag "ontspan" genl. Viljoen na sy "kuier" die vorige dag in die kantoor van genl. George Meiring, Hoof van die SA Weermag.**

✧ **Genl. Viljoen** het **laat blyk**…, só is dit deur die **media** bekend gemaak…, só word dit as 'n **historiese "feit"** voorgehou… en só stel ook mnr. Marais dit in sy brief van dr. Hartzenberg op 3 Februarie 1997 (p.111 / p.87)

- ✧ dat hy skynbaar **eers op die oggend van 12 Maart**, dit wil sê, **die dag ná die *Bophuthatswana-fiasko***, sy politieke kitsparty, die *Vryheidsfront*, **finaal** by die OVK in Kempton Park **gaan registreer** het.
- ✧ Soos later blyk uit sy **"bekentenis"** (vergelyk 25 Maart 2001) **poog hy** om die hele wêreld te laat glo dat hy **eers tóé**, sogenaamd toe hy "*die Mulder-broers gekontak"* het, **besluit het om tot die verkiesing toe te tree.**
- ✧ Presies dít is deurgaans **van verhoë af verkondig**:
  - ➢ In 'n toespraak in Bloemfontein verklaar **dr. Cornè Mulder** byvoorbeeld:
    - ❖ ***"Mense wat so maklik van oorlog praat, moet bedink wat het in Bophuthatswana gebeur.***
    - ❖ ***Daar het genl. Viljoen gesien oorlog sal nie werk nie, en het hy besluit om aan die verkiesing deel te neem."***

  (*Die Afrikaner*, 31 Mei-6 Junie, 1996, bl.12)
- ✧ Dit wil sê: Ten einde homself en sy *Vryheidsfront* in staat te stel om **bogenoemde leuen** te kon verkondig, moes genl. Viljoen eers die **valse indruk skep** dat die ***"Bophuthatswana-neerlaag"*** aan hom **geen ander keuse gelaat het** as om te gaan **registreer vir die verkiesing** nie.
- ✧ Só gebruik hy die **valse** en **gerieflike verskoning** van die *"mislukte Bophuthatswana-inval"* as **regverdiging** vir die **verbreking van sy belofte** aan die ***Volksparlement*** of ***Oorgangs-Volksraad*** die vorige Saterdag, toe hy **plegtig onderneem** het om **nié aan die verkiesing deel te neem nie!**
- ✧ Inderdaad het genl. Viljoen, volgens getuienis (vergelyk *Die Afrikaner*, 18-24 Julie, 1997, bl.3), **reeds op Woensdag 9 Maart**, dus **twee dae vóór** Bophuthatswana, sy **kandidatelys** by die OVK in Kempton Park ingedien, om so **finaal** vir die April-oorgawe-verkiesing **te geregistreer.**
- ✧ Op **Saterdag 12 Maart** het dus in werklikheid, anders as wat genl. Viljoen beweer, **niks gebeur nie**.
- ✧ In die lig van genl. Viljoen se **laakbare misleidende optrede** veral in die Bophuthatswana-operasie, moet **óók sy *"getuienis"*** waarvolgens hy *"eers die dag ná die 'Bophuthatswana-neerlaag' finaal gaan registreer het"*, **beoordeel** word.
- ✧ Ongetwyfeld pleeg genl. Viljoen juis hiérdeur die **allergrootste misleiding**, wat veelseggend genoeg deur die **linkse media** ten volle ondersteun en **verder verkondig** is,
- ✧ naamlik dat die *'mislukte Bophuthatswana-inval'* genl. Viljoen sou **genoop het tot deelname aan die verkiesing** en hy daarom **éérs die oggend van 12 Maart** sou besluit het om sy kitsparty, die *Vryheidsfront*, finaal te gaan registreer.
- ✧ Wat **volkome waar** is, is die volgende:
  - ➢ ***Genl. Viljoen het vooraf geweet wat in Bophuthatswana gaan gebeur…***
  - ➢ ***Hy was deel van die beplanning.*** (vergelyk 19 Julie 1993 en 3 Junie 1994)

- ***Dáárom kon hy bes moontlik reeds die Woensdag (of selfs vroeër) sy party by die OVK gaan registreer het,***
- ***om dan misleidend voor te gee en te verkondig dat hy dit éérs die Saterdag ná Bophuthatswana gedoen het, omdat hy toe sogenaamd "nie 'n ander keuse" gehad het nie.*** Dit is skreiend en skandelik!

✧ 'n Berig in *Die Afrikaner* (18-24 Julie, 1997, bl.3) onder die opskrif: ***"Constand het twee weke met R70 000 tjek in sy sak rondgeloop"*** bevestig al die beweringe wat tot hiertoe gemaak is.

✧ Volgens dié berig het **mnr. Frikkie Potgieter** oor die **Volkstaat-poslys** oor die **internet** die volgende te vertel gehad:

- *"Ek het die **debat** wat die berigte in Die Afrikaner as leuens uitmaak, met groot belangstelling gevolg.*
- *Ek is nie 'n lid, of ondersteuner van die HNP nie, maar miskien sal die **volgende feite** help om te sien wie die waarheid praat:*
- ***Net voor 20:00** spertyd om te registreer vir die 1994-verkiesings, het genl. Constand Viljoen **opgedaag** om vir die April verkiesings **te registreer**.*
- *In **terme van die regulasies** het hy ook sy party se **logo** ingedien.*
- ***Almal** moes ook **5 dae later** op die **Woensdag** hulle **kandidatelys** indien.*
- *Die **volgende oggend** (Saterdag)* [5 Maart] *het genl. Viljoen die **Volksfront se bestuur** van sowat 80* [93] *lede meegedeel dat hy **geregistreer het** indien die Volksfront wou gaan stem.*
- *Hy het hulle ook meegedeel dat hy **alreeds 2 weke** met **'n tjek** in sy sak rondloop om te betaal vir die registrasie.*
- *Die bestuurslede het hom toe onomwonde laat verstaan dat hulle **alreeds besluit het om nie te gaan stem nie**.*
- ***Fred Rundle** het opgestaan en die volgende vraag gevra:*
  - *'Generaal, u sê dat u al vir twee weke met 'n tjek in u sak rondloop om te stem.*
  - *U het versuim om die bedrag te noem, maar ek noem vir almal teenwoordig hier dat die bedrag waarmee u rondgeloop het,**R70 000** (sewentig duisend Rand) is.*
  - *Generaal, sê nou vir ons, **wie is so behep om te gaan stem** dat hulle vir u **R70 000** gegee het?*
- *Hierdie feite is ook so **genotuleer** in die vergadering.*
- *Die generaal het toe **onderneem** om **nie sy kandidatelys die volgende Woensdag in te dien nie, wat sodoende sy registrasie sou laat verval.***
- ***Al hierdie feite is so genotuleer** in die vergadering en is dus kontroleerbaar.*
- *Dae na genl. Viljoen amptelik toe wel sy **deelname aan die verkiesing bevestig het daardie Woensdag**, was hy in Bop om vir **Mangope**, wat nie wou gaan stem nie, **kastig te gaan help.***

- *Maar hy self het dan al **klaar geregistreer** om wel te gaan stem.*
- *Hoe kan 'n man wat **wil gaan stem**, 'n ander man wat **nie wil gaan stem nie**, te hulp snel?*
- *Hy moes dus 'n **ander agenda** gehad het in Bop as **dié wat hy voorgegee** het.*
- *Om sy geloofwaardigheid verder aan te tas, het die kort generaal **aan die wêreld oor die media later verkondig** dat hy **eers besluit het** om te gaan stem terwyl hy in die vliegtuig gesit het met sy **terugkeer uit Bop!***
- *Hy sê dit **nadat hy al klaar** amptelik vir die verkiesing geregistreer het…"*

*Behind the military ranks in the Afrikaner Volksfront*, p.20,21

*Die Afrikaner*, 18-24 Julie 1997, bl.3

*Die IDASA-komplot*, p.111 / p.87,199

**119. 15 Maart 1994** (vergelyk Maart 1997)

Die Publikasie ***Behind the military ranks in the Afrikaner Volksfront*** verskyn uit die pen van **mnr. Jaap Marais**, leier van die *Herstigte Nasionale Party (HNP).*

- In dié **Engelse publikasie** (van 25 bladsye) beskryf mnr. Marais kortliks die **politieke gebeure sedert die stigting van die AVF** onder leiding van veral **genls. Groenewald** en **Viljoen**.
- ***Sodoende is die politieke verraad wat besig was om in Suid-Afrika af te speel op 'n vroeë stadium reeds rugbaar gemaak!***
- Die publikasie is later ook **in Afrikaans vertaal** en wyd versprei.

*Behind the military ranks in the Afrikaner Volksfront*, JA Marais, 15 Maart 1994

**120. Kort voor 18 Maart 1994** (vergelyk 18 Maart 1994)

**Volksvergadering** van **800 Boere-leiers** buite *Brits*

- ***Genl. Tienie Groenewald*** [2 maande later ingesweer as Vryheidsfront-parlementslid] ***onderneem plegtig om nié aan die gewraakte verkiesing deel te neem nie*.**
- **800 Boere-leiers aanvaar eenparig 'n mosie** waarin aan die ***"generaals"*** kennis gegee is dat **onverwyld vir vryheid geskiet sal word** as die leiers sou waag om hulle in 'n verkiesing in te verneuk.
- Volgens beplanning sou **genl. Viljoen dié vergadering toegespreek** het, maar is (skynbaar) in Kaapstad vertraag deur 'n *Vryheidsalliansie*-byeenkoms.
- Die verbanne *Patriot* van **18 Maart 1994** berig:
  - *"Sou hy teenwoordig gewees het sou hy die **vasbeslotenheid van die Boere-leiers** eerstehands ervaar het."*
  - *"As die generaals **môre weer** daardie selfde vergadering sou bywoon en sou bieg, dat vir **watter strategiese rede ook al**, hulle tog **agter die volk se rug** en **teen sy Verteenwoordigende Volksraad** se **eenparige besluit*** [kort voor 18 Februarie] *in, **eensydig gaan registreer** het vir daardie gewraakte verkiesing, is dit **hoogs te betwyfel of hulle ongeskonde daar sou uitkom**."*

*Patriot*, 18 Maart 1994 (verbanne uitgawe)
*Die IDASA-komplot*, / p.205

**121. 18 Maart 1994**

***Patriot*** (onder redaksie van **mnr. Jaap Theron**, wat besef het dat **grootskaalse verraad** gepleeg is) se **hoofberig** lui:

- **"VOLK VERWERP GENERAALS!"**
  - *"Die Afrikaner-Boerevolk het nou net mooi genoeg gehad van **politieke verraad** deur mense met wit velle en nadat **genl. Constand Viljoen lynreg teenoor talle beloftes deur hom van nie-deelname** aan die gewraakte verkiesing van 27 April, wat die volk **slawe sal maak** in 'n Kommunistiese **Satansryk**, nogtans voorwaardelik* [sedert 9 Maart. finaal] ***op eie houtjie** vir die verkiesing gaan registreer het, eis 'n **woedende Afrikaner-Boerevolk** die onmiddellike daarstelling van 'n **onafhanklike Volksrepubliek**.* [*Die ganse Blank-Suid-Afrika was op daardie stadium, en is de jure nog vandag, die Blanke volk van Suid-Afrika se onafhanklike Volksrepubliek!*]
  - ***Duisende telefoonoproepe, fakse en briewe** het die **KP se hoofkantoor** en KP-kantore dwarsoor Suid-Afrika bereik waarin **die kop van genl. Viljoen** en van die ander **"generaals"** en hulle **hendsopper meelopers** onvoorwaardelik **geëis** word.*
  - *'n **Beduiwelde** Afrikaner-Boerevolk, wat met **alle Christelike opregtheid** opgesien het en inderdaad **alle strategie oorgelaat** het aan die **"generaals"**, verklaar nou in hulle **tienduisende** hulle **gereedheid** om **sonder die "generaals" met bloed hulle vryheid los te veg**…* [*Hierdie sin was onder andere die rede waarom dr. Hartzenberg móés ingryp met die drastiese stap om die hele oplaag van hierdie Patriot-uitgawe te herroep en van die strate te laat verwyder, omdat hý deel was van die IDASA-komplot.*]
  - *Nadat genl. Viljoen **voor die volk gesweer** het dat **geen mag in Afrika sterk genoeg is** om die Afrikaner-Boerevolk van 'n **Volksrepubliek** voor die gewraakte verkiesing **te weerhou** nie,* [*Die ganse Blank-Suid-Afrika was op daardie stadium, en is de jure nog vandag, die Blanke volk van Suid-Afrika se onafhanklike Volksrepubliek!*] *en nadat hy 'n **behoorlike loesing** op die lyf geloop het op die **Volksvergadering van 29 Januarie** waar **35000 volksgenote** hom **doodgeskree** het toe hy en **sy handjievol meelopers** ook eensydig 'n **mosie** probeer inglip het **om in beginsel aan die gewraakte verkiesing deel te neem**, sou mens verwag dat hy **'n les** geleer het.*
  - *Sedert daardie middernagtelike **eensydige registrasie**, op die nag van 5 Maart* [*4 Maart*]*, het 'n tydelike **verslaentheid oor die Afrikaner-Boerevolk toegesak**. 'Meneer, sê asseblief vir my dat die pers en die TV lieg, want ek kan nie glo wat genl. Viljoen en andere aan ons doen nie' lui een van die **duisende telefoonoproepe** na die KP se Hoofkantoor toe. Ander oproepers*

*en groepe vra dat die Volksverteenwoordigende Raad 'n* ***krygsraad saamstel om die saak te besleg****…* [*Maar die "President" is Ferdi Hartzenberg. Hy sien toe dat niks van dié aard gebeur nie.*]

- ***Genl.-maj. Jan Fourie****, wat deur die hendsoppers in hulle* ***regsdokumente*** [*waarskynlik kandidatelys*] *genoem is as* ***een van die leiers van die nuwe Vryheidsfrontparty*** *wat die* ***volk in die verkiesing wil gaan uitverkoop****, het die KP-leier* [*dr. Ferdi Hartzenberg*] *kategories meegedeel dat hy* ***nie deel van die "generaals" se gemors is nie*** *en het hy daarna* ***sy bedanking*** *vanuit die* ***Volksfront*** *en uit die* ***Direktoraat van Generaals*** *aangekondig. Genl. Fourie het aan Patriot gesê dat hy hom* ***nie met verraad teen die volk ophou nie****.*
- *Dwarsoor die land het* ***omgewingsbeskermingsgroepe****, wat deur genl. Fourie tot stand gebring is en* ***Boerekommando's*** *en ander* ***Boereveiligheidsgroepe*** *kennis gegee dat hulle hul* ***nie meer onder die gesag van die "generaals" beskou nie*** *en dat hulle* ***op eie stoom*** *met hulle* ***vryheidsbeplanning voortgaan****.* [*Ook hierdie sin was die rede waarom dr. Hartzenberg móés ingryp met die drastiese stap om die hele oplaag van hierdie Patriot-uitgawe te herroep en van die strate te laat verwyder, omdat hý deel was van die IDASA-komplot.*]
- *Hulle het hul* ***onvoorwaardelike steun*** *aan* ***Pres. Hartzenberg*** *toegesê omdat hy* ***van meet af onwrikbaar hou by sy onderneming*** *aan die volk om* ***nie aan die gewraakte verkiesing deel te neem nie.*** [*Só oortuigend was die indruk wat die volk van hul "president Hartzenberg" gehad het… Min het hulle geweet dat juis hý die grootste bedrieër is! Die relatief onlangse berig in die Sondag-koerant Rapport (6 Februarie) het vele waarskynlik nie gelees nie… Dit het gelui: "Dr. Hartzenberg (het) mnr. Eugene Terre-Blanche probeer oorreed tot deelname aan die verkiesing op grond van 'n ANC-SAKP belofte van 'n volkstaatraad." Ander sou met sekerheid reken: "Rapport lieg", want hul "President" het dan nog 'n maand gelede op 18 Februarie in Patriot verklaar dat: "****deelname daaraan die Afrikanervolk se vryheid sou vernietig"…*** *Ons wat vandag terugkyk op dié geskiedenis kan ons skaars indink dat Hartzenberg, soos ook Bruwer, Gous, en andere daarin geslaag het om bykans* ***die hele volk te bedrieg****.*]
- ***President Hartzenberg*** *het aan* ***Patriot*** *gesê dat alles moontlik in die stryd gewerp word om* ***die eerste fase van die verwesenliking van 'n Afrikaner-Boere Volksrepubliek voor 27 April*** *in die praktyk te stel."*
  [*Nogeens: Die ganse Blank-Suid-Afrika was op daardie stadium, en is de jure nog vandag, die Blanke volk van Suid-Afrika se onafhanklike Volksrepubliek!*]

- Op die voorblad verskyn 'n foto van genl. Viljoen waarop die NP-kenteken op sy voorkop aangebring is, met die veelseggende onderskrif: "Constand (Iskariot) Viljoen".

- ✧ **Maar nee…**
  - ➢ ***"President" Ferdi Hartzenberg*** *gryp in deur* ***'n verbod*** *te plaas op die* ***verspreiding*** *van dié uitgawe van* ***Patriot*** *van* ***18 Maart*** *en laat die hele oplaag* ***van die straat af terug roep*** *en gee opdrag om dit te* ***vernietig!***
  - ➢ *'n Totaal* ***ánder 18 Maart-uitgawe*** *moet onverwyld* ***laat druk*** *en* ***uitgegee*** *word…*
- ✧ **Die IDASA-plan** kan **nie bekostig** dat die Afrikanervolk hulle **nóú** van die "generaals" **los maak en op hul eie die vryheidstryd** van die Afrikanervolk aanknoop nie.
- ✧ Dr. Hartzenberg laat die **ganse oplaag vernietig** om te verhoed dat **hierdie stemme wat oprys momentum** kry.
- ✧ So is immers deur **alle koerante** en **TV-uitsendings** gedoen… **Elke stem** wat opgaan en **uitroep:** ***"Verraad!"*** moes **gesmoor** word.
- ✧ ***"President" Hartzenberg*** *kon sy* ***deelname*** *aan die* ***IDASA-komplot*** *nie beter tentoonstel as deur* ***die vernietiging*** *van die* ***18 Maart Patriot-uitgawe*** *nie!*

*Patriot*, 18 Maart 1994 (verbanne uitgawe)

*Die IDASA-komplot*, p.114 / p.90,94,112,113,203,**204-206**

**122. 25 Maart 1994**

**Saamtrek** van **Boerekrisisaksie (BKA)** op ***Kerkplein*** **Pretoria**

- ✧ **Genl. Viljoen**, as die BKA se **militêre leier**, neem saam met **dr. Ferdi Hartzenberg** as **burgerlike leier** van die BKA die **ere-saluut** van 'n **BKA-opmars na Kerkplein,** Pretoria.
- ✧ Só goed is sy aandeel in die *Bophuthatswana-fiasko* **verdoesel** dat Viljoen en Hartzenberg **steeds die vertroue** van die BKA tot 'n groot mate geniet.
- ✧ **Dít** nadat genl. Viljoen op 29 Januarie deur die volk **as verraaier uitgeskel** is én drie weke nadat hy die ***Vryheidsfront*** **gaan stig** en intussen finaal gaan registreer het om aan die einste gewraakte verkiesing van 27 April, wat die BKA met geweld moet omverwerp, te gaan deelneem?
- ✧ Daar kan **net één verklaring** voor wees:
  ***Hulle wat nié deel van die verraad en sameswering was nie het klaarblyklik geglo dat genl. Viljoen se "onderhandelinge" met die ANC-SAKP en "verkiesingspraatjies" alleen 'n set was om die vyand te fnuik en gerus te stel, sodat sy militêre optrede op die aangewese tyd onverwags en daadkragtig uitgevoer kon word.***
- ✧ Hiérvoor was die BKA tot die **tande toe gewapen en gereed** en het **geduldig op die "bevel"** van die Generaal, soos **beloof en ooreengekom** op **15 Januarie te *Winburg*,** gewag…
- ✧ ***"Operasie Jakkals"***, naamlik *"om te verhoed dat die verkiesing van 27 April plaasvind"*, sou immers vanaf **18 April** in werking gestel word…

- ✧ Ook die **AWB** is, soos blyk uit hul blad ***Sweepslag***, deur **dr. Ferdie Hartzenberg** onder die indruk gehou dat daar **tot geweld oorgegaan** sou word. (p.10 / p.9)
- ✧ Helaas was genl. Viljoen en dr. Hartzenberg hul vertroue **onwaardig!**
- ✧ ***Hul ere-houding agter op die bakkie, terwyl hulle die BKA-saluut neem ter wille van die skyn van gewapende verset, was om dit sagkens te stel:***
  ***Vol bedrog, verraderlik en geveins!***
- ✧ Maar onder beskerming van die **onderdrukking van die ware feite**, ook deur die liberale media, moes die **volk steeds om die bos gelei word** om hulle **ten volle te vertrou** vir die behoud van ons land.

*Die IDASA-komplot*, p.10,112,120 / p.9,88,89,94,104

**123. 18 April 1994** (vergelyk 15 Januarie, 3 Junie 1994 en 7,14 Februarie 1997)

Die beplanning van ***"Operasie Jakkals"***, waarvolgens **vanaf 18 April** verskeie **drastiese aksies** geloods sou word ***"om te verhoed dat die April-verkiesing plaasvind"***, was in werklikheid **net vir die skyn**.

- ✧ Selfs tot hiertoe is die indruk gewek dat daadwerklike **optrede nou uiteindelik sou volg**.
- ✧ Die **aksies wat "beplan"** was sou insluit: *"skietaanvalle op buitelandse waarnemers, vernietiging van elektriese transformators en stemlokale, plant van bomme en strooi van spykers op paaie"*.
- ✧ Niks hiervan is deurgevoer nie, behalwe deur sommige wie uiteindelik deur genls. Viljoen en Groenewald **verraai sou word**… (vergelyk 3 Junie 1994)
- ✧ Die ganse **bevelstruktuur** van die **Boerekrisisaksie** was met **verraaiers besmet** - niemand het geweet wie om te vertrou nie.
- ✧ **Kol. Douw Steyn** (volgens Allister Sparks se boek *Tomorrow is another country*), die *"bevelvoerder van die BKA se militêre aksie"* was in Bophuthatswana **toe die gevaar opduik nêrens**…
- ✧ Die ***Verdedigings-*** of ***Veiligheidskomitee*** van die BKA was **Dries Bruwer, kol. Piet Uys** en **mnr. Herman Vercuiel**… Laasgenoemde was by ***Winburg*** **15 Januarie** saam met **Constand Viljoen en Ferdi Hartzenberg** op die verhoog **toe die Boere bedrieg is**…
- ✧ Ander **sleutelfigure in die BKA** se organisasiestruktuur wat Transvaal deurkruis en **vergaderings toegespreek** het om planne te propageer was **Leonard Venter**, **Elardus de Beer** en **Fanie Erasmus**…
- ✧ ***Waarom sou hulle niks doen om die Boere te laat verstaan dat alles net 'n slenter was nie?***
- ✧ Die deurslaggewende was dus: Waar **onderlinge vertroue** in só situasie **ontbreek** is dit **beter** om niks te probeer nie.
- ✧ Om enigiets op **eie houtjie te waag** kon vir enige BKA-lid **noodlottig** wees, soos die volgende berig in ***Africa Confidential*** *van* 3 Junie 1994, 'n mondstuk van die **Britse Intelligensiediens (Mi6)**, onteenseglik aantoon:

- *"Significantly, the Freedom Front's Gen. Constand Viljoen and General Tienie Groenewald, a former intelligence chief* ***have become allies of the new government*** *and are feeding intelligence on the far right to the 'reconstructed' DMI* [Departement Militêre Inligting].
- *Africa Confidential has learned it was Gen. Viljoen who passed key intelligence to DMI* ***which led to the arrest of the first two of 33 far right-wingers, including key officials of the Afrikaner Weerstandsbeweging*** *(AWB), in connection with a series of bomb blasts before the election."*

✧ ***Bogenoemde aanhaling toon onteenseglik aan wie se kant die "regse" generaals, Viljoen en Groenewald, werklik was!***

[*Die volledige berig in* ***Africa Confidential*** (**Bylaag 13**) *is, merkwaardig genoeg, afgedruk op die agterkant van die* ***VEKOM Dagbestuurs-notule*** *van 5 Augustus 1994. Daaruit is slegs af te lei dat* ***VEKOM*** *se* ***top-bestuur*** *'n* ***belang*** *gehad het* ***in die verraad teen die BKA****.*]

*Die IDASA-komplot*, p.113 / p.89,103,104

**124. 23 April 1994** (vergelyk 21 Desember 1993)

**Ondertekening** van die ***Afrikaner Akkoord*** (**Bylaag 11**) tussen die **ANC-SAKP** en die **Vryheidsfront** van genl. Viljoen, asook die **NP-regering**. (Met Abraham Viljoen en Jurgen Kögl van **IDASA** as getuies!)

✧ Dit sluit ook die volle ***"MEMORANDUM OF AGREEMENT BETWEEN THE ANC AND THE AFV"*** (Appendix Hoofstuk 3) in, wat op 21 Desember 1993 tussen die ANC-SAKP en die Afrikaner Volksfront gefinaliseer, maar nie onderteken is nie.

✧ Vandag is dié hele **verraadsdokument** bekend as die ***Afrikaner Akkoord*****.**

✧ Dit was die **neerslag van die geheime gekonkel** deur "regse Afrikanerleiers" met die ANC-SAKP, veral sedert Augustus 1993.

✧ Dié **AFV-doelstelling** van "strewe na", "veg vir", en later "beding vir" 'n sogenaamde **"Volkstaat"**, soos dit in die *Afrikaner Akkoord* ter sprake gebring word, was egter bloot 'n **fopspeen** waaraan die regse Afrikaner moes suig.

✧ Die **inhoud** van die "Akkoord" verraai dat die **beloftes** van 'n kamtige **"volkstaat"** en **"selfbeskikking"**, wat ná die oorgawe-verkiesing vir die Afrikanervolk sou kón realiseer deur middel van 'n **"Afrikaner kamer"** of **"Volkstaatraad"**, óók net **vir die skyn** was.

✧ Soos duidelik blyk uit die "Akkoord" was daar by dié verraaier-leiers **nooit enige politieke wil of erns** om die hersenskim van 'n "volkstaat" te laat realiseer nie. Dit was bedrog!

✧ ***Waar dit vandag weer deur sogenaamde volksleiers – nogal mense met sterk politieke verbintenis aan die 1994-era verraaiers – aan ons volk opgedis word, moet dit met die grootste agterdog bejeën word.***

- ✧ Wanneer dié aksies boonop **aan die hand van** die verraderlike *Afrikaner Akkoord* van 1994 geloods word, word die **bedenklikheid** daarvan soveel te meer **glashelder**.
- ✧ Die Afrikanervolk durf hom nie **'n tweede maal** deur **dieselfde verraad** en boonop **deur middel van dieselfde resep** laat verraai nie!
- ✧ Verskeie pogings om **geloofwaardigheid** aan dié verraadsdokument te probeer toeken bemerk ons onder andere in 2009 toe niemand anders as **genl. Tienie Groenewald** in 'n onderhoud wat met hom gevoer is verklaar dat daar kastig *"oorlog sou gewees het"* as dié "Akkoord" **nie onderteken** was nie.

*Die IDASA-komplot*, / p.200,201

**125. 27 April 1994**

**GEWRAAKTE OORGAWE-VERKIESING**

- ✧ Diegene wat die bekendmaking van **verkiesingsuitslae noukeurig dopgehou** het sou merk dat die stemme wat Nasionaal vir die **Vryheidsfront** van genl. Viljoen uitgebring is **deurgaans in die omgewing van 1%** van die getelde stemme gesluimer het.
- ✧ **Heel aan die einde**, toe slegs die afgeleë stemlokale se tellings nog uitstaande was en dit duidelik was dat die ANC 'n gerieflike (klaarblyklik 'n twee-derde) meerderheid sou behaal, was **die stelsel skielik vir min of meer 2 ure van die lug af**… Toe dit weer op die lug is het die persentasie **stemme vir die Vryheidsfront skielik opgeskiet na 2.1%**, d.w.s. meer as verdubbel!
- ✧ Dit is volkome duidelik wat gebeur het: **Die sogenaamde *"verkiesingsuitslag"* was in werklikheid 'n *"onderhandelde skikkingsuitslag"* tussen die vernaamste partye.**
- ✧ Waarskynlik is 'n beduidende **persentasie ANC-stemme** veral na die **NP** en **IFP oorgedra**, om die **indruk te skep** van 'n *"gesonde demokrasie"* wat uit 'n *"sterk opposisie"* bestaan.
- ✧ Vir die **Vryheidsfront** het daardie twee uur "stilte", ten minste ***200 000+ stemme gratis*** beteken. Sódoende, met darem *9 setels* uit 'n parlement van 400, is daar vir die *"generaal" en sy politieke handlangers elkeen 'n stoel in die soustrein om op te sit*. ***Dít was die loon (dertig sikkels silwer) vir hul onmisbare aandeel aan die uitverkoop van die Afrikanervolk deur die bedrogvolle oordrag van politieke mag oor ons vaderland aan 'n ANC-Kommunistiese rowersbende.***
- ✧ Die ***200 000+ gratis stemme*** (dit kan selfs baie méér wees) aan die **Vryheidsfront** was om **nog 'n rede** belangrik: Die **verraadsdokument**, die sogenaamde ***Afrikaner Akkoord*** (**Bylaag 11**), wat kort voor die oorgawe-verkiesing onderteken is, verwys na **"bewese steun" vir 'n volkstaat** (*"substantial proven support"*) wat deur die **April-verkiesing** aangetoon moes word…

- ✧ Die **provinsiale steun aan die Vryheidsfront** het, natuurlik **ná die onwettige aanpassings**, 'n "gerespekteerde" ***640 000 stemme*** beloop…, wat beteken het dat *"substantial proven support"* sogenaamd wel bereik is.
- ✧ ***Die beduidende stem-aanpassings veral na die NP, maar ook na die VF, gee natuurlik die valse indruk dat véél meer Blankes, en dus ook Afrikaners, aan die gewraakte oorgawe verkiesing deelgeneem het as wat werklik die geval was!***
- ✧ Die **teendee**l is eerder waar: **Baie Afrikaners**, veral op die **platteland**, het **ver** van dié *"demokratiese verkiesing"* **af weggebly**, in doen dit **steeds vandag**…

**126. Kort ná die April-verkiesing** (vergelyk 5 Augustus 1994)

**Dr. Hartzenberg** en **dr. Willie Snyman** van die KP besoek **mnre. Jaap Marais** en **Willie Marais** van die HNP

- ✧ Die inisiatief gaan hierdie keer, merkwaardig genoeg, van die KP uit na die HNP om gesprekke te begin voer ter wille van sogenaamde ***"Afrikaner-eenheid"***.
- ✧ Die motief was klaarblyklik om die HNP ook **deel van die nuwe politieke bestel** te laat word.
- ✧ In verband hiermee skryf **mnr. Marais** in sy **brief aan dr. Hartzenberg** op 3 Februarie 1997:
  - ➢ *"Na die verkiesing het u **'n gesprek** gevra met my en mnr. Willie Marais, voorsitter van die HNP.*
  - ➢ *U het gesuggereer dat die **KP** en die **HNP** skakeling met **genl. Viljoen** moet soek.*
  - ➢ *Ek het aan u gevra of u **eenheid met hom** wil hê, waarop u nie geantwoord het nie.*
  - ➢ *My standpunt was dat die HNP niks met Viljoen se politiek in gemeen het nie.*
  - ➢ ***Ek het bepleit dat dié Blankes wat nie gaan stem het nie, 'n gemeenskaplike grondslag het, en dat ons hulle byeen moes bring.***
  - ➢ *U het dit **afgewys** met die rasionalisasie dat dit vyande sou maak van die ander - asof die wegbreek van Viljoen nie reeds 'n **openlike daad van vyandigheid** was nie.*
  - ➢ *In **terugblik is dit duidelik** dat u benadering was om die **regse politiek** deur middel van die Viljoens* [Constand en Abraham] *weer **regstreeks onder die invloed** van IDASA se CDP te bring en op die **De Klerk-Slovo-Mandela-agenda** afgestem te kry."*

*Die IDASA-komplot*, p.114,115 / p.90,203

**127. 8 Mei 1994**

***Sunday Times*** berig in verband met **Van Zyl Slabbert** as **eregas** by die **inhuldiging van Mandela**, saam met verskeie **"*Old-time ANC friends*":**

- *"Political dilletante **Frederick van Zyl Slabbert** still seems to be in somebody's good books, despite the fuss of his resignation from the SABC board last year. **He made the A-list**."*

✧ Ander "bekendes" wat ook die **A-lys** gehaal het is mnr. **Harry Oppenheimer**, sy vrou en sy seun, Cyril Rhamaphosa, Thabo Mbeki, Joe Slovo, **Helen Suzman**, **John Kane-Berman**, **Sol Kerzner**, **Raymond Ackerman**, Absa se **Danie Cronje** en JSE president **Roy Anderson** - almal inderdaad ***"Old-Time ANC friends".***

*Die IDASA-komplot*, p.20

**128. 3 Junie 1994** (vergelyk 18 April, 5 Augustus 1994 en "25 April en 9 Mei 1997")

Die Londonse blad, ***Africa Confidential*** (mondstuk van die Britse Intelligensiediens Mi6) berig onder die opskrif ***"South Africa: Eyeing the spies"***: (**Bylaag 13**)

- *"...Along with the military establishment under Defence Minister Joe Modise and South African National Defence Force (SANDF) head General Georg Meiring, **DMI has thrown its weight behind the new government** and has become the **most important source of intelligence** on subversion plans by the **far right** and on the military capacity of Inkata, which is regarded still as a serious threat.*
- *Significantly, the Freedom Front's **Gen. Constand Viljoen** and **General Tienie Groenewald**, a former intelligence chief **have become allies of the new government** and are **feeding intelligence on the far right to the 'reconstructed' DMI*** [Departement Militêre Inligting].
- *Africa Confidential has learned **it was Gen. Viljoen who passed key intelligence to DMI which led to the arrest of the first two of 33 far right-wingers, including key officials of the Afrikaner Weerstandsbeweging (AWB)**, in connection with a series of bomb blasts before the election..."*

✧ Dié berig in *Africa Confidential* is volledig afgedruk op die agterkant van die **VEKOM Dagbestuurs-notule** van 5 Augustus 1994.

✧ Klaarblyklik het dié VEKOM-vergadering daarby 'n belang gehad.

*Africa Confidential*, Vol.35 Nr.11, 3 Junie 1994 (**Bylaag 13**)

**129. 5 Augustus 1994** (vergelyk 15 Junie 1996)

**Dagbestuursvergadering van die *Volkseenheidskomitee (VEKOM)*** by die Volksfront kantore, Pretoria

Uit die **notule** kom die volgende na vore: (**Bylaag 12**)

✧ Teenwoordig: **Prof. WJG Lubbe** (neem voorsitterstoel in die afwesigheid van die Voorsitter, dr. WL Grant), **Mnr. DFB de Beer; Dr. PJ Kotzé; Mnr. AJ de Beer; Prof. JJ Pienaar** en **Mnr. BHA van den Berg**

✧ Afwesig: **Dr. WL Grant** (Voorsitter); **Prof. AD Pont; Genl. PH Groenewald; Prof. WA Pretorius; Dr. JGM Richter** en **Prof. CJJ Basson**

- Onder die agendapunt: ***"Gesprek met dr. Hartzenberg en genl. Viljoen"*** blyk uit die **notule** dat VEKOM hom beywer vir **"versoening"** tussen die Afrikaner Volksfront (dr. Hartzenberg) en die Vryheidsfront (genl. Viljoen):
  - *"**Mnr. Blokkies de Beer** meld dat daar ook **ander pogings** aan die gang is om die **twee Fronte*** [Volksfront en Vryheidsfront] ***bymekaar te kry**.*
  - *Hy vra dat VEKOM ook op 20 Augustus 'n waarnemer stuur na 'n vergadering vir dié doel.*
  - *Hy meld verder dat dr. Hartzenberg en genl. Viljoen deurlopend met mekaar praat.* [Dít verbaas mens geensins]
  - *Dit lyk of die AVF hom van die partypolitiek wil losmaak sodat die **kanse vir samewerking kan verbeter**.*
  - *Daar is ook **gesprek tussen die Volkstaatraad en dr. Hartzenberg** aan die gang en daar is **geen diepgaande verskille** nie."*
- Uit bogenoemde **"versoeningspoging"** van VEKOM (asof dr. Hartzenberg en genl. Viljoen hulle in verskillende kampe bevind het) bemerk 'n mens niks anders nie as 'n nuwe *"Afrikaner-eenheid-strewe"* **bínne** die 1994-politieke bestel wat deur die IDASA-komplot tot stand gekom het.
  - Deur hierdie ***"Afrikaner-eenheids-strewe"*** sou die AFV-KP, hoewel hul sogenaamd *"nie aan die verkiesing wou deelneem nie",* tog mettertyd hul lede **in die nuwe bestel inlei.**
  - In plaas daarvan om die **prysgawe van mag te verwerp** en, soos mnr. Marais dit aan dr. Hartzenberg voorgestel het,
    - ***"dié Blankes wat nie gaan stem het nie byeen te bring op hul gemeenskaplike grondslag"***
  - sou die AVF weldra ontbind en die KP mettertyd, saam met die *Afrikaner-Eenheids-Beweging (AEB)*, in 2003 in die *Vryheidsfront+* **en só in die onwettige politieke bestel** opgaan.
  - Só is helaas selfs sommige van die regses wat in 1994 ten sterkste téén die oorgawe-verkiesing gekant was en bereid was om dit met geweld af te weer, **mettertyd gekondisioneer** om ter wille van sogenaamde ***"Afrikaner-eenheid"*** die **God-ontheiligende politieke bestel en grondwet te aanvaar** en hul steun aan die verraderlike *Vryheidsfront* van 'n Constand Viljoen en 'n Pieter Mulder te begin gee.
  - Dít is ongetwyfeld ook in dié lig wat ons nie alleen bogenoemde *VEKOM-vergadering* van Augustus 1994 moet sien nie, maar ook byvoorbeeld die **toenadering** van drs. Hartzenberg en Snyman tot mnre. Jaap en Willie Marais van die HNP, kort na die April-verkiesing. (vergelyk "Kort ná die April-verkiesing")
  - *Die Afrikaner* (6 April 2001) berig: (p.114 / p.90,203)

- ❖ *"Na die verkiesing het drs. Hartzenberg en Snyman mnre. Jaap en Willie Marais ontmoet om oor **samewerking** te praat.*
- ❖ *Die KP leiers was egter slegs bereid daartoe indien **genl. Viljoen en die Vryheidsfront** deel daarvan sou wees."*

✧ Dus, ook **ná die verkiesing** kom die ***IDASA*-agenda** klinkklaar aan die lig: ***Afrikaner-eenheid bínne die 1994-politieke bestel ten einde die Afrikanervolk in die posisie van "verowerdes" in hul eie vaderland te hou!***

- ➢ Die Afrikanervolk is onderwerp en nou móét hy in **'n posisie van onderworpenheid** gehou word.
- ➢ Deur bedrog word die Afrikanervolk nou wysgemaak dat hy **uit eie beweging** (slegtigheid) van sy regmatige eiendom, die Republiek van Suid-Afrika, **afstand gedoen het.**
- ➢ Hierdie land is nou, sogenaamd, **nie meer sý land nie**. Hy het dit weggegee. Dit behoort nou "regtens" aan ander.
- ➢ Aan die aankweek van hiérdie **valse idee** dat die Afrikanervolk vanweë **slegtigheid en onverskilligheid** sy vaderland waarvoor sy voorgeslagte hul bloed geoffer het, **doelbewus** aan Kommuniste **oorhandig** het
- ➢ en gevolglik moet **berus** in die 1994-politieke bestel,
- ➢ was VEKOM en die rolspelers hierbo genoem **aandadig**
- ➢ en so-ook álmal wat 'n mens probeer wysmaak, **terwyl die verraad ontken of verswyg word**, dat ons **geen ander keuse** het as om as "onderworpenes" onder die ANC-SAKP-bewind **te berus** nie.

✧ Hierteenoor verklaar mnr. Marais in 'n radio-onderhoud oor *RSG* op 30 Julie 1997 soos volg:

- ➢ *"Ons is nie verower **omdat ons versleg** het nie,*
- ➢ *maar omdat daar **verkeerde leiding** was en **samewerking** met mense wat nie die beste belang van die Afrikanervolk op hulle hart gehad het nie.*
- ➢ *Daarom het die Afrikaner **bloedloos en eerloos oorgegee** aan 'n terroriste-bende.*
- ➢ *Deur die **IDASA-komplot is hy bedrieg**.*
- ➢ *Die Afrikaner is **uitverkoop** sodat dit vir hom **onmoontlik was om hom daarteen te verset**."*

✧ Hiérdie **skeidslyn** is wat die Afrikanervolk vandag nog **verdeel**.

- ➢ Sodra die grens oorgesteek word na ***aanvaarding* van die 1994-bestel, wat deur bedrog tot stand gekom het,** en die ***terugvra*** (soebat) **van 'n stukkie volkstaat,**
- ➢ sal die ***pad na herstel*** van die Afrikanervolk oor sy ***regmatige eiendom***, die Republiek van Suid-Afrika, nooit as te nimmer gevind word nie!

✧ Die pad na **herstel** is alleen:

- ❖ ***"Die HERE het hierdie land aan ons gegee. Dáárom is hierdie land die Afrikanervolk se land.***
- ❖ ***Die land is nóú wel van ons geroof deur die slinkse medewerking van wêreldmagte… maar God sién en Hy hóór ons smekinge…***
- ❖ ***en Hý kán en sál op sý tyd óns land wéér, soos in ons geskiedenis (1881,1961), aan ons terug gee."***

- ➢ ***Dít*** bly ons **onwrikbare vertroue** in die **alvermoënde God** van hemel en aarde. *"Kyk, die hand van die HERE is nie te kort om te help nie, en sy oor is nie te swaar om te hoor nie...*" (Jesaja 59:1)
- ➢ Dáárom **onttrek ons ons nie aan ons erfdeel**, ons vaderland, nie en gaan soek ons nie 'n heenkome **in die buiteland** óf **in 'n "volkstaat"** nie.
- ➢ Ons ***hele land, Suid-Afrika***, is deur ons **voorgeslagte se geloof en harde werk** opgebou en sal weer deur **óns geloof en harde werk** heropgebou móét word tot 'n tuiste vir die nageslag.
- ➢ Dít is die enigste beginsel vir ***ware Afrikaner-eenheid.***

✧ Onder die agendapunt: ***"Donkerhoek ontwikkeling"*** is die volgende genotuleer:

- ❖ *"Mnr. Neil de Beer lig die vergadering volledig in oor die ontwikkeling op Donkerhoek.*
- ❖ *Mnr. Blokkies de Beer spreek namens die vergadering waardering uit vir die goeie vordering en die deursettingsvermoë van die persone betrokke."*

- ➢ Hieruit kan die **afleiding** gemaak word dat die tans bekende ***Kleinfontein*** (naby Donkerhoek) as "Afrikaner ontwikkeling" [en noodwendig ook ***Orania*** in die Noord-Kaap] **uitdinksels** van *VEKOM* was,
- ➢ wat daarop neerkom dat die Afrikanervolk voortaan, afgeskaal tot 'n blote ***"Afrikaner-gemeenskap"*** of selfs net 'n sogenaamde ***"minderheidsgroep"*** in Suid-Afrika,
- ➢ moet poog om 'n tipe ***"selfbestuur" / "selfbeskikking"*** (*vergelyk die berig in Rapport 18 Julie 1993 in verband met Toekomsgesprek*) in 'n **klein gedeeltetjie van sy vaderland**, maar steeds **onderworpe aan die gesag van 'n ANC-SAKP owerheid**, te laat realiseer.
- ➢ Dít is **volledig in lyn** met wat met die verraderlike ***Afrikaner Akkoord*** (**Bylaag 11**) be-oog word, waarvoor ook *VEKOM*, as **deel van die AVF**, hul beywer het.
- ➢ Hoewel **duisende Afrikaners** hulle die afgelope dekades **veral in Orania** in die Noord-Kaap, as **"Afrikaner-eiland"** in die Nuwe Suid-Afrika, gaan vestig het, en **aansienlike prestasies** in ontwikkeling van 'n Afrikanergemeenskap met dankbaarheid **reeds bereik** is, bly die vraag steeds:
  - ❖ Kan húlle aan die stuur van sake, wat alles van die begin af geïnisieer het en steeds bestuur, met die **groter Afrikanersaak** vertrou word?

- ✧ **Aan die agterkant van die VEKOM-dagbestuursnotule** (5 Augustus) verskyn, merkwaardig genoeg, die volle berig in ***Africa Confidential*** van **3 Junie 1994**, (**Bylaag 13**)
  - ➢ waarin vermeld word dat genl. Constand Viljoen **sleutel inligting in verband met die BKA en offisiere van die AWB aan die "nuwe"** ***Departement Militêre Inligting (DMI)*** **verskaf het**,
  - ➢ wat sou lei tot die **arrestasie van 33 regses** in verband met **verset-aksies** wat geloods is voor die April-verkiesing ten einde die oorgawe van mag aan die ANC-SAKP te probeer **verhoed**.
  - ➢ Die feit dat die **VEKOM-dagbestuur** dié berig van die **verraadsaksie van Viljoen en Groenewald teen die BKA en AWB** agter op hul notule publiseer,
  - ➢ sonder om dit op hul vergadering in behandeling te neem en hul misnoeë daaroor uit te spreek…
  - ➢ **bewys onteenseglik** dat VEKOM se **topbestuur** part en deel van die verraad en die IDASA-komplot was!
- ✧ Dit is in hiérdie lig wat ons derhalwe ook die **inisiëring van "Afrikaner-ontwikkelings"** soos ***Kleinfontein*** **en** ***Orania*** (klein volkstaatjies) moet sien,
  - ➢ wat as **troosprys** moet dien vir die **prysgawe** van ons **ganse vaderland**, die Republiek van Suid-Afrika.

*Notule van dagbestuursvergadering (VEKOM)*, 5 Augustus 1994 (**Bylaag 12**)

**130. 10,11 Augustus 1994** (vergelyk 5 Augustus 1994)

**Sitting van die *Volkstaatraad***

- ✧ 'n ***"Skriftelike konsep"*** [van 'n Afrikaner Volkstaat?] van **mnr. Neil de Beer** en **prof. JJ Pienaar,** soos gewysig en **goedgekeur deur die VEKOM-dagbestuur** op 5 Augustus, word aan die ***Volkstaatraad*** voorgelê.
- ✧ **Proff. WJG Lubbe** en **AD Pont** sou mnr. De Beer en prof. Pienaar vergesel.
- ✧ **Meer besonderhede** oor die *Volkstaatraad* kan onder andere in ***Die Afrikaner*** soos hieronder aangedui gevind word.

*Notule van dagbestuursvergadering (VEKOM)*, 5 Augustus 1994 (**Bylaag 12**)
*Die Afrikaner*, 12-18 Julie 1996, bl.5
*Die Afrikaner*, 19-25 Julie 1996, bl.12
*Die Afrikaner*, 18-24 Julie 1997, bl.9

**131. September 1994**

**KP** verklaar (erken) in **handbiljet:**

- ➢ ***"AVF is op KP-inisiatief gestig"***

*Die IDASA-komplot*, p.8,93,117 / p.7,68,75,92,97,131,132

**132. September 1995** (vergelyk September 1993 - AVF-AWB-Bosberaad)

'n **Verklaring** deur **mnr. Eugene Terre Blanche** (leier van die AWB) verskyn op bl. 5 van die laaste uitgawe van die **AWB se blad *Sweepslag***.

- In die berig verduidelik mnr. Terre Blanche hoe **genl. Constand Viljoen** en **dr. Ferdi Hartzenberg op die laaste oomblik omgeswaai het** en die Boere van die AVF verhoed het om deur te druk met **'n plan om 'n volkstaat met geweld te annekseer.**
    - *"Die AWB sou verantwoordelik wees vir die* ***fisieke oorname van verskeie stede en dorpe****, meeste in Transvaal, maar ook in die Vrystaat. Die KP sou die* ***plaaslike besture*** *wat hulle reeds beheer het, inspan en die* ***dorpe se infrastrukture benut*** *vir afstigting. Dit sou onder meer geldelike hulp behels.*
    - *Genl. Viljoen het* ***onderneem*** *om te reël dat 'n aansienlike deel van die* ***Weermag se bevelstruktuur*** *(44 generaals was na bewering onder sy invloed) en die* ***Kommando-stelsel*** *hulle gewig by die afstigting ingooi. Dit sou die Weermag met onvoldoende mannekrag laat om die totstandkoming van 'n* ***Volkstaat*** *te keer.*
    - *Ons het gehoop* ***rondom die 1994-verkiesing*** *sou die aksie plaasvind,* ***want soos goeie Christenmense het ons Constand Viljoen geglo.***
    - *Vir* ***'n jaar lank*** *het ons beplanning gedoen* ***hoe ons gaan afskei****. U weet mos, vir 'n jaar lank het u saam met my in plattelandse dorpe gemarsjeer waar ons die vryheid van die dorpe verkry het. Ons is soveel vryhede van dorpe aangebied dat ons naderhand nie meer kon byhou nie. Altesaam* ***95 stadsraadslede*** *het gesê hulle skei af in 'n volkstaat, al doen hulle dit met geweld.*
    - *Viljoen gaan toe en* ***registreer 'n politieke party*** *en* ***onttrek totaal*** *van die plan. Toe knak dr. Hartzenberg se rug. Toe hy die Sondagmôre (24 April 1994) na my ry en sê hy het nie* ***een mens wat sal veg*** *nie,*
    - *toe lê die AWB in hul duisende in Wes Transvaal, en die bomme ontplof,* ***want Viljoen het gesê*** *die AWB moet die stede vat en hy sal die kommando's vat, elke man het hy gesê moet 'n geweer vat.*
    - *Toe is die ruggraat van die offensief gebreek.*
    - *Ek wou u, die offisiere en manskappe van die AWB, spaar en ek het* ***alles afgelas en u teruggestuur huis toe****, sodat u steeds leiers, offisiere en manskappe sal wees in die uiteindelike slag."*
- Ook uit bogenoemde verklaring van mnr. Terre Blanche bemerk mens duidelik die **afwyking in koers** (naamlik om 'n "volkstaat" met geweld te verkry) wat gevolg het nadat daarin geslaag is om 'n groot gros van die Afrikanervolk van die **konstitusionele weg**, om die Nasionale Party by die stembus te verslaan en só die verraad te stuit, te laat afsien - 'n **persepsie** wat slegs deur die **Afrikaner-vyandige pers** gevestig kon word.
- Die **samesweerders in die IDASA-komplot** het baie goed geweet dat **volgehoue druk** op die hou van **Blanke verkiesings** daartoe sou lei dat die **magsoorgawe aan die ANC-SAKP** konstitusioneel verhoed sou word.

- ✧ Gevolglik moes **"Afrikanerleiers" daargestel word**, naamlik die **AVF-KP-leiding**, om die volk **van die stembus weg te lei**, soos gesien kan word by die **stigtingsvergaderings** van die Afrikaner Volksfront (20 April en 7 Mei 1993), asook op die **AVF-bosberaad** van 15,16 Augustus 1993 waarin beklemtoon is: ***"die moontlikheid van 'n algemene verkiesing onder Blankes nie eens bespreek mag word nie".***
- ✧ Die **alternatief** wat toe deur die **"leiers"** aan die volk verkoop is, is 'n ***"volkstaat met geweld"***… maar net **vir die skyn!** Daar was nooit enige erns in dié oproepe nie!
- ✧ Dít was wat baie **goedgeaarde Afrikaners**, waaronder KP- en AWB-lede en mnr. Terre Blanche, bes moontlik **nie kon insien nie**.

*Die Afrikaner*, 20-26 Junie 1997, bl.5

*Die IDASA-komplot*, / p.104,105

**133. 22 Maart 1996** (vergelyk September 1993 - *Radio Pretoria* word gestig)

Die volgende **veelseggende brief** rakende ***Radio Pretoria*** verskyn in ***Die Afrikaner*** (22-28 Maart, 1996):

- ➢ *"Radio Pretoria stel my werklik baie teleur.*
- ➢ *Die radiostasie gee **baie publisiteit aan die Konserwatiewe party (KP)** en die **Vryheidsfront (VF)** wat volkstaatpartye is, terwyl die Herstigte Nasionale Party (HNP) byna **heeltemal geïgnoreer** word.*
- ➢ *Radio Pretoria het byvoorbeeld **niks gesê** oor die afgelope **HNP-kongres** nie… Die HNP-kongres is wyd geadverteer, maar Radio Pretoria het nie eens die moeite gedoen om iemand te stuur om nuusdekking te gee nie. As Radio Pretoria sy sout as nuusdekker werd was, sou hulle ten minste iets van die kongres gesê het.*
- ➢ *Hierdie is maar slegs **een voorbeeld** van hoe Radio Pretoria die HNP ignoreer. Daar is nog vele ander.*
- ➢ ***Dit is uiters ontstellend dat Radio Pretoria so baie publisiteit aan die VF gee**. Die VF is slegs 'n half-regse party wat nie werklik die belange van die Afrikanervolk op die hart dra nie. Die Vryheidsfront is selfs nader aan die ANC as wat die Nasionale Party (NP) is. Constand Viljoen, leier van die VF, het self gesê dat hulle nader aan die ANC beweeg!…*
- ➢ ***Radio Pretoria se "missie" is om alle regse Afrikaners oor partygrense heen bymekaar te bring. Aan die manier waarop hulle die HNP probeer doodswyg lyk dit egter nie of hulle ernstig met hulle "missie" is nie.***
- ➢ *Die **HNP verteenwoordig Afrikanernasionalisme**.*
- ➢ *Is Radio Pretoria dalk ook **gekant teen nasionalisme**, net soos die VF?*

*Jong Afrikaner, Pretoria"*

- ✧ Veelseggend is hierby die feit dat niemand anders as **genl. Constand Viljoen** die **inisiatief** geneem het tot die daarstel van *Radio Pretoria*… in (let op die datum):

**September 1993**. Dit wil sê **dieselfde tyd** waarin genl. Viljoen met die **ANC-SAKP in die geheim gekonkel** het…

- ✧ Dit is heeltemal waarskynlik dat *Radio Pretoria* se **ontstaansdoel** was om die Afrikanervolk se **politieke denke na links te beïnvloed**… soos wat mettertyd duidelik gesien kan word!
- ✧ Daarby was sy ontstaan bes moontlik **uit vreemde oorde befonds** (*"die een wie se brood jy eet se woord moet jy spreek"*), en die langdurige **"stryd" om 'n uitsaailisensie** te bekom, moontlik net **oëverblindery**…
- ✧ ***In elk geval het Radio Pretoria beslis nié sy ontstaan vanuit suiwer Afrikanernasionalisme en uit ons eie volk se beursies alleen gehad nie.***
- ✧ Wat in ons jongste dag oor ***Pretoria FM*** (die "opvolger" van *Radio Pretoria*) gesê behoort te word is 'n onderwerp vir 'n ander dag. Vanuit sy bedenklike ontstaan was die progressie na waar hy vandag staan te verwagte…

*Die Afrikaner*, 22-28 Maart 1996, bl.6

**134. Maart 1996**

**Adv. Piet Pretorius** publiseer sy boek *"**Volksverraad**"*

*Die IDASA-komplot*, p.115,117

**135. 3 Mei 1996** (vergelyk 20 Maart 1982 en 2 Desember 1992)

***Die Afrikaner*** (3-9 Mei, 1996, bl.5) berig:

***"Adv. Piet Pretorius: BOSS het AWB en KP gestig!***

- ✧ Die volledige berig lui soos volg:
  - ➢ *"In sy pasverskene boek, **Volksverraad**, vertel adv. Piet Pretorius hoe **BOSS (later NI)** verantwoordelik was vir die **stigting van sowel die AWB as die KP** met net **een uitsluitlike doel**: om die **opgang van die HNP** te keer en die **posisie van die NP** te beveilig.*
  - ➢ *In **beide gevalle** was die **opperste knoeier*** [vergelyk ook die stigting van die AVF, April/Mei 1993] ***genl. Tienie Groenewald**, die mag **agter die skerms** wat beide operasies **beplan** en tot die **fynste besonderhede deurgevoer** het.*
  - ➢ *Sy broer, **Jan Groenewald**, het ook die **sekretaris van die AWB** geword.*
  - ➢ ***Van meet af** aan was **John Vorster**, die Eerste Minister, in wie se tyd die HNP gestig is, **oorweldig met 'n magtige vrees** dat die HNP as die **uitdrukking van die Afrikaner se nasionale gevoel**, uiteindelik sy **magsbasis onder hom sou uitpluk**.*
  - ➢ *Daarom het hy **talle stappe** geneem om hierdie **dreigende gevaar** te probeer afweer.*
  - ➢ *Die kenmerkendste hiervan was die **vervroeging van alle algemene verkiesings** tydens sy ampstermyn.*
  - ➢ *Die ander was die **stigting van die AWB**.*
  - ➢ *Die **grondliggende rede** waarom Vorster so bang was vir die HNP, was omdat hy **op grond van die Erika Theron-verslag** wou **begin** met die*

*__omverwerping van die Grondwet__ van die RSA en die vervanging daarvan met 'n __veelrassige grondwet__.*

- *Hy het besef dat die Afrikaner __dit nie sou aanvaar nie__, en daarom moes __maatreëls getref__ word om dit te besweer.*
- *Die __weerstand wat hierteen tot stand moes kom__, moes __deur die regering beheer word__ sodat dit nooit 'n __bedreiging vir die NP__ sou wees nie.*
- *Dit was 'n voorstel van __Eschel Rhoodie__, sekretaris van Inligting, en __genl. Hendrik van den Bergh__, hoof van BOSS, wat met die __plan vorendag__ gekom het __om die AWB te stig__ as 'n moontlike __herlewing van die Ossewa-Brandwag__ om die __basis te skep vir 'n leër__.*
- *Terselfdertyd moes hulle die __gedagte van 'n Boerestaat__ (later volkstaat) __propageer__ om 'n __twispunt__ in die __regse politiek__ in te dra.*
- *Daardeur moes die Afrikaner __verdeel en verlam__ word.*
- *Dit was die __agtergrond__ vir die stigting van die AWB in __1973 in Heidelberg__.*
- *Dit moes tot stand kom om __regeringsintervensie__ in die __regse politiek moontlik te maak__, en 'n __politieke balans__ daar te stel terwyl die NP besig was om sy __beginselbasis te versaak__.*
- *Aanvanklik, __tot 1979__ toe die AWB nog __agter die skerms geopereer__ het, het hulle __onder die toesig__ van die Polisie se __Afdeling Veiligheidspolisie__ gefungeer.*
- *__Sedert 1979__ het hulle egter __onder beheer gestaan__ van die Weermag se __Kom Ops (Kommunikasie-operasie)__.*
- *Die kern van die inligting oor die __regering se betrokkenheid__ by die AWB verskyn in 'n __uitgelekte geheime dokument__ wat in die __'Weekend Star'__ van 1-2 April 1995 __gepubliseer__ is onder die opskrif __'AWB formed by Vorster govt.: Plan backfired and resulted in rise of militant neo-nazis, says secret document'__ en is versorg deur __Norman Chandler.__*
- *Daarin word baie __duidelik aangetoon__ dat die AWB __nie spontaan ontstaan het nie__, maar deur __Vorster self gestig is__ om sogenaamd __Blankes te beskerm,__ maar inderdaad __moes verhoed dat geweld__ die regering se planne vir 'n __veelrassige bedeling__ in die wiele ry.*
- *Die __Boerestaatgedagte__ (volkstaat) moes __die aandag van die Afrikaner aftrek__ van konstitusionele veranderinge.*
- *Die __stigting van die AWB__ is bewerkstellig toe __Jan Groenewald en andere__ deur 'n ongenoemde __regeringsagent__* [waarskynlik Tienie Groenewald] *bymekaargebring is.*
- *Hulle het almal __lede van die Hoofraad__ geword, en __Eugene Terre Blanche__ het leier geword.*
- *Die __Hoofraad__ het __nou__ met die __regering van Vorster__ saamgewerk.*

- *Die optrede van die AWB **in die openbaar** onder **beheer van Kom Ops** het in **1979 'n aanvang** geneem met die **teer-en-veer episode** van **prof. Floors van Jaarsveld** by Unisa oor sy **uitsprake oor Geloftedag en Bloedrivier.***
- *Adv. Pretorius meld dat die **hele insident** deur **Tienie Groenewald georkestreer** is.*
- *Die openbare toetrede van die AWB het **saamgeval** met die stigting van die **Afrikaner Volkstaat Party** as die **politieke arm** van die AWB in 1979.*
- ***Die Konserwatiewe Party (KP)** is insgelyks deur **Kom Ops** in die lewe geroep **om die voortgang van die HNP** na die 1981-verkiesing **te stuit**.*
- *Die HNP het in daardie verkiesing in **talle kiesafdelings binne honderde stemme** gekom van die **wen van setels**.*
- *Dit was 'n **voldonge feit** dat die HNP in **daaropvolgende verkiesings** diep ingrepe in die NP se **Volksraadsverteenwoordiging** sou maak.*
- *Die belangrikste feit wat adv. Pretorius noem as **bewys** dat die KP **in opposisie tot die HNP** gestig is, is dat hulle **nie in 1977** oor daardie **grondwetlike voorstelle*** [*wat magsdeling tussen Blank en Nie-Blank meegebring het*] *'n nuwe party gestig het nie, maar eers **in 1982**.*
- *Adv. Pretorius meld dat die **stigting van die KP** in die regering se **Staatsveiligheidsraad** bespreek is en die **'Huntington-resep'** nagevolg is.*
- *Voorts was die stigting van die KP **'n CIA-opdrag aan Pik Botha** en moes dit deur die **Staatsveiligheidsraad** geskied waar **Tienie Groenewald die leiding** geneem het.*
- *'n Ander organisasie wat **ten nouste gemoeid** was met die stigting van die KP, was die regering se **hoogs geheime Verligte Aksie-beweging**.*
- *Dié was inderdaad 'n **skepping van die Broederbond**.*
- *Die gedagte was dat die **KP moes verhoed dat die HNP aan die NP te min tyd sou laat** om sy hervormingsaksie deur te voer.* [*Die KP moes dus "tyd wen" vir die NP se uitvoering van sy magsdelingsbeleid – wat moes kulmineer in 'n Swart meerderheidsregering.*]
- *Die KP moes **dus die HNP se stemme verdeel** en 'n **magteloosheid** aan die **regterkant** van die politiek bewerkstellig.*
- *Die **Verligte Aksie-beweging** het **reeds in 1980 begin** met **voorbereidings** vir die stigting van die KP.*
- ***Willem de Klerk** het in Oktober tydens 'n **landsberaad van die Rapportryers** in Nelspruit die **aanvoorwerk** gedoen.*
- *Daar het hy verkondig dat **'n skeuring in die NP onafwendbaar** is.*
- *Die **doel van die KP** was om 'n **politieke balans** te vorm **terwyl die NP beleidsaanpassings** maak.*
- *'n **Voormalige lid van NI** het in 'n onderhoud met die 'Weekend Star' van 1-2 April 1995 hierdie **beplanning en verloop van sake erken**.*

- *Uiteindelik was die **doel met die KP** dat hy, nes die AWB, die **volkstaatgedagte moes gebruik** om die Afrikaner **te verwar** en **te verdeel**.*
- *Die **gemene deler** by die stigting van sowel die AWB as die KP was **Tienie Groenewald** en **Kom Ops**.*
- *Die **sukses van hierdie planne** blyk daaruit dat daar met enkele uitsonderings **nie samewerking tussen die HNP en die KP met tussenverkiesings of algemene verkiesings kon kom nie**, en dat die **NP**, met enkele uitsonderings (soos Soutpansberg en Sasolburg wat die HNP verower het), in hierdie tyd **nie setels afgestaan** het nie.*
- *Adv. Pretorius wys ook daarop dat **dr. Ferdi Hartzenberg** deel was van 'n **uiters geheime projek** van die **Staatsveiligheidsraad** waar hy met **PW Botha saamgewerk** het om **regses te mislei**.*
- *Hy is bygestaan deur ander **regeringsagente**, soos **Koos van der Merwe**, **Tom Langley**, **Casper Uys**, **Daan du Plessis** en **CH Werth**.*
- *Een van die **merkwaardigste byeenkomste** was 'n ontmoeting tussen **Koos van der Merwe** en **Tienie Groenewald** in die kelderverdieping van die **Poyntonsgebou**.*
- *Die **gereelde bymekaarkomplek** van al hierdie spioene was die **plaas Fortana** wat aan **Militêre Inligting** behoort het en lê op die **N1-Pietersburg**-pad net by die **Murrayhill en Petronella-afrit**, 20 km. van Pretoria.*
- *Van hierdie lede het **lid van die Broederbond gebly** nadat hulle saam met die **KP weggebreek** het."*

*Die Afrikaner*, 3-9 Mei 1996, bl.5

**136. 15 Junie 1996** (vergelyk 5 Augustus 1994 en 1 Maart 1997)

Die sogenaamde ***"Red Willem Ratte-aksie"*** word geloods waarin **bedenklike "Afrikanerleiers"** na vore tree en die onregmatige tronkstraf van komdt Willem Ratte **misbruik** om nogeens **valse *"Afrikaner-eenheid"*** te probeer bewerkstellig.

- ✧ In verband hiermee wys **mnr. Marais** (*Die Afrikaner*, 12-18 Julie 1996) op die volgende:
  - *"In **Rapport van 16 Junie** is berig dat **kol. Grobbelaar** gesê het dat hy van die vergadering van 15 Junie ''n **mandaat** gekry het om voort te gaan om **eendragtigheid te bewerkstellig** onder organisasies wat weens verraad uitgerafel het.'*
  - *En oor die **grondslag** van dié voorgestelde eendragtigheid is ook nog **niks bekend gemaak** nie.*
  - *Breë ondersteuning oor party-politieke grense vir komdt. Ratte is in die omstandighede nie vreemd nie, maar **dan gaan dit dáárom, en nie om 'n saak wat heeltemal buite die grense van so 'n aksie val nie**…*
  - *Wat genls. Tienie Groenewald en Constand Viljoen betref, het die HNP uit die staanspoor hulle **'eendragtigheidsaksie'** verwerp wat op **20 April 1993***

*in die TLU-gebou in Silverton van stapel gestuur is. Dit was die **ergste volksverraad** wat gepleeg is **in die naam van Afrikanereenheid**…*

- *Nou blyk dit uit **kol.*** **[Dawid]** ***Grobbelaar** se onderhoud met Freek Swart in Rapport dat hy **deel was van dié sameswering** om die Afrikaners te mislei dat die militêre manne deur die Boerekrisisaksie tot oorlog sou oorgaan om die April 1994-verkiesing te stuit.*
- *Sy woorde is: **'Daar was geen oorlogsdoel nie'.***
- *Maar die BKA-manne was vas onder die indruk dat hulle **net vir die bevel moes wag** om tot aksie oor te gaan.*
- *Wie kan die HNP kwalik neem dat hy **dié vrede** nou nie vertrou nie?"*

✧ Gevolglik waarsku mnr. Marais deur te wys op die **duidelike ooreenkoms** tussen die totstandkoming van die **AVF in Mei 1993** en die ***"Red Willem Ratte-aksie"*** van **15 Junie 1996**:

- *"Kol. Grobbelaar* [net soos genl. Viljoen] *is 'n **volslae nuwe verskynsel in die politieke stryd** buite sy omgewing. En in dié sin verskyn hy 'uit die bloute'…*
- *Dat die **pers** (Rapport, Beeld, Citizen) kol. Grobbelaar **'die nuwe regse leier'** noem, word gesteun dat hy optree as die leier van die groep wat sê dat hulle **'eendragtigheid van organisasies'** be-oog…"*

✧ As daar nou **een saak** is wat die Afrikanervolk **uit die geskiedenis** van die prysgee van ons politieke mag oor ons vaderland **moet leer**, is dit om nie **'n leier** te vertrou wat **sê dat hy staan vir *Afrikaner-eenheid*,** maar die **grondslag** van so 'n "eenheid" probeer **verdoesel** nie.

✧ Op **6 Maart 1998** in sy gereelde radioprogram ***"Dit is Radio Pretoria"*** merk **ds. Mossie van den Berg** baie **treffend** op:

- ***"Dis noodlottig om te wil konsentreer op die goed waaroor ons eenstemmig is, en die afgrondelike botsing oor wat wesenlik is, te probeer ignoreer…***
- ***Die smadelikste ding wat met 'n geroepe volk kan gebeur, sou wees dat hy as 'n magtige eenheid, en in aandoenlik broederlike eensgesindheid, voor die magte van die duisternis gaan lê."***

*Die Afrikaner*, 12-18 Julie 1996, bl.7

*Die Afrikaner*, 13-19 Maart 1998, bl.5

**137. 15 November 1996**

***Die Afrikaner*** berig:

***"Linkse IDASA het regse opstand gesmoor"***

✧ Die IDASA-komplot word in **breë trekke uiteengesit** en so vir die eerste keer onder die aandag van Afrikanernasionaliste gebring.

- ✧ **Persoonlike skrywes** word aan die **landbouleiers**, Bruwer en Gous, gerig waarin **mnr. Marais** aan hulle vra of hulle enige feite soos uiteengesit in die berig wil betwis.

*Die Afrikaner*, 15-21 November 1996

**138. 18 November 1996**

Die **HNP-Hoofbestuur** reik 'n **Persverklaring** uit in verband met die **IDASA-komplot**.

- ✧ **Dié inligting in verband met IDASA moet landwyd bekend gemaak word!**

*Die IDASA-komplot*, p.11,12,13 / p.10,11

**139. November / Desember 1996** (vergelyk 12 Maart 1997)

**Genl. Tienie Groenewald** beskuldig mnr. Marais en *Die Afrikaner* in 'n **openbare skrywe** dat hulle met **adv. Pretorius** ten nouste saamgewerk het om die boek ***Volksverraad*** (vergelyk Maart 1996) die lig te laat sien.

- ✧ Volgens genl. Groenewald was mnr. Marais van die HNP ***"die geheime hoofbron of 'n geheime aanvullende bron"*** van die boek *Volksverraad* wat onder die naam van adv. Piet Pretorius gepubliseer is.
- ✧ 'n Geskrif met genl. Groenewald se handtekening is gedurende November / Desember 1996 **wyd onder die lede van die publiek** versprei.
- ✧ Later sou dit blyk dat dit die **Vryheidsfront** en sy **Hoofkantoor** was wat by wyse van verskillende omsendskrywes na al hul **provinsiale kantore landwyd**, sowel as deur ***Frontnuus*** (hul amptelike mondstuk), die geskrif van genl. Groenewald versprei het.
- ✧ Daarby het genl. Groenewald tydens talle **Vryheidsfront-vergaderings** sowel as **Hoofbestuursvergaderings** verkondig dat **mnr. Marais** en nie adv. Pretorius nie, die **werklike bron** van die boek was.

*Die Afrikaner*, 23-29 Januarie 1998, bl.1,12

*Die Afrikaner*, 30 Januarie - 5 Februarie 1998, bl.1

*Die IDASA-komplot*, / p.117

**140. 18 November 1996**

**Mnr. Marais** rig 'n **ope brief** aan **dr. Frederik van Zyl Slabbert.**

- ✧ Mnr. Marais stel dit aan Van Zyl Slabbert dat hy aan die **hoof** gestaan het van die ***Conservative Dialogue Programme*** van IDASA waardeur, van 1992 tot 1994 in belang van die Nasionale Party, die ANC-SAKP-alliansie en buitelandse instansies, **volksverraad teen die Afrikanerdom** gepleeg is.
- ✧ Afskrifte word ook aan **Abraham** en **Constand Viljoen** gestuur.

*Die IDASA-komplot*, p.**13-16** / p.**12-14**

**141. 25 November 1996**

**Van Zyl Slabbert reageer** op mnr. Marais se brief en **ontken alle bewerings** ten sterkste.

*Die IDASA-komplot*, p.**17,18** / p.**15**

**142. 27 November 1996**

**Mnr. Marais** rig 'n **2de brief** aan **dr**. **Van Zyl Slabbert**

- ✧ Hierdie keer met verskeie verwysings na IDASA-dokumente as **dokumentêre bewyse** van sy deelname aan die IDASA-komplot,
- ✧ as **geheime politieke sameswering** waardeur die Afrikanervolk op **slinkse wyse deur bedrog** van die politieke seggenskap oor sy vaderland ontneem is.

*Die IDASA-komplot*, p.**18-21** / p.**16-18**

**143. 28 November 1996**

**Van Zyl Slabbert ontken steeds** die bewerings deur onder andere te stel:

- ➢ *"…voor die algemene verkiesing van 1994 het ek geen operasionele rol in IDASA se aktiwiteite gespeel nie."*

*Die IDASA-komplot*, p.**21,22** / p.**18**,185

**144. 3 Desember 1996**

**Mnr. Marais** rig 'n **brief** aan **mnr. Dries Bruwer**, president van die *Transvaal Landbou-unie (TLU)* - inhoudelik dieselfde as dié aan dr. Gous.

- ✧ Mnr. Marais konfronteer mnr. Bruwer op die man af met feitelike gegewens en dokumentêre bewyse wat sy **sleutelrol in die IDASA-komplot** teen die Afrikanervolk duidelik aandui.

*Die IDASA-komplot*, p.**23,24,26,29-33** / p.**19-27**

**145. 3 Desember 1996**

**Mnr. Marais** rig 'n **brief** aan **dr. Piet Gous**, president van die *Vrystaat Landbou-unie (VLU)* - inhoudelik dieselfde as dié aan mnr. Bruwer.

- ✧ Mnr. Marais konfronteer dr. Gous op die man af met die feitelike gegewens en dokumentêre bewyse wat sy **sleutelrol in die IDASA-komplot** teen die Afrikanervolk duidelik aandui.

*Die IDASA-komplot*, p.**23,24,26,29-33** / p.**19-27**

**146. 3 Desember 1996**

**Mnr. Marais** rig 'n **bykomende (2de) brief** aan **dr. Piet Gous**

- ✧ Mnr. Marais roer nog sake aan waaruit blyk dat dr. Gous en die VLU selfs in sommige opsigte **dieper betrokke** was by die IDASA-komplot as mnr. Bruwer en die TLU.

*Die IDASA-komplot*, p.**44-46** / p.**36,37**

**147. 9 Desember 1996**

**Dr. PJ Kotzé**, prokureur van dr. Ferdi Hartzenberg, rig 'n **prokureursbrief** namens dr. Hartzenberg aan *Die Afrikaner* in verband met die **hoofartikel in *die Afrikaner* van 22-28 November.**

*Die IDASA-komplot*, p.**61-63** / p.**51,52**,124

**148. 14 Desember 1996**

**Mnr. Dries Bruwer antwoord** met 'n **ope brief** aan mnr. Marais.

*Die IDASA-komplot*, p.**34,35** / p.**28,29**

**149. 19 Desember 1996**

**Mnr. Marais** rig 'n **2de brief** aan **mnr. Dries Bruwer**, waarin hy soos volg afsluit:

- *"Waar u so onbeheers skimp en skel, wil ek tog vra:* ***is u nie bereid om voor die lede van die Transvaalse Landbou-unie se gesagsliggame met my in debat te tree oor u verraderlike politieke rol by IDASA se Conservative Dialogue Programme nie?***
- *Dan kan die* ***betrokke dokumente voorgelê word*** *en u geleentheid hê* ***om te kyk of hulle vals*** *is."*

✧ Nodeloos om te sê, wou, en kon mnr. Bruwer nie dié uitdaging aanvaar nie…

*Die IDASA-komplot*, p.**35-38** / p.**29-31**

**150. 16 Januarie 1997** (vergelyk 9 Desember 1996)

**Dr. JL Basson**, Redakteur van *Die Afrikaner* rig, na oorleg met mnr. Marais, 'n **antwoord** op die **prokureursbrief** (9 Desember) aan **Dr. PJ Kotzè**, prokureur van dr. Ferdi Hartzenberg, in verband met die hoofartikel in *Die Afrikaner* van 22-28 November 1996.

*Die IDASA-komplot*, p.**63-70** / p**.53-58**,124

**151. 21 Januarie 1997**

**Mnr. Marais** rig, na aanleiding van die **"naskrif"** van mnr. Bruwer se brief (14 Desember) 'n **3de brief** aan **mnr. Dries Bruwer.**

✧ Mnr. Marais wys daarop dat mnr. Bruwer deur sy geknoei met IDASA in die *Conservative Dialogue Programme*
  - *"nie net nie boere-belange gedien het nie, maar téén boere-belange gewerk het"*.

✧ Mnr. Marais skryf ook:
  - ***"My aanbod staan nog dat ek die betrokke dokumente sal voorlê as u bereid is om my voor die TLU se gesagsliggame te konfronteer met die bewering dat die inligting vals sou wees."***

*Die IDASA-komplot*, p.**39-43** / p.**32-35**

**152.30 Januarie 1997** (vergelyk 16 Januarie 1997)

**Dr. PJ Kotzé** gee aan die Redakteur van *Die Afrikaner* in 'n **skrywe** te kenne dat dr. Hartzenberg nie met die antwoord (16 Januarie) tevrede is nie, aangesien

- *"die verskoning nie ongekwalifiseerd is nie"*.

✧ **Dr. Kotzé meld dat hy die saak na dr. Hartzenberg terugverwys vir verdere opdrag**. (waarvan na drie maande - of ooit - niks gekom het nie…)

*Die IDASA-komplot*, p.70,121 / p.58,95

**153. 3 Februarie 1997**

**Mnr. Marais** rig 'n **brief** aan **dr. Ferdi Hartzenberg**

✧ In **33 bladsye** gee mnr. Marais 'n **omvattende uiteensetting** van die **feitlike gebeure** met **dokumentêre bewyse** van die **hele verloop** van die IDASA-komplot.

*Die IDASA-komplot*, p.**72-120** / p.**60-94**,124,125

**154. 6 Februarie 1997**

**Dr. Hartzenberg ontken alle bewerings ten sterkste** (ten spyte van aangebode feitlike bewyse) in 'n skrywe aan mnr. Marais.
*Die IDASA-komplot*, p.**121,122** / p.**95,96**

**155. 7 Februarie 1997** (vergelyk 11 Maart 1993)
***Die Afrikaner*** (7-13 Februarie, 1997) publiseer 'n skrywe van **mnr. Piet Nell** van **Jeffreysbaai** waarin hy, as gewese lid van die BKA, sy **persoonlike ervaringe** in verband met die BKA en tydens die **Bophuthatswana-fiasko** beskryf**.**
*Die IDASA-komplot*, / p.**101,102**

**156. 7,14 Februarie 1997** (Vergelyk 18 April 1994)
**Mnr. Marais** reik twee **persverklarings** uit in verband met onthullings oor genl. Viljoen en sy meelopers in die BKA se *"**Plan A**"*, *"**Plan B**"* en die sogenaamde *"**Operasie Jakkals**"*:

- ✧ In 'n **persverklaring** (*Die Afrikaner* 7-13 Februarie, 1997, bl.1) deur mnr. Marais word die sogenaamde ***"Plan A"*** en ***"Plan B"*** soos volg beskryf:
  - ➢ *"Genl. Viljoen se voorgenome aansoek om amnestie vir beweerde planne om tot geweld oor te gaan as daar nie aan die eis om 'n volkstaat toegegee sou word nie, moet skepties bejeën word.*
  - ➢ *Onder sy militêre leiding van die Boerekrisisaksie (BKA) was daar Plan A en Plan B.*
  - ➢ *Plan A was om op 'n gegewe dag oor die hele Suid-Afrika alle leierselemente in die Wit en Swart dorpe te elimineer.*
  - ➢ *Kort voor die Groot D-dag is dié plan skielik gekanselleer - asof daar ooit erns was om so 'n mal plan in werking te stel.*
  - ➢ *Plan B, wat dit vervang het, was om alle polisiestasies en Kommando's te infiltreer en vandaar te mobiliseer om op D-dag toe te slaan, die dorpe oor te neem en 'n staat van beleg aan te kondig.*
  - ➢ *Ook daarvan het natuurlik niks gekom nie…"*
- ✧ 'n **Persverklaring** (*Die Afrikaner*, 14-20 Februarie, 1997, bl.1,12) in verband met ***"Operasie Jakkals"*** lui onder andere soos volg:
  - ➢ *"Operasie Jakkals is aan die BKA-lede bekend gestel as 'n aksie wat die uitdruklike doel gehad het **om te verhoed dat die verkiesing van 27 April 1994 plaasvind.***
  - ➢ *In militêre trant is gesê dat daar by dié operasie **'spesifieke aksies'** sou wees, wat van **18 April** geloods sou word.*
  - ➢ *En daaronder is **"Jakkalsaksies"** gespesifiseer soos volg:*
    - ✓ *Skietaanvalle op buitelandse waarnemers*
    - ✓ *Elektriese transformators buite aksie stel*
    - ✓ *Stemlokale geteiken*
    - ✓ *Stemlokaaltelefone buite aksie stel*
    - ✓ *Disinformasie aan die publiek verskaf*

- ✓ *Posbusse geteiken*
- ✓ *Plakkate in strate opplak*
- ✓ *Wrywing aanblaas tussen taxi-verenigings*
- ✓ *Elektriese kabels beskadig*
- ✓ *Spykers op paaie strooi, veral op 21 April*
- ✓ *Kandidate opbel*
- ✓ *Bomme laat ontplof*

- ➢ *By herhaling is gesê **'Die Strategie'** is om te **verhoed** dat die verkiesing sou plaasvind.*
- ➢ *As dit nie plaasvind nie, is gesê, sou dit die ANC tot rewolusionêre geweld laat oorgaan het, en die Weermag en Polisie sou teen hulle ingetree het.*
- ➢ *Die BKA en die Kommando's sou dan saam met die Weermag teen die ANC opgetree het, en die Zoeloes daarby ingeskakel het…*
- ➢ *Dít was hoe **tot op die nippertjie verwagtings** by die BKA-lede geskep was dat daar **tot aksie oorgegaan sou word** om die verkiesing te verhoed.* [Agter die skerms is egter reeds onder groot geheimhouding in Desember die vorige jaar ooreengekom dat geen ontwrigting van die verkiesing sal plaasvind nie.]
- ➢ *En ondanks die **registrasie van 'n politieke party** deur genl. Viljoen op 11 Maart 1994* [Bes moontlik reeds op 9 Maart en nie 12 Maart soos genl. Viljoen uitdruklik verklaar nie] *om **aan die verkiesing deel te neem**, het hy nog op Saterdag **25 Maart** 1994, as die BKA se **militêre leier**, saam met **dr. Ferdi Hartzenberg as burgerlike leier** van die BKA die **saluut van 'n BKA-opmars na Kerkplein**, Pretoria, geneem.*
- ➢ *Dit was **kort voor die opdrag** in verband met **Operasie Jakkals** aan die BKA-lede deurgegee is.*
- ➢ *Om meer gewig aan dié opdrag te gee, is gesê dat die BKA tegelyk bekendgestel sou word as **'die beweging wat in opstand sou kom teen die Kommuniste'**."*

*Die Afrikaner*, 7-13 Februarie 1997, bl.1

*Die Afrikaner*, 14-20 Februarie 1997, bl.1,12

*Die IDASA-komplot*,  / p.**103-105**

**157. 10 Februarie 1997**

**Mnr. Marais** rig 'n **2de brief** aan **dr. Ferdi Hartzenberg**

- ✧ Mnr. Marais gee opnuut 'n **opsomming** van die IDASA-komplot met verskeie verwysings na sy eerste brief en dr. Hartzenberg se **deurlopende meewerking en betrokkenheid** daarby.
- ✧ Mnr. Marais wys dr. Hartzenberg ook op die **talle vrae** in sy eerste brief wat dr. Hartzenberg verkies het om **onbeantwoord** te laat.

*Die IDASA-komplot*, p.**122-128** / **96-100**

**158. 27 Februarie 1997**

**Mnr. Marais** rig 'n **3de Brief** aan **dr. Piet Gous** nadat dr. Gous tot nog toe op **geen van die skrywes** van mnr. Marais gereageer het nie.

- Mnr. Marais som in hierdie skrywe die **hele IDASA-komplot in breë trekke** op.

*Die IDASA-komplot*, p.**47-52** / p.**38-42**

**159. Maart 1997** (vergelyk 15 Maart 1994)

Die Publikasie ***"Die IDASA-KOMPLOT teen Afrikanernasionalisme"*** (eerste uitgawe) verskyn uit die pen van **mnr. Jaap Marais**, leier van die HNP.

- Die publikasie bevat **opspraakwekkende politieke gegewens** oor die geheime doenighede van heelparty **"regse" samesweerders** met die **ver-linkse organisasie IDASA** van F van Zyl Slabbert en Alex Boraine,
- waardeur die **Afrikaner Volksfront** tot stand gekom het ten einde die illusie by die Afrikanervolk te skep dat die politieke oorgawe van die NP-regering aan die ANC-SAKP **met alle moontlike middele beveg gaan word**.
- Fotostatiese afdrukke van sommige van die **dokumentêre bewyse uit die leggers van IDASA**, wat tot mnr. Marais se beskikking gekom het, is in die publikasie opgeneem.
- In 'n skrywe aan die Programbestuurder van *Radio Sonder Grense (RSG)* op 23 Julie 1997 stel mnr. Marais dit soos volg:
    - *"Dit gaan vir my om die **grootste volksbelang**, naamlik **politieke verraad** wat gepleeg is en waardeur die Afrikanervolk sy **vryheid verloor** het weens die **sameswering** waaraan **leidende figure** in die Transvaalse en Vrystaatse **Landbou-unies** en die **leiers van die Afrikanervolksfront** aktief meegewerk het*
    - *deur **bemiddeling** van IDASA se **Conservative Dialogue Programme** onder leiding van genl. Constand Viljoen se broer, Abraham,*
    - *wat **gefinansier** is uit die **buiteland** en wat met die **medewerking van die ANC-SAKP** uitgevoer is, soos **bewys** is deur die publikasie van die **betrokke dokumente**."*
- 'n **Tweede uitgawe** waarin ook die **latere verwikkelinge** sedert 1997 tot 2001 opgeneem is, sou ná April 2001 volg.

*Die IDASA-komplot*, / p.159

**160. 1 Maart 1997** (vergelyk 15 Junie 1996)

'n Sogenaamde ***"Volkskongres vir Vryheid"*** word gehou op die basis dat ***"geen bespreking oor die verlede toegelaat sal word nie"***.

- Só is dit gestel deur **mnr. Henk van de Graaf**, redakteur van *Patriot* wat as woordvoerder van die reëlingskomitee opgetree het.
- Mnr. Marais wys in 'n **persverklaring** reeds vooruit op dié slenter:
    - *"Wat egter belangriker is, is die geregverdigde vermoede dat dié beperking blykbaar gestel word met die oog op **beskerming van die Afrikaanse***

***volksverraaiers*** *wat* ***medepligtig*** *was aan die* ***uitverkoping van die Afrikanervolk*** *aan 'n Kommunisties-beheerde Swart regering wat nou die Afrikanervolk in sy onmag bespot."*

- *"By al dié gesigspunte is daar ook die ernstige oorweging dat die* ***revolusionêre aanslag*** *daarop gemik is om 'n* ***skeur te bewerkstellig tussen die ouer en jonger geslag****, om sodoende die kontinuïteit in 'n volk se bestaan te breek. En dié voorgenome kongres loop gevaar om dit juis te bevorder."*
  (Die Afrikaner, 17-23 Januarie 1997, bl.1,11)

- Voorts waarsku mnr Marais teen ***"nuwe politieke groeperings"*** in *Die Afrikaner* van 28 Februarie - 6 Maart 1997:
  - *"die gevaar van die* ***1 Maart-kongres*** *(is) die feit dat hulle* ***nie oor die verlede mag praat nie.***
  - *Dit beteken dat die* ***verraad*** *wat teen die Afrikaner sedert die begin van die negentigerjare gepleeg is,* ***onder die mat ingevee*** *moet word.*
  - *Dit is klaarblyklik* ***'n poging om diegene wat by die verraad betrokke was, ook by die kongres te betrek sonder dat daar na hulle dade navraag gedoen mag word."***
- **In die lig van bogenoemde is dit uiters belangrik vir ons vandag** (vergelyk *"'n Oproep tot die Afrikanervolk 2025"* hieronder) om ook die onderstaande ***wekroep van mnr. Willie Cloete*** van ***"Volkskrag"*** in die onlangse verlede (Oktober 2024), te beoordeel en te betrag:
  - *"Volksgenote*
  - *Ek wil die volgende beroep doen aan almal wat hulle herkoms en hulle Volk lief het.*
  - *Wat glo in God die Almagtige wat hemel en aarde geskape het.*
  - *Daar is soveel* ***stories*** *oor dinge wat* ***in die verlede gebeur*** *het wat die Boere/Afrikaners se geskiedenis beïnvloed het tot ons nadeel en dat ons sit waar ons vandag sit.*
  - *NIEMAND kan geskiedenis verander nie.*
  - *Nou my oproep:* ***FOKUS op die toekoms*** *dat ons as 'n Volk* ***die geskiedenis positief kan verander*** *soos deur:*
  - *Ons vertroue in God te herstel en alles in die stryd te werp om vir ons Volk selfbeskikking te verkry.*
    *Willie Cloete*
    *Volkskrag"*
- ***Dít, terwyl Volkskrag hulle beywer om namens Tabok Trust opnuut die strewe na die daarstelling van 'n "Volkstaat" deur middel van die Afrikaner Akkoord te laat herlewe!***

*Die Afrikaner*, 17-23 Januarie 1997, bl.1,11
*Die Afrikaner*, 28 Februarie - 6 Maart 1997, bl.1

**161. 7 Maart 1997** (vergelyk 31 Maart en 6 Mei 1997)

**Hofsaak in die Hooggeregshof van dr. Hartzenberg en mnre. Daan du Plessis en Casper Uys teen adv. Piet Pretorius oor sy boek "*Volksverraad*"**.

- ✧ **Adv. Pretorius** verskyn **in die hof *sonder* regsverteenwoordiging** en word **skuldig bevind aan laster.**
- ✧ Adv. Pretorius verklaar:
  - ➢ *"Hartzenberg, Du Plessis en Uys het dit wat ek in Volksverraad van hulle en die KP sê **onder eed ontken**.*
  - ➢ *Volgens hulle was hulle **nooit regeringsagente** nie.*
  - ➢ *Hulle was ook **nooit op Militêre Inligting se persele** nie.*
  - ➢ *Hartzenberg het ook **gesweer** dat hy op daardie stadium **nie vir brig. Tienie Groenewald geken het nie**."*

*Volksverraad… Waarom (12)* www.gelofteland.org

*Die IDASA-komplot*, / p.115,124,125,126,127

**162. Kort na 7 Maart 1997**

**Persverklaring** deur **dr. Ferdi Hartzenberg**.

- ✧ Dr. Hartzenberg **distansieer hom** van ***Die Afrikaner*** en **mnr. Jaap Marais**, na sy geslaagde **hofsaak teen adv. Piet Pretorius**.

*Die IDASA-komplot*, / p.115,116

**163. Na 7 Maart 1997**

Die **HNP** reik 'n **Persverklaring** uit na aanleiding van die ***onverdedigde*** **hofuitspraak** teen **adv. Piet Pretorius** in verband met die boek ***Volksverraad***.

- ✧ Die verklaring lui onder andere soos volg:
  - ➢ *"Dat die hof sekere gunstige betuigings oor die betrokke KP-figure gemaak het **waar daar geen teëspraak was nie**, is enigsins vanselfsprekend.*
  - ➢ *Dit sal egter 'n ander saak wees as dieselfde bewerings bespreek sou word in 'n **politieke debat** waarin die politieke feite in samehang gestel kan word…*
  - ➢ *Waar dr. Hartzenberg hom op die Hooggeregshof beroep het met sy eis teen adv. Pretorius, **val dit te sien of hy hom op die hof sal beroep** oor wat in Die Afrikaner gepubliseer is **oor sy betrokkenheid by die IDASA-komplot** teen die Afrikanervolk.*
  - ➢ *As hy daarvoor sou prosedeer, sal 'n **hele politieke legkaart** ontbloot word wat baie onbeantwoorde vrae sal beantwoord."*

*Die IDASA-komplot*, / p.**115,116**

**164. 8 Maart 1997** (vergelyk 2 Mei 1997 en 1 Mei 1998)

Volgens ***Rapport*** (9 Maart) ontmoet **genl. Constand Viljoen** en mede **VF-politici** die ANC wéér **in die geheim**, ter wille van ***"sake van gemeenskaplike belang"***:

- ✧ Die berig lui:

- *"Die **Vryheidsfront** en die **ANC** het gister na indringende samesprekings ooreengekom om werkskomitees te vorm wat voortaan aandag sal gee aan **sake van gemeenskaplike belang tussen die twee politieke partye**.*
- *Die vertroulike samesprekings het op 'n **geheime plek** plaasgevind.*
- *Dit was die eerste **formele ontmoeting** tussen die VF en die ANC na die afhandeling van die grondwetskrywende proses.*
- *Die Vryheidsfront is onder meer verteenwoordig deur **genl. Constand Viljoen**, leier van die party, **dr. Pieter Mulder,** voorsitter van die VF, **genl. Tienie Groenewald**, **dr. Corné Mulder**, **mnr. Pieter Groenewald** en **mnr. Dries Bruwer.***
- *Die ANC-afvaardiging het bestaan uit **adj. pres. Thabo Mbeki**, **mnr. Jacob Zuma**, voorsitter van die ANC, **mnr. Mathew Phosa**, premier van Mpumalanga, en **mnr. Valli-Moosa**, minister van Provinsiale sake en Staatkundige Ontwikkeling…*
- ***Dr. Pieter Mulder** het by navraag **bevestig** dat die samesprekings plaasgevind het. Hy wou **nie oor die inhoud praat nie**, maar bygevoeg dat dit gehandel het oor **aktuele sake**. Sekere beginselbesluite is geneem…"*

- ***Dit was sonder twyfel 'n voortsetting van die gekonkel vóór die 1994-verkiesing.***
- Mnr. Marais skryf later hieroor aan mnr. Bruwer (24 Junie 1997):
  - *"die berig bevestig 'n **voortgesette vriendskaplike verhouding** tussen die VF en die ANC-SAKP.*
  - *U sal sien dat daarin berig word dat daar 'n **geheime samespreking** tussen die VF en die ANC-SAKP was oor '**gemeenskaplike sake**'.*
  - *Maar baie betekenisvol, die gemeenskaplike sake wat deur u met die ANC-SAKP bespreek is, word **geheim** gehou. **Die boere van Transvaal en ander Afrikaners mag dit nie weet nie**."*

*Dries Bruwer, die TLU en die IDASA-komplot* - JA Marais, 1998
*Die IDASA-komplot*, / p.138,155

**165. 12 Maart 1997** (vergelyk November / Desember 1996)
**Mnr. Marais** rig 'n **brief** aan **genl. Tienie Groenewald**.

- Mnr. Marais se brief aan genl. Groenewald is na aanleiding van Groenewald se beskuldiging in 'n **openbare skrywe** dat mnr. Marais die ***"geheime hoofbron of 'n geheime aanvullende bron"*** vir adv. Pretorius se boek ***"Volksverraad"*** was.
- Later sou dit aan die lig kom dat dit die **Vryheidsfront** en sy **Hoofkantoor** was wat by wyse van verskillende **omsendskrywes** na al hul **provinsiale kantore landwyd**, sowel as deur ***Frontnuus*** (hul amptelike mondstuk), die geskrif van genl. Groenewald **versprei** het.

- ✧ Mnr. Marais **weerlê** nie alleen elk van genl. Groenewald se ***"gevolgtrekkings"*** nie, maar **ontbloot** terselfdertyd Groenewald se **laakbare rol** in die IDASA-komplot.
- ✧ **Mnr. Marais** stel ook 'n **lastereis** oor hierdie saak teen genl. Tienie Groenewald en die Vryheidsfront by die Hooggeregshof in, waarna die hof Groenewald beveel om **R20 000** aan mnr. Marais vir **skadevergoeding** te betaal.

*Die Afrikaner*, 23-29 Januarie 1998, bl.1,12

*Die Afrikaner*, 30 Januarie - 5 Februarie 1998, bl.1

*Die IDASA-komplot*, / p.**117-122**

**166. 31 Maart 1997** (vergelyk 6 Mei 1997)

***Radio Pretoria* se *Nuuskommentaar* - 31 Maart**

- ✧ Volgens dié nuuskommentaar oor *Radio Pretoria* aangaande die **hofuitspraak** teen **adv. Piet Pretorius** in verband met sy boek *Volksverraad*
  - ➢ het die ***"waarheid geseëvier"*** tussen adv. Piet Pretorius en dr. Ferdi Hartzenberg en kie.
  - ➢ Dié Nuuskommentaar diskrediteer die boek *Volksverraad* as 'n boek wat ***"leuens verkondig"*** as ***"deel van 'n komplot teen die Konserwatiewe Party"***.
  - ➢ Verder word óók **gesuggereer** dat nie adv. Pretorius nie, maar **mnr Jaap Marais *"die geheime skrywer van die boek Volksverraad"*** sou wees. (*Die Afrikaner*, 20-26 Junie, 1997, bl.6)
- ✧ Hieroor berig *Die Afrikaner* (25 April - 1 Mei 1997) onder meer:
  - ➢ *"Adv. Pretorius maak hierteen* [Nuuskommentaar - 31 Maart] *beswaar, aangesien dit deurspek is van **lasterlike stellings** en **eensydige afleidings**.*
  - ➢ *Hy meld dat hy **volstaan** by dit wat hy in sy boek oor die **KP, dr. Hartzenberg** en mnre. **Daan du Plessis** en **Casper Uys** gesê het."*
- ✧ In sy eie woorde beklemtoon adv. Pretorius:
  - ➢ *"Ek wil u daarop wys dat op geen stadium in die hofsaak deur dr. Hartzenberg & kie **gestaafde getuienis** gelewer kon word dat enige feit wat in Volksverraad genoem word 'n leuen is nie.*
  - ➢ *Die enigste rede vir die uitslag van die hofsaak was dat ek, as gevolg van omstandighede buite my beheer, **geen regsverteenwoordiging** gehad het nie."*
- ✧ Dit beteken dat slegs één kant van die saak aangehoor is… Daarom verklaar adv. Pretorius ten slotte:
  - ➢ *"Ek en Libanon Uitgewers is tans besig om 'n aansoek te loods om verlof tot appèl. U voorspel dus reg. **Die waarheid sal seëvier.**"*

*Die Waarheid is besig om te seëvier* - Adv. PJ Pretorius 6 Mei 1997

*Die Afrikaner*, 25 April-1 Mei 1997, bl.12

*Die Afrikaner*, 20-26 Junie 1997, bl.6

**167. Voor 14 April 1997** (vergelyk ±20,27,28 en 29 Januarie 1994)

Op die **HNP-Kongres** lewer **dr. Ronnie van der Merwe**, voormalige KP Dagbestuurslid Kaapland, **opspraakwekkende getuienis van die gebeure vóór die AVF-volksvergadering van 29 Januarie 1994 rakende die "besluit" tot deelname aan die April-verkiesing**.

*Die IDASA-komplot*, / p.106,**113,114**

**168. 14 April 1997** (vergelyk ±20,27,28 en 29 Januarie 1994)

Die **HNP** reik 'n **Persverklaring** uit en **mnr. Marais** rig 'n **3de Ope Brief** aan **dr. Ferdi Hartzenberg** na aanleiding van **dr. Ronnie van der Merwe**, voormalige KP-Dagbestuurslid in Kaapland, se onthullings op die ***1997 HNP-kongres***.

- ✧ Die **politieke geknoei van dr Ferdi Hartzenberg** vóór die AVF-volksvergadering van 29 Januarie 1994 by die Pretoria-skougronde word **blootgelê** op grond van **notules van vergaderings** soos deur dr. Ronnie van der Merwe op die HNP-kongres voorgelê.
- ✧ Dat dr. Hartzenberg hom **agteraf** beywer het vir **deelname van die AVF aan die April-verkiesing**, terwyl hy **voorgegee** het dat hy ten sterkste juis daarteen gekant is, was niks anders as **gruwelike politieke misleiding** wat hy teenoor sy volk gepleeg het, kragtens die ***Huntington-resep*** waarvoor hy in die tagtigerjare by Militêre Inligting "opleiding" ontvang het nie. (vergelyk "Gedurende 1981..")

*Die IDASA-komplot*, / p.**106-113**

**169. 25 April en 9 Mei 1997** (vergelyk 19 Julie 1993 en 6 Mei 1997)

***Die Afrikaner*** se Hoofberigte lui onderskeidelik:

> ***"Skokkende onthulling: Constand, Pik, FW in komplot"*** en
> ***"Tienie Groenewald sit agter geheime dokument"***

- ✧ Kort tevore het die **volledige teleks** van 'n departementele skakeldokument, **geklassifiseer as "GEHEIM"**, van **Nasionale Intelligensie (NI)** aan die **Departement Buitelandse Sake** openbaar geword. (**Bylaag 10**)
- ✧ Die teleks (intelligensie-dokument) was geoormerk as 'n kommunikasiedokument na die **buitelandse Ambassade-kantore** van die Departement Buitelandse Sake.
- ✧ Die dokument, **gedateer 19 Julie 1993**, was klaarblyklik deel van die Suid-Afrikaanse Veiligheidsgemeenskap, bestaande uit Militêre Inligting (MI), Nasionale Intelligensie (NI), die Veiligheidspolisie en Buitelandse Sake, se optrede **om die buiteland se vrese vir 'n regse politieke oorname**, gedurende 1993, **te besweer.**
- ✧ Die teleks is volledig in ***Die Afrikaner*** **van 25 April 1997** gepubliseer.
- ✧ 'n **Uittreksel** uit die teleks lui soos volg:

> "EK [Genl. Tienie Groenewald] HET VANDAG REELINGS GEFINALISEER SODAT GESPREK GEVOER KAN WORD TUSSEN GENL. C VILJOEN EN DIE

STAATSPRESIDENT. HY HET GUNSTIG GEREAGEER EN HET ONDERNEEM OM **DRIE SAKE** TE HANTEER IN BELANG VAN STABILITEIT IN DIE LAND
**REGSE OPSTANDE SAL NIE PLAASVIND NIE**
**BKA NAME SAL BEKEND GEMAAK WORD**
**MOONTLIKE OPSTAND SAL GEPAARD GAAN MET VERNEDERENDE RESULTAAT**
HY HET MY VERSEKER DAT HY BEREID IS OM GESPREK TE VOER MET NELSON MANDELA SODRA DIE VERKIESINGSDATUM BEKEND GEWORD HET."

- Nadat die **skokkende gegewens** rondom dié geheime teleks in *Die Afrikaner* van 25 April 1997 uitgespel en ontleed is (**vergelyk 19 Julie 1993** en **6 Mei 1997**), het die volgende gebeure kortliks op mekaar gevolg:
  - **Mnr. Pieter Swanepoel**, Direkteur Mediaskakeling van die *Departement Buitelandse Sake*, **rig op 6 Mei 1997 'n skrywe** aan *Die Afrikaner*.
    - Mnr. Swanepoel beskuldig *Die Afrikaner* van ***"onverantwoordelike joernalistiek"*** en ***"u eie politieke struwelinge"***, aangesien die teleks-dokument, volgens mnr. Swanepoel, 'n ***"ooglopende vervalsing"*** is.
    - Verder verklaar mnr. Swanepoel, waarskynlik in dieselfde skrywe (wat ook later in die hof as getuienis sou dien), dat die dokument ***"met een oogopslag"*** geëien kan word as ***"totaal gefabriseer"***, aangesien ***"die formaat en drukvorm hoegenaamd nie ooreenstem met dié van die departement nie"***.
    - Dié uiters onbehoorlike optrede vir 'n **departementele amptenaar**, om hom op só wyse met die **politiek te bemoei** deur vir genls. Viljoen, Groenewald en die Vryheidsfront **in die bres te tree**, wek onmiddellike **agterdog.**
    - Die skrywe van mnr. Swanepoel aan *Die Afrikaner* is uiteraard **nie beëdig** nie.
  - Op **7 Mei rig** mnr. Adolf Malan, **regsverteenwoordiger van genl. Constand Viljoen**, briewe aan mnr. Marais en *Die Afrikaner* onderskeidelik, waarin ondernemings geëis word om ***"geen verdere lasterlike beweringe rakende die teleks of enige ander soortgelyke dokumentasie"*** te publiseer of te versprei nie.
    - **Opvallend** is dat genl. Viljoen se regsverteenwoordiger **kennis dra** van die **skrywe van mnr. Swanepoel** die vorige dag **aan *Die Afrikaner***, en (namens genl. Viljoen) die vrees uiter dat ***"ander soortgelyke dokumentasie"*** deur *Die Afrikaner* ontbloot mag word:
      - ✓ *"Dit het tot ons kennis gekom dat die Departement Buitelandse Sake reeds vir u in 'n sterk bewoorde skrywe in kennis gestel het dat die teleks 'n ooglopend vervalste dokument is…*

- ✓ *Dit het verder tot ons kennis gekom dat u van voornemens is om… **soortgelyke ander vals dokumentasie** te publiseer in die nabye toekoms."*

- Op **9 Mei** antwoord mnr. Louis van der Schyff, hoofsekretaris van die HNP, mnr. Malan dat **kennis geneem word** van genl. Viljoen se voorneme tot regstappe.
- Ook op **9 Mei** antwoord dr. Jakkie Basson, redakteur van *Die Afrikaner*, mnr. Malan:
  - *"Stel ons onmiddellik in kennis hoe dit tot u kennis gekom het dat ons 'van voornemens is om verdere kommentaar op die publikasie sowel as soortgelyke ander vals dokumentasie te publiseer in die nabye toekoms."*
  - *"Stel ons ook in kennis hoe u kliënt op hoogte is van die inhoud van 'n brief van Buitelandse Sake aan die redakteur van Die Afrikaner."*
  - ***"Anders as wat u beweer, is die dokument nie vals nie. En ons het geen rede om in openbare belang nie daaraan publisiteit te gee nie."***
- Intussen lê mnr. **Rusty Evans**, Direkteur-Generaal van die *Departement Buitelandse Sake*, 'n **beëdigde verklaring** af waarin hy hom met die beskouing van mnr. Swanepoel in sy brief in verband met "Die Dokument" vereenselwig, naamlik dat dit ***ongetwyfeld 'n vervalsing*** sou wees.
  - Mnr. Evans lewer egter in sy beëdigde verklaring **geen bewys wáárom** Die Dokument 'n "vervalsing" sou wees nie. (vergelyk *Die Afrikaner*, 20-26 Junie 1997, bl.3)
- Grotendeels op grond van die genoemde **skrywe(s)** deur mnr. Swanepoel en **beëdigde verklaring** deur mnr. Evans in sy hoedanigheid as *Direkteur-Generaal van die Departement Buitelandse Sake* en sonder om enigsins dieper op die saak in te gaan [soos byvoorbeeld dat verskeie soortgelyke dokumente uit **dieselfde lêer** van die *Departement van Buitelandse Sake* (vergelyk **Bylaag 10**), wat ter insae aan die hof voorgelê is, met mekaar in formaat en drukvorm in presiese ooreenstemming is], word 'n **hofbevel** deur die **Hooggeregshof** op 10 Junie **aan genls. Viljoen en Groenewald toegestaan**, waarvolgens mnr. Marais en *Die Afrikaner* **belet word om verder in die openbaar oor die geheime teleks-dokument te praat of te skryf**.
- *Die Afrikaner* (13-19 Junie 1997) berig hieroor onder andere:
  - *"Die regter het hom **nie uitgespreek** oor die argumente wat aangevoer is dat die dokumente eg is nie, en uit 'n **lêer van Buitelandse Sake** kom waarin **ook ander dokumente is met dieselfde formaat** en met **handtekeninge** van mnr. Pik Botha, Desmond Tutu en ander nie.*
  - *Ook die **omslag van die lêer** kom uit Buitelandse Sake."* (vergelyk die geskandeerde dokumente in **Bylaag 10**)

- *Die Afrikaner* (20-26 Junie, 1997, bl.3) berig:
    - *"Die stelling* [van mnr. Swanepoel] *dat 'die formaat en drukvorm' nie ooreenstem met dié van die departement nie, is met 'een oog-opslag'* ***van alle waarheid ontbloot****, soos 'n vergelyking van Dokumente met… ander* ***soortgelyke dokumente in die betrokke lêer****… hiervan onbetwisbaar getuig…*
    - *Toe die betrokke amptenaar dié bewering gemaak het, het hy* ***nog nie geweet*** *dat dokumente soortgelyk aan Die Dokument in Die Afrikaner se besit was wat hierdie bewering van hom* ***loënstraf*** *(nie);…*
    - *Dit lei geen twyfel nie dat* ***getoets aan die formaat en drukvorm****, die Dokument* ***ooreenstem met dié van die Departement****, en dat die ontkenning van die betrokke amptenaar nie daarteen opweeg nie.*
    - *Volgens die formaat en drukvorm is die Dokument* ***allesins eg*** *en is daar* ***geen bewys*** *dat die Dokument vervals is nie, die bewering en verklaring van twee betrokke amptenare ten spyt.*
    - *Dog, regter Botha het sy uitspraak gegrond* ***op mnr. Evans se verklaring*** *dat die dokument* ***vals*** *sou wees.*
    - *Omdat die* ***hof se bevinding*** *was dat die dokument vervals is en dus nie die waarheid nie, is ook bevind dat die kommentaar wat in Die Afrikaner daaroor gelewer was,* ***lasterlik*** *is."*
- *Die Afrikaner*, 13-19 Junie, 1997, bl.1 verklaar derhalwe:
    - *"In die lig hiervan het die HNP 'n* ***Persverklaring*** *uitgereik dat hy met respek* ***nie saamstem*** *met die uitspraak van die regter nie, en dat hy reeds in beginsel besluit het om teen die uitspraak te* ***appelleer.****"*
- Daarna volg **verskeie briefwisselinge** tussen die HNP en die **amptenare** van die *Departement Buitelandse Sake* wat met die saak gemoeid was, waarin die amptenare van die Departement in **totale onvermoë is om op die vrae wat aan hulle gestel word te antwoord**.
- Aan **mnr. Pieter Swanepoel**, byvoorbeeld, wat in sy skrywe aan *Die Afrikaner* **verklaar** het dat die dokument ***"met een oogopslag"*** geëien kan word as ***"totaal gefabriseer"***, aangesien ***"die formaat en drukvorm hoegenaamd nie ooreenstem met dié van die departement nie"***, is die volgende vraag gestel:
    - *"Die* ***HNP is in besit van lêers*** *van die Departement, wat vir vernietiging bestem was, waar* ***verskeie dokumente van dieselfde voorkoms en formaat*** *voorkom.*
    - *Hoe kan u beweer dat "met een oogopslag" vasgestel kan word dat die dokument "totaal gefabriseer" is, terwyl* ***tientalle ander dokumente van soortgelyke vorm en formaat blykbaar volkome eg is?****"*

- ❖ Daarmee saam is nog ‘n dokument van **soortgelyke vorm en formaat** ter insae vir mnr. Swanepoel aangeheg. (vergelyk **Bylaag 10**)

➢ **Op bogenoemde vraag het mnr. Swanepoel geweier om enigsins te antwoord.**

➢ Nadat **mnr. Rusty Evans**, wat in sy hoedanigheid as Direkteur-Generaal van die *Departement Buitelandse Sake* onder eed verklaar het dat die teleks ‘n vervalsing is, oor **dieselfde vraag** genader is, **weier** hy ook in ‘n skrywe op **19 September** om ‘n **duidelike antwoord** te verskaf, en verklaar uiteindelik op **6 Oktober** in ‘n brief aan mnr. Van der Schyff:

- ❖ ***“Ek het in my vorige brief aangedui dat ek dit nie sinvol vind om korrespondensie oor die aangeleentheid voor(t) te sit nie.”***

➢ Op **10 Oktober** probeer **dr. JCH Landman** van die **Vryheidsfront** met ‘n skrywe aan *Die Afrikaner* tussenbeide tree in ‘n poging om die amptenare van die Departement uit hul verknorsing te verlos.

➢ Hy raak egter **lasterlikhede** teen mnr. Marais in sy skrywe kwyt, waarna mnr. Marais hom op gepaste wyse antwoord.

➢ *In **terugskouing** is die volgende **volkome duidelik**:*

- ❖ *Die **Vryheidsfront** (met genls. Viljoen en Groenewald) was agter die **afskrikbrief** van mnr. Swanepoel op 6 Mei aan die redakteur van die Afrikaner, sowel as die klaarblyklik **valse eed-verklaring** van mnr. Rusty Evans as Direkteur Generaal, waarop die **hofbevel grotendeels berus** wat mnr. Marais en Die Afrikaner belet het om verder in die openbaar oor die geheime teleks-dokument te praat of te skryf .*
- ❖ *Nadat mnre. Swanepoel oor sy **skrywe**(s) en Evans oor sy **beëdigde verklaring** deur die HNP **gekonfronteer** is, het hulle hul gou in uiters onbenydenswaardige posisies bevind.*
- ❖ *Dié **amptenare** van die Departement Buitelandse Sake was duidelik **nie in staat** om te verduidelik **waarom** Die Dokument “met een oogopslag” geëien kan word as “totaal gefabriseer”*, en *“die formaat en drukvorm hoegenaamd nie ooreenstem met dié van die departement nie”, terwyl **verskeie ander dokumente met dieselfde formaat** met **handtekeninge van mnr. Pik Botha, Desmond Tutu en ander**, uit dieselfde **lêer van die Departement van Buitelandse Sake**, afkomstig is.* (vergelyk **Bylaag 10**)
- ❖ *Gevolglik was **dr. Landman van die Vryheidsfront** onder morele verpligting om die amptenare van die Departement uit hul verknorsing te probeer red deur hul op uiters onbeholpe wyse in ‘n brief aan Die Afrikaner tegemoet te snel.*

✧ As **verdere agtergrond** kan gestel word dat (bes moontlik) **mnr. Pik Botha** as Minister van Buitelandse Sake (totaal onwettig) opdrag gegee het dat alle

**geklassifiseerde departementele dokumente** gedateer vóór April 1994 **vernietig** moes word.

- In die skrywe van **mnr. Evans** op **19 September** aan die HNP gaan hy oor tot die onderstaande **dreigement** deur aan te voer dat amptelike korrespondensie
  - *"die **besit van die staat** is.*
  - *Indien dit in die hande van persone buite die staatsdiens is, word dit geag in **wederregtelike besit** te wees.*
  - *Die feit dat die dokumente in u besit is, het gevolglik **wetlike implikasies** in terme van die **Wet op Amptelike Geheimhouding**.*
  - *Dit word derhalwe aan die hand gedoen dat u die dokumente **terugbesorg aan hulle regmatige eienaar**.*
  - *Die Departement het die saak intussen oorgegee aan sy **regsadviseurs."***
- Hierop het **mnr. Louis van der Schyff,** hoofsekretaris van die HNP, as volg geantwoord:
  - *"Ons is bewus daarvan dat die besit van die betrokke leggers wat vir vernietiging bestem was, **wetlike implikasies** het, ook dat die **voorgenome vernietiging 'n oortreding van die Argiefwet deur u Departement** was.*
  - *En dit is 'n debatteerbare vraag of 'n eienaar nog wettige aanspraak het op iets waarvan afstand gedoen is, soos u Departement in hierdie geval gedoen het."*
- Soos in **Bylaag 10** gesien kan word is **nog twee ander dokumente** wat in dieselfde lêer van die *Departement Buitelandse Sake* ingesluit was, onder andere die volgende:
  - Die eerste is 'n brief deur die destydse Minister van Buitelandse Sake, mnr. Pik. Botha, op die **amptelike briefhoof** van sy departement, met sy **handtekening** onderaan duidelik sigbaar.
  - Die tweede is 'n brief van **Desmond Tutu aan Pik Botha** in Oktober 1992.
    - Dit handel oor Trevor Tutu, Desmond se seun, wat probleme met die gereg opgetel het en Tutu vra dan hulp by Pik.
    - Onderaan is die **amptelike stempel** van die *Departement Buitelandse Sake* ook sigbaar.
    - Hierdie brief is deur 'n amptenaar van die Anglikaanse Kerk **namens Tutu onderteken** en onder die amptelike briefhoof van Tutu se kantoor in Kaapstad gerig.
- Alles dui onteenseglik daarop dat **nie alleen "Die Dokument"** waaroor die regsdispuut soos hierbo beskryf gehandel het nie, maar ook die **ánder dokumente** wat uit die lêer van die *Departement Buitelandse Sake* afkomstig is, **volkome eg** is.
- Deur 'n **persoonlike mededeling** het dit verder aan die lig gekom dat **dié lêer** waarin die departementele dokumente voorgekom het **'n geruime tyd** reeds in

die **kantoor van *Die Afrikaner*** was en eers tydens 'n opruimaksie **ontdek** is, aangesien dit **tussen verskeie ander lêers**, waaruit geblyk het dat dit vir vernietiging bestem was, voorgekom het.

- **Hoe** die pak lêers presies in besit van *Die Afrikaner* en die HNP gekom het is gevolglik **nie duidelik** nie.
- Die **afleiding**, dat 'n **amptenaar** wat moontlik vir **die vernietiging daarvan verantwoordelik** was die betrokke lêers op 'n onbekende wyse in die kantoor van *Die Afrikaner* besorg het, is na ons mening **nie vergesog** nie.

✧ In verband met die **hofgeding** en in besonder die **ontkenning van genl. Tienie Groenewald** in sý **beëdigde verklaring**, dat hy 'n **agent** van een of ander geheime diens is, berig *Die Afrikaner* (20-26 Junie,1997, bl.12) onder andere soos volg: (vergelyk 3 Junie 1994 - die berig in ***Africa Confidencial*** (**Bylaag 13**), 19 Julie 1993 en 6 Mei 1997)

- *"In die **eerste verklaring** wat hy afgelê het, het hy die volgende woorde gebruik:*
  - *'Ek bevestig verder dat **enige suggestie** dat ek 'n lid van die Amerikaanse Geheime-diens of Nasionale Intelligensie was op enige stadium **met die doel om inligting betreffende regse aksies** aan die diens te verskaf **absoluut onwaar** is.'*
- *Hierop het dr. Basson die volgende uitgewys:*
  - *Genl. Groenewald ontken in die betrokke paragraaf geensins **direk** dat hy nie lid van Nasionale Intelligensie was of 'n agent van Nasionale Intelligensie is nie."*
  - Dit is volgens dr. Basson *"baie duidelik… dat **die bewoording** van sy paragraaf steeds hierdie aspek probeer **omseil.**"*

✧ Hy ontken slegs dat hy nie 'n agent was ***met die doel om inligting betreffende regse aksies*** aan die diens te verskaf nie.

✧ **Tegnies** kan genl. Groenewald met **presies dieselfde** *beëdigde verklaring* **bedoel** dat hy 'n agent van die *Amerikaanse Geheime-diens*, *Nasionale Intelligensie*, ens. was en steeds is, om baie méér redes as net ***om inligting betreffende regse aksies*** aan die *CIA, NI*, en bes moontlik nóg ander geheime dienste, te verskaf.

✧ *Die Afrikaner* (20-26 Junie,1997, bl.12) berig verder:

- *"In sy **aanvullende beëdigde verklaring** het genl. Groenewald vermeld:*
  - *'Ek wil dit ook onomwonde stel **op hierdie stadium** dat ek **nog nooit 'n agent van Nasionale Intelligensie** was nie, en dat ek poog om toestemming te kry by die betrokke minister om so 'n verklaring te verskaf.*
  - *Die enigste rede waarom dit nog nie gedoen is nie is dat Nasionale Intelligensie nog nooit voorheen so 'n verklaring uitgereik het ten*

*aansyn van enige persoon nie, en eers wil kyk na die situasie indien hulle 'n presedent sou skep in my aangeleentheid…*

- *Ek wil dit ook verder onomwonde stel dat ek* ***nog nooit 'n agent van Militêre Inligting*** *was nie en dat ek ook* ***op hierdie stadium*** *nie sodanige agent is nie.*
- *Ek* ***herhaal my ontkenning*** *dat ek 'n* ***lid*** *is van die Amerikaanse Geheime diens of Nasionale Intelligensie of Militêre Intelligensie…'*

- *Hierop het dr. Basson na aanleiding van genl. Groenewald se* ***ontkenning onder eed*** *dat hy nooit 'n agent was van Militêre Inligting, verwys na die stuk,* ***Quo Vadis*** *wat voor die verkiesing van April 1994* ***deur die Afrikaner Volksfront*** *versprei is, om genl. Groenewald se* ***verbondenheid aan Militêre Inligting*** *te bewys.*
- *Daarin staan onder 'n* ***foto van Genl. Groenewald****:*
  - *'Genl. Maj. Tienie Groenewald, Voormalige* ***Hoofdirekteur van Militêre Inligting****.*
  - *Hy het ook as adviseur van die Staatsveiligheidsraad gedurende die jare tagtig gedien.*
  - *Tydens sy betrokkenheid by die Buro van Inligting het hy ook aan die hoof gestaan van Inligtingsinterpretasie.*
  - *In die verband het hy ook as adviseur vir die Staatspresident opgetree.'*
- *Daaruit het dr. Basson die* ***gevolgtrekking*** *gemaak dat genl. Groenewald in 'n* ***ander hoedanigheid as 'n agent*** *van Militêre Inligting by hierdie instansie betrokke was, naamlik as* ***Hoofdirekteur****.*
- *Daaruit vloei voort dat hy ook in 'n* ***ander hoedanigheid*** *by* ***Nasionale Intelligensie*** *betrokke kon gewees het.*
- *Sy beëdigde verklaring* ***sluit dus nog steeds nie die moontlikheid uit*** *dat hy in een of ander hoedanigheid by* ***Nasionale Intelligensie*** *betrokke was nie."*

- **Dus**, nogeens kan ook genl. Groenewald se ***"aanvullende beëdigde verklaring"*** iets **totaal anders beteken** as wat dit met die eerste oogopslag voorkom, naamlik **dat genl. Groenewald nie slegs "lid" of "agent"** van verskeie geheime organisasies was en waarskynlik steeds is nie, maar **inderdaad veel méér** as dit, soos sy presiese woorde aandui:
  - *"Ek* ***herhaal my ontkenning*** *dat ek 'n* ***lid*** *is…"*

*Die Afrikaner*, 25 April - 1 Mei 1997, bl.1
*Die Afrikaner*, 9-15 Mei 1997, bl.1,12
*Die Afrikaner*, 16-22 Mei 1997, bl.1
*Die Afrikaner*, 13-19 Junie 1997, bl.1.12
*Die Afrikaner*, 20-26 Junie 1997, bl.1,3,11,12
*Die Afrikaner*, 3-9 Oktober 1997, bl.1,11

Korrespondensie tussen mnr. Marais / *Die Afrikaner* en *Departement Buitelandse Sake* / *Vryheidsfront*

**170. 18 April 1997** (vergelyk 20 Maart 1982, 5 Augustus 1994 en 3 Mei 1996)
***Patriot*** voer 'n **onderhoud met dr. Ferdi Hartzenberg** in *"dr. Hartzenberg praat openlik"* oor ***"Afrikaner-eenheid"***.

- ✧ **Mnr. Henk Van der Graaf** wou van dr. Hartzenberg weet **waarom die KP gestig is** nadat die HNP reeds uiters suksesvol was soos in die **1981 Algemene Verkiesing** gesien kon word? (*vergelyk die gegewens op /* ***p.128-130*** *in Die IDASA-KOMPLOT*)
- ✧ Dr. Hartzenberg se antwoord dui ondubbelsinnig daarop dat nie *"samewerking met die HNP teen die NP"* nie, maar ***"inlywing van die HNP onder KP-leiding"*** as **hoogste prioriteit** beskou is.
- ✧ Hiéruit is die volgende **insiggewende afleiding** te maak:
  - ➢ Dr. Hartzenberg het in sy antwoord aan Van der Graaf **bevestig** dat die KP gestig is om (as sogenaamde meer gematigde "regse party") die **opgang van die HNP teen die NP te stuit**.
  - ➢ Sodoende moes die **Afrikaner-opposisie verdeel word** om te **verhoed** dat die NP moontlik al in 'n volgende Algemene Verkiesings uit die kussings gelig word.
  - ➢ Daarom sou die KP voortaan as tweede "regse party" **op so wyse optree** dat onder die **skyn** van "veg teen die NP" die **HNP in werklikheid in hul visier** bly… (12 Maart 1982 ***Beeld***: *"Sluier gelig oor nuwe party -* ***Jaap dr. T se teiken****"*; 18 November 1986 ***Die Transvaler***: ***"KP eis Jaap se kop"***; 4 Julie 1989: ***The Citizen***: ***"Dr T Rejects Right-wing Unity Call"…*** ens.)
- ✧ Bogenoemde afleiding word bevestig deur Van der Graaf se vraag aan Hartzenberg:

  ***"Moet die 'eenheid' binne die KP wees, soos dr. Treurnicht dit altyd gesien het?"***

  - ➢ Deur hierdie stelling **nie te betwis nie** gee dr. Hartzenberg te kenne dat dít **inderdaad** die aanvaarde **KP-standpunt** onder dr. Treurnicht se leiding was, naamlik: ***"die HNP moet in die KP verdwyn!"***
  - ➢ ***Dít was die hoofdoel van die KP sedert sy stigting.***
- ✧ ***Sodoende sou effektiewe regse opposisie uitgeskakel word, aangesien die KP-leiding in werklikheid 'n verlengstuk van die NP was – soos duidelik uit die IDASA-komplot blyk.***
  - ➢ So kom dit aan die lig dat die KP gestig is **nie in opposisie tot die NP** nie, maar in **opposisie tot die HNP**.
  - ➢ En dit verklaar die feit dat die HNP hul dikwels **tevergeefs beywer het vir samewerking** met die KP teen FW de Klerk se hervormings, soos talle voorbeelde voorgehou kan word, soos:

- ❖ Die stigting van 'n **Blanke-Volksfront** gedurende **1987 tot 1993** met die duidelike aandrang: **Stop De Klerk!**
- ❖ Die doelbewuste "alleen-veg" teen die NP in die **Maart 1992-referendum**.
- ❖ Die **Florida-tussenverkiesing** in Augustus 1992.
- ❖ Die aandrang deur die HNP op die **eis van 'n Blanke Algemene Verkiesing** wat deur die **KP-kongres in September 1993** met **akklamasie aanvaar** is, maar waaroor deur die **KP-leiding** daarná **geen woord gerep** is nie.

➢ So het die **KP-leiding** eenvoudig **álle samewerking** met die HNP meestal deur 'n **passiewe ingesteldheid** teëgewerk.

✧ Uit bogenoemde is alleen af te lei:
***Die KP-topleiding se geheime doelstelling was, soos dié van die AVF, om De Klerk nié te stuit nie, maar juis eerder te verseker dat, met hulle tussenkoms, regse ontsporing van die NP verhoed kon word.***

➢ Hoewel **duisende opregte Afrikaners** hulle sedert 1982 by die Konserwatiewe Party sou voeg, het dié party in werklikheid onder **verraderlike top-bestuur** gefunksioneer.

➢ **"Leiers"** soos *Andries Treurnicht, Ferdi Hartzenberg, Pieter Mulder, Corné Mulder, Tom Langley, Dries Bruwer, Piet Gous, Koos van der Merwe, Casper Uys, Daan du Plessis, Willie Snyman, Koos Reyneke, BG Willemse, Chris van den Heever, Daan van der Merwe, Chris de Jager, Pikkie Coetzee, Andries Beyers, Koos Botha, Jan Hoon, Willem Botha, HDK van der Merwe, Jurg Prinsloo, Fanie Jacobs, Abrie Oosthuizen, Carel Werth, Moolman Mentz, Rosier de Ville, Pieter Groenewald, ZB du Toit* en bes moontlik nog vele ander…

➢ het ***só reg en suiwer nasionalisties "gepraat" en selfs ook oënskynlik "gedoen" dat hul ware karakter nie uit die beeld wat van hulle uitgegaan het ontbloot is nie.***

✧ Ook die **bakermat van Afrikanernasionalisme** onder ons **boere-gemeenskap**, die ***Transvaalse-* en *Vrystaatse Landbou-unies*** is deur **skyn-regses** binnegedring soos: *Dries Bruwer, Piet Gous, Frik Dreyer, Willie Lewies, Lourie Bosman, Herman Vercuiel, Jan Human en Johan Hariman.*

✧ **Bedrieglike voorlopers** in die ***Boerekrisisaksie (BKA)*** wat die leiding sou neem om te **verhoed** dat die magsoorgawe aan die Kommuniste plaasvind, het **in werklikheid juis dít in die oog gehad**… Hulle was: *Dries Bruwer, Herman Vercuiel, Douw Steyn, Piet Uys, Jan Breytenbach, Constand Viljoen, Leonard Venter, Elardus de Beer, Fanie Erasmus* en sekerlik nog *vele* ander.

- ✧ Op dieselfde wyse is bykans alle noemenswaardige **regse partye** en **organisasies** deur **verraaiers besmet** as deel van die **wye komplot** teen Afrikanernasionalisme.
- ✧ Dit geld vir **Afrikaner kultuurliggame** soos die *FAK*, die *ATKV*, die *Voortrekkers*, die *AKB* en andere.
- ✧ Die **vyand** is geïdentifiseer: Aan die **wortel** daarvan lê die ***Afrikaner(Broeder)-bond*** met **al sy tentakels**.
- ✧ Die verraderlike ***Broederbond*** het die groot **opgang van die KP** in die vroeë negentigs **ná De Klerk se toesprake** op 2 Februarie 1990 en 1 Februarie 1991 **voorsien**.
  - ➢ Daarna het hulle sorg gedra vir die **rampspoedige Referendum** in Maart 1992, sodat die regses ontnugter en teleurgesteld uit dié **"politieke spel"** sou tree, waaraan die **KP-leiding sélf aandadig** was.
  - ➢ Só is die ***politieke*** **opmars teen De Klerk** gestuit, en steeds genoeg tyd gelaat om die **oorgawe aan die ANC-SAKP** deur te voer,
  - ➢ vóórdat De Klerk genoodsaak sou wees om kragtens die grondwet weer 'n **Blanke Algemene Verkiesing** (in September 1994) te hou.
  - ➢ Dáárdie verkiesing sou die De Klerk-regering **nié oorleef het nie**… soos bes moontlik óók **indien na mnr. Marais en die HNP geluister is** en vóór April 1994 'n Algemene Verkiesing **afgedwing is.**
  - ➢ **In al bogenoemde was die KP-leiding, gerig deur *Toekomsgesprek (TG)*, sigbaar 'n werktuig van die Nasionale Party!**
- ✧ Helaas, die Afrikanervolk **sal nie gered word** deur dié organisasies en partye wat hom **in die ongeluk gedompel** het nie.
- ✧ Daarom is dit ook ondenkbaar dat 'n verteenwoordiger uit hierdie gemeenskap bestem kan wees om die **leiding van die Afrikaner in sy krisisuur** op hom te neem.
- ✧ Daarby kom liggame soos ***Radio Pretoria***, ***Patriot***, ***Toekomsgesprek / Volksbond***, ***VEKOM*** en helaas ook die ***AWB*** en nou ook die ***HNP!***
- ✧ Ná die dood van **mnr. Jaap Marais (2000)** het die "nuwe HNP-leier", ***mnr. Willie Marais*** en ander meelopers mettertyd hul **ware kleur** gewys…
- ✧ Dieselfde **politieke figuur** wat (volgens eie erkenning!) saam met die **ANC voor 1994 geheul het**, sou ná 2004 selfs die **leierskap van die HNP** oorneem in die persoon van **mnr. Andries Breytenbach.**
- ✧ So kon selfs ***Die Afrikaner*-koerant**, as mondstuk van die HNP, sedertdien nie meer met 'n oop gemoed gelees word nie.
- ✧ Die vyand wat die HNP sedert sy stigting in 1969 wou vernietig sou dus uiteindelik **in 2004 daarin slaag**.

- ✧ So is ook die **HNP** as die vergestalting van **suiwer Afrikanernasionalisme** deur die vyand **binnegedring** en **vernietig** deur die **afwyking van die *beginsels* van dr. Malan, adv. Strijdom en dr. Verwoerd, naamlik:**
  - ➢ ***Blank Suid-Afrika is die Afrikanervolk se Godgegewe vaderland,***
  - ➢ ***waarin hy soewerein oor homself moet kan regeer***
  - ➢ ***om homself te kan wees tot eer van sy Skepper,***
  - ➢ ***en ten einde die ryke hulpbronne van Suid-Afrika ten behoewe van die ganse bevolking van Suid-Afrika wys en met oorleg te kan bestuur,***
  - ➢ ***sonder om Blank en Nie-blank te laat verslaaf deur die groot geldmagnate wat die rykdom van hierdie land deur slinkse oneerlikheid, en die medewerking van korrupte regeerders, vir hulself ingepalm het.***
  - ➢ ***Dít is net moontlik deur die regte ekonomiese bestuur toe te pas, sowel as die verstandige toepassing van 'n beleid van afsonderlike ontwikkeling (Apartheid), waarin elke bevolkingsgroep na sy aard en behoefte die geleentheid ten volle gegun word om homself te kan tuismaak, opbou en ontwikkel in sy eie territoriale grondgebied na die aard van omstandighede soos eie aan homself.***
- ✧ In die lig van dié **geweldige aanslae** teen die Afrikanervolk is dit 'n **wonder** dat daar vandag nog **ware Afrikanernasionalisme** bestaan - **dié inbors en geloofsdenke** van die **Afrikanervolk oor die eeue heen** - wat die vyand gehoop het **teen hierdie tyd** vernietig sou wees…
- ✧ Helaas het ook die **Afrikaanse Kerke met gereformeerd-calvinistiese geloofsbelydenis** deurgeloop…
  - ➢ Die *Broederbond*, wat jare gelede al deur die ***Vrymesselaars*** geïnfiltreer is, het **veral ons kerke** en **jong predikante** nie gespaar nie.
  - ➢ **Leerdwalinge** en **humanisme** of mensgesentreerdheid **binne** die Afrikaanse Kerke is uiters kommerwekkend.
- ✧ Hierby moet ook gevoeg word:
  - ➢ ***Toekomsgesprek (TG)*** - sedert 1998 ***"Volksbond"*** - wat homself as "regse teenvoeter" vir die *Broederbond* voordoen, was/is in werklikheid niks anders as die **Broederbond sélf**, slegs in **"regse"** hoedanigheid.
  - ➢ ***Soos die Broederbond die NP-beleid gerig het, só het TG die KP-beleid gerig, terwyl die Broederbond en TG/Volksbond in werklikheid saam vergader, saam beplan en saamwerk om (vandag steeds) die Afrikaner se totale ondergang te bewerkstellig.***

*Die IDASA-komplot*, p. 84 / p67,68,96,115,116,128-133,134,135

**171. 25 April en 2 Mei 1997** (vergelyk 7 November 1997, 13 Januarie 1998 en 6 April 2001)

***Patriot*** voer **onderhoude met dr. Ferdi Hartzenberg** in *"dr. Hartzenberg praat openlik"* oor sy **beweerde betrokkenheid by die *IDASA-komplot***.

- ✧ **Mnr. Van der Graaf** vra aan dr. Hartzenberg aangaande die ***IDASA-komplot***:
  - ➢ *"Wat weet u van IDASA se Conservative Dialogue Programme?"*
    *"Ek het maar in die onlangse tyd daarvan te hore gekom. Ek was nie bewus van die program nie…"*
  - ➢ *"Was u persoonlik betrokke by die program?"*
    *"Nee, hoegenaamd nie."*
  - ➢ *"Was u in daardie tyd bewus daarvan dat van u LV's en kollegas in die KP by daardie program betrokke was?"*
    *"Nee"*
  - ➢ *"Tog word in 'n onlangse publikasie* [*Die IDASA-KOMPLOT*] *beweer dat u in die geheim betrokke was by IDASA se program en bewus was van die betrokkenheid van sekere van u kollegas."*

    ***"Dis net sulke snert soos Piet Pretorius se boek."***

*Die IDASA-komplot*, / p123-127,152,185

**172. Kort na *Patriot* se rubriek: *"dr. Hartzenberg praat openlik"*** (vergelyk 25 April en 2 Mei 1997)

Die **HNP** reik **persverklarings** uit na aanleiding van *Patriot* se rubriek: *"dr. Hartzenberg praat openlik"*:

> ***"Ferdi probeer sy IDASA-spore doodvee****… sy geloofwaardigheid al meer in die gedrang."*
>
> ***"KP se geheime agenda: Hoofteiken HNP, nie NP!"***

*Die IDASA-komplot*, / p.**123-133**

**173. Datum onbekend**

**Hoofbestuursvergadering van *Vrystaat Landbou Unie (VLU)***

- ✧ **Dr. Piet Gous ontken** dat hy enigiets met IDASA te doen gehad het.

*Die IDASA-komplot*, / p.148,169

**174. Datum onbekend**

**Boere-vergadering op Koppies**

- ✧ **Dr. Piet Gous** word openlik deur **mnr. Roelf Martins** gekonfronteer met **dokumentêre bewyse** van sy betrokkenheid by die IDASA-komplot teen die Afrikanervolk.
- ✧ **Dr. Piet Gous erken dat hy wel by die *Conservative Dialogue Programme* van IDASA betrokke was.**

*Die IDASA-komplot*, / p.147,148,169

**175. 2 Mei 1997** (vergelyk 8 Maart 1997 en 1 Mei 1998)

**Mnr. Marais** rig 'n **4de brief** aan **dr. Piet Gous** as uitdaging om die IDASA-komplot op 'n **openbare verhoog met hom te debatteer**.

- ✧ Mnr. Marais bevestig dr Gous se betrokkenheid by IDASA en wys na aanleiding van *Rapport* (9 Maart) daarop dat sy party (die VF) **wéér** met die ANC **in die geheim** gesprek voer oor sogenaamde ***"sake van gemeenskaplike belang"*.**

*Die IDASA-komplot*, / p.**138**

**176. 6 Mei 1997** (vergelyk 19 Julie 1993, 31 Maart 1997 en "25 April en 9 Mei 1997")

**Adv. Piet Pretorius** reik 'n **persverklaring** uit, aangaande:

- ✧ Die ***Nuuskommentaar*** (31 Maart) op *Radio Pretoria*, waarin sy boek *Volksverraad* gediskrediteer is as 'n boek wat *"leuens verkondig"* as *"deel van 'n komplot teen die Konserwatiewe Party"*,
- ✧ asook die geklassifiseerde **geheime dokument** (gedateer 19 Julie 1993) wat deur die HNP in *Die Afrikaner* van 25 April 1997 gepubliseer is.
- ✧ Die **volledige persverklaring** deur adv. Pretorius lui soos volg:
  - ➢ *"Ek het in my hoedanigheid as skrywer beswaar gemaak daarteen* [Nuuskommentaar: 31 Maart] *en het tot op hede geen reaksie van Radio Pretoria ontvang nie.*
  - ➢ *Op grond van die verskyning van 'n artikel getiteld **Constand Viljoen, Pik, FW in komplot** in Die Afrikaner van 25 April - 1 Mei 1997 met 'n gepaardgaande fotostaat van 'n geklassifiseerde dokument, wil ek **Radio Pretoria** weereens ernstig versoek **om te erken** dat hulle voortvarend opgetree het, en om **apologie** aan te teken.*
  - ➢ *Ek wil die **kollig plaas** op die **vermelde dokument** wat in die Herstigte Nasionale Party se besit gekom het.*
  - ➢ ***In die artikel is dit duidelik dat die Afrikaner nie werklik besef welke verdoemende bewys die HNP nou het dat genl. Tienie Groenewald wel 'n koverte rol in die veiligheidsgemeenskap gespeel het, en moontlik nog steeds speel, nie.***
  - ➢ *Ek haal graag aan uit Volksverraad, bl. 316: "Tienie Groenewald word in 1993 agent (**agentverwysing 93G1092MG**) van die Nasionale Intelligensiediens en verskaf sedertdien informasie betreffende regse aksies aan die diens."*
  - ➢ ***Die agentnommer wat op die dokument in Die Afrikaner se besit verskyn is dieselfde as die nommer wat reeds meer as 'n jaar gelede in Volksverraad onthul is.***
  - ➢ *Tienie Groenewald het van dié nommer wat in Volksverraad genoem is gesê: '**Die agentverwysing** wat weer(ge)gee word is **'n versinsel** en **doelbewuste bedrog**. Daar **bestaan nie so iets** nie.'*
  - ➢ *Miskien moet Groenewald weer, na aanleiding van die **bewyse wat voorgelê word**, oor hierdie stelling van hom gaan besin.*
  - ➢ *As 'n gewese Analis van Nasionale Intelligensiediens is ek van mening dat die dokument in Die Afrikaner se besit 'n **departementele skakeldokument van Nasionale Intelligensiediens aan die Departement van Buitelandse Sake** is, wat geoormerk was as 'n kommunikasiedokument na laasgenoemde se **buitelandse Ambassade-kantore**.*

- *Omrede die potensiaal van 'n* ***regse opstand*** *gedurende 1993/1994 internasionale reaksie uitgelok het, blyk dit dat hierdie dokument* ***deel gevorm het van die Suid-Afrikaanse Veiligheidsgemeenskap*** *(wat Militêre Intelligensie, die Nasionale Intelligensie, die Veiligheidspolisie en die Departement Buitelandse Sake insluit)* ***se aanslag om die vrese van die buiteland vir 'n regse politieke oorname te besweer.***
- *Die* ***"ek"-styl*** *wat in die dokument gebruik word, dui daarop dat dit 'n direkte kommunikasie-stuk is vanaf die* ***bron*** *wat in hierdie geval* ***genl. Tienie Groenewald*** *is.*
- *Wat die inhoud van die dokument betref, is dit duidelik dat Groenewald Viljoen se hanteerder was.*
- *Dit bevestig weereens die onthullings in die verband in Volksverraad. Op bl. 312 word byvoorbeeld gesê: "In die hele operasionele oefening van die Afrikaner Volksfront en die Vryheidsfront blyk dit duidelik hoe groot Groenewald se invloed op Viljoen was en is."*
- ***Ek sê dankie vir Jaap Marais se Herstigte Nasionale Party vir die opspoor van hierdie bewyse.***
- *Hierdie is slegs die punt van die ysberg en ek weet dat verdere bewyse teen die verraaiers in ons midde sal volg.*
- *Intussen volstaan ek met wat ek in Volksverraad sê. Die waarheid is besig om te seëvier."*

*Die waarheid is besig om te seëvier* - adv. PJ Pretorius, 6 Mei 1997
*Die Afrikaner*, 9-15 Mei 1997, bl.1,12

**177. 9 Mei 1997** (vergelyk 2 Mei 1997)
**VLU-Dagbestuursvergadering**

- Waarskynlik was dit 'n soort **spesiale Dagbestuursvergadering**, aangesien geen amptenare daarop toegelaat is nie, geen bandopname gemaak en geen notule gehou mog word nie. ( / p.148)
- Onder die agendapunt: ***"Volgehoue HNP-aanvalle op dr. Gous, en die betrokkenheid van 'n lid van die VLU se Uitvoerende Raad"***, is eerder as om 'n verantwoording van dr. Gous te verlang, **mnr. Roelf Martins** in die **beskuldigde-bank geplaas** oor die aanname dat hy as sekretaris die **VLU-adreslys aan die HNP** verskaf het.
- **Mnr. Frik Dreyer**, ondervoorsitter van die VLU, stel aan die vergadering dat hy die publikasie *Die IDASA-komplot* **nie gelees het nie**, maar **slegs daardeur geblaai het**.
- **Dr. Gous ontken alle beskuldigings deur die HNP van sy betrokkenheid by IDASA *"kategories"***. ( / p.142)
- **Mnr. Roelf Martins** het op die vergadering opgemerk:

*"Dr. Gous, ek kon u vernietig het op **Koppies**. Dit is genotuleer dat wat u daar gesê het **nie in ooreenstemming is** met wat u aan die **Hoofbestuur** gesê het nie."*

- ✧ Volgens **mnr. Roelf Martins se aantekeninge** tydens dié "geslote" vergadering het Mnr. Frik Dreyer uit die voorsitterstoel sydelings opgemerk:
  - ➢ *"Jaap Marais is ook skuldig aan baie dinge"* en *"Ek ken sy styl"* - sonder om na 'n enkele feit, bewering of insident te verwys.
  - ➢ Verder merk mnr. Dreyer op dat dit **nie 'n doel sou dien** dat dr. Gous 'n verklaring oor die IDASA-komplot uitreik nie, want ***"dan kom Jaap Marais weer met 'n ander argument"***...
- ✧ Hieroor sou mnr. Marais op 20 Mei aan mnr Dreyer skryf:
  - ➢ *"Verbeel jou, die VLU-Dagbestuur se argument is dat die aanklagte teen dr. Gous onwaar is; en u is gesteld op die waarheid.*
  - ➢ *Die waarheid is, volgens u, in besit van dr. Gous; maar u en die Dagbestuur belet hom om met sy weergawe van die waarheid vorendag te kom, onder andere omdat ek dan met 'n ander argument sou kom!*
  - ➢ *So, die waarheid moet onderdruk word deur waarheidsliewende boereleiers, omdat hulle bang is dat ek - téén die waarheid - met 'n ander argument sal kom!*
  - ➢ *Was daar al ooit groter bespotlikheid om 'n skuldige te probeer beskerm?"*
- ✧ Uiteindelik neem die vergadering, sonder om 'n enkele aanhaling of selfs verwysing uit die briewe aan dr. Gous te maak, die **eenparige besluit** dat die ***"beskuldigings teen die President, dr. Gous, ongepas, ongegrond en onwaar is"***.

*Die IDASA-komplot*, / p.142,146,147,148,150,151

**178. 9 Mei 1997**

**Persverklaring** deur die **VLU-Dagbestuur**

- ✧ Die Dagbestuur gee die volgende eenparige besluit deur:

  ***"beskuldigings teen die President, dr. Gous, (is) ongepas, ongegrond en onwaar."***
- ✧ Boonop besluit die Dagbestuur om ***"drastiese stappe"*** te neem

  ***"na aanleiding van die volgehoue politieke en persoonlike aanvalle van die HNP op die President van die VLU, dr. Pieter Gous"***.
- ✧ Die Dagbestuur is ook beswaard oor die "wederregtelike" gebruik van hul **adreslys** waardeur die **lede van die VLU oor die IDASA-komplot ingelig** is.

*Die IDASA-komplot*, / p.139,142,146,151

**179. 12 Mei 1997** (vergelyk 9 Mei 1997)

**Persverklaring** deur die **HNP** as antwoord op die VLU-persverklaring.

- ✧ Dit is **beskamend** dat die Dagbestuur van die VLU sulke **inkriminerende dokumentêr bewese getuienis** teen hul President **onder die mat wil invee** en dit boonop **vir die boere van die Vrystaat wil wegsteek**.

*Die IDASA-komplot*, / p.**139,140**

**180. 12 Mei 1997** (vergelyk 9 Mei 1997)

**Mnr. Marais** rig 'n **bykomende brief** aan **mnr. Frik Dreyer**, ondervoorsitter van die VLU en stel onder andere aan hom die volgende:

- ➢ *"Waar u dreig om 'drastiese stappe te doen' na aanleiding van 'volgehoue politieke en persoonlike aanvalle op dr. Gous', is die **enigste sinvolle drastiese stap** wat u kan oorweeg, 'n **aansoek om 'n hofbevel teen die HNP**. Enigiets anders is onbeduidend.*
- ➢ *Daarom **wil ek u uitdaag om so 'n hofbevel aan te vra** en in 'n hof verantwoording te doen vir u gebruik van woorde soos '**onvanpas, ongegrond** en **onwaar'.**"*

*Die IDASA-komplot*, / p.**140,141**

**181. 12 Mei 1997** (Vergelyk 20 Maart 1982, die gebeure kort ná 20 Februarie 1992, 19 Julie 1993, "25 April en 9 Mei 1997" en 4 Junie 1997)

**Mnr. Pieter Groenewald**, LP van die *Vryheidsfront*, lewer 'n **toespraak in die Parlement.**

- ✧ Mnr. Pieter Groenewald was as *Vryheidsfront*-LP **deel** van die **Vryheidsfront** se samesprekings op 'n ***"geheime plek"*** oor ***"sake van gemeenskaplike belang"*** met die **ANC** op 8 Maart 1997. (vergelyk 8 Maart 1997)
- ✧ Hý is vandag die **huidige** (2024) **leier** van die ***Vryheidsfront+***.
- ✧ Omrede die tipiese **misleidingstegnieke** in hierdie **"toespraak"** (vergelyk *Die Afrikaner*, 13-19 Junie, 1997, bl.1,12) so duidelik aan die lig kom en boonop aantoon ***tot op watter vlak*** (of eerder **láágtemerk**) van **leuenagtigheid** die **vyande van Afrikanernasionalisme** kán daal, word dit hieronder **volledig** aangehaal.
- ✧ Aangesien **mnr. Marais** op gepaste wyse in 'n **skrywe op 4 Junie 1997** (vergelyk *Die Afrikaner*, 20-26 Junie, 1997, bl.1,7) op mnr. Groenewald se parlementêre "toespraak" **gereageer** het, word hierná **volstaan** met die behandeling van slegs 'n **enkele aspek** van sy "toespraak".
- ✧ **Só** praat mnr. Pieter Groenewald, reeds in 1997, as 'n **linkse** in 'n **"regse baadjie"**:
  - ➢ *Mnr. die Voorsitter, ek gaan vanmiddag in my toespraak nie sodanig praat oor die aktiwiteite van die intelligensie-komitee nie.*
  - ➢ *Ek wil eerder my **aandag wy aan 'n bepaalde kwessie** wat voortspruit uit die intelligensiegemeenskap.*
  - ➢ *Ek wil begin deur te sê die woorde 'nasionale intelligensie' was, en is nog steeds, towerwoorde in Suid-Afrika.*

- *Dit skep verskillende persepsies by die mense op grondvlak.*
- *Dit is **bekend** dat Suid-Afrika **in die verlede bestuur en beheer is** deur die sogenaamde **'sekurokrate'**.*
- *Hoe het die mense op grondvlak hierdie persepsie beleef?*
- *Daar is diegene wat geglo het as 'n mens iemand geken het wat vir die intelligensiediens gewerk het, het jy iets geweet van almal wat getel het.*
- *Dit het natuurlik beteken dat 'n mens 'n baie belangrike persoon was.*
- *'n **Persoon wat self vir die intelligensiediens gewerk het**, is gesien as iemand wat nooit iets verkeerd kon sê of doen nie.*
- *Hy is altyd gesien as **verhewe bo die wet**.*
- *Verder was alles wat so 'n persoon sou sê die waarheid en niks anders as die waarheid nie.*
- *Hoe kan 'n persoon wat dan in die intelligensiediens is iets sê wat onwaar is?*
- *Ek wil sê* (dat) *die mense van Suid-Afrika aan 'n intelligensiediens-sindroom begin ly het.*
- *Die vraag is of dit vandag anders is.*
- ***Kort-kort verskyn koerantberigte** oor **sekere sake** wat sou voortspruit **uit 'n geheime dokument** wat in die **hande van die media** beland het.*
- *Ek het nie 'n probleem daarmee as sekere inligting in die hande van die media beland nie, maar die vraag is hoekom dan **net in sekere hande?***
- *Dit is so dat artikel 32 van die Grondwet bepaal dat elkeen die reg op toegang het tot enige inligting wat deur die Staat gehou word en die verdere bepalings daaromtrent.*
- *Wat egter nou sy kop uitsteek, is dat **sommige skielik in besit kom** van 'n **geheime verslag** van die **intelligensiegemeenskap**.*
- ***Almal** kry nou **skielik 'n geheime dokument** in die hande, en dan word **onthullings gedoen**.*
- *Ek wil vanmiddag aandag wy aan die onthulling van **so 'n dokument** wat skielik **opgeduik het in die hande van mnr. Jaap Marais** van die HNP.*
- *Dit is 'n dokument aan die Direkteur-Generaal van Buitelandse Sake, mnr. Rusty Evans, **waarvolgens genl. Viljoen kwansuis 'n geheime vergadering met die destydse Staatspresident, mnr. FW de Klerk, sou wou gehad het** en waartydens hulle **sake sou bespreek het wat oor regse opstand handel**.*
- *Ek dink dit het tyd geword dat die **kiesers daarbuite** moet weet met **watter politieke bedrog mnr. Jaap Marais hom besig hou**.*
- *Ek sê 'politieke bedrog' omdat hy **alles in sy vermoë doen** om die **kiesers te mislei.***
- *Ons moet begin kyk wat mnr. Jaap Marais se **'track record'** is.*

- *Hy wil die indruk probeer wek dat **hy en 'n handjievol mense** nog die **enigste ware, suiwer Afrikaners** is.*
- *Die vraag is **hoe suiwer hy polities werklik** is.*
- *Dit is dieselfde mnr. Jaap Marais wat ná die moord op dr. Verwoerd **na mnr. Vorster toe gegaan** en gesê het **'Dit is die man** wat ons **vir die nuwe premierskap** moet kry.'*
- ***Daarna** is dit egter dieselfde mnr. Jaap Marais wat mnr. Vorster as 'n **verraaier uitskel.***
- *As ons gaan kyk na mnr. Jaap Marais se **politieke optrede**, dan blyk dit dat **eenheid in 1982 voorgestel is** en verskillende politieke bewegings na vore getree het.*
- *As ek reg luister na die **NP,** dan lyk dit of hulle hom **beskerm**.*
- *Beskerm hulle mnr. Jaap Marais?*
- *Hulle moet dit vir my sê, want dan sal hulle kan verstaan **waarom ek so baie vrae** oor sy optrede het.*
- ***Almal** was dit toe **eens** dat daar **samehorigheid** moet wees en dat **saamgestaan** moet word.*
- *Mnr. Jaap Marais het egter **alles in sy vermoë gedoen om dit te verongeluk.***
- *In die **1987-verkiesing** is mnr. Jaap Marais **setels aangebied**, maar op die laaste nippertjie het hy besluit dat hy **nie regtig met eenheid saamgaan** nie.*
- *Nee, hy **veroorsaak** net **verdeling**.*
- *Dieselfde geld die **1989-verkiesing**.*
- *In die **1992-referendum**, toe daar uiteindelik besluit is dat **die KP en die ander partye nie sal deelneem nie**, wie is die man wat **eerste op die TV** verskyn en gesê het dat hulle **gaan deelneem?***
- *Dit is niemand anders nie as **mnr. Jaap Marais.***
- *Hy wou almal toe **dwing** om aan die referendum deel te neem, iets wat hy **ongelukkig reggekry** het.*
- *In 1993, met die **vorming van die Volksfront** en die gepaardgaande geskiedenis was dit **weer eens mnr. Jaap Marais** wat in daardie stadium **landswyd minder** verteenwoordigers en **kiesers gehad het wat hom gesteun het** as wat ek destyds **in my kiesafdeling Stilfontein** in die 1990-verkiesing behaal het. (Tussenwerpsels)*
- *Die vraag is **hoe** hy die Afrikanersaak dien?*
- *Ek kan nie mooi hoor wat die agbare lid van die NP daar sê nie.*
- ***Het mnr. Jaap Marais vir die NP opgetree?***
- ***Was hy die agent?***
- *Die agbare lid skud sy kop. (Tussenwerpsels)*

- *Hy sê mnr. Jaap Marais het as **agent van die NP** opgetree **om te verseker dat daar tweespalt** aan die regterkant is. (Tussenwerpsels)*
- *Baie dankie vir die eerlikheid van die agb. lid. Die agb. lid is ten minste nou eerlik. (Tussenwerpsels)*
- *Is dit **toevallig** dat mnr. Marais **se seun getroud is** met **mnr. Mike Louw**, voormalige hoof van Nasionale Intelligensie, **se dogter?***
- *Die vraag ontstaan **of dit is waar mnr. Marais kwansuis sy geheime dokumente kry**. (Tussenwerpsels) Die agb. lid sê ja.*
- *Weet mnr. Marais en sy organisasie daar bestaan iets soos **disinformasie?***
- *Ek glo hy moes al daarvan gehoor het. Die agb. lid sê ja.*
- *Nou is die verdere vraag of hy so naïef en dom is om alles te glo en **op te dis aan die mense**, of weet hy **dit is valse bewerings** maar dat hy instrumenteel en die agent is **om dit te versprei?***
- *Dit lyk my die **grootste agent** om die **Afrikaner te diskrediteer,** is **mnr. Jaap Marais.** (Tussenwerpsels)*
- *Die vraag is **vir wie hy nou werk.***
- *Werk hy vir die **ANC-regering**, of moet hy nog sy pond vleis lewer betreffende wat hy aan die vorige regering gelewer het toe hy as **agent van die NP** moes optree. (Tussenwerpsels)*
- *Die agb. lede kan vinnig ja sê, omdat dit in hulle kraal is om dit te doen en **omdat dit die NP bevoordeel** het.*
- *Daarom wil ek dit **vandag hier boekstaaf** dat **mnr. Jaap Marais** die **instrument was** en die **rol gespeel het** om **te verseker** dat die **NP die kiesers mislei** het in **al die verkiesings sedert 1982** en in die **referendum** en daarom die **moeilikheid het wat hy vandag het.** (Tussenwerpsels)*
- *Dan wil ek ook sê dat mnr. Jaap Marais die **kooltjie aan die gang wil hou** en laat gloei **om te verseker dat daar verdeling** onder die Afrikaner is.*
- *Ons* [die Vryheidsfront] *wil egter vir mnr. Jaap Marais sê **dat hy ontbloot** is.*
- *Hy is soos die **koning** wat na die mense gestap het vir wie daar gesê is **'U is kaal.'***
- *As hy **eerlik** wil wees, wees dit dan en sê dan vir ons **wie se agent** hy in hierdie stadium is."*

- Aangesien mnr. Marais, soos reeds genoem, op gepaste wyse in 'n **skrywe op 4 Junie 1997** op mnr. Groenewald van die *Vryheidsfront* se parlementêre "toespraak" **gereageer** het, **volstaan** ons hier met die behandeling van slegs 'n **enkele aspek** van sy "toespraak", naamlik:
    - *"Dit is dieselfde mnr. Jaap Marais wat ná die moord op dr. Verwoerd **na mnr. Vorster toe gegaan** en gesê het **'Dit is die man** wat ons **vir die nuwe premierskap** moet kry.'*

- ❖ ***Daarna** is dit egter dieselfde mnr. Jaap Marais wat mnr. Vorster as 'n **verraaier uitskel.**"*

- ✧ Op **19 Julie 1996** het mnr. Marais reeds 'n ongelukkige en waarskynlik onbedoelde **mistasting** in die boek ***Volksverraad*** deur adv. Piet Pretorius, aangaande **sy besoek aan John Vorster** kort na die sluipmoord op dr. Verwoerd, in 'n skrywe aan *Die Afrikaner* **reggestel**. (*Die Afrikaner*, 9-15 Augustus, 1996, bl.5)
- ✧ **Hooftrekke** uit mnr. Marais se skrywe lui soos volg:
  - ➢ *"Dit **is nie waar** dat ek mnr. John Vorster gevra het om verkiesbaar te wees as leier van die Nasionale Party ná die sluipmoord op dr. Verwoerd nie…*
  - ➢ *Tevore het **prof. Michael Arnheim** in '**South Africa after Vorster'** geskryf dat **ek in die NP-koukus** Vorster **as leier voorgestel** het. Dit is **ook onwaar**.*
  - ➢ *Vorster is in die koukus as leier voorgestel **deur mnr. SP (Fanie) Botha**… en is gesekondeer deur **mnr. GdeK (Gaffie) Maree**…*
  - ➢ *Dié feit is betekenisvol, want **veral wat Botha betref**, dui dit op 'n **leidende** rol…*
  - ➢ *Hy* [adv. Pretorius] *beroep hom op die boek **'Vorster, die man'** deur **John D'Oliviera**, destyds politieke verslaggewer van 'The Star'.*
  - ➢ *Daarin word beskryf hoe **ek**, **Fanie Botha**, **Gaffie Maree** en **Jan de Wet** (van Suidwes-Afrika) **Vorster gespreek het** aan huis van sy broer, dr. JD (Koot) Vorster, in Kaapstad.*
  - ➢ *Dié enkele feit is **korrek.***
  - ➢ *Maar **daaromheen** het Vorster en sy trawante **later verskeie invoegsels** en **toevoegsels** gemaak nadat ek **vroeg-vroeg Vorster se afwyking van NP-beleid** in die koukus **teengestaan** het en uiteindelik daarom **uit die NP geskop** is.*
  - ➢ *Om die **indruk** te gee dat ek die **voorste Vorster-ondersteuner** sou gewees het en **daarna omgeswaai** het tot die **ergste teenstander**, is toe **versinsels** aan my toegedig en **opsetlike wanvoorstellings** oor my gemaak.*
  - ➢ *Een daarvan in **D'Oliviera se boek** is dat **ek John Vorster sou gebel het** om 'n afspraak met hom te maak.*
  - ➢ *Dit is **nie waar nie**.*
  - ➢ ***Fanie Botha** het dit **uit my kantoor** in die Volksraad gedoen, nadat **hy my gepols het** om **saam met hom Vorster te nader**.*
  - ➢ *John Vorster het waarskynlik **dié kinkel** aan sy relaas aan D'Oliviera gegee.*
  - ➢ *In dié gesprek het **Botha** gesê **ons wat sterk beleidsmense** was, moes 'n '**kring** om Vorster trek **voordat die liberaliste** naby hom kon kom'.*
  - ➢ ***Ek was nie ongeneë** om Vorster te steun nie, **hoewel** ek gesê het dat ek **bedenkings** het oor van sy **assosiasies**, bedoelende byvoorbeeld sy **vriendskap met mnr. De la Rey Venter**, LV vir De Aar, en **dié se vriendskap***

*met **mnr. Abe Bloomberg**, ‘**n Kleurling-verteenwoordiger** in die Volksraad en ‘n **voorste leier** in die **Joodse gemeenskap**.*

- *Hier, ter onderbreking, moet ingebring word dat **hierdie bedenking** wel **relevant** was, want **drie maande later** was by Vorster se dogter, Elsa, se huwelik **die fotograaf, ‘n mnr. Hausman**, die **amptelike fotograaf van die ‘SA Jewish Times’** - ‘n **uiters ongewone verskynsel** by die troue van ‘n dogter van ‘n **oud-OB-generaal!***
- *Saam met **Fanie Botha** en my het na Vorster toe **Gaffie Maree** en **Jan de Wet** gegaan, albei manne wat **nouer skakeling met my gehad het** as met Botha.*
- *By die **ontmoeting** met Vorster was **sy broer, dr. Koot**, ook teenwoordig.*
- ***D’Oliviera haal hóm aan** om te beweer dat **ek as woordvoerder** van ons vier opgetree en Vorster gevra het om hom verkiesbaar te stel.*
- *Om **geloofwaardigheid** aan die relaas te gee, word **dr. Vorster se woorde** soos volg aangehaal:*
    - ***Jaap Marais was die hoofwoordvoerder en hy het vir John gesê: ‘Oom John, ons wil by u pleit om uself beskikbaar te stel vir die pos van Eerste Minister, want u is die enigste wat die ideologie van die Afrikaner volg.’***
- *Dat iets van dié aard gesê is, is vanselfsprekend.*
- *Maar **om dit aan my toe te dig**, is ‘n **poging om my vaster aan Vorster te knoop** as wat die werklikheid was.*
- *Dié aanhaling bevat **twee dinge** wat dit verraai.*
- *Ek het John Vorster **nooit in my lewe** as **‘Oom’** aangespreek nie.*
- *Dit **ondermyn reeds** die **betroubaarheid** van dié bewering.*
- *Daarby het ek **nog nooit gepraat** van **‘die ideologie van die Afrikaner’** nie, omdat ek die woord ‘ideologie’ nie in so ‘n **onnoukeurige verband** gebruik nie.*
- ***Dié soort woordgebruik** pas in die **idioom van die Ossewa-Brandwag**, waaraan die **Vorsters en Fanie Botha** verbind was.*
- *Dit was **Fanie Botha** wat die **woord gevoer en Vorster gevra het** om hom verkiesbaar te stel.*
- *Sy **reaksie** was, soos D’Oliviera skryf, dat as hy as **junior Kabinetslid** verkies sou word, dit die **NP kon laat skeur**.*
- *Maar dan **swyg** D’Oliviera se segsmanne dat **ek toe aan Vorster gesê het**: ‘‘n Party skeur nie **om so-iets** nie. **Dr. Verwoerd was ook ‘n junior**. ‘n Party skeur **as hy van sy beginsels afwyk**.’*
- *Dit was my **belangrikste bydrae** tot die gesprek.*
- *En **dít was profeties**, net soos **Vorster se opmerking** wat D’Oliviera rapporteer:*

- ***'Ek sal liewer in die geskiedenis onthou wil word as die man wat Eerste Minister kon geword het, dan as die man wat dit geword het en 'n gemors daarvan gemaak het.'***

- *Dit is een van die **merkwaardigste gebeurtenisse** dat **twee sulke profetiese uitsprake** oor **so 'n belangrike aangeleentheid** gemaak is.*
- *Dat **Fanie Botha** Vorster in die koukus voorgestel het, is **'n aanduiding** daarvan dat hy ook by **dié vroeëre gesprek die voortou** gevat het…*
- *Toe Vorster kort ná sy verkiesing **nie voortgegaan het** met die **Wetsontwerp op Onbehoorlike Politieke Inmenging** nie, het ek in die koukus daaroor kritiek gehad, omdat ek **intuïtief aangevoel** het dat daar **verskuilde motiewe** was.*
- *Toe Vorster met sy **nuwe sportbeleid** begin het, het ek in teenwoordigheid van **Willem Delport**, LV vir Port Elizabeth-Sentraal, **tydens 'n gesprek** met Vorster laat blyk dat ek **bedenkings teen sy gedagterigtings** gehad het.*
- *En in die koukus waar Vorster sy **nuwe beleid aangekondig** het, was ek die **eerste wat hom in 'n toespraak teengegaan** het.*
- *Vorster en sy trawante - ook D'Oliviera - het later **die feit dat ek Vorster se verkiesing nie teengestaan het nie**, maar hom toe **vanuit die HNP beveg** het, aangegryp om die **indruk van inkonsekwensie** aan my kant te skep.*
- *Die **inkonsekwensie was by Vorster**.*
- *Hy sou **nooit in aanmerking vir leierskap** gekom het nie as dit nie weens sy **politieke uitsprake en optrede in die gees van sy voorgangers** was nie.*
- *Dog, nadat hy **plegtig verklaar** het: **'my pad sal die pad van Hendrik Verwoerd wees'**, het hy **omgespring** en **alles verloën** waarvoor dr. Verwoerd gestaan het…"*

- Uit bogenoemde **getuienis deur mnr. Marais** ten opsigte van sy besoek saam met destydse kollegas aan mnr. John Vorster in September 1966, kom nie alleen die ware **feitlike gebeure en samehang** na vore nie,
- maar ook die **slinksheid** waarmee sy **politieke vyande tóé reeds** te werk gegaan het ten einde die **valse indruk** te skep dat mnr. Marais die **allergrootste Vorster-aanhanger** sou wees, net om later sy **grootste politieke teenstander** te word…
- Ook in **dié lig** van mnr. Marais se persoonlike getuienis oor die gebeure destyds, behoort **mnr. Pieter Groenewald**, leier van die ***Vryheidsfront+,*** se opmerking destyds in 1997 in sy parlementêre **smeerrelaas teen mnr. Marais en die HNP**, **be-oordeel** te word.

*Die Afrikaner*, 9-15 Augustus 1996, bl.5

*Die Afrikaner*, 13-19 Junie 1997, bl.1,12

*Die Afrikaner*, 20-26 Junie 1997, bl.1,7

**182. 16 Mei 1997** (vergelyk 12 Mei 1997)

**Mnr. Frik Dreyer,** ondervoorsitter van die VLU, **antwoord** in 'n brief aan mnr. Marais

- ✧ wat stel dat dr. Gous **alles** (waarskynlik op die Dagbestuursvergadering van 9 Mei) ***"kategories ontken"*** het en dat *"die Dagbestuur hom daarin gelyk gegee het"*.

*Die IDASA-komplot*, / p.**142,143**

**183. 16 Mei 1997** (vergelyk 9 Mei 1997)

**Mnr. Marais** daag in 'n **openbare brief in *die Volksblad*** die VLU-Dagbestuur uit om *"drastiese stappe"* te doen,

- ✧ deur byvoorbeeld 'n **hofbevel teen die HNP** se bewerings oor dr. Gous en die IDASA-komplot aan te vra.

*Die IDASA-komplot*, / p.151

**184. 20 Mei 1997** (vergelyk 9 Mei 1997)

**Mnr. Marais** rig 'n **2de brief** aan **mnr. Frik Dreyer,** ondervoorsitter van die VLU,

- ✧ waarin hy die essensie van die skrywes aan dr. Gous (3 Desember 1996 en 27 Februarie 1997) nogeens uitlig.
- ✧ Mnr. Marais wys mnr. Dreyer verder op die **ongepastheid van die "eenparige" Dagbestuursbesluit** van 9 Mei, naamlik dat die beskuldigings teen dr. Gous *"onvanpas, ongegrond en onwaar"* is, **terwyl hy as ondervoorsitter** (volgens eie erkenning op die vergadering van 9 Mei) **die dokument nie gelees het nie, maar net daardeur geblaai het**…
- ✧ Mnr. Marais wys verder daarop dat hoewel mnr. Dreyer in sy brief van 16 Mei voorgee dat die vergadering (9 Mei) *"nie oor die IDASA-komplot gehandel het nie"*, die **geskrewe agenda** lui: *"Volgehoue HNP aanvalle op dr. Gous…"*
- ✧ Daarbenewens wys mnr. Marais mnr. Dreyer daarop dat hy **behoort te weet** dat dr. Gous op 'n boerevergadering op **Koppies *erken* het** dat hy wel by die ***Conservative Dialogue Programme*** van IDASA betrokke was. Dit **weerspreek sy ontkenning** aan die Dagbestuur.
- ✧ **Mnr. Marais** skryf:
    - ➢ *"Laat my dit reguit aan u stel: Aangesien dr. Gous nie die moed het om my op 'n **openbare verhoog te ontmoet** om sy onskuld te pleit oor sy geheime betrokkenheid by die IDASA-komplot nie,*
    - ➢ *of **om sy ontkenning op skrif te stel** nie,*
    - ➢ *is sy **"kategoriese" ontkenning** aan die VLU-Dagbestuur nie die asem werd waarmee dit uitgespreek is nie, veral inagnemende die **erkenning wat hy op Koppies** gemaak het."*
- ✧ Aangaande die gebruik van die **VLU-adreslys** skryf mnr. Marais:
    - ➢ *"Dan nog, u en dr. Gous se **besorgdheid** oor die **gebruik van 'n adreslys** is nie oor die **geregtigheid** daarvan nie, maar oor die **onthulling aan Vrystaatse boere** van die **geheime politieke dinge** waarby dr. Gous in die IDASA-komplot betrokke was*

- ➢ *ter bevordering van die ANC-SAKP-belange* ***ten koste van die Afrikanervolk*** *- ook van die op die* ***platteland van die Vrystaat****.*
- ➢ *Dr. Gous se* ***politieke dinge is nie te skei*** *van sy* ***rol in die landbou*** *nie. En die HNP gebruik die adreslys net* ***om VLU-lede in te lig*** *oor die wyse waarop dr. Gous sy rol in die landbou vir politieke doeleindes laat gebruik.* ***Dit is die VLU-lede se reg om dit te weet.*** *U wil hulle* ***dié reg ontneem****, omdat u hulle in die* ***duister wil laat*** *oor dr. Gous se* ***geheime politieke doenighede.****"*

✧ Ten slotte **herinner** mnr. Marais mnr. Dreyer aan sy brief in *Die Volksblad* van 16 Mei waarin hy die **VLU-Dagbestuur in die openbaar uitdaag om hul voorgenome *"drastiese stappe"* te doen**, deur byvoorbeeld 'n hofbevel teen die HNP se bewerings oor dr. Gous en die IDASA-komplot aan te vra.

*Die IDASA-komplot*, / p.**144-151**

**185. 4 Junie 1997** (vergelyk 12 Mei 1997 en "25 April en 9 Mei 1997")

**Mnr. Marais reageer** in 'n skrywe (*Die Afrikaner*, 20-26 Junie, bl.1,7) op die **"toespraak"** van **mnr. Pieter Groenewald** op 12 Mei 1997 in die **"veiligheid"** van die **Parlement.**

✧ Mnr. Marais wys mnr. Groenewald daarop dat sy **aanval op mnr. Marais**, nie in die openbaar nie, maar van **agter die veiligheid van parlementêre privilegie**, nie van dapperheid getuig nie.

✧ Volgens mnr. Marais het mnr. Groenewald sekerlik nie die moed om súlke *"lasterlikhede buite die parlementêre beskerming kwyt te raak nie",* en daag hom derhalwe uit **om sy toespraak van 12 Mei** in die Nasionale Vergadering **daarbuite te herhaal**,

✧ sodat mnr. Marais hom vir **skadevergoeding weens laster** kan aanspreek en hy *"die geleentheid kan hê om aan 'n geregshof regverdiging te gee"* vir sy *"politieke onkunde"*, *"belaglike argumente"* en *"skinderpraatjies"*.

✧ Die vernaamste grepe **uit mnr. Marais se skrywe** aan mnr. Groenewald van die *Vryheidsfront* lui soos volg:

- ➢ *"U het u toespraak aangeknoop by die* ***onthulling van 'n staatsdokument*** *uit die leggers van die Departement Buitelandse Sake,*
- ➢ *wat volgens 'n tydelike* ***hofbevel*** [die finale hofuitspraak sou eers op 10 Junie gelewer word, vergelyk "25 April en 9 Mei 1997" hierbo] ***nie nou bespreek mag word nie****,*
- ➢ *maar waarvan die onthulling klaarblyklik groot politieke sooibrand veroorsaak het* ***by u leier, genl. Constand Viljoen****,*
- ➢ *omdat hy, soos u in die NV verklaar het, daarin* ***onder verdenking gestel is*** *as sou hy met FW de Klerk onderhandel* (het) *om opstand te verhoed…*
- ➢ *U besef seker dat dié bewering van u leier as* ***sou dit vervals wees****, 'n blote tydelike blitsafleier is, omdat hy* ***geen grondige getuienis*** *vir dié bewering het nie…*

- *Ek het in die openbare pers in **Januarie 1970** gesê: '…Hulle is besig om die Blankes van Suid-Afrika **sag te maak vir die aanvaarding van rasse-integrasie op sportgebied**, met die korrelaat van rasse-integrasie op **sosiale gebied**.'*
- *In **Junie 1971** het ek geskryf: 'Die liberaliste in die regeringsparty be-oog om… **aan die Nieblankes parlementêre medeseggenskap** oor die Witman te gee op 'n wyse wat die Witman gaandeweg **al meer in die mag van die Nieblanke sal stel**, soos in Kenia en ander Afrikagebiede.'*
- ***Almal in die NP** het toe daarteen geraas en geskree.*
- *My beskouing is **deur die geskiedenis** reg bewys.*
- ***Wie het die kiesers mislei en bedrieg?***
- *Dr. Treurnicht, dr. Hartzenberg, mnr. Tom Langley, mnr. Dries Bruwer, dr. Piet Gous en ander latere KP-manne het my **13 jaar lank** onder John Vorster en PW Botha se leiding **beveg**, omdat ek en andere **hierdie verraderlike politiek** wou stuit.*
- *Hulle het gesê **dit sou nooit gebeur nie solank die NP aan bewind** was.*
- *U sê egter ék het die kiesers mislei…*
- *Oor die **tydperk daarna** het u seker nog nooit in u partydige bevangenheid gehoor dat die **HNP in tussenverkiesings sedert 1970** deurlopend vooruitgegaan het… deur die **dramatiese opgang** in die HNP in tussenverkiesings in Randfontein, Koedoespoort en Rustenburg.* [vergelyk April 1981]
- *In laasgenoemde twee het die NP-meerderhede so skerp gedaal dat die **skrif aan die muur** was vir die NP.*
- *In **Rustenburg** was die NP-meerderheid in Oktober 1979 net **846**.*
- *PW Botha het **vervroegde algemene verkiesings** uitgeroep in **April 1981**.*
- *En die **HNP se opgang in dié verkiesing** was só groot dat mnr. Piet Cillié van Die Burger gesê het: **'Dis nog nie katastrofies nie, maar dis baie onheilspellend.'***
- *In **Waterberg** het dr. Andries Treurnicht, leier van die NP in Transvaal, se meerderheid teen die HNP* [mnr. Marais] ***gedaal van 4760 na 1460**, en in **Lichtenburg** het die HNP teen dr. Hartzenberg **een uit elke drie** stemme gekry - iets oor die 34%.*
- *Nie net het hulle **geweet** hulle sou in die **volgende algemene verkiesings** deur die HNP **verslaan word** nie, maar die NP self sou, indien nie deur die HNP verslaan nie, **so verswak** gewees het dat hy **nie sou kon voortgaan met sy politieke verraad** nie.*
- *Die oplossing van die **tweekantige probleem*** [om nie alleen aan bewind te bly nie, maar ook hul verraderlike politieke agenda te kon voortsit en

deurvoer] *was om **na regs verdeeldheid te skep** deur 'n tweede **"regse" politieke party** - 'n fopparty - **te stig** en die **kiesers te verwar**.*

- *Sodoende sou die NP **sy verraderlike beleid kon voortsit**, en die tweede "regse" party, die KP, **sou verhoed dat die HNP die NP verslaan**.*
- ***Die KP** is derhalwe gestig **in opposisie tot die HNP**, toe die HNP besig was om Afrikaners **weer te versamel** op die **basis van Afrikanernasionalisme**…*
- *Ek het Vorster 'n **verraaier** genoem omdat hy verkies is as 'n **voortsetter** van **dr. HF Verwoerd se beleid**, soos bevestig deur sy woorde op 13 September 1966: **'My pad sal die pad van Hendrik Verwoerd wees'**,*
- *en hy toe **omgedraai** en **dr. Verwoerd verloën het** op 'n skandelike wyse, toe hy die **grondslag** gelê het **vir die huidige verraad** van die Afrikanervolk.*
- *As u Vorster onder u beskerming wil neem, neem dan ook onder andere sy **verraad** van die **Witman van Rhodesië** en **Suidwes-Afrika** as u eie.*
- *Ek het Vorster gesteun **voordat** hy getoon het dat hy 'n verraaier was.*
- *U en ander het hom gesteun **nadat** hy getoon het dat hy 'n verraaier was…*
- *Al die **politieke slenters ná 1982** was daarop gemik om die **HNP te verstrik** en **in die KP te laat opgaan**,* [vergelyk 18 April, 1997]
- *vandaar byvoorbeeld Beeld se opskrif: 'Jaap dr. T se teiken'; Die Transvaler se opskrif: 'KP eis Jaap se kop' en Citizen se opskrif: 'Dr. T rejects rightwing unity'.*
- *Toe dit **misluk** het en die HNP na 2 Februarie 1990 **groot opgang** gemaak het met die **oproep om 'n volksfront te stig** met die slagkreet: **'Stuit De Klerk; eis algemene Blanke verkiesings, omdat hy nie 'n mandaat het vir sy uitverkopingsbeleid nie'**,*
- *toe, op **inisiatief van die KP**, en met **militêre pensioenarisse** as 'n front, word die **Afrikanervolksfront (AVF)** gestig, met die **uitdruklike doel** om **nie** algemene verkiesings te eis en **De Klerk te stuit nie**.* [vergelyk 20 April en 7 Mei 1993]
- ***Dít**, mnr. Groenewald, **was volksverraad.***
- *En as u soek na **politieke figure** wat as **agente van die NP** en die De Klerk-regering gekwalifiseer het, sal u stiksienig wees as u nie die **leidende figure in die AVF** raaksien nie - by name **Constand Viljoen**, **Tienie Groenewald**, **Ferdi Hartzenberg**, **Dries Bruwer**, **Piet Gous**, **Tom Langley**…*
- *Oor die **referendum van 1992** is u ook… heeltemal op 'n **dwaalspoor**.* [vergelyk die gebeure ná 20 Februarie 1992]
- *Die feite is dat **Casper Uys** onmiddellik na De Klerk se aankondiging van die referendum **in die Parlement** gesê het die **KP aanvaar** die uitdaging.*
- ***Op grond daarvan** het ek in 'n verklaring ooreenstemmend gereageer.*
- *Maar toe raak die **KP vier dae lank** in vertwyfeling en besluiteloosheid.*

- *Eers verwerp hulle Uys se standpunt en toe aanvaar hulle dit uiteindelik, met dr. Treurnicht se **beslissende stem**.*
- *Dit was die **mees onbeholpe politieke geskarrel** wat ooit **oor so belangrike saak** plaasgevind het…*
- *Ek kan u gerusstel* [sover dit die familie-verbintenis tussen mnr. Marais en mnr. Mike Louw, voormalige hoof van *Nasionale Intelligensie*, aangaan] *dat ek nie geheime inligting van mnr. Louw kry nie en **nie sal oorweeg om dit van hom te vra** en hom in verleentheid te stel nie…*
- *U is blykbaar oopgestel vir **disinformasie**, daarom glo u blykbaar **die stories van genl. Tienie Groenewald**…*
- *As u wil weet wie agente van wie is, is daar **heelwat getuienis** beskikbaar, soos byvoorbeeld **Africa Confidential** se berig van **3 Junie 1994** wat soos volg lui:* (**Bylaag 13**)
  - *'Significantly, the Freedom Front's **Gen Constand Viljoen** and **General Tienie Groenewald**, a former intelligence chief have become **allies of the new government** and are **feeding intelligence** on the **far right** to the 'reconstructed' **DMI*** [Departement Militêre Inligting].
  - *Africa Confidential has learned it was **Gen. Viljoen** who passed **key intelligence to DMI** which led to the **arrest of the first two of 33** far right-wingers, including **key officials** of the Afrikaner Weerstandsbeweging (AWB), in connection with a series of bomb blasts before the election.*
  - *Since the fiasco of Mmabatho on 11 March, when the AWB suffered a humiliating defeat, the **Freedom Front** and Eugene Terre Blanche's **AWB are mortal enemies**.' (Let wel die datum: 3 Junie 1994, toe daar reeds 'n ANC-SAKP-regering was.)*
- *Daarby is die **getuienis** van **genl. Groenewald self** dat hy **De Klerk se Rooi Vrydag-toespraak** van 2 Februarie 1990 **geskryf het** - 'n feit wat al byvoorbeeld in 'n boek gestaaf is, en waarteen genl. Groenewald nie 'n eis ingestel het nie.*
- *Ekself het al in 'n openbare dokument verwys na **genl. Groenewald** se **vreemde verhouding met Will Roberts**, 'n Amerikaanse burger, wat in die openbaar erken het dat hy verdink word van konneksies met die Amerikaanse spioenasiediens, die **CIA.***
- *Dít is die **geselskap*** [in die *Vryheidsfront*] ***waarin u verkeer** wanneer u onder parlementêre beskerming 'n smeeraanval in die Nasionale Vergadering maak wat u nie die moed het om daarbuite te maak nie.*
- *En dit is **harde feite** waarop geoordeel kan word **wie 'n agent van wie** is…"*

*Die Afrikaner*, 20-26 Junie 1997, bl.1,7

**186. 13 Junie 1997** (Vergelyk 20 Maart 1982)

***Die Afrikaner*** berig:

- ***"Groot name keer terug na die HNP"***

- Die **politieke bluf-spel** rondom die **stigting van die KP** in Maart 1982 het ten minste vir sekeres ná 1994 duidelik geword.
- Die volgende **veelseggende berig** getuig daarvan:
  - *"**Mnr. Manie Malan** het weer by die HNP aangesluit.*
  - *Hy was voorheen 'n **Hoof- en Dagbestuurslid** van die HNP.*
  - *Hy het 'n **leidende rol** in Bloemfontein gespeel, en baie bygedra om die party in die Vrystaatse hoofstad gevestig te kry en uit te bou.*
  - *In die **tagtigerjare** het hy egter die **HNP verlaat** en hom by die **KP gevoeg**.*
  - *Mnr. Malan het aangedui dat die **KP nie meer die vertroue** van die kiesers geniet nie, en dat hy vanweë die koers wat hierdie party ingeslaan het , weer **terugkeer na die HNP**.*
  - *Intussen het hy na Welkom verhuis, en onderneem om sy gewig daar in te gooi…*
  - ***Mnr. & mev. Danie en Ria Henning** van Randfontein, wat in **1981 vir die HNP gestem** het, maar daarna hulle **gewig by die KP ingegooi** het, het ook besluit om **by die HNP** aan te sluit.*
  - *Hulle het in 'n **brief aan mnr. Jaap Marais** die saak soos volg gestel:*
    - *'Ek het 'n hele tyd gelede **briewe aan al die regse leiers** gestuur **betreffende eenwording** onder regse geledere.*
    - *Maar **ek verstaan nou** waarom u nie tot so 'n stap oorgaan nie, veral na u tydige openbarings van die **Idasa/ANC/NP/VF en KP-komplot** nie.*
    - ***Baie geluk** met u **standvastige sienswyse**, ons gesin staan by u.*
    - *Die **deursnee Afrikaner** het natuurlik **nooit geweet** van hierdie konkelry nie en was **nooit bewus van al die feite** nie.*
    - *Ek was maar self 'n NP gewees, het **vir die HNP in die 1981-verkiesing gestem** nadat ek ingesien het dat die NP op die verkeerde pad is,*
    - *maar het **ongelukkig vanaf 1982 die KP ondersteun** en by hulle aangesluit totdat hulle aan die **munisipale verkiesings nou onlangs deelgeneem het** en toe my bedanking ingedien.*
    - *Ons kon natuurlik **nooit vermoed** het dat daar **sulke verraad** gepleeg sou word nie, en het dit ook **nie van mede-Afrikaners verwag** nie.*
    - *Maar **die Here het u en die HNP party gespaar** om dit **alles te openbaar** hier in 1997 sodat die **verskriklike onreg wat ons aangedoen is** deur u geopenbaar sal word.*
    - ***Ek vra om verskoning dat ek dit nie vroeër agtergekom het nie**.*
    - *Ek lees tans net Die Afrikaner, ek lees geen ander nuusblad nie en wanneer ek klaar is gee ek dit aan 'n vriend om te lees.*

- ***Ek vra u om hierdie hele komplot** wat geopenbaar is in 'n A4 vorm in die HNP koerant in 'n **opsommender wyse te plaas** sodat ons dit kan fotostateer en **versprei** sodat die aangeleentheid by **al ons landgenote** uitkom.'"*

*Die Afrikaner*, 13-19 Junie 1997, bl.1,12

**187. 13 Junie 1997** (vergelyk "25 April en 2 Mei 1997")

**Mnr. Marais** rig 'n **4de brief** aan **dr. Ferdi Hartzenberg** en daag hom uit om hom ook soos adv. Piet Pretorius **hof toe te vat**,

- aangesien *Die IDASA-Komplot* ***"net sulke snert soos Piet Pretorius se boek"*** is, soos dr. Hartzenberg dit genoem het in *"dr. Hartzenberg praat openlik"* met Henk van der Graaf van *Patriot.*
- Mnr. Marais skryf:
  - *"Alleen só sal **Afrikaners te wete kom** wat **u saam met ander** soos Constand Viljoen, Tienie Groenewald, Dries Bruwer en Piet Gous, **op aanstigting** van Van Zyl Slabbert, Alex Boraine en Abraham Viljoen **in die geheim** gedoen het*
  - *om die **NP-ANC-SAKP-agenda** te laat vlot en die **Afrikanervolk eerloos en bloedloos** aan 'n Swart Kommunisties-beheerde regering **te laat onderwerp** in die land waar die Boerevolk gebore is."*

*Die IDASA-komplot*, / p.126,**152,153**

**188. 24 Junie 1997** (vergelyk 8 Maart 1997 en 1 Mei 1998)

**Mnr. Marais** rig 'n **4de brief** aan **mnr. Dries Bruwer** waarin hy hom onder andere uitdaag om die **uitnodiging** van die **boere van Stella** te aanvaar en met hom oor die IDASA-komplot **in debat te tree**. (vergelyk *Die Afrikaner*, 18-24 April, 1997, bl1)

- Mnr. Marais laat mnr. Bruwer baie goed verstaan **wie en wat IDASA is** deur wie hy hom laat gebruik (het) **om Kommunistiese doelstellings in Suid-Afrika te laat slaag ten koste van sy eie volk.**
- Na aanleiding van die **berig** wat op **9 Maart in *Rapport*** verskyn het, skryf mnr. Marais aan mnr. Bruwer:
  - *"Die berig bevestig 'n **voortgesette vriendskaplike verhouding** tussen die VF en die ANC-SAKP. U sal sien dat daarin berig word dat daar 'n **geheime samespreking** tussen die VF en die ANC-SAKP was oor **"gemeenskaplike sake".***
  - *Maar baie **betekenisvol**, die gemeenskaplike sake wat deur u met die ANC-SAKP bespreek is, **word geheim gehou**. Die **boere van Transvaal** en ander Afrikaners **mag dit nie weet nie.**"*
- Dan laat volg mnr. Marais nogeens die oproep tot mnr. Bruwer:
  - *"Ek wil nou my uitnodiging aan u van vroeër herhaal: **laat ons saam op 'n verhoog of voor die TLU se gesagsliggaam optree**. Dan sal ek die*

***dokumente oor die IDASA-komplot voorlê*** *waarop ek my aanklag teen u baseer.*

- *En u kan onthul* ***watter "gemeenskaplike sake" u in die geheim*** *met die ANC-SAKP bespreek."*

*Die IDASA-komplot*, / p.**154-156**,161

**189. 17 Julie 1997**

**Radioprogram *Tjailatyd* oor *Radio sonder grense (RSG)***

- Tydens 'n onderhoud met **Mnr. Dries Bruwer** word Bruwer **deur 'n luisteraar** wat inskakel trompop geloop oor sy betrokkenheid by die IDASA-komplot.
- **Daarop trek mnr. Bruwer oor die lug te velde teen mnr. Marais en die HNP** en sê onder andere**:**

  *"Dis 'n tipiese HNP-vraag."*
  *"Mnr Jaap Marais beskuldig my van gesprekke met IDASA."*
  *"Ek ontken dit vandag. Ek het nou die geleentheid om dit te ontken."*
  *"Ek het nooit gesprekke met IDASA gevoer nie."*
  *"Ek is bereid om enige man enige tyd aan te vat."*
- Hierop stel die luisteraar aan mnr. Bruwer dat mnr. Marais **dokumentêre bewyse** in sy besit het vir die aantyging dat sekere **landbouleiers** betrokke was by IDASA-projekte en dat dit die lug 'n slag sal suiwer as mnr. Bruwer mnr. Marais se uitdaging tot 'n **openbare debat** sou aanvaar.
- Mnr. Bruwer reageer nie oor die kwessie van 'n openbare debat met mnr. Marais nie, hoewel hy kort tevore gesê het:

  ***"Ek is bereid om enige man enige tyd aan te vat."***
- Mnr Bruwer gee wel 'n **valse voorstelling** deur te beweer dat die dokumentêre bewyse van mnr. Marais **gewoon "briewe"** is en dus **geen bewyse** nie.
  - Mnr. Bruwer het egter uit die briewe van mnr. Marais aan hom en ander geweet dat die **dokumentêre bewyse ter sprake dokumente uit die leggers van IDASA** is, waarvan **fotostatiese afdrukke** van sekeres aan hom beskikbaar gestel is.
- Mnr. Bruwer voer aan dat mnr. Marais hom moes **dagvaar.**
  - Dit is nogeens 'n **valse voorstelling.**
  - Indien mnr. Bruwer oortuig is dat mnr. Marais hom valslik van verraad beskuldig, is dit 'n siviel-regtelike aangeleentheid en **het mnr. Bruwer die reg en verantwoordelikheid** om mnr. Marais siviel-regtelik te dagvaar vir skadevergoeding weens laster.
  - Solank mnr. Bruwer **dit nie doen nie**, is dit by implikasie **'n erkenning dat hy die beskuldiging van verraad teen hom nie kan of wil betwis nie.**
- Mnr. Bruwer gaan voort en beskuldig mnr. Marais oor die lug van ***"kleinlike politiekery"*** wat hy ***"ten koste van menselewens"*** bedryf,

   - terwyl dit vir mnr. Marais gaan om die **grootste volksbelang**, naamlik **politieke verraad** wat gepleeg is en waardeur die **Afrikanervolk sy vryheid verloor** het weens **sameswering** met IDASA van **"regse" politieke leiers**, waarvan mnr. Bruwer kragtens **dokumentêre bewyse** deel was.
- Mnr. Bruwer meld van 'n **onderneming teenoor die TLU** waarvolgens hy beloof om met mnr. Marais in 'n **persoonlike gesprek** te tree. ( / p.162)
   - Hieroor skryf mnr. Marais aan hom:
     *"Ek het nog niks amptelik daarvan verneem nie. Dit kan wel plaasvind.* ***Maar dié saak is in die openbaar en dit sal per slot van sake in die openbaar uitgemaak moet word."*** ( / p.162)

*Die IDASA-komplot*, / p.157-159,160-163,164

**190. 23 Julie 1997** (vergelyk 17 Julie 1997)

**Mnr. Marais** rig 'n **brief *aan* mnr. Sarel Myburgh**, programbestuurder van RSG.

- Mnr Marais **dring aan** op 'n geleentheid om die **valse bewerings** wat mnr. Bruwer oor die lug gemaak en die land ingestuur het, ook oor die lug in 'n uitsending deur RSG **reg te stel**.
- Meegaande met sy skrywe sluit mnr. Marais 'n eksemplaar van *Die IDASA-KOMPLOT*, 'n afskrif van sy 5de brief aan Dries Bruwer (24 Julie 1997), sowel as 'n afskrif van sy 4de brief aan Hartzenberg (13 Junie 1997) in.

*Die IDASA-komplot*, / p.**157-159**

**191. 24 Julie 1997** (vergelyk 17 Julie 1997)

**Mnr. Marais** rig 'n **5de brief** aan **mnr. Dries Bruwer** na aanleiding van mnr. Bruwer se **onderhoud op 17 Julie** in die **Radioprogram *Tjailatyd*** oor ***Radio sonder grense (RSG).***

- Mnr. Marais wys mnr. Bruwer daarop dat hoewel hy oor die lug beweer het ***"Ek is bereid om enige man enige tyd aan te vat"***, hy reeds **maandelank mnr. Marais se uitdagings** (19 Des., 21 Jan. en 24 Jun.) om voor die **gesagsliggame van die TLU** of voor die **boere van Stella** met hom **in debat te tree verontagsaam** het.
- Daarop stel mnr. Marais dit opnuut: *"Ek herhaal nou: Ek daag u uit:*
   - *Om een* ***enkele onwaarheid aan te stip*** *in die stellings wat ek oor u, dr. Gous, genl. Constand Viljoen en genl. Tienie Groenewald gemaak het in my ontleding en aanbieding van die IDASA-komplot;*
   - *Om* ***in die openbaar die IDASA-dokumente ter insae te neem*** *en nog vol te hou met die* ***leuen dat daar nie dokumentêre bewyse*** *is vir wat ek verklaar oor u, genl. Viljoen en andere se betrokkenheid by die IDASA-komplot nie.*
   - *Daar is* ***grense van openbare welvoeglikheid****. As u nie hierdie uitdaging in die openbaar aanvaar nie, behoort u uself uit die openbare lewe te verwyder."*

- ✧ In hierdie skrywe stel mnr. Marais ook ander van Bruwer se radio-uitlatings aan die orde wat nie in die brief aan die programbestuurder, mnr. Sarel Myburgh, uitgelig is nie. ( / p.159)

*Die IDASA-komplot*, / p.**160-163**

**192. 29 Julie 1997**

**Persoonlike gesprek tussen mnr. Bruwer en mnr. Marais** in die hoofkantoor van die HNP.

- ✧ Behalwe mnr. Bruwer was ten minste ook **mnr. Gert Ehlers**, die latere President van die TLU, **by die ontmoeting teenwoordig**. ( / p.184)
- ✧ Tydens die ontmoeting is **fotostatiese afdrukke van die IDASA-dokumente** ter tafel gelê.
- ✧ Hoewel mnr. Bruwer **volhou** dat die **uiteensetting van mnr. Marais** oor gebeure **nie die waarheid weerspieël** nie, trek hy **nie die egtheid van die dokumente in twyfel nie**, maar **ontken steeds** dat hy ooit met IDASA onderhandel het.
- ✧ Dié ontkenning maak uiteraard geen sin nie.
- ✧ ***Tog onderneem mnr. Bruwer om prof. Viljoen ten opsigte van die dokumente aan te spreek en later daaroor terugvoering aan mnr. Marais te gee.*** ( / p.184)
- ✧ Mnr. Bruwer poog deurgaans om **debatvoering af te weer**.
- ✧ Dit was gou duidelik dat hy **slegs op aandrang van die landbou-unie** ingestem het tot die gesprek met mnr. Marais.
- ✧ In elk geval span mnr. Bruwer al sy **oorredingskrag** is om mnr. Marais te beweeg om **af te sien van sy veldtog** om die IDASA-komplot **rugbaar** te maak.
- ✧ Hy doen tot **vier keer 'n beroep** op mnr. Marais ***"om die twis te staak".***
- ✧ Op uiters slinkse wyse doen mnr. Bruwer aan die hand dat **hy sal reël vir 'n gesprek tussen mnr. Marais en prof. Abraham Viljoen**… dan kan hy en dr. Gous natuurlik op die agtergrond verdwyn, terwyl mnr. Marais met die linkses van IDASA praat… Mnr. Marais het dadelik daardeur gesien.
- ✧ Opmerklik was die feit dat mnr. Bruwer en ander bekommerd was, nie omdat die IDASA-dokumente vals was nie, **maar juis omdat dit die waarheid is en dat hulle verraderlike rol daardeur ontbloot is**.

*Die IDASA-komplot*, / p.164,165,184

**193. Gedurende die tyd wat die *IDASA-komplot* besig is om op die lappe te kom.**

(vergelyk "*Radio Pretoria* word gestig" September 1993, 22 Maart 1996 en 31 Maart 1997)

- ✧ ***Radio Pretoria weier om selfs die woord "IDASA" oor die lug uit te spreek.***

*Die IDASA-komplot*, / p.164

**194. 30 Julie 1997** (vergelyk 23 Julie 1997)

**Onderhoud met mnr. Marais oor *RSG*** in verband met die **IDASA-komplot**

- ✧ RSG staan **sonder huiwering** aan mnr. Marais die geleentheid toe om oor die lug **'n uiteensetting te gee** van wat die IDASA-komplot behels.

- ✧ Mnr. Marais wys in 'n onderhoud daarop dat die **feite oor IDASA direk uit die leggers van IDASA afkomstig is**, en dat daar **geen twyfel van enige aard** oor die **egtheid en die waarheid daarvan** kan bestaan nie.
- ✧ Mnr. Marais merk onder andere op:
  - ➢ *"Ons is nie verower **omdat ons versleg** het nie,*
  - ➢ *maar omdat daar **verkeerde leiding** was en **samewerking** met mense wat nie die beste belang van die Afrikanervolk op hulle hart gehad het nie.*
  - ➢ *Daarom het die Afrikaner **bloedloos en eerloos oorgegee** aan 'n terroriste-bende.*
  - ➢ *Deur die **IDASA-komplot is hy bedrieg**.*
  - ➢ *Die Afrikaner is **uitverkoop** sodat dit vir hom **onmoontlik was om hom daarteen te verset**."*

*Die IDASA-komplot*, / p.164

**195. Voor 6 Augustus 1997**

**Dr. Piet Gous** doen 'n **onderneming** aan die **Reddersburgse Distriks-boere-unie**

- ✧ om met mnr. Marais **'n verhoog te deel** ten einde sy betrokkenheid by die **IDASA-komplot** te bespreek.

*Die Afrikaner*, 20-26 Junie 1997, bl.12

*Die IDASA-komplot*, / p.169

**196. 6 Augustus 1997**

**Mnr. Marais** rig 'n **5de brief** aan **dr. Piet Gous**.

- ✧ Mnr. Marais wys dr. Gous daarop dat hy aan die **Reddersburgse boere** 'n onderneming gemaak het wat hy **nie nakom nie**.
- ✧ Daarbenewens is sy **ontkenning** aan die VLU Hoofbestuur en **erkenning** op die boere-vergadering op Koppies, toe hy met **IDASA-dokumente** gekonfronteer word, oor sy betrokkenheid by IDASA **teenstrydig.**
- ✧ Mnr. Marais skryf oor sy **ontkenning aan die VLU-Hoofbestuur** die volgende:
  - ➢ *"Die betekenis daarvan is klaarblyklik dat u betrokkenheid by die linkse sameswering **so laakbaar en onvergeeflik** is dat u bereid was om die **waarheid geweld aan te doen** in 'n poging om van **dié beskuldiging vry te kom.**"*

*Die IDASA-komplot*, / p.**169-172**

**197. 1 September 1997**

**Prof. Abraham Viljoen** rig 'n **brief aan die TLU** onder die opskrif:

***"Mnr. Marais en sy sogenaamde IDASA-komplot"***

- ✧ **Prof. Abraham Viljoen** noem die onthullings oor IDASA ***"stories"*** en selfs ***"drogkonstruksies"*** wat mnr. Marais versprei en sodoende ***"die beeld van leidende figure in Georganiseerde Landbou ernstig geskaad het"*** en, vanweë hulle samesprekings wat hulle gevoer het, ***"deur sy suggesties gebrandmerk staan as verraaiers"***.

- In **punt 2** gaan prof. Viljoen so ver om te beweer dat die ***"dialoog met die konserwatiewe Afrikaners"*** *(CDP) "'n openlike program"* was *"waartoe alle konserwatiewes - ook mnr. Marais - uitgenooi was".*
- In **punt 6** skryf Viljoen:
  - *"Die verslae wat mnr. Marais bekom het, was bedoel as* ***interne dokumente*** *-* ***nie omdat ons geheimsinnig wou wees*** *nie - maar omdat mens* ***diskreet*** *optree* ***ten opsigte van gespreksgenote****."*
  - **Lynreg hierteenoor** het prof. Viljoen in sy **Maart 1992-**verslag **aan die Loodskomitee** geskryf: (p.26,29,91,92 / p.24,73)
    - *"First of all, the* ***need for discretion*** *or* ***even secrecy*** *in whatever reporting is* ***necessary*** *on the project. This do not only relate to* ***reporting within IDASA****, but also to* ***media reports on specific issues.****"*
- In **punt 7** skryf Viljoen: *"Dit was 'n rede om te* ***probeer verhoed*** *dat daar* ***onnodige bloedvergieting en konflik*** *kom"*, en dan voeg hy daaraan toe: *"Watter* ***morele reg*** *sou die konserwatiewe Afrikaner in die* ***internasionale wêreld*** *gehad het as hy* ***'n geveg aan die gang*** *gesit het* ***sonder om eers sy saak te stel?****"*
- In **punt 10** probeer Viljoen die ***"Conservative Dialogue Programme"*** ontken deur voor te gee dat hy in **persoonlike hoedanigheid** ***"onafhanklik van IDASA as 'n organisasie"*** opereer het en as ***"onafhanklike konsultant"*** as tussenganger tussen partye by ontmoetings opgetree het.
- In **punt 11** skryf hy: *"Dit was* ***Afrikaner-leiers*** *en hooggeplaaste* ***ANC-ampsdraers*** *wat soos* ***verantwoordelike mense*** *op hulle voete gestaan het* ***om te praat en te kyk of 'n bloedbad vermy kon word.*** *Is dit wat mnr. Marais wou gehad het - dat hierdie land in 'n onverkwiklike en uitsiglose stryd gedompel moes word?... Maar* ***ek vra geen verskoning*** *aan mnr. Marais of aan enigiemand anders vir die feit dat ek* ***die partye bymekaar*** *gebring en die* ***proses bygestaan*** *het nie."*
  [Mens kan nie help om te wonder wat anders het hulle gekonkel en gekruip en verraad teen hul eie mense dan meegebring as juis "*dat hierdie land in 'n onverkwiklike en uitsiglose stryd gedompel"* is nie – dít het juis gelei tot 'n bloedbad. Daarom skuld hulle nie net aan mnr. Marais nie, maar aan die ganse volk en Blankedom 'n verskoning vir die duiwelswerk wat hulle verrig het. Was hulle werklik so naïef om te glo dat hulle besig was om juis dit te voorkom? Of was die omkoopgeld en beloftes van soustrein-sitplekke hul hoof-dryfveer?]
- **Punt 12**: *"Hierdie* ***leiers wat onderhandel*** *het"* is volgens Viljoen ***"nie verraaiers nie".*** *"Dis mense wat* ***in 'n krisis*** *op die* ***beste moontlike manier*** *die* ***morele hoëgrond*** *vir die* ***aansprake van die Afrikanergemeenskap op selfbeskikking*** *aan die orde gestel het... Daarby is die* ***beginsel van selfbeskikking*** *nou in die* ***konstitusie*** *vervat..."*

- ✧ **Punt 13**: *"Die **implimentering van selfbeskikking** vereis **groter eenheid** in Afrikanergeledere **as wat mnr. Marais se tirades** toelaat. **Nou word ook die Landbou-organisasies deur sy paranoïese gees verdeel**."*

*Die IDASA-komplot*, / p.**173-177**

**198. September 1997**

**TLU verkies 'n nuwe President** as direkte uitvloeisel van die **IDASA-onthulling**.

- ✧ Tesame met **mnr. Bruwer** is ook aangekondig dat **mnr. Willie Lewies**, adjunk-president van die TLU (vergelyk "Einde Januarie 1991"), ook **nie weer verkiesbaar** is nie.
- ✧ Uit 'n berig van *Patriot* is die afleiding te maak dat die **"bedanking"** van die **twee hoogste landbouleiers** in die TLU **nie 'n spontane daad** was nie, maar dat dit **geforseer** is.

*Die IDASA-komplot*, / p.166

**199. 23 September 1997** (vergelyk 1 September 1997)

**Mnr. Marais** reageer in 'n **brief aan die TLU** op die **skrywe van prof. Viljoen**

- ✧ Uit die staanspoor noem mnr. Marais prof. Viljoen 'n ***"werknemer by IDASA se Conservative Dialogue Programme"*** waarin hy in die IDASA-komplot 'n ***"sleutelrol"*** gespeel het.
- ✧ Die ***"stories"***, volgens prof. Viljoen, wat mnr. Marais versprei is in werklikheid **dokumentêre getuienis** van onder andere **maandverslae van Prof. Viljoen** aan die **Loodskomitee van die *Conservative Dialogue Programme*** van IDASA. Niks daarvan is opgemaak of gefabriseer nie.
- ✧ Prof. Viljoen se **erkenning** in **punt 6** *"Die verslae wat mnr. Marais bekom het, was bedoel as interne dokumente"*, **bevestig die egtheid** van die dokumente en daarom ook die **juistheid van die dokumentêre getuienis** waarop die IDASA-komplot grootliks rus.
- ✧ Viljoen se **opmerking** in **punt 6**, *"Natuurlik moes ons verslag doen oor ons werk elke maand"*, is 'n **erkenning** dat hy onder **verpligting** was **teenoor sy werkgewer**, IDASA.
- ✧ Dat Viljoen **verseker nié** soos hy beweer (**punt 10**) in **persoonlike hoedanigheid** *"onafhanklik van IDASA as organisasie"* geopereer het nie, word **bevestig** deur die **brief van Van Zyl Slabbert** (**Bylaag 2**) op 14 September 1993 **aan 'n Duitse instansie** dat **R6000.00 per maand** benodig word vir ***"Salary for secretary of Steering Committee, Prof Braam Viljoen"***, met nog **R5000.00, R1000.00** en **R500.00** per maand vir **reiskoste, kantoorkoste** en **telefoonkoste** onderskeidelik.
- ✧ Viljoen was as **werknemer** van IDASA op die **betaalstaat** van IDASA en het dus **hoegenaamd nie**, soos hy beweer, bloot in **persoonlike hoedanigheid** op eie inisiatief as ***"onafhanklike konsultant"*** opgetree nie.
- ✧ Prof. Viljoen se **valse voorstelling** dat dit 'n ***"openlike program"*** was ***"waartoe alle konserwatiewes - ook mnr. Marais - uitgenooi was"*** kan nie beter **weerlê**

word as deur die **angsvallige optrede** van **mnr. Dries Bruwer en dr. Piet Gous** van die Transvaalse en Vrystaatse Landbou-unies om **hul aandeel** aan dié skandelike komplot **te probeer ontken en verdoesel** en **verantwoording** daaroor te **probeer ontvlug** nie.

- ✧ Oor prof. Viljoen se opmerking: ***"ek wou die konserwatiewe Afrikaner uit sy isolasie ruk om op sy voete te staan en sy saak te stel teenoor ander menings"***, het **mnr. Marais** die volgende te sê:
  - ➢ *"Wat u die **konserwatiewe Afrikaner** noem, is die **rasegte Afrikaner** wie se **Boere-intuïsie** nog nie **verdof en verdoof** is deur **liberalistiese** vroompraatjies nie.*
  - ➢ *Hulle handhaaf 'n **band** met hulle **volk se heldedom**.*
  - ➢ *Hulle **trou** is aan hulle **vaderland** en hulle **volk se vryheid**, waarvoor hulle **voorgeslagte geveg en gesterf** het.*
  - ➢ *Hulle **lewensbeskouing** klink deur in die **laaste vers van die Stem** van Suid-Afrika: **'Op U almag vas vertrouend…'***
  - ➢ *Dít is die **geloofsbelydenis** van **"die konserwatiewe Afrikaner"**, waaruit u hom wou ruk,*
  - ➢ *sodat hy **ontvanklik** moet wees vir die **aandrang** om **nie te handhaaf** en **te hou nie**, maar om **toe te gee** en **prys te gee** en **weg te gee**…"*
- ✧ Oor Prof. Viljoen se verskoning dat hy wou ***"verhoed dat daar onnodige bloedvergieting en konflik kom"***, met die toevoeging: *"Watter **morele reg** sou die konserwatiewe Afrikaner **in die internasionale wêreld** gehad het as hy 'n **geveg aan die gang gesit** het sonder om **eers sy saak te stel?**"*, het mnr. Marais die volgende te sê:
  - ➢ *"**Die reg** om vir ons **vryheid te veg,** het nie afgehang van **deelname aan die bekookte onderhandelingsproses** nie, maar van die **sigbare onreg wat teen ons volk gepleeg is** om hom **in vernedering 'n verowerde volk** te maak."*
- ✧ Aangaande ***"onnodige bloedvergieting en konflik"*** skryf **mnr. Marais** verder:
  - ➢ *"Oorlog is 'n **lelike ding**, en niemand wat 'n verantwoordelikheidsin het, soek daarna nie. Maar **wat leliker is**, is die **verworde morele wil en sin wat niks 'n oorlog werd ag nie.**"*
- ✧ Mnr. Marais wys vervolgens daarop dat Prof. Viljoen deur die vraag *"Is dit nou dom om dan te besin oor wat is en oor wat gaan wees?"* die **geheime** en **verraderlike samesprekings met die ANC** valslik probeer voorstel as 'n oefening in besinning oor boere-probleme, **asof die IDASA-komplot nie 'n linkse politieke geknoei teen Afrikanernasionalisme** was nie. Dan voeg mnr. Marais by:
  - ➢ *"In elk geval, as u oortuig was van die **geregtigheid van u optrede**, waarom het u nie u betrokke **Boerevereniging en Distriks-unie** in u vertroue geneem en hulle **ingelig oor u geheime gekonkel** met die ANC en die SAKP nie?*

- ➢ *Natuurlik moes hulle **in die duister gehou word** omdat u **teen hulle belange** en begeertes opgetree het.”*

- ✧ Mnr. Marais verwys daarna dat prof. Viljoen op 1 September 1997 skryf: *“Dr. Van Zyl Slabbert (Direkteur-Beplanning) het my pertinent die vryheid gegee…”*, maar dr. Van Zyl Slabbert skryf op 25 November 1996: *“Ek was nooit voorsitter of rolspeler in enige CDP nie”*. Hierop vra mnr. Marais aan prof. Viljoen: ***“Wie van u of dr. Slabbert moet geglo word?”***
- ✧ Oor ***“groter eenheid in Afrikanergeledere”*** (**punt 13**) skryf mnr. Marais:
  - ➢ *“**U** het die betrokke landboufigure betrek by dinge wat **teen die Afrikanervolk se belange** was.*
  - ➢ *Dat hulle daardeur **in onguns** gekom het, is **primêr u skuld**.*
  - ➢ *Dat daar, soos u skryf **‘onenigheid’ in die landbou-organisasies** ontstaan het as gevolg van die **onthulling van die IDASA-komplot** en **u rol daarin**, is ook **u en u medestanders se skuld.**”*

*Die IDASA-komplot*, / p.49,50,**177-183**

**200. 23 September 1997** (vergelyk 1 September 1997)

**Mnr. Marais** rig ‘n **meegaande brief** aan **mnr. Gert Ehlers**, nuutgekose **President van die *Transvaalse Landbou Unie (TLU)***.

- ✧ Mnr. Marais verwys na die **gesprek wat op 29 Julie** tussen **mnr. Bruwer en mnr. Marais** plaasgevind het en **waarby mnr. Ehlers ook teenwoordig was.** ( / p.184)
- ✧ In die lig van die **onderneming van mnr. Bruwer** aan mnr. Marais tydens die gesprek, dat hy **met prof. Viljoen aangaande die voorgelegde dokumente sal skakel** en dan **aan mnr. Marais terugvoering daaroor sal gee**, moet die **brief van prof. Viljoen aan die TLU** (1 September) beskou word.
- ✧ Mnr. Marais skryf:
  - ➢ *“U sal weet dat dit by hierdie saak gaan om **veral twee dinge**.*
    - ❖ *Een is **die waarheid;***
    - ❖ *die ander die **aard en betekenis** van ‘n **geheime aksie** wat vanuit ‘n **liberalistiese organisasie** met **buitelandse finansiering** geloods is om **Afrikaners te beweeg**, tot **aanvaarding van verowerdheid** deur ‘n **Kommunisties-beheerde terroriste-organisasie**, en, vanuit ‘n **posisie van verowerdes**, te beweeg tot **deelname aan vredesonderhandelings** met die ANC-SAKP (**as die veroweraars**).”*
- ✧ Mnr. Marais wys mnr. Ehlers daarop dat **nie mnr. Bruwer of dr. Gous** bereid was om in ‘n **openbare debat oor die IDASA-komplot** met mnr. Marais te tree nie.
- ✧ Aangaande **dr. Hartzenberg** meld mnr. Marais aan mnr. Ehlers dat, hoewel hy in ‘n onderhoud met *Patriot DIE IDASA-KOMPLOT* ***“net sulke snert as Piet Pretorius se boek”*** (vergelyk “25 April en 2 Mei 1997”) noem, en enersyds **‘n onverdedigde lastersaak** in die hooggeregshof teen adv. Pretorius **gewen het** (vergelyk 7 Maart 1997), is hy andersyds klaarblyklik **nie bereid** om mnr. Marais,

ten spyte van herhaalde uitdagings, **oor dieselfde "laster" hof toe te neem nie**. Mnr. Marais skryf:

- *"Dat hy* (Hartzenberg) *reeds **drie maande lank versuim** om my brief te beantwoord, beteken dat hy **stilswyend erken** dat hy **nie durf om dié saak in 'n geregshof te laat beland**, waar hy in **kruisverhoor** geneem sal kan word oor sy **eie betrokkenheid** by die IDASA-komplot nie."*

- Terwyl **mnr. Bruwer** nog op **29 Julie** tot 'n mate die **betroubaarheid van die dokumente** bevraagteken het, het **prof. Viljoen met sy erkenning in punt 6** *"Die verslae wat mnr. Marais bekom het, was bedoel as interne dokumente"*, **bevestig** dat die **dokumente eg** is.
- Sodoende het prof. Viljoen, waarskynlik onbedoeld, **die juistheid** van die **dokumentêre getuienis** waarop die IDASA-komplot grootliks rus, **bevestig**.
- In die **lig van bogenoemde**, stel mnr. Marais, is die **waarheid en feitlikheid** van die IDASA-komplot **nie meer in dispuut** nie.
- Tog, wat **wel nog ter sprake is**, is prof. Viljoen se vertolking van die **aard en betekenis** van **dié geheime operasie** vanuit die **binnekring** van 'n **linkse politieke organisasie.**
- Mnr. Marais wys daarop dat dit **IDASA** was wat **reeds in 1987** agter die **geheime ontmoeting** met die ANC-SAKP **te Dakar** gesit het…
  - 'n gebeurtenis waaroor ***The STAR*** (21 Augustus 1987) berig: ***"The official Soviet commentator heaped praise on the Afrikaner delegation that went to Dakar to meet the African National Congress."***
  - So het die **Kommunistiese magshebbers** IDASA **toegejuig**, klaarblyklik omdat **Kommunistiese belange** langs dié weg bevorder is.
- Daarna bring IDASA **sekere "Afrikaners"** in gesprek met **Kommunistiese Rusland**, soos berig in ***The STAR*** (30 Oktober 1988):
  - In **Wes-Duitsland** is 'n **vier-dae lange samespreking** gehou, waaraan 20 uit **Suid-Afrika**, sewe van die **ANC** en vyf van die **Kommunistiese Sowjet-Unie**, deelgeneem het.
  - **Dr. Alex Boraine**, Uitvoerende Direkteur van IDASA, het as **segsman vir die media** opgetree.
- As mens nou die woorde van die DA leier, **mnr. Tony Leon**, in *The Citizen* van 17 September: *"Who you associate with does touch you politically and says a lot of what you are about"* op **IDASA** en **prof. Viljoen** toepas, **sê hul assosiasie met Kommuniste** *"a lot of what they are about"*.
- Mnr. Marais skryf:
  - *"Die Kommuniste het 'n **strategiese doelwit** gehad om die **Afrikaners se politieke mag te breek** en deur 'n Kommunisties-beheerde **Swart mag** te vervang.*

- *Daarvoor was 'n stelsel van **een mens, een stem** nodig, en daartoe moes die stelsel van **rasseskeiding (apartheid) afgeskaf** word.*
- *En dit was presies wat **IDASA hom voor beywer het** en **prof. Viljoen** voor **ingespan is** in 'n **belangrike operasie*** [Die IDASA-komplot] *in 'n **kritieke stadium**."*

✧ Mnr. Marais wys vervolgens daarop dat prof. Viljoen se **sogenaamde besorgdheid om bloedvergieting te voorkom** 'n **dekmantel** vir die **ware doelwit** is:

- *"Die **verowering van die Afrikaners** deur 'n Kommunisties-beheerde **terroriste-organisasie** moes **sonder verset** plaasvind, want **gewapende verset deur Afrikaners** sou die **hele verloop van die sameswering** tot **stilstand geruk** het.*

✧ Die **noodsaak** om **gewapende verset deur die Afrikaner** teen **alle koste** te vermy word beklemtoon deur wat **Ivor Jenkins** van IDASA **reeds in 1991** in 'n **bedel-brief vir fondse** vir die CDP, aan IDASA se vriende, die wêreld ingestuur het: (**Bylaag 1**)

- *"although the **right wing** may not necessarily have the power to **completely derail the transition process**,*
- *it has the **ability to complicate and confuse issues**, with the **dangerous potential of loss of life** and also the accelerated loss of confidence and stability needed for the economic and political development of South Africa…*
- *For these and other important reasons elaborated on below, IDASA has identified the **right wing as an important constituency** in which to work."*

✧ In **Maart 1992** skryf **prof. Viljoen** sélf in sy **verslag van die CDP**: (p.26,29,91,92 / p.24,73)

- *"For the time being, the **centre of activity** within the process of post-referendum consideration of political policy and strategy which have a **direct bearing on our project**, remains the **CP caucus in Cape Town**.*
- *Possible **new strategies** may be the following: **To make use of the existing structures of the farmers unions**.*
- *The **two most powerful men in the CP caucus** are **Mr. Dries Bruwer** (President of the Transvaal)* [Landbou Unie] *and **Dr. Piet Gous** (President of the Free State)* [Landbou Unie].
- *We have been able to **establish very good contact with them**, and now need to **implement with their support programmes of action that will have the widest possible reach.**"*

✧ Mnr. Marais som hierdie dinge op as hy skryf: ( / p.187)

- *"Dit gaan dus oor die **linkse "political policy and strategy"** van IDASA, met die **aandag toegespits** op die **Konserwatiewe Party**; terwyl gebruik gemaak sal word van **landbou-unies** met behulp van die **presidente** van die*

*Transvaalse en Vrystaatse Landbou-unies, met wie prof. Viljoen reeds in daardie stadium (Maart 1992)* ***"baie goeie kontak" bewerkstellig*** *het om* ***IDASA se doelstellings*** *ten behoewe van die ANC en SAKP te bevorder, naamlik om* ***die Afrikanervolk sonder verset te laat verower en vernederd te onderwerp*** *aan die regime van 'n* ***terroriste-organisasie*** *wat nie die* ***geringste vermoë*** *gehad het* ***om 'n oorlog teen die Afrikanervolk*** *te kon wen nie."*

- ✧ Dat **só 'n slinkse en bose politieke aksie** nie in die **openbaar aangevoer** kon word nie, merk mnr. Marais op, is **vanselfsprekend**:
  - ➢ *"Hoe sou die betrokke* ***politieke figure, landbouleiers*** *en* ***"die generaals"*** *gelyk het as hulle* ***in die openbaar met die vyand vredesonderhandelings sou gevoer het****, met die* ***ver linkse IDASA as die bemiddelaar,*** *terwyl hulle hul* ***ondersteuners wysgemaak*** *het dat hulle* ***gereed gemaak het om te veg,*** *soos herhaaldelik te kenne gegee is?"*
- ✧ Die essensie is, skryf mnr Marais:
  - ➢ *"Sekere Afrikaanse* ***politieke-, landbou-kundige-*** *en* ***militêre leiers*** *het hulle deur* ***IDASA laat gebruik*** *om 'n* ***bloedlose verowering van die Afrikanervolk*** *te bewerkstellig…"*
- ✧ Vir prof. Viljoen om te beweer dat hy net sy ***"burgerlike plig"*** gedoen het, skryf mnr. Marais:
  - ➢ *"getuig van 'n* ***vreemde en perverte sin vir plig*** *en 'n n****og vreemder en meer perverte houding teenoor sy volk****".*

*Die IDASA-komplot*, / p.**184-188**

**201. Einde Oktober / begin November 1997**

(vergelyk "In die week voor 7 November 1997")

In 'n **Toespraak deur mnr. Dries Bruwer** voor die *Nasionale Raad van Provinsies*

- ✧ **erken** mnr. Bruwer waarskynlik nagenoeg **dieselfde besonderhede** as **vroeg in November 1997 oor *Radio Pretoria*** in verband met **geheime samesprekings met die ANC** voor die 94-verkiesing.

*Die Afrikaner*, 7 November 1997

*Die IDASA-komplot*, / p.190

**202. Einde Oktober / begin November 1997**

In 'n **Toespraak deur dr. Piet Gous** ('n dag na mnr. Bruwer se toespraak) kom die volgende aan die lig:

- ✧ Dr. Gous rig die **vraag tot die ANC** of hulle eerlik met die regses was tydens die **samesprekings** by die **duiweklub.** (vergelyk Oktober 1993)
- ✧ Die **ooreenkoms** met die ANC *"oor 'n Volkstaat"* het, volgens dr. Gous, ook tydens die duiweklub ontmoeting **sy beslag gekry**. Niks is egter **op skrif** gestel nie.

- ✧ Die **geheime ooreenkoms *"oor 'n Volkstaat"*** sou eers op **21 Desember** op skrif gestel, maar wel nog **nie onderteken** word nie. Daarvolgens, volgens dr. Gous, sou die Afrikaner sy *"selfbeskikkingsreg"* kon debatteer in 'n Volkstaatraad wat tot stand sou kom na die verkiesing.
- ✧ Dr. Gous vermeld verder dat die **byeenkoms by die duiweklub** ook die geleentheid was waartydens die *"KP uitmekaargespat"* het, maar gee geen verdere besonderhede nie.
- ✧ Ten opsigte van **gewapende opstand** gee dr. Gous die volgende beredenering:
  - ➢ Volgens dr. Gous het die **KP** 'n gewelddadige opstand gevrees, aangesien hulle geredeneer het dat **'n skietery noodlottig** sou wees.
  - ➢ Indien hulle, in geval van wapengeweld, net die ANC gehad het om teen te veg sou hulle die ANC die stryd aangesê het.
  - ➢ Maar, met die NP-regering steeds aan bewind wat die SA Weermag en Polisie teen hulle sou inspan, het hulle vir 'n gewapende stryd **nie kans gesien** nie.

*Die Afrikaner*, 7 November 1997

*Die IDASA-komplot*, / p.190

**203. In die week voor 7 November 1997**

**Mnr. Dries Bruwer tree op in 'n radio onderhoud oor *Radio Pretoria*** waarin hy oor die lug verklaar:

- ➢ *"**Geheime samesprekings met die ANC** in 1993 het plaasgevind **in opdrag van dr. Ferdi Hartzenberg**.*
- ➢ *Die **Afrikaner-Volksfront** het ingestem om nie in opstand te kom nie, in ruil vir **versekeringe dat grondbesit** deur die ANC **gewaarborg** sou word.*
- ➢ ***Geheime ooreenkomste met die ANC** het uit die geheime samesprekings gevolg"*

- ✧ Mnr. Bruwer **erken** dat hyself, dr. Gous en genl. Constand Viljoen, vir Jacob Zuma en Thabo Mbeki ontmoet het in Oktober 1993 **by 'n duiweklub** in Pretoria.
- ✧ Ten opsigte van **gewapende opstand** gee mnr. Bruwer oor die lug die volgende perspektief:
  - ➢ *Dit sou **moontlik wees** om 'n **oorlog** voor die '94-verkiesing **te kon wen,***
  - ➢ *maar dit sou **nie moontlik** wees om dit **te kon hou nie**.*
- ✧ Dan laat volg mnr. Bruwer 'n selfs méér verwarrende aanmerking:
  - ➢ *"Die Afrikaner is nou in 'n **veel beter posisie**, sou hy tot geweld oorgaan, want dan sou dit beteken dat die **ANC die aggressor** is, en nie die Afrikaner nie."*

[*Dit val 'n mens op dat sowel mnr. Bruwer as dr. Gous in hul "bekentenisse" die kwessie van "gewapende opstand" ophaal. Die rede is natuurlik dat dít die enigste "positiewe" is wat uit hul verraad voortgevloei het, naamlik dat daar sogenaamd "nie 'n oorlog uitgebreek het nie".*

*Daarby kan ons verseker weet dat in dieselfde geheime vergadersale waaruit hierdie komplot beplan en bestuur is, ook besluit word wat teenoor die publiek "erken" moet word en wat eerder verswyg moet word.*

*Dit sien ons baie duidelik ook in die latere "erkennings" deur genl. Constand Viljoen.*]

*Die Afrikaner*, 7 November 1997

*Die IDASA-komplot*, / p.189,190

**204. 7 November 1997** (vergelyk In die week voor 7 November 1997)

***Die Afrikaner*** berig:

***"Ferdi het opdrag gegee: Praat met die ANC"***

- ✧ Oor die **erkennings** van **mnr. Dries Bruwer** oor *Radio Pretoria* **weier die KP** [by monde van mnr. Pieter Aucamp, broer van die latere predikant/politikus ds. Cassie Aucamp] **om kommentaar te lewer**, onder die voorwendsel dat **dr. Hartzenberg tans in Brittanje** is, en eers daarop sal reageer **wanneer hy terug is** in die land.
- ✧ In die lig van dr. Hartzenberg se **volgehoue ontkennings** tot nog toe oor die IDASA-komplot, onderhandelinge met die ANC, asook enige ooreenkoms wat daaruit voortgespruit het, plaas **mnr. Bruwer se erkennings** oor die radio hom en die KP in 'n **uiterse verleentheid**.
- ✧ Hierdie ontkennings het die afgelope week nuwe betekenis gekry nadat eers mnr. Bruwer en daarna dr. Gous erken het dat daar wel **gesprekke met die ANC** plaasgevind het, en dat daaruit **geheime ooreenkomste met die ANC** gevolg het.
- ✧ Volgens mnr. Bruwer het die ontmoeting **by die *duiweklub*** in Pretoria *"verhoed dat die land in vlamme opgaan"*, aangesien hulle daar tot 'n **ooreenkoms met die ANC** geraak het dat 'n **blanke opstand** gekeer sou word, op voorwaarde dat boere se **grondbesit eerbiedig** word.

*Die Afrikaner*, 7 November 1997

*Die IDASA-komplot*, / p.**189,190**

**205. Datum onbekend**

**Dr. Hartzenberg** hou 'n **perskonferensie** by sy terugkeer uit Skotland op **Jan Smuts-lughawe.**

- ✧ Hy rep egter **geen woord oor die erkennings** van Bruwer en Gous nie.

*Die Afrikaner*, 14 November 1997

*Die IDASA-komplot*, / p.191

**206. Datum onbekend**

***Volksmikrofoon*** voer oor ***Radio Pretoria*** 'n onderhoud met **dr. Hartzenberg** die Vrydag na Hartzenberg se terugkeer in SA.

- ✧ Weer rep dr. Hartzenberg **geen woord oor die erkennings** van Bruwer en Gous nie.

*Die Afrikaner*, 14 November 1997

*Die IDASA-komplot*, / p.191

**207. Datum onbekend**

Die ***Patriot*** verskyn **'n week na die terugkeer** van dr. Hartzenberg uit die buiteland.

- ✧ Selfs in die **mondstuk van die KP *Patriot*** word **géén woord gerep** oor die erkennings van mnr. Bruwer en dr. Gous in **twee openbare toesprake** en **'n radio onderhoud** oor *Radio Pretoria* wat, met die verskyning van die koerant, ten minste al tien dae gelede plaasgevind het nie.

*Die Afrikaner*, 14 November 1997

**208. 14 November 1997**

***Die Afrikaner*** berig:

***"Ferdi swyg soos die graf oor gesprekke met die ANC"***

- ✧ Ten spyte daarvan dat **mnr. Pieter Aucamp van die KP Hoofkantoor** laat blyk het dat dr. Hartzenberg na sy terugkeer uit die buiteland **so gou doenlik** aan die saak sal aandag gee en daarop sal antwoord,
- ✧ is dit duidelik dat dr. Hartzenberg nou reeds tydens **drie geleenthede** waarop hy amptelik sou kon reageer, **verkies** het **om oor die erkennings** van mnr. Bruwer en dr. Gous, wat onder andere insluit dat dr. Hartzenberg in 1993 opdrag gegee het om met die ANC te praat, **te swyg**.
- ✧ Hierdie is die **klinkklare bewys** dat **dr. Hartzenberg** by die IDASA-komplot teen die Afrikanervolk **diep betrokke** was.
- ✧ Dr. Hartzenberg het in werklikheid voor drie keuses gestaan:
  - ➢ Of hy moes alles erken en die vernedering van die politieke smaad van sy volk deurstaan.
  - ➢ Of hy kon alles probeer ontken om sonder twyfel later deur meerdere getuies weerspreek te word.
  - ➢ Of hy kon **soos die graf** oor die saak **swyg**.
- ✧ Dr. Hartzenberg het klaarblyklik die derde weg verkies.

*Die Afrikaner*, 14 November 1997

*Die IDASA-komplot*, / p.**191,192**

**209. 17 November 1997**

**Persverklaring deur dr. Hartzenberg** waarin hy

- ➢ **vaagweg** verwys na die erkenning deur mnr. Bruwer,
- ➢ allerhande **bysake** opper om die **aandag af te lei**,
- ➢ en opvallend **versuim** om hom oor die spesifieke aangeleentheid **uit te laat** deur mnr. Bruwer se erkenning te **ontken of te bevestig.**

- ✧ Dr Hartzenberg volg dus steeds die ***"Huntington-resep"*** (vergelyk 17 September 1981)

*Die Afrikaner*, 21 November 1997

*Die IDASA-komplot*, / p.193,194

**210. 21 November 1997**

**Mnr. Marais** reik 'n **persverklaring** uit **aangaande dr. Hartzenberg**:

- Dit lui onder andere soos volg:
  - *"**Dr. Ferdi Hartzenberg**, leier van die Konserwatiewe Party (KP), is **sigbaar in die moeilikheid** oor mnr. Dries Bruwer se stelling dat hy en ander **deur dr. Hartzenberg versoek is** om **geheime onderhandelings** met die ANC-SAKP te voer **met die oog op ooreenkomste** tussen die kampe.*
  - *Dit is vanselfsprekend dat as mnr. Bruwer se stelling nie waar is nie, dr. Hartzenberg dit sou ontken het.*
  - *Dat hy dit nie doen nie en daaroor swyg, beteken dat hy mnr. Bruwer se stelling nie kan ontken nie.*
  - ***Sy swye is 'n klaarblyklike bevestiging van mnr. Bruwer se stelling.***
  - ***Dr. Hartzenberg** is hierdeur duidelik geïdentifiseer as 'n **sleutelfiguur** in die **geheime politieke spel** waardeur die Afrikanervolk **sonder verset uitgelewer is** aan die ANC-SAKP-regime.*
  - *En hierdeur is **opnuut bevestiging gegee** aan die onthullings van die **IDASA-komplot** van **dr. Van Zyl Slabbert, dr. Alex Boraine en prof. Abraham Viljoen,** waardeur die ANC-SAKP **met behulp van dr. Hartzenberg en genl. Constand Viljoen** sonder slag of stoot die **politieke mag** in Suid-Afrika van die Afrikanervolk afgeneem het."*
- Oor dr. Hartzenberg se poging om deur sy **mediaverklaring** (17 November.) **verwarring te skep** oor sy rol in die **dubbele hoedanigheid** van leier van die KP en van die AVF, het mnr. Marais die volgende te sê:
  - *"Dit is **politieke bedrog** om, soos dr. Hartzenberg te kenne gee, in die hoedanigheid van leier van die AVF onderhandeling met die ANC-SAKP te beveel,*
  - *maar dan voor te gee dat hy as leier van die KP daar niks mee te make gehad het nie.*
  - *Dit is soos om in 'n politieke goëlkunsvertoning net 'n ander baadjie aan te trek en dan as KP-man te sê: 'Ek ken nie die man in die AVF-baadjie nie'."*

*Die Afrikaner*, 21 November 1997
*Die IDASA-komplot* / p.**193,194**

**211. 13 Januarie 1998** (vergelyk "25 April en 2 Mei 1997")

**Mnr. Marais** rig 'n **5de brief** aan **dr. Ferdi Hartzenberg:**

- Die brief lui onder andere soos volg:
  - *"U **geheime deelname** aan die **infame IDASA-komplot** van dr. Van Zyl Slabbert en Alex Boraine **teen die Afrikanervolk** is nou **in die openbaar** ná die onthulling deur Mnr. Dries Bruwer... oor Radio Pretoria in November verlede jaar.*
  - ***Teenstrydig met al u ontkennings** van betrokkenheid by die IDASA-komplot, het **u as leier van die KP en die AVF**, mnr. Bruwer, dr. Piet Gous en*

*genl. Constand Viljoen **versoek om in die geheim** met die **leiers van die ANC-SAKP te onderhandel**, soos die IDASA-komplot vereis het.*

- ***Dr. Van Zyl Slabbert** het in 'n **brief van 14 Sept. 1993** aan 'n Duitse instansie geskryf* [**Bylaag 2**]*die **oogmerk** van die IDASA-komplot is: **'To promote and sustain dialogue between the centre-right, i.e. Die Afrikaner Volksfront and the ANC.'** Daaraan het dr. Slabbert toegevoeg wat die **doel** is: **"To reduce the potential for violent confrontation"**.*
- *Die betekenis hiervan is klaarblyklik om, met die samewerking van die **leiers van die AVF** en IDASA, te **verhoed dat Afrikaners in opstand kom** teen 'n **bedrogvolle en verraderlike magsoordrag** aan die ANC-SAKP.*
- ***Vier feite** in verband met **IDASA** moet nog aan u gestel word om die **diepte van dié sameswering** teen die Afrikanervolk te toon:*
  - *Hoewel **IDASA** aanvanklik as 'n **vyandige organisasie** behandel is deur **Nasionale Intelligensie** is sy naam **in opdrag van die PW Botha-regering** kort daarna **verwyder van die lys** van organisasies waarop gespioeneer moes word.*
  - *Dit was in **dieselfde tyd** wat IDASA met die **samewerking van Nasionale Intelligensie openlik** met die toe nog **verbanne ANC-SAKP** verbroeder het, waarvan die **Dakar-episode** die vroeë voorbeeld was.*
  - *Dit was ook in **hierdie tyd** dat Pieter de Lange en Wimpie de Klerk van die **Broederbond** deur bemiddeling van die geldmag se politieke front, die Suid-Afrika-stigting, **in London geheime onderhandelings** gevoer het.*
  - *Die **konneksie tussen die geldmag en IDASA** word duidelik aangedui deur die feit dat **Alex Boraine**, oud-Metodiste-predikant en bekende Boerehater, as '**konsultant'** in die **kantoor van die Voorsitter van Anglo American** werksaam was van **1975 tot 1986**, en dat IDASA net daarna gestig is met hom as **hoofamptenaar**.*
- ***Die afleiding is onweerstaanbaar dat IDASA, die IDASA-komplot en die stigting van die Afrikaner Volksfront in die kantoor van die Voorsitter van Anglo American beplan en tot stand gebring is.*** [vergelyk 19 Mei 1993]
- *U was deel van die **linkse sameswering teen die Afrikanervolk**.*
- *U sal weet, maar dit moet reguit aan u gestel word:*
  - *as 'n leier in 'n tyd van stryd sy verteenwoordigers stuur **om in die geheim met die vyand te onderhandel** 'om 'n bloedbad te verhoed', en so 'n ooreenkoms word aangegaan, soos mnr. Bruwer erken het* [wat ons vandag ken as die *Afrikaner Akkoord* (**Bylaag 11**)] *- en u nie durf ontken nie - beteken dit dat dié leier **sonder mandaat**, en **direk teenstrydig met waartoe hy gemagtig was**, in **die geheim deur sy verteenwoordigers** met die vyand onderhandel het om die stryd te*

*staak…*[Sedertdien het aan die lig gekom dat dr. Hartzenberg ook self **persoonlik** saam onderhandel het]

- *Dít, dr. Hartzenberg, is wat u gedoen het. En **dit is 'n geheime oorgawe aan die vyand, net soos FW de Klerk… in stryd met die mandaat wat hy gehad het.***
- *Die **verskoning** van 'n 'bloedbad te verhoed' is net die **rasionalisasie van verraad**.*

  [Die sekerste wyse "om 'n bloedbad te verhoed" was in elk geval om 'n Blanke verkiesing te eis. Die IDASA-komplot het in die Suid-Afrika van 2024 verseker nié 'n "bloedbad verhoed" nie!]
- *Ek daag u uit om in 'n **debat met my** te verklaar hoe die **geheime ooreenkoms*** [*Afrikaner Akkoord Appendix Hoofstuk3* (**Bylaag 11**)] *wat **met u volmag as AVF-leier** in Oktober 1993 in 'n duiweklub-gebou in Pretoria aangegaan is* [en op 18/21 Desember op skrif gestel en gefinaliseer is] *om 'n 'bloedbad te verhoed', iets anders is as 'n feitlik **onvoorwaardelike oorgawe aan die vyand**, en hoe dit verskil van **volksverraad**."*

*Die Afrikaner*, 16-22 Januarie 1998, bl.1,12

*Die IDASA-komplot*, / p.**195-197**

**212. 1 Mei 1998** (vergelyk 8 Maart 1997)

In ***Die Afrikaner*** (1-7 Mei, 1998, bl.7,12) wys **mnr. Marais**, na aanleiding van die berig in ***Rapport*** (9 Maart 1997), ***"Viljoen, ANC praat in die geheim"*** op **verskeie sake** as verdere uitvloeisels van die **IDASA-komplot.**

✧ Die berig in *Rapport* het soos volg gelui:

- *"Die Vryheidsfront en die ANC het gister na indringende samesprekings ooreengekom om werkskomitees te vorm wat voortaan aandag sal gee aan **sake van gemeenskaplike belang** tussen die twee politieke partye.*
- *Die **vertroulike samesprekings** het op 'n **geheime plek** plaasgevind.*
- *Dit was die **eerste formele ontmoeting** tussen die VF en die ANC na die afhandeling van die grondwetskrywende proses.*
- *Die Vryheidsfront is onder meer verteenwoordig deur **genl. Constand Viljoen**, leier van die party, **dr. Pieter Mulder**, voorsitter van die VF, **genl. Tienie Groenewald**, **dr. Corné Mulder**, **mnr. Pieter Groenewald** en **mnr. Dries Bruwer.***
- *Die ANC-afvaardiging het bestaan uit **adj. pres. Thabo Mbeki**, **mnr. Jacob Zuma**, voorsitter van die ANC, **mnr. Mathew Phosa**, premier van Mpumalanga, en **mnr. Valli-Moosa**, minister van Provinsiale sake en Staatkundig Ontwikkeling…"*
- *Dr. Pieter Mulder het by navraag **bevestig** dat die samesprekings plaasgevind het. Hy **wou nie oor die inhoud praat nie**, maar bygevoeg dat dit gehandel het oor **aktuele sake**. Sekere beginselbesluite is geneem…"*

- Na aanleiding van dié berig **10 maande gelede** merk **mnr Marais** die volgende op:
  - *"Dit is belangrik om te let op die* ***geselskap waarin Dries Bruwer*** *op dié geheime plek was. Dit was die* ***topbestuur van die Vryheidsfront*** *(VF): Constand Viljoen, Tienie Groenewald, Pieter Mulder, Corné Mulder en Pieter Groenewald. Maar met hulle was Dries Bruwer, wat geen hoë posisie in die VF beklee nie. Hoe pas hy hierin? Dié vraag is nie moeilik om te beantwoord nie…*
  - *Die ANC-SAKP-verteenwoordiging was betekenisvol - Thabo Mbeki, Jacob Zuma, Valli-Moosa en Matthews Phosa. Mbeki het sedertdien leier van die ANC geword. Valli-Moosa is 'n top Kommunis, soos ook Zuma, wat sedertdien voorsitter en feitlik onderleier van die ANC geword het. Die* ***ANC en die SAKP*** *was dus op die* ***heel hoogste vlak verteenwoordig*** *op* ***dié geheime samesprekings*** *met die* ***VF se topbestuur****. Natuurlik is dit 'n uiters verwonderingwekkende geval.*
  - *Net soos die teenwoordigheid van* ***Dries Bruwer*** *onder 'n vraagteken is, is die teenwoordigheid van* ***Matthews Phosa*** *in dié geselskap ook onverklaard, omdat hy nie in die topstruktuur van die ANC-SAKP is nie.*
  - *Die antwoord op die vrae* ***oor hulle twee se teenwoordigheid*** *word egter vanself aangebied. Phosa is die* ***ANC-leier in Mpumalanga****, die provinsie waarin* ***Bruwer en Viljoen boerderybelange*** *het. En dit vra nie veel verbeelding om te dink in watter gebied dié geheime plek was waarop die* ***geheime samesprekings*** *plaasgevind het, en ook wát die* ***gemeenskaplike belange*** *van die* ***ANC-SAKP en Bruwer*** *van die Vryheidsfront was nie.*
  - *Klaarblyklik word die geheime vergaderplek in die berig verswyg, omdat dit te veel sal verraai. Maar daar is reeds vasgestel dat dit in die Mpumalanga-provinsie plaasgevind het, en dat die* ***belangrikste besprekingspunte*** *die* ***toestand in die Transvaalse Landbou-unie*** *was en* ***hoe 'n moontlike gewapende verset van Transvaalse boere*** *teen die ANC-SAKP-regime* ***teengewerk*** *kon word.*
  - *Die ANC-SAKP vrees die potensiaal van opstand deur veral die Transvaalse boeregemeenskap namate die veldtogte van die Kommuniste, Derek Hanekom en Kader Asmal teen die boere verhewig word, en die* ***moord en doodslag op boereplase*** *onverpoos voortduur.*
  - ***Vier maande na dié geheime byeenkoms*** *van die Vryheidsfront en die ANC-SAKP het die eerste flitse daarvan uitgeslaan. In berigte van die gewese Pretoriase weekblad* ***Metro*** *is te kenne gegee dat '****Mandela glo erg bekommerd*** *is oor die lukrake wyse waarop* ***allerhande klein sogenaamde paraatheidsgroepe****, veral in die platteland,* ***soos paddastoele*** *verrys… Die klomp los groepe is opsigself 'n* ***potensiële gevaar*** *vir die staat en moet*

*dringend gekoördineer word. En daar moet dissipline wees.' Daarvoor het die ANC-SAKP weer die ou firma* ***Viljoen, Bruwer en Breytenbach*** *ingeroep.* ***Bruwer was toe nog President van die TLU****, maar die* ***skrif was reeds aan die muur dat hy vervang sou word op die TLU-kongres twee maande later*** *(September).*

- ***Metro*** *het 'n* ***groot foto*** *geplaas van dié* ***driemanskap*** [genl. Viljoen, mnr. Dries Bruwer en kol. Jan Breytenbach] *wat 'n* ***'Boerevuis'*** *sou daarstel* ***om misdaad op die plase*** *te bekamp. Daar het, soos te wagte, niks van gekom nie. En die rede was die* ***wantroue*** *wat die boere in dié gebied gehad het* ***weens hulle rol in die Boerekrisisaksie (BKA) in 1993-94****, veral met betrekking tot die* ***Mmabatho-sage****, waarin die* ***BKA met berekendheid ingelok is om verneder te word****. Hierdie* ***politieke spel*** *rondom die gediskrediteerde driemanskap was klaarblyklik 'n* ***uitvloeisel*** *van die* ***VF en die ANC-SAKP se geheime bosberaad van 8 Maart 1997****.* [*Baie moontlik is 'n soortgelyke "insident" as Mmabatho beplan met die sogenaamde "Boerevuis" as teiken, onder die verraderlike "leiding" van Viljoen, Bruwer en Breytenbach… Die latere* ***"Boeremag-sage"*** *was waarskynlik 'n* ***soortgelyke*** *maar baie meer* ***geslaagde*** *operasie.*]
- *Naas die ANC-SAKP se nood om 'n* ***potensiële opstand onder boere te verhoed****, was die* ***ander besprekingspunt*** *op dié* ***geheime byeenkoms*** *van 8 Maart 1997 die* ***probleme*** *wat sou ontstaan as Dries Bruwer nie meer* ***President van die TLU*** *sou wees ná September 1997 nie.*
- *Daar is ooreengekom dat* ***Dries Bruwer in samewerking met NP-ondersteuners in die TLU*** *die kandidatuur van* ***Lourie Bosman*** *vir die* ***presidentskap*** *moet bevorder. As hy verkies sou word, sou* ***Dries Bruwer en die VF*** *hom* ***al die steun gee om die goeie verhouding met die ANC-SAKP voort te sit*** *en hulle* ***geheime agenda*** [*wat hoegenaamd nié met die '94-oorgawe ten einde geloop het nie*] *te laat vorder.*
- *Daar is ook* ***ooreengekom*** *dat as* ***Lourie Bosman verslaan*** *sou word deur iemand wat nie die vertroue van die ANC-SAKP geniet nie,* ***Dries Bruwer die speerpunt moet vorm om verdeeldheid in die TLU in te dryf met die oog op afsplitsing volgens die nuwe provinsiale grense sodat die TLU opgebreek kon word en 'n gekonsolideerde boereverset in Transvaal dus verydel kon word.*** *Soos bekend, is hy verslaan deur* ***Gert Ehlers*** *wat 'n* ***uitgesproke Afrikanernasionalis*** *met* ***onbesproke karakter*** *is en nie vatbaar vir manipulasie deur Viljoen, Bruwer en die ANC-SAKP nie.*
- ***Lourie Bosman*** *is van die* ***Mpumalanga-provinsie*** [*bes moontlik was sy huis die geheime plek van ontmoeting*] *en sy kandidatuur vir die TLU-presidentskap is gepropageer deur Dries Bruwer.* ***Sy nederlaag teen Gert***

*__Ehlers het feitlik onmiddellik die geheime ooreenkoms__ wat op 8 Maart tussen die VF en die ANC-SAKP aangegaan is __in werking gestel__.*

- ***Twispunte** is in die **TLU ingedryf** deur Bosman en enkele andere, wat **sigbaar bedoel was om die TLU se eenheid te breek**, die voorwaardes te skep vir **afsplitsing van Mpumalanga onder Bosman en Bruwer,** en van daar ook **ander provinsies** te beïnvloed om af te splits, en sodoende **die TLU te breek as 'n bastion van Afrikanernasionalisme** en 'n **basis van moontlike versetaksie** teen Afrikanerverdrukking deur die ANC-SAKP-regime.*
- *Dries Bruwer se **voorgenome bemoeienis** met '**veiligheid op boereplase'** kom van ver terug.*
- *Soos algemeen bekend, het hy al in 1994 gesê hy sou hom **aan die politiek onttrek** om sy **'aandag aan die beveiliging van boere'** te gee.*
- *In plaas daarvan reis hy steeds* [*teen 1998*] *op die **ANC-SAKP se politieke soustrein**."*

*DRIES BRUWER, DIE TLU EN DIE IDASA-KOMPLOT* - JA Marais, April 1998

*Die Afrikaner*, 1-7 Mei 1998, bl.7,12

**213. 25 Maart 2001** (vergelyk 6 April 2001)

***Sunday Independent*** berig dat *Max du Preez* 'n **onderhoud** met **genl. Constand Viljoen** gevoer het oor die gebeure rondom die **1994-verkiesing.**

- Teenoor Max du Preez **erken** genl. Viljoen die **volle verhaal** van die IDASA-komplot, maar **sonder** om 'n enkele keer aan te dui dat **IDASA agter alles gesit het**.
- Om dit te kon doen móés Viljoen noodwendig **sekere sleutelgegewens verdraai** of **verswyg.**
- Wat wel duidelik na vore kom in Viljoen se bekentenis is die **sleutelrol** wat onder andere ook **dr. Ferdi Hartzenberg**, as **leier van die KP en AVF**, in die IDASA-komplot gespeel het.

*Die Afrikaner*, 6-12 April 2001, bl.1

*Die IDASA-komplot*, / p.198,201

**214. 6 April 2001**

***Die Afrikaner*** (6-12 April, 2001) berig:

***"Constand erken IDASA-KOMPLOT - Verdraai egter sleutelkwessies"***

- Dit is duidelik uit die **jongste gegewens** (onderhoud met genl. Viljoen deur Max du Preez van *Sunday Independent*, 25 Maart) dat besluit is om 'n aantal **sleutelkwessies** in verband met die IDASA-komplot **te verswyg**.
- Genl. Viljoen probeer byvoorbeeld voorgee dat die feit dat prof. Abraham Viljoen as tussenganger tussen die "regses" en die ANC opgetree het, bloot vanweë sy verwantskap (broer) met genl. Viljoen is, en nie, soos uit die IDASA-dokumente duidelik is, as ***"koördineerder"*** van die *Conservative Dialogue Programme* van IDASA nie.

- ✧ Die doelwit is duidelik: **IDASA** mag nie met die **politieke verraad** wat gepleeg is teen die Afrikanervolk **verbind word nie!**
- ✧ **Prof. Viljoen** was nie maar 'n tussenganger tussen "regse" leiers en die ANC-SAKP op grond van sy verwantskap met sy tweeling-broer, genl. Viljoen, nie,
- ✧ maar inderdaad **dié tussenganger** tussen **IDASA**, wat in samewerking met Tienie Groenewald, *Nasionale Intelligensie* en die *Staatsveiligheidsraad* die **hele proses haarfyn beplan en bestuur het**, en die onderhandelaars, naamlik "regse" leiers en die ANC-SAKP.
- ✧ Tydens die hoogs **geheime onderhandelinge** met die ANC-SAKP, het genl. Viljoen teenoor die Afrikaners in die een **openbare toespraak na die ander met geweld gedreig** en die **versekering gegee** dat daar **nié toegelaat sou word** dat die ANC die land oorneem sonder dat dit met **wapengeweld** deur die AVF en BKA **teengestaan** sou word nie.
- ✧ Oor die gebeure op **29 Januarie 1994** by die **Pretoria-Wes Skougronde** gee genl. Viljoen die volgende **skewe voorstelling**:
  - ➢ Hy beweer dat die mense aan hom geskree het **hulle wil oorlog hê**.
  - ➢ Hy **verswyg** dat hy hulle **probeer oortuig het** om aan die April-verkiesing **deel te neem**.
  - ➢ Hy **verswyg** dat die mense hom as 'n **verraaier uitgejou** het, juis omdat hy **nie sy woord hou** om selfs met wapengeweld die oorgawe teen te staan nie, maar die omgekeerde: dat aan die oorgawe-verkiesing **deelgeneem** moet word.
- ✧ Oor sy **besluit om te gaan stem** eers **die dag ná** die "mislukte inval" in Bophuthatswana, pleeg genl. Viljoen **die grootste misleiding**: (vergelyk 5, 9 en 12 Maart 1994)
  - ➢ Dat genl. Viljoen tot die besluit om te gaan registreer met die oog op die April-verkiesing **eers die oggend van 12 Maart** gekom het (toe hy skynbaar die Mulder-broers gekontak het) is 'n **leuen**.
  - ➢ Viljoen probeer, in sy onderhoud met Max du Preez, **voorgee** dat die mislukking van die *Bophuthatswana-inval* hom **tot die besluit tot deelname aan die verkiesing beweeg het**... Niks is verder van die waarheid as dit nie!

    [Presies dít is van verhoë af verkondig: In 'n toespraak in Bloemfontein verklaar **dr. Cornè Mulder** byvoorbeeld: ***"Mense wat so maklik van oorlog praat, moet bedink wat het in Bophuthatswana gebeur. Daar het genl. Viljoen gesien oorlog sal nie werk nie, en het hy besluit om aan die verkiesing deel te neem."*** - *Die Afrikaner*, 31 Mei-6 Junie 1996, bl.12]
  - ➢ **Genl. Viljoen het vooraf gewéét wat in Bophuthatswana gáán gebeur** - hy was **deel van die beplanning** vir die mislukking van die operasie. Dít sou hy nie teenoor Max du Preez of die Afrikanervolk erken nie.

- Dat Viljoen **lank reeds vas besluit het** om aan die April-verkiesing deel te neem was juis **deel van die komplot** wat vanuit IDASA bedink en deurgevoer is.
- Bogenoemde word bevestig deur getuienis dat genl. Viljoen **reeds teen 9 Maart**, dit wil sê, ten minste twee dae vóór Bophuthatswana, sy **kandidatelys** vir deelname by die OVK **laat aktiveer** het, om sodoende die Vryheidsfront **finaal te registreer.**
- Deur voor te gee dat hy dit eers ná Bophuthatswana, naamlik op 12 Maart, gedoen het, pleeg genl. Viljoen doelbewus die **allergrootste misleiding**.
- Dit was nié die Bophuthatswana-gebeure wat hom daartoe beweeg het nie, ten spyte van **sy wens** dat dit is wat hy wil hê geglo moet word.
- Genl. Viljoen se vasberadenheid om sy kitsparty, die Vryheidsfront, betyds vir die April-verkiesing te laat registreer is **alleen te verklaar vanuit die IDASA-plan waaraan uitvoering gegee moes word**, soos wat uit sy **herhaalde ondernemings** aan die ANC-SAKP duidelik gesien kan word, byvoorbeeld by **Farm-Inn.** (vergelyk 18,19 November 1993)
- Bogenoemde is **bevestig** deur 'n berig in *Die Afrikaner* (18-24 Julie, 1997, bl.3) onder die opskrif: ***"Constand het twee weke met R70 000 tjek in sy sak rondgeloop"***, waarin **mnr. Frikkie Potgieter** op die **Volkstaat-poslys** oor die **internet** die volgende te vertel gehad het:
  - *"...In **terme van die regulasies** het hy ook sy party se **logo** ingedien.*
  - ***Almal** moes ook **5 dae later** op die **Woensdag** hulle **kandidatelys** indien…*
  - *Die generaal het toe* [op Saterdag 5 Maart teenoor die Volksparlement / Oorgangs-Volksraad] ***onderneem** om **nie sy kandidatelys die volgende Woensdag in te dien nie, wat sodoende sy registrasie sou laat verval.***
  - ***Al hierdie feite is so genotuleer** in die vergadering en is dus kontroleerbaar.*
  - *Dae na genl. Viljoen amptelik toe wel sy **deelname aan die verkiesing bevestig het daardie Woensdag**, was hy in Bop om vir **Mangope**, wat nie wou gaan stem nie, **kastig te gaan help.***
  - *Maar hy self het dan al **klaar geregistreer** om wel te gaan stem.*
  - *Hoe kan 'n man wat **wil gaan stem**, 'n ander man wat **nie wil gaan stem nie**, te hulp snel?*
  - *Hy moes dus 'n **ander agenda** gehad het in Bop as **dié wat hy voorgegee** het.*
  - *Om sy geloofwaardigheid verder aan te tas, het die kort generaal **aan die wêreld oor die media later verkondig** dat hy **eers besluit het** om te gaan stem terwyl hy in die vliegtuig gesit het met sy **terugkeer uit Bop!***
  - *Hy sê dit **nadat hy al klaar** amptelik vir die verkiesing geregistreer het…"*

- Oor die **onderhandelinge met die ANC-SAKP** oor die algemeen het genl. Viljoen die volgende te vertel:
  - Nogeens **verswyg** hy die *Conservative Dialogue Programme* wat vanuit IDASA agter al die "onderhandelinge" met Kommuniste geskuil het.
  - Hy gee wel te kenne dat **Dries Bruwer en Piet Gous**, as verteenwoordigers van *"konserwatiewe blanke boere"*, by die onderhandelinge betrek is.
  - 'n Merkwaardige mededeling wat Viljoen na vore bring is dat **Jurgen Kögl** [wat saam met Van Zyl Slabbert en Abraham Viljoen die *"Steering Committee"* van die *Conservative Dialogue Programme* van IDASA uitgemaak het] **se vrou, Annemarie, 'n familielid van Dries Bruwer is**, en dat **heelwat samesprekings** gevolglik **aan huis van Jurgen Kögl**, van IDASA!, plaasgevind het.
  - Genl. Viljoen noem selfs dat die hele onderhandelingsaksie **onder aansporing van Van Zyl Slabbert** was, maar laat na om te vermeld dat Van Zyl Slabbert aan die **hoof van IDASA** staan.
  - Genl. Viljoen gee verder te kenne dat hulle alles in hul vermoë gedoen het om die ontmoetings **geheim** te hou.
- Oor die **eerste ontmoeting met die ANC** op **12 Augustus 1993** vertel genl. Viljoen die volgende:
  - Die plek van ontmoeting was **Mandela se huis in Houghton**, Johannesburg.
  - Onderhandelaars:
    AVF - **die "generaals"** Viljoen, Groenewald en Koos Bischoff
    ANC-SAKP - **Mandela, Joe Modise** (aanvoerder van MK)
    **Joe Nhlanhla** (hoof van MK Intelligensie)
  - Die eerste ontmoeting was, volgens Viljoen, so *"suksesvol"* dat die afvaardigings mekaar toe *"reeds gevind"* het.
  - Dat, onder bemiddeling van **Jurgen Kögl**, die **landbou-leiers** Gous en Bruwer **toe rééds** met die ANC kontak gehad het, onder leiding van **Van Zyl Slabbert**, verbaas geensins.
- **Twee weke later**, **26 Augustus 1993**, was daar **wéér 'n ontmoeting**, volgens genl. Viljoen:
  - Die plek van ontmoeting was die **Duiweklub in Lynnwood** in Pretoria.
  - Onderhandelaars: AVF - **genl. Viljoen**, **Dries Bruwer** en **Piet Gous**.
    ANC-SAKP - **Thabo Mbeki** en **Jacob Zuma**
- **Twee weke later**, **9 September**, was daar **'n 3de ontmoeting**, volgens genl. Viljoen:
  - Die plek van ontmoeting: **Waterkloof Pretoria**
  - Onderhandelaars: AVF - **genl. Viljoen**, **genl. Groenewald**, **Bruwer en Gous**
    ANC-SAKP - **Mbeki, Zuma en Nhlanhla**

- ✧ Uiteindelik probeer genl. Viljoen te kenne gee dat aangesien die Kodesa-onderhandelinge in Kempton Park teen Oktober1993 kwansuis *"misluk"* het, dit danksy die **"regse" onderhandelinge** is wat Suid-Afrika ***"van 'n bloedbad gered het"***… So probeer hulle hul verraad verskoon, en verwag dat mens vir hulle sal hande klap…
- ✧ Dit was dan ook ná die "mislukte" onderhandelings van Kempton Park toe die "regses" tot Suid-Afrika se "redding" toegetree het, en genl. Viljoen "vir die eerste keer" vir **dr. Hartzenberg** en die **Mulder-broers** by die onderhandelinge betrek het.
- ✧ Die waarheid is dat **niks "misluk" het nie**. Alles is deur die koördineerder van die CDP, **prof. Abraham Viljoen**, met die **medewerking van die ANC-SAKP** en ál die mede-"onderhandelaars" vanuit die **NP** en die **AVF**, haarfyn deurgevoer volgens die plan wat deur die **linkse IDASA** uitgewerk en **noukeurig bestuur** was.
- ✧ ***Hul enigste gevaar waarvoor gevrees is, is dat die Afrikanervolk betyds sou besef wat besig is om te gebeur!***
- ✧ Tog het hulle uitmuntend daarin geslaag om die volk se **vertroue bykans enduit te behou** en hulle **laat glo dat húlle**, die leiers, en by name **genl. Viljoen en dr. Hartzenberg**, die oorgawe van die politieke mag van die Afrikaner met **beslistheid sal afweer.**
- ✧ Laastens maak genl. Viljoen ook melding van die ***"dokument oor selfbeskikking"***. Vandag ken ons dit as die **"Afrikaner Akkoord".** (**Bylaag 11**)
  - ➢ Die "dokument" is **deur prof. Viljoen** en **Jurgen Kögl** opgestel.
  - ➢ Dit sou op **18 Desember** (elders is dit aangegee as 21 Desember) 1993 **tussen die ANC-SAKP en die AVF** onderteken word, maar is skynbaar weens *"beswaar"* **nie op dié datum onderteken nie.**
  - ➢ Die ondertekening het eers op **23 April 1994** tussen die ANC-SAKP en die **Vryheidsfront** van genl. Viljoen asook die NP-regering, geskied.
  - ➢ Hierdie sogenaamde ***"Akkoord"*** is vandag weer, in wyle mnr. Marais se woorde, ***"die fopspeen waaraan die Afrikanervolk moet suig"*** sodat hul **steeds hul lot as verowerdes** in hul eie vaderland moet **aanvaar**.

*Die Afrikaner*, 6-12 April 2001, bl.1,12

*Die IDASA-komplot*, / p.198-200

**215. 6 April 2001** (vergelyk 3 Desember 1993)

***Die Afrikaner*** (6-12 April, 2001) berig:

***"Constand ontmasker Ferdi se rol in IDASA-komplot"***

- ✧ Al dr. Hartzenberg, as leier van die KP en AVF, se **gewriemel en gespartel** om homself van die IDASA-komplot **te probeer loswikkel** en **verontskuldig** deur te **ontken** of **botweg te swyg**, is deur sy "kameraad", genl. Viljoen, **ontdaan**.

- ✧ Opspraakwekkende getuienis oor **dr. Hartzenberg se sleutelrol in die IDASA-komplot** is in 'n onderhoud met genl. Viljoen deur Max du Preez van *Sunday Independent* (25 Maart) onthul.
- ✧ Genl. Viljoen vertel dat dr. Hartzenberg **persoonlik aan die leiding gestaan het** van die afvaardiging na 'n **geheime ontmoeting** met Mandela en Mbeki op 3 Desember 1993 **aan huis van mnr. Jurgen Kögl** [van IDASA] in Johannesburg.
- ✧ Genl. Viljoen vermeld verder dat dr. Hartzenberg **ten volle op hoogte was** van die **geheime ooreenkoms tussen die AVF en die ANC-SAKP** wat in Desember 1993 onderteken sou word. [*Vandag weet ons uit die "Afrikaner Akkoord"* (**Bylaag 11**) *self dat Hartzenberg se rol in dié "onderhandelinge" só vernaam was dat slegs hy, Viljoen en Mandela by name onder punt 2.4 genoem word.*]
- ✧ *Die **Afrikaner***, **6-12 April 2001**, som dr. Hartzenberg se **sleutelrol** in die IDASA-komplot soos volg op:
  - ➢ *"**Mnr. Jaap Marais** het in **twee briewe**, een 'n lywige brief van 33 bladsye dr. Hartzenberg met sy betrokkenheid by die IDASA-komplot gekonfronteer.*
  - ➢ *Die eerste brief is gedateer 3 Februarie 1997, en die tweede nadat dr Hartzenberg sy betrokkenheid ontken het, 10 Februarie 1997.* [Hierdie twee datums is in die berig verkeerd gerapporteer]
  - ➢ *Mnr. Marais het dr. Hartzenberg daaraan herinner dat hy as **leier van die Afrikaner-Volksfront** (AVF) en **burgerlike leier van die Boerekrisisaksie** (BKA) die **IDASA-inisiatiewe** van genl. Viljoen almal **ondersteun** het.*
  - ➢ *Hy was ook **deel** van mnr. De Klerk se plan dat **enige gewapende verset** ontlont moes word.*
  - ➢ *Volgens mnr. Marais is die **AVF op inisiatief van die KP gestig**. Hulle erken dit in 'n **pamflet** wat onder hulle naam versprei is.*
  - ➢ *Dit was **uit hulle geledere dat die generaals gevra is** om twistende groepe bymekaar te bring.*
  - ➢ *Dr. Hartzenberg was met die stigting van die AVF **nie bereid om 'n verkiesing af te dwing** om De Klerk te stuit nie.*
  - ➢ *Hy was dus **teen 'n demokratiese proses** om Suid-Afrika te red.*
  - ➢ *Terselfdertyd het die KP voorgegee dat hy **nie met die ANC sou onderhandel nie**.*
  - ➢ *Nogtans het hierdie party **onder leiding van dr. Hartzenberg** by die Conservative Dialogue Programme (CDP) van IDASA onder leiding van dr. Frederik van Zyl Slabbert betrokke geraak, en **met die ANC in die geheim onderhandel sonder dat hulle lede daarvan geweet het**.*
  - ➢ *Dus, terwyl die KP **konstitusionele metodes verwerp het** om die regering te verslaan, was hy **bereid om in die geheim met die ANC** oor 'n vreedsame **oordrag van die land** aan hulle te **beraadslaag**.*

- *Die twee **KP-LP's** wat geteiken is om **met die ANC te onderhandel**, was die twee **landbouleiers**, mnr. Dries Bruwer en dr. Piet Gous. Dit is van belang dat dit **mnr. Bruwer** was wat genl. Viljoen op Potchefstroom **as leier voorgestoot** het, en hom ook **as leier van die AVF voorgestel** het met die **stigting van die organisasie in die TLU-gebou** in Pretoria.*
- ***Prof. Braam Viljoen,** linkse tweelingbroer van genl. Constand Viljoen, en verteenwoordiger van IDASA het reeds sedert **Maart 1992 verslag** gedoen oor die **vordering met hul strategie** na afloop van die referendum van daardie jaar.*
- *Toe was **dr. Andries Treurnicht** nog leier en **dr. Hartzenberg** onderleier van die KP.*
- *Dit is net **nie moontlik** dat die **twee leiers nie geweet** het van die betrokkenheid van twee van hul koukuslede by die IDASA-beplanning nie.*
- *Prof. Viljoen skryf reeds in **Februarie 1992** dat hy met **dr. Hartzenberg in gesprek was**.* (Bylaag 6)
- *Dan het **genl. Tienie Groenewald** ook erken dat die **AVF gestig is na maandelange 'lobbying behind the scenes".***
- *Sedert **Augustus 1993** is daar **intensief** met die ANC onderhandel.*
- *Tot dusver was die **persepsie** dat dr. Hartzenberg nie persoonlik betrokke was nie.*
- *Nou het genl. Viljoen aan die lig gebring dat hy **minstens** op 3 Desember 1993 **persoonlik teenwoordig was** waar daar **samesprekings** met Mandela en Mbeki plaasgevind het.*
- *Sy onder-leier, **dr. Willie Snyman**, was ook betrokke.*
- *Hierdie ontmoeting van 3 Desember volg op die ontmoeting van genl. Viljoen met die ANC-leiding **by die Farm-Inn in Pretoria** op 18 en 19 November 1993 waar ingestem is om **nie tot geweld oor te gaan nie**, en waar 'n aktiewe veldtog gevoer sou word om **die konserwatiewes by die stembus uit te bring**.*
- *Daar is ooreengekom dat die **oorgangsproses vreedsaam** sou geskied.* [*Uit genl. Viljoen se geskrewe toespraak tydens die "samesprekings" by Farm-Inn sien ons dat dit in werklikheid 'n onderneming van die AVF aan die ANC-SAKP was. Die ANC-SAKP het slegs "ingestem" en "ooreengekom" om die AVF se onderneming te aanvaar.*]
- *Dit, ten spyte daarvan dat die leiers van die AVF **aan hulle volgelinge voorgehou het** dat 'n ANC-oorname **met geweld teengestaan** sou word!*
- ***Dr. Hartzenberg was leier van die AVF** wat hierdie ooreenkoms met die ANC gesluit het. Dit is dus **ondenkbaar** dat hy nie daarvan sou geweet het nie.*

- *Toe die **Christian Science Monitor** van 24 September 1993 die geheime samesprekings met die ANC **aan die lig gebring het**, en die **HNP** dit **wêreldkundig** gemaak het, het dr. Hartzenberg te kenne gegee dat hy **nie teen dié samesprekings beswaar het nie**, alhoewel die amptelike beleid van die KP steeds was om nie met die ANC te onderhandel nie!*
- *Mnr. Marais skryf aan dr. Hartzenberg dat, **ten spyte van genl. Viljoen se verraderlike optrede sedert April 1993**, hy hom **steeds binne die AVF geduld** het, en **toegelaat het om voort te gaan** om die CDP van IDASA ten uitvoer te bring.*
- *Op **29 Januarie 1994** was genl. Viljoen en dr. Hartzenberg **saam op die verhoog** by die skouterrein in Pretoria waar genl. Viljoen **deelname aan die verkiesing** verkondig het, en hy **deur die skare vir 'n verraaier uitgejou** is.*
- *Dr. Hartzenberg het hom **nooit gerepudieer** nie. Inteendeel.*
- *Op 6 Februarie* [*In werklikheid reeds 27 Januarie, Rapport het op 6 Februarie daarvan berig.*] *het hy nog self **mnr. Eugene Terre Blanche probeer oorreed om deel te neem aan die verkiesing** in ruil vir 'n ANC-versekering van 'n volkstaat, maar dit het nie geslaag nie.*
- *Toe **Patriot op 18 Maart 1994** genl. Viljoen **ontmasker as 'n verraaier** en 'n **lakei van die NP**, het dr. Hartzenberg **persoonlik daardie uitgawe van Patriot van die straat laat haal en vernietig**, en dit vervang met 'n ander uitgawe van die koerant.*
- *Oor die **verkiesing self** het dr. Hartzenberg uiteindelik die standpunt ingeneem **dat die KP nie deelneem nie**, maar sy ondersteuners **'n vrye hand toegelaat** om te gaan stem, indien hulle sou wou!*
- ***Na die verkiesing** het drs. Hartzenberg en Snyman, mnre. Jaap en Willie Marais ontmoet om oor **samewerking** te praat.* [vergelyk "Kort ná die "April-verkiesing"]
- *Die **KP leiers** was egter slegs bereid daartoe indien **genl. Viljoen en die Vryheidsfront deel daarvan sou wees**.*
- *So het die **laaste stukkie van die legkaart** in plek geval om te **bewys** dat dr. Hartzenberg **nie net bewus** was van die IDASA-komplot nie, maar **aktief deelgeneem** het aan die **geheime onderhandelinge met die ANC** ten nadele van sy eie volk en die **prysgawe van die Afrikaner se vaderland**."*

*Die Afrikaner*, 6-12 April 2001, bl.1,12
*Die IDASA-komplot*, / p.201-203

# ‘n Oproep tot die Afrikanervolk 2025

### Verwerp die Valse Politieke Bestel

Die *Afrikaner Nasionalistiese Beweging* (ANB) roep u op om saam met ons die politieke bestel wat sedert 1994 in Suid-Afrika tot stand gekom het *te verwerp!*

- Dié bestel is **die direkte** uitvloeisel van die bedrogvolle verraad wat teen die Afrikanervolk en die Blankes van Suid-Afrika voor 1994 gepleeg is, soos die gebeure in die chronologie hierbo uiteengesit is.
- Deur **slinkse misleiding** het die De Klerk-regering in noue samewerking met sogenaamde "regse" leiers, wat as regeringsagente in regse geledere bedrieglik opgetree het, die Blanke volk van Suid-Afrika uit sy politieke mag gekul.
- Sonder dié **onderduimse en agterlike bedrog** sou die eerlose en bloedlose oorgawe aan ‘n Kommunistiese rowersbende (ANC-SAKP-regime) in April 1994 **nie kon plaasvind nie**.
- Om dié rede weier ons om in die **onreg teen die Afrikanervolk en die Blankes van Suid-Afrika** te berus.

Die *Afrikaner Nasionalistiese Beweging* **beywer** hom derhalwe om die Afrikanervolk in besonder (maar ook álle Blankes), wat nog nóóit deelgeneem het, asook diegene wat nou nié meer deelneem aan die bedrogvolle ANC-verkiesings nie, *buite die politieke bestel as ‘n eenheidsmag te versamel*, ten einde terug te eis wat regtens aan die Witman van Afrika behoort!

- Deelname aan die onwettige politieke bestel, soos genl. Viljoen se "Vryheidsfront" destyds (en vandag nog!), verleen slegs ‘n valse legitimiteit aan die ANC-SAKP-regime. Die ANB weier steeds om daaraan mee te doen.
- Die ANC-SAKP het géén reg om as sogenaamde "owerheid van die dag" ons kosbare Vaderland, wat met harde werk en hoë offers deur ons voorgeslagte tot ‘n bastion in Afrika opgebou en ontwikkel is, verder onder hul voete te vertrap nie!
- Dat die Witman die Swartman in Suid-Afrika "onderdruk" of sogenaamd te na gekom het is ‘n infame leuen waarvan die ganse Afrika klinkklaar getuig en die tééndeel volkome waar is.

***Vrae tot Aksie:***

Twee belangrike vrae wat ons onsself aan die begin van 2025 moet afvra is:

- ❖ Mag ons ons oë sluit vir die onreg en bedrog van 30 jaar gelede waarin ons deur verraderlike “leiers” soos skape na die slagpale gelei is? Moet ons bloot daarin berus?
- ❖ Mag ons toelaat dat dieselfde verraad en bedrog met presies dieselfde strategieë en dwaalweë vandag weer deur sogenaamde “Afrikanerleiers” wat hulle as redders van die Afrikanervolk voordoen, opnuut weer hervat en voortgesit word?

***Maar wat is andere se "oproep"?***

In die lig hiervan moet ons die onderstaande wekroep van mnr. Willie Cloete van Volkskrag in die onlangse verlede (Oktober 2024) betrag en beoordeel:

*“Volksgenote*
*Ek wil die volgende beroep doen aan almal wat hulle herkoms en hulle Volk lief het. Wat glo in God die Almagtige wat hemel en aarde geskape het. Daar is soveel stories oor dinge wat in die verlede gebeur het wat die Boere/Afrikaners se geskiedenis beïnvloed het tot ons nadeel en dat ons sit waar ons vandag sit. NIEMAND kan geskiedenis verander nie. Nou my oproep: FOKUS op die toekoms dat ons as ‘n Volk die geskiedenis positief kan verander soos deur: Ons vertroue in God te herstel en alles in die stryd te werp om vir ons Volk selfbeskikking te verkry.*
*Willie Cloete*
*Volkskrag”*

***Die ANB se antwoord daarop***

- U moet self oordeel of ons kan bekostig om te vergeet van die “stories oor dinge wat in die verlede gebeur het”, soos mnr. Cloete die volksverraad deur “Afrikanerleiers”(wat net soos ons lyk en “praat”) noem,
- en gevolglik maar houtgerus kan “FOKUS op die toekoms dat ons as ‘n Volk die geskiedenis positief kan verander”,
- sónder om te vra:

  ❖ **Hoe** het ons Afrikanervolk, met ‘n roemryke geskiedenis en heldedom oor eeue heen, in hiérdie benarde omstandighede beland?

  ❖ **Wat** het ons aandag só afgetrek en in beslag geneem dat ons dááraan begin twyfel het dat die HERE, die Almagtige, hierdie héle land aan ons as erfdeel gegee het en dat ons nie maar ‘n “minderheidsgroep” is wat iewers ‘n stukkie “selfbeskikking” van ‘n goddelose owerheid moet probeer afsmeek nie?

  ❖ **Waartoe** roep die HERE sy kinders in die Afrikanervolk, sodat die onreg en bedrog wat voor Sy oë gepleeg is, gestraf en reggestel kan word? God vergeet nie… hoe kan óns vergeet?

- Gedurende die rebellie van 1914 het ‘n hele kommando “joiners” en “hendsoppers” saam met genl. De Wet te velde getrek teen die Botha-Smuts-regering, omdat hulle uit opregte berou en skaamte hul naam en eer wat hulle deur die gruwelike verraad van hul volk tydens die oorlog (1899-1902) geskend het, weer in ere wou herstel.

- Drie vrae:

  ❖ Waar is húlle wat in diepe berou na vore kom en pleit: “Ek het iets verskrikliks teen my volk gedoen… Ék was deel van die verraad…?”

  ❖ Wie is húlle wat hulself probeer voorstoot om vandag weer die leisels van die Afrikanervolk te neem om hom te lei?

  ❖ Waarheen moet ‘n ware Afrikanerleier sy volk lei, selfs al staan ons soos ons voorouers in onsself klein en magteloos, maar in geloof en waarheid, voor ‘n oormag soos by Bloedrivier?

**Die krag van getuienis moet uitgaan**

Ons is oortuig dat daar in die verlede 'n krag van die Afrikanervolk in Afrika uitgegaan het, omdat ons voorgeslagte in hoë mate aan die HERE getrou was.

- Alleen wanneer daar by ons, ook as volk, wáre bekering kom, sal daar wéér 'n krag van ons uitgaan…

- Hiérdie krag is in wese die getuienis dat die *HERE alléén God* is, soos selfs ‘n Farao, ‘n Agab, ‘n Nebukadnesar en (kan mens byvoeg) ‘n Dingaan dit móés erken, ook al het hulle almal geweier om in Hom te glo.

- Daarom het ons as volk, wat die HERE juis uit suiwere gereformeerde geloofswortels in hierdie land laat groei het, die bestaansroeping (let wel nié ‘n “bestaansreg” nie!) om deur eie voorbeeld daadwerklik te verkondig: Die HERE alléén is God!

- Ten spyte van die laakbare bedrog waardeur ons volk van sy Godgegewe erfdeel ontroof is, lê ons ons nogtans ootmoedig neer by die toelatende wil van God, die Allerhoogste, waarsonder ons vyande se diaboliese planne nie sou slaag nie. Ons erken dat die magsoordrag na ‘n Kommunistiese Swart meerderheidsregering in 1994 Sý tugtende Hand was, vanweë die ontrou en afvalligheid van vele in die Afrikanervolk en Blankedom waardeur Sý Naam en Eer geskend is.

**Ware bekering word vereis**

Daarom betuig ons aan elke mede-Afrikaner wat van die weë van die HERE afgedwaal het in welke opsig ook al - wêreldse sedes, onkuise kleredrag, sportgod aanbidding, onwelvoeglike taalgebruik, materialisme, selfgesentreerdheid (die

soeke na slegs eie belang), eiewilligheid en mensgesentreerdheid in die godsdiens, ens. om tog nougeset op hul lewenswandel te let en hulself in die lig van Gods Woord op die proef te stel.

- As ons dink dat ons die HERE met ons lippe kan dien, terwyl ons lewens toon dat ons harte ver van Hom af is, bedrieg ons onsself, en durf ons nie uitkoms van Hom verwag uit benoude omstandighede nie.
- Die God van ons voorgeslagte, die Enige en Waaragtige, die God van hemel en aarde, tot Wie die Voortrekkers in die Bloedrivierlaer hul hulpgeroep laat hoor het... Hý is die Heilige God wat Hom nie laat bespot nie!
  [Andries Pretorius en Sarel Celliers het die manskappe in die Bloedrivierlaer gemaan tot 'n heilige lewe, geen vuil taalgebruik en volgehoue gebed.]

  ❖ *"Moenie dwaal nie; God laat Hom nie bespot nie"* (Galasiërs 6:7)

  ❖ *"Want Ek is die HERE julle God; toon dan dat julle heilig is en wees heilig, want Ek is heilig."* (Levitikus 11:44)

  ❖ *"Die offers van God is 'n gebroke gees; 'n gebroke en verslae hart sal U, o God, nie verag nie!"* (Psalm. 51:19)

- Daarom lê die ANB hom daarop toe om voortdurend sy eie lede en ons ganse volk op te roep *om terug* te keer na die God van ons voorgeslagte deur ware selfondersoek, opregte berou, skulderkentenis, verootmoediging en heiligmaking.
- Die *doel van verootmoediging* mag egter geensins wees *"sodat dit weer met óns mag goed gaan nie"*, maar slegs ter wille van die *Naam en Eer van die HERE*, voor Wie se aangesig ons, ook as Afrikanervolk, steeds mag lewe in hierdie mooi land wat Hý as erfdeel aan ons toevertrou het.

  ❖ *"Hy sal nie vir altyd twis en nie vir ewig die toorn behou nie."* (Psalm 103:9)

  ❖ *"Laat die goddelose sy weg verlaat en die kwaaddoener sy gedagtes; en laat hy hom tot die HERE bekeer, dan sal Hy hom barmhartig wees; en tot onse God, want Hy vergeef menigvuldiglik."* (Jesaja 55:7)

  ❖ *"In Hom* [Jesus Christus] *het ons die verlossing deur sy bloed, die vergifnis van die misdade na die rykdom van sy genade."* (Efesiërs 1:7)

***Die ANB se weg na vryheid***

Wat is dan die Afrikaner Nasionalistiese Beweging se oogmerk om ons vaderland weer uit die huidige verknorsing te lei?

- Alleen die weg van **suiwer Afrikanernasionalisme** ('n liefde vir land, volk en taal)op ware Christelik-Protestantse geloofsgrondslag soos tot uiting gebring ook in die politieke beginsels van dr. DF Malan, adv. JG Strijdom en dr. HF Verwoerd.

- Dit is in werklikheid 'n voortsetting en verwesenliking van ons volk se **eeue oue ideale** van reeds vóór die Groot Trek:
  ✓ Blank Suid-Afrika is die Afrikanervolk se Godgegewe vaderland,
  ✓ waarin die Witman, in Afrika, soewerein oor homself moet kan regeer,
  ✓ om homself te kan wees tot eer van sy Skepper – let wel, nie net in 'n flentertjie van ons land wat as 'n volkstaat bekendstaan nie!
  ✓ Deur wet en orde daar te stel, waaruit ekonomiese stabiliteit mag volg, moet die ryke hulpbronne van Suid-Afrika met wysheid en oorleg bestuur word.
  ✓ Ekonomiese vooruitgang en welvaart is net moontlik deur die handhawing van wet en orde en 'n ekonomiese beleidstoepassing wat toesien dat 'n eerlike en hardwerkende bevolking vir hul handewerk beloon word.
  ✓ So-ook die verstandige implimentering van 'n beleid van afsonderlike ontwikkeling (Apartheid),
  ✓ waarin elke bevolkingsgroep na sy aard en behoefte die geleentheid ten volle gegun word om homself te kan tuismaak, opbou en ontwikkel in sy eie territoriale grondgebied na die aard van omstandighede soos eie aan homself.
  ✓ Dit impliseer die terugbesorg en herstel van die Swart volkere van Suid-Afrika se regmatige historiese grondgebied en erfenis wat ook deur die "Nuwe Suid-Afrika" van 1994 hulle ontneem is (soos Transkei, Ciskei en andere).
  ✓ Dit impliseer óók die herstel van Blank Suid-Afrika, die internasionaal erkende en regmatige eiendom van die Afrikanervolk.

**Waarteen is ons stryd**

- Ons stry teen die nuutste "regse" verraad, die wat ons steeds gevange wil hou onder die huidige regime deur bv. die bedrieglike gebruik van die sg. Afrikaner-Akkoord of wil hê dat ons aan die regime se verkiesings moet deelneem. (Vir agtergrond sien die uitgebreide reeks artikels oor Regse Verraad)

- Ons stry teen die agenda van die Joodse geldmag wat die media - TV, koerante en vandag selfs die sosiale media - grootliks beheer. Hiervan moet die suiwer Afrikaner vandag veral bewus wees en homself en sy kinders teen onbehoorlike beïnvloeding en selfs indoktrinasie verskans. Die Afrikanervolk se ideale deur die eeue staan lynreg daarteenoor.

- Ons stry teen die "Afrikanervriendelike" organisasies soos Afriforum en Solidariteit se ondermyning van die Afrikanersaak. Waar hulle, onder andere,

  - Rassevermenging voorstaan,

  - Die 1994-politieke-bestel as volkome regverdigbaar beskou

  - Boonop die beleid van dr. Verwoerd en die Nasionale Party (1961-1966) ten opsigte van die Swart volkere van Suid-Afrika as onverdedigbaar afmaak!

- Die ANB verwerp alle drogredenasies wat ten doel het om valse wigte in die Afrikanervolk te probeer indryf:
  - Die ANB verwerp die valse onderskeid asof Boerevolk en Afrikanervolk verskillende groepe sou verteenwoordig.
  - As ons van Afrikaners of van Boere praat, praat ons van dieselfde mense... dit is húlle wat hul by die beginsels van pres. Paul Kruger, genl. De Wet, genl. Hertzog en vele ander gelowige Afrikanerleiers skaar.

**Ten slotte**

Die Blanke, as ekonomiese ruggraat van Suid-Afrika, móét homself geheel en al onttrek van hierdie politieke bestel en in **lydelike verset** die opkoms van die Afrikanernasionalisme nastreef!

Mag in die Afrikanervolk van vandag en môre steeds **die werke van die Almagtige God**, soos by Bloedrivier, gesien word:

❖ Wanneer hierdie land weer, deur die genade van Bo, uit die as mag opstaan

❖ Die Afrikanervolk in sy land, sy Godgegewe erfenis, as politieke maghebber herstel word

❖ Die Afrikanervolk tot die eer en verheerliking van die Naam van die Almagtige, Drie-Enige God, hierdie land regeer na Sy wil volgens die riglyne en eise van die Woord van God.

Nogmaals: Mag die Afrikanervolk hom *bekeer tot die HERE* voor Wie se aangesig ons voorgeslagte geloftes gedoen het en tot Wie ons in ware en opregte skuldbesef en -belydenis moet terugkeer. Mag ons **nooit** dink dat ons **hiér** aan die suidelike punt van Afrika deur die HERE as 'n volk met 'n eie taal en kulturele identiteit in aansyn geroep is **ter wille van onsséłf nie**.

Mag dit opnuut tot ons deurdring dat ons **hiér** is **ter wille van die Naam en die Eer** en die Geregtigheid en die Koninkryk van die HERE onse God, tot 'n lig en 'n getuienis van die waarheid van Gods onfeilbare en onveranderlike Woord in 'n donker kontinent.

**Wee ons** as ons betower deur Mammon en die sportgod vir ons 'n "rusplek" probeer inrig in 'n bloedbevlekte land, waarin ons in vriendskap en gedienstige onderhorigheid aan 'n Godloënende en Anti-Christelike Grondwet en Owerheid, die wette van die HERE help vertrap, sy Naam saam laster en Sy Eer onverpoos skend.

In **kleingeloof** wil mens **vra**: Kán die afgee van die politieke mag en seggenskap oor ons Vaderland van 1994 weer omgekeer word?

In **geloof** is ons **antwoord**: *By die HERE ís alle dinge moontlik!*

***Soli Deo Gloria***